# VOORWOORD

Gelowiges lewe in die lig van die Here se Woord. Daarom was dit nog altyd die bedoeling van die dagstukkies gewees om Woordverkondiging te wees. Die Deputate het besluit dat ons hierdie jaar verskeie Bybelboeke in hulle geheel wil behandel met behulp van dagstukkies. Vandaar ons Almanak-tema: *In u lig*. 'n Bekende leuse vir diegene wat by die PU vir CHO gestudeer het. Uiteraard kan die behandeling van die Bybelboeke nie in diepte wees nie, maar ons vertrou dat dit 'n goeie hulpmiddel kan wees om 'n geheeloorsig oor die Bybelboeke wat behandel is, te kry. Gee asseblief vir ons terugvoering!

Ons kom hierdie jaar ook by die einde van die dagstukkies waarin prof. Paul de Bruyn die Heidelbergse Kategismus behandel het. Dit verskyn in Januarie se dagstukkies. Die laaste gedeelte van die Kategismus wat hy voor sy afsterwe nie kon afhandel nie, is deur ander skrywers voltooi en verskyn in Julie en Desember. Ons is die Here baie dankbaar vir die mooi gawe wat Hy aan die kerk in iemand soos prof. De Bruyn gegee het. Ons bedank ook graag vir ds. Peet Coetzee vir sy inisiatief en groot aandeel in hierdie projek en sy hulp met vanjaar se dagstukkies.

Baie dankie aan prof. Ben de Klerk wat die hele Oktobermaand se dagstukkies aan die hand van Efesiërs behandel het. Dit beloof om iets besonders te wees! Baie dankie aan al ons skrywers wat gehelp het met hierdie uitgawe van die Almanak. Ons wil veral vir Wymie du Plessis en Joey Fourie bedank vir hulle leeue-aandeel in die Almanak, asook vir Giel Erasmus vir al sy kosbare insette. Baie dankie aan di. Wilhan Jobse, Karel Steyn en Hannes Lee wat groot werk gedoen het om die indelings en redigering te doen. Ons treur nog oor ds. Willem Vogel wat in die middel van sy termyn as voorsitter oorlede is.

Laastens het ons van 'n kerkraad 'n beswaar ontvang teen die voorblad van Almanak 2017, op grond van die oortreding van die tweede gebod ten opsigte van God die Heilige Gees. Dit was nooit die Deputate se bedoeling om die Heilige Gees te probeer voorstel of afbeeld nie en ons vra verskoning indien so 'n indruk geskep is. Die Deputate bely Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus met ons hele hart.

Ons hoop dat almal se lees van die dagstukkies verrykend sal wees en dat die kerklike inligting tot groot nut sal wees. Mag hierdie uitgawe bydra tot ons almal se opbou in die geloof – in die lig van die Here se Woord.

*Ds. Ronald Bain (Voorsitter)*




*Genadige Vader wat in die hemel is,*
*U weet dat daar niks goeds in my gevind word nie.*
*Ek hoef nie in baie woorde daaroor te spreek nie,*
*maar ek bid U dat U u blik wil wend om u Seun, my Middelaar,*
*my Voorspraak en Verlosser, en dat U my ter wille van Hom 'n salige*
*einde en 'n blye opstanding wil gee.*
*Laat die bloed van Jesus Christus nie tevergeefs vergiet wees nie,*
*maar laat dit by my die vrug van bekering werk*
*tot vergewing van my sondes.*
*Op watter oomblik U my gees terug eis, o genadige Vader,*
*beveel ek dit in u hande – neem dit op tot U vir ewig.*
*Amen.*

*– Martin Luther (Romeine 4:7-8)*

**Maandag 1 Januarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 28:16-20**

### Voorspoedige Nuwejaar toegebid

Daar behoort geen nuwejaarsvoorneme hoër te staan as trou aan Christus se roeping nie. Sy bevel aan sy dissipels vat alles saam: Uitgaan … Mense sy dissipels maak.

God het altyd intieme gemeenskap met mense begeer. Selfs ná hulle Hom met die sondeval verlaat het. Hy het aan Abraham beloof: In Hom sou die volke van die aarde geseën word. Hy het ’n volk verkies om na die wêreld uit te reik. Toe Israel misluk, ’n oorblyfsel … God het die wêreld só liefgehad dat Hy uiteindelik sy eniggebore Seun gestuur het sodat dié wat in Hom glo, die ewige lewe kon hê.

Hier by die berg vat Christus sy opleiding aan sy dissipels saam. Hulle moes uitgaan na al die nasies … mense sy dissipels maak.

En niks het verander nie. Kerkwees is geen sosiale klub of vermaaklikheidsinstelling nie. Dissipels van mense maak is steeds haar primêre roeping – ook elke gelowige s’n.

Eerstens uitgaan … Uitreik. Dit mag wees by jou werk of skool. Waar ook al mense jou naaste word. Begin met ’n innemende gesigsuitdrukking. Maar ook práát; deur jou voorbeeld getuig van Christus se reddende, verlossende genade.

Met as standaard, tweedens, só dat mense óók tot geloof in Christus kom. Dat dié onder hulle wat uitverkies is, gedoop word om die vernuwing in hulle harte te bevestig.

En derdens om hulle, nou smagtend na gemeenskap met God, ook verder te leer om alles te onderhou wat God in sy Woord beveel.

Dissipel-wees beteken dissipels maak. Self kan ons dit nie. Maar Christus is by ons al die dae …

*Sing: Psalm 96-1:1, 2, 5*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 2 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8, 16**
**Fokusgedeelte: Johannes 15:5, 16; Heidelbergse Kategismus 32:86**

### Goeie werke as gawe en opgawe

Die vraag wat die deur na die leer oor die dankbaarheid van ons belydenis open, sluit uitdruklik aan by die leer oor ons *ellende* en ons *verlossing* daaruit. Christus het aan die kruis vir al ons sondes betaal. Met sy bloed het Hy ons gekoop en ons tot sy eiendom gemaak. So het Hy ons met God versoen. In sy groot genade het Christus dit egter nie daarby gelaat nie. Hy het nie net vir ons skuld betaal nie, maar deur sy Heilige Gees gee Hy ons ’n ander gesindheid, wat Hy deur weergeboorte en bekering in ons bewerk. Die gevolg is dat ons nie meer die beeld van die duiwel vertoon nie, maar sy beeld en derhalwe die beeld van God.

Die resultaat van Christus se heiligende en vernuwende werk in ons deur die Heilige
~~~~~~~~~~

Gees is onder andere dat ons goeie werke doen. Daarmee erken ons dat ook die goeie werke wat ons doen, ten diepste van Hom afkomstig is. Dit is ’n baie belangrike saak wat ons nie mag vergeet nie. Ons goeie werke is geen teenprestasie wat sy oorsprong in ons vind nie. Nee, dit is Christus wat ons deur sy Heilige Gees dankbaar maak vir sy verlossing en ons daarom ook die gewilligheid en begeerte gee om goeie werke te doen. Hierdie feit word baie duidelik getoon as Christus sê: “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5).

Wanneer Christus as die ware wingerdstok sy Heilige Gees aan ons, sy lote, gee, kan ons nie anders as om vrugte te dra, dit wil sê goeie werke te doen nie. As daar geen vrugte van dankbaarheid, geen goeie werke by ons gevind word nie, toon dit dat ons geen ware geloofsgemeenskap met Christus as die wingerdstok het nie.

Die doen van goeie werke het egter twee kante. Aan die een kant is dit ’n *gawe* van Christus deur sy Heilige Gees, maar aan die ander kant is dit ’n *opgawe* (’n eis of bevel) van Christus aan ons. Christus sê immers in Johannes 15:16: “Ek het julle aangestel om vrugte te dra” (goeie werke te doen). Aan die een kant moet ons besef dat as ons goeie werke doen, ons niks het om in te roem nie. Dit is gawes van God. Die inisiatief en die krag om dit te doen, kom van die Here af.

Maar omdat God in ons werk, moet ons self ook werk (Fil. 2:12, 13). Daarom, aan die ander kant, is die doen van goeie werke ook ’n roeping en ’n plig wat God op ons plaas. In verantwoordelikheid voor God *moet* ons goeie werke doen (Matt. 5:16).

~~~~~~~~~~

**Woensdag 3 Januarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 19:1-10**
**Fokusgedeelte: Lukas 19:8; Heidelbergse Kategismus 32:86**

## Deur ons goeie werke toon ons ons dankbaarheid teenoor God

Dat ons goeie werke doen om ons dankbaarheid teenoor God te toon, is van besondere belang. Daardeur word onder andere duidelik standpunt teen die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) ingeneem. Hulle sê dat die doen van goeie werke in die afdeling van die verlossing tuishoort, want deur die doen van goeie werke moet ek help om my verlossing uit te werk. Christus, sê hulle, het baie gedoen om ons te verlos, maar nog nie alles nie. Daarom moet ek self ook ’n deel bydra, en dit doen ek deur my goeie werke.

Volgens die Skrif is dit egter nie waar nie. Met al my goeie werke kan ek nie ’n greintjie van my redding uitwerk nie, omdat slegs die goeie werke by God enige verdienste het, wat absoluut volmaak is – en dit is ons goeie werke nooit. Die beste daarvan is onvolkome en met sonde bevlek (Jes. 64:6; Gal. 3:10). Daarom bely ons: Christus het ons volkome verlos, en as daar van goeie werke sprake kan wees, kan dit slegs in die dankbaarheidsdeel van ons leer en lewe wees. Ons doen goeie werke om te toon hoe dankbaar ons is vir die verlossing deur Christus. Wie daarvoor dankbaar is, *moet* goeie werke doen. Wie geen goeie werke doen nie, toon daardeur dat hy nie deel het aan die verlossing deur Christus nie.

Dat hierdie verlossing dankbaarheid tot gevolg het wat in goeie werke geopenbaar word, sien ons by verskeie persone in die Skrif:

- Ons sien dit by Saggeus (Luk. 19:1-10). As tollenaar het hy mense afgepers en geld geneem wat hom nie toegekom het nie. Maar toe hy tot geloof in Christus gekom het
~~~~~~~~~~

en van sy sonde verlos is, het sy lewe totaal verander. Hy het in die openbaar aan Jesus gesê dat sy lewe voortaan nie meer deur bedrog en afpersing gekenmerk sal word nie, maar deur die doen van goeie werke: deur hulp aan die armes en deur die geld wat hy afgepers het, vierdubbeld terug te gee.

- Ons sien die dankbaarheid by die Samaritaan wat Christus van sy melaatsheid genees het (Luk. 17:11-19). Terwyl die ander nege net 'n wondergeloof gehad het, het hy 'n ware saligmakende geloof in Christus gehad. Daarom het hy teruggekom en Jesus bedank.
- Die misdadiger aan die kruis het ook so opgetree (Luk. 23:39-42).

Dit is duidelik dat iemand wat aan die verlossing deur Christus deel het, nie anders kan as om dankbaar te wees en uit dankbaarheid goeie werke te doen nie. Wie met blydskap kan sê: "Hy't my verlos en aan my welgedaan", sal spontaan vra: "Wat kan 'k die Here vir al sy guns vergeld? Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?" (Ps. 116 berymd).

~~~~~~~~~~

**Donderdag 4 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:3-11**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:10; Heidelbergse Kategismus 32:86**

## Sekerheid van ons geloof uit goeie werke

Volgens ons belydenis het die doen van goeie werke in die lewe van die Christen ook ten doel om ons deur die geloof sekerheid te gee dat ons God se uitverkore kinders is. En dit is wat Petrus ook bedoel as hy sê dat ons ons roeping en verkiesing vas moet maak ("stewig vestig", 2014-vertaling).

Nou mag daar gevra word hoe dit vir die mens moontlik is om sy verkiesing vas te maak. Die uitverkiesing is tog 'n werk van God wat van ewigheid af bepaal is, en geen mens kan dit verander nie. Dit is egter nie wat Petrus bedoel nie. Hy bedoel dat die uitverkiesing in die bewussyn van die gelowige steeds vaster gemaak moet word, sodat hy met sekerheid kan *weet* dat hy *werklik* 'n uitverkore kind van God is. Dit is wel vir die mens moontlik.

Petrus sê dat 'n mens dit kan doen deur erns te maak met jou roeping, en dan plaas hy roeping voor uitverkiesing. Daarmee bedoel hy dat 'n mens in jou eie hart en gemoed sekerheid van jou uitverkiesing sal en kan kry deur met alle erns die roeping wat God op jou gelê het, uit te voer. Die gelowige moet alles in die stryd werp om altyd goeie werke te doen soos God dit wil hê. Ons moet Hom van harte liefhê en dien, waarlik in Hom glo en op Hom vertrou, ons beywer om goeie werke te doen as resultaat van ons geloof en bekering. Ons moet luister na die prediking van die Woord en doeners van die Woord word. Ons moet met volharding tot die Here bid. Kortom, ons moet, soos Paulus dit stel, in toewyding aan God lewe (1 Tim. 4:7).

Petrus noem spesifiek 'n aantal kenmerke as vrugte van geloof en bekering wat by die kind van God gevind moet word as hy sy roeping voor God wil vervul. Dit is geloof, uitnemendheid, kennis, selfbeheersing, volharding, 'n aan God toegewyde lewe, broederliefde en naasteliefde (vs 5-8). In die vervulling van hulle roeping moet hierdie dinge, volgens die apostel, deur die gelowiges nagestreef word sodat dit by hulle kan toeneem (vs 5, 8). As ons bogenoemde dinge doen, waarlik erns maak met ons roeping in die diens van God, gaan ons voort op die pad waarlangs die Here ons wil lei tot 'n vaste, innerlike sekerheid
~~~~~~~~~~

dat ons werklik sy uitverkore kinders is. So sal ons kom tot oorwinning oor die twyfel wat ons geloofslewe so dikwels strem.

Hoe wonderlik is dit nie om sekerheid van die geloof te hê nie! Dan het ek ’n anker om aan vas te hou in voorspoed en in teëspoed. Ek weet dan dat ek ’n uitverkore kind van God is en dat daar om Christus ontwil ’n ewige lewe en saligheid op my wag (vgl. vs 11).

~~~~~~~~~~

**Vrydag 5 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23 – 11:1**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:1; Heidelbergse Kategismus 32:86**

### Doen goeie werke om ons naaste vir Christus te wen

Die doen van goeie werke het ook nog die betekenis dat ons daardeur ons naaste vir Christus kan wen. Deur te lewe uit die rykdom van Christus wat ons verlos het en ons deur die Heilige Gees goeie werke laat doen, kan ons die wêreld rondom ons – wat kwyn in geestelike armoede – jaloers maak. Ons maak hulle op dié wyse begerig om te deel in dieselfde geloof waaruit ons daagliks ons krag put. Ons goeie werke sal ’n magnetiese uitwerking op ons naaste hê. Hulle sal nader getrek word, nie net na ons toe nie, maar veral na Christus toe.

In hierdie verband is dit van besondere belang dat Paulus sê: *“Wees my navolgers, soos ek ook navolger van Christus is.”* Paulus kon sê dat die mense hom moet navolg om by Christus uit te kom, want in Galasiërs 2:20 sê hy: *“Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”* (2014-vertaling; vgl. Fil. 1:21). Die werk en gesindheid van Christus kon dus duidelik in die lewe van Paulus waargeneem word. In die lig hiervan kan hy sê dat die mense hom moet volg soos hy Christus navolg.

Hiermee wil Paulus sê dat hy vir sy optrede as apostel en vir die doen van goeie werke nie ’n eie lewensfilosofie uitgedink en geformuleer het en dit nou aan ander as navolgenswaardig voorhou nie. Nee, hy volg Christus na. In sy doen en late word die wil van Christus in woorde en dade geopenbaar, want sy optrede stem ooreen met die evangelie van Christus (Fil. 1:27).

Dáárom, maar ook daarom alleen, kan hy sê: “Wees my navolgers.” En so ’n lewe as navolger van Christus is die godvresende lewe waardeur ons volgens die Kategismus ons naaste vir Christus kan wen. So ’n lewe moet daar ook by ons as navolgers van Christus gevind word.

Die probleem is egter dat daar dikwels by ons so min van ’n godvresende lewe aangetref word dat ons eenvoudig nie die moed en die geloofskrag het om aan ander te sê: “Wees my navolgers, soos ek ook navolger van Christus is” nie. Met so ’n gesindheid mag ons geen vrede hê nie. Daarom moet ons ons daarvan bekeer. Dit is immers ’n uiters ernstige saak as ons so lewe dat ons ander mense nie na Christus trek nie, of nog erger, hulle verhinder om Christus te volg.

In die lig hiervan moet ons versigtig wees met wat ons doen en sê, want dit kan vir ander mense van betekenis wees – ten goede of ten kwade. Daarom moet ons uit dankbaarheid om Christus ontwil goeie werke doen sodat ons ons naaste daardeur vir Christus kan wen. Dit is ook wat Petrus bedoel as hy sê: “Gedra julle goed onder die heidene, sodat hulle, wanneer hulle julle beswadder asof julle misdadigers is, God op die dag van rekenskap kan verheerlik omdat hulle julle goeie dade gesien het” (1 Pet. 2:12, 2014-
~~~~~~~~~~

vertaling). Christus sê ook: "Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (Matt. 5:6).

~~~~~~~~~~

**Saterdag 6 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:9-11**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:9, 10; Heidelbergse Kategismus 32:87**

### Geen volhardende sondaar in die koninkryk van God nie

In Sondag 32 word oor goeie werke gehandel. Ons moet dit doen omdat Christus ons met sy bloed gekoop het en deur sy Heilige Gees tot sy beeld vernuwe. Wie sy beeld vertoon, moet goeie werke doen. Wat gebeur dan met die mens wat in sy goddelose lewe volhard en hom nie bekeer en goeie werke doen nie?

Die antwoord van die Skrif en die belydenis is daaroor baie duidelik: Geen volhardende sondaar sal die koninkryk van God beërf nie. Hoewel ons nie met ons goeie werke die ewige saligheid kan verdien nie, is dit onmoontlik om die ewige saligheid te beërf sonder goeie werke. Wie slegte werke doen of net geen goeie werke doen nie, is nie 'n verloste kind van God nie. Christus sê ook dat as die lote van die wingerdstok geen vrugte dra nie (geen goeie werke doen nie), sny die hemelse Landbouer dit af en gooi dit in die vuur (Joh. 15:2, 6). Die onvrugbare vyeboom word uitgekap (Luk. 13:6-9).

Daarom sê die Skrif dat geen volhardende sondaar die koninkryk van God sal beërf nie. Daar word in die Skrif verskeie lyste van sulke volhardende sondaars gegee (1 Kor. 6:9, 10; Gal. 5:19-21; Ef. 5:5; Op. 22:15). Sommige van hierdie volhardende sondaars word in navolging van die Skrif ook in die Kategismus genoem (Antw. 87).

Dit alles beteken nie dat iemand wat in sonde val, verlore is nie. Beslis nie! Dit word ook nie in die Skrif en die belydenis gesê nie. Daar word immers gepraat van mense wat in hulle goddelose en ondankbare lewe *volhard* en hulle nie tot God *bekeer* nie, en daarom geen goeie werke doen nie. Wie uit dankbaarheid goeie werke wil doen, maar soos Dawid en Petrus uit swakheid in sonde val, daaroor berou het en hulle daarvan bekeer, kan daarvan seker wees dat ook hulle deel het aan die koninkryk van God. 'n Gebroke en verpletterde hart sal God immers nooit minag nie (Ps. 51:19).

Die stelling dat 'n mens sonder goeie werke nie deel aan die ewige lewe sal kry nie, word deur sommige betwis met verwysing na die misdadiger wat saam met Christus gekruisig is (Luk. 23:39-43). Volgens hulle het hy geen goeie werke gedoen nie. Hierdie argument is egter nie geldig nie. Trouens, sy optrede is juis 'n bewys dat geloof en bekering altyd goeie werke tot gevolg het. Die oomblik toe hy tot bekering gekom het, het hy begin om die gekruisigde wat met Jesus gespot het, te bestraf vir sy optrede en te bely dat Jesus niks verkeerds gedoen het. Daarby het hy sy toevlug vir sy lewe ná die dood by Jesus gesoek … en gevind!

~~~~~~~~~~

**Sondag 7 Januarie**

**Skrifgedeelte: Esegiël 33:7-11**
**Fokusgedeelte: Esegiël 33:11; Heidelbergse Kategismus 33:88**

## Die prediking oor bekering

Bekering is 'n saak waarvan sommige van ons nie hou nie, ook nie van preke daaroor nie. As daar gepraat word van die bekering van heidene of van mense wat in verskriklike sonde lewe, is alles nog in orde. Sake word egter anders as my naam genoem word en pertinent aan my gesê word dat ek my moet bekeer. Dit kan nie *eie ek* meesal nie verdra nie. Dit impliseer immers dat my sienswyse en optrede onchristelik, onbybels en goddeloos is, en dat ek dit radikaal moet verander as ek gered wil word. Die negatiewe houding by gereformeerdes teenoor bekering is verder versterk deur die eensydige nadruk wat die metodiste op bekering gelê het asof dit 'n bloot menslike aksie is.

Die Skrif leer ons dat die roepstem tot bekering aan *al die mense* gerig word: nie net aan buitekerklikes nie, maar ook aan lidmate van die kerk. Al die mense word vermaan om hulle te bekeer: die ongelowige van sy minagting van God, en die gelowige van miskien sy vormgodsdiens en sy louheid. Of ons dit nou wil weet of nie, ons het sulke preke nodig, al hou ons vanweë ons sondige natuur nie daarvan nie.

Die belangrikste is egter dat God se Woord en ons belydenis ons leer dat die bekering gepreek *moet word* (HK, vr. 115). Die oproep tot bekering deur die Here kom meer as 100 keer in die Skrif voor en wel in verskillende toonaarde. Soms is dit *dreigend*: "As julle jul nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom!" (Luk. 13:3). Soms is dit *verwytend*: "Maar (nogtans) het julle jul nie tot my bekeer nie, sê die Here" (Amos 4:6). Soms is dit *smekend*: "Waarom wil julle sterf, Israel? Dit is my wil dat die mens … hom bekeer en bly lewe" (Eseg. 18:3). Soms is dit *pleitend*: "Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede!" (Eseg. 33:1).

Met hierdie herhaling van die oproep tot bekering in Esegiël 33:11 is dit asof die Here by sy volk pleit om ter wille van hulle eie redding hulle te bekeer, want daar is geen ander wyse van redding nie.

Wat is bekering dan? Bekering is 'n radikale verandering in die lewe van die mens. Hierdie verandering begin met 'n verandering of vernuwing van die hart en gesindheid van die mens en dit werk daarna deur na al die fasette van sy lewe in gedagtes, woorde en werke. Bekering beteken dus dat die mens in sy lewe 'n 180-grade draai maak en 'n teenoorgestelde rigting moet inslaan. Hy moet sy rug op Satan draai en die sonde wat tevore sy lewe beheer het, en begin om die Here van harte en met oorgawe te dien en sy gebooie te gehoorsaam.

In die lig hiervan moet die bekering tot God deur Christus met besieling en sterk aandrang in die prediking verkondig word.

~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~

**Maandag 8 Januarie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 4:1-4**
**Fokusgedeelte: Jeremia 4:1; Heidelbergse Kategismus 33:88**

## Skynbekering en ware bekering

Die feit dat die Kategismus vra uit hoeveel dele die *ware bekering* bestaan, dui reeds daarop dat daar ook so iets soos 'n *skynbekering* is. Dit beteken dat 'n persoon die uiterlike tekens toon van iemand wat tot God bekeer is, terwyl hy in werklikheid nog nie bekeer is nie.

Die Fariseërs was ook sulke mense, want Christus het aan hulle gesê dat hulle vir persoonlike gewin eerder aan die tradisies van die voorvaders vashou en hulle ouers onreg aandoen as om vader en moeder te eer (Mark. 7:1-16). Sulke skynbekeerdes was daar ook in die tyd van Jeremia, want by monde van die profeet sê die Here aan hulle: "As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou *tot My bekeer*" (4:1).

Wat in dié tyd waarskynlik gebeur het, is dat Israel hulle bekeer het in die sin dat hulle opgehou het om bepaalde sondes te doen, maar tog nie in die geloof aan die Here vasgegryp het en al sy gebooie gehoorsaam het nie. Hulle sou dan soos die verlore seun gewees het as hy net van die varkhok af weggegaan het, maar nie na sy vader teruggekeer het nie.

So 'n skynbekering loop nie op ewige redding en verlossing uit nie, maar laat 'n mens maklik terugval in 'n totaal onbekeerde lewe.

Teenoor die skynbekering staan die ware bekering. Die vernaamste kenmerk daarvan is dat dit ten diepste 'n daad van God is. Daarom bid Jeremia ook: "Bekeer ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees" (Klaagl. 5:21; Jer. 31:18). God werk uit genade die bekering in die mens. Hy bring hom uit die duisternis tot die lig en laat hom daagliks op die pad voortgaan.

God doen dit egter nie so dat die aksie van die mens in hierdie verband uitgeskakel word nie, wel so dat die mens daardeur juis tot aksie geroep word, soos Paulus ook duidelik in Filippense 2:12-13 aandui: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (1953-vertaling).

By hierdie deel van die Kategismus gaan dit egter nie oor bekering as daad van God nie, maar as roeping van die mens. Dit gaan ook nie oor die *eerste bekring* (weergeboorte, wortelbekering) nie, maar oor die *voortgaande bekering* (daaglikse bekering, heiligmaking). In die praktyk bestaan dit uit twee dele, naamlik die *afsterwing van die ou mens* EN die *opstanding van die nuwe mens*. Dit het dus 'n negatiewe en positiewe kant.

Hierdie twee kante staan teenoor mekaar in 'n verhouding van omgekeerde eweredigheid: as die een minder word, word die ander een meer. Die Skrif en ons belydenis leer ons dat dit juis ons roeping is om die sondige ou mens te laat minder word en die nuwe mens meer te laat word.

Anders gestel: Christus moet in ons meer word en ons eie, sondig ek steeds minder.

~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~

**Dinsdag 9 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 51:1-7, 16-21**
**Fokusgedeelte: Psalm 51:6; Heidelbergse Kategismus 33:89**

## Berou oor my sonde

Die negatiewe kant van die bekering word as die afsterwing van die ou mens beskryf. Die uitdrukking "ou mens" kom uit Romeine 5:4-6 en Efesiërs 4:22-24. Dit dui op die sondige in die mens wat jou lewe aftakel soos ouderdom 'n mens se kragte aftakel. Van hierdie afsterwing van die ou mens bely ons dat dit bestaan uit berou oor my sonde, haat van die sonde en vlug vir die sonde. Hier word gehanel oor die eerste van die drie, naamlik die berou oor my sonde.

Weet ons wat dit is om werklik berou te hê oor die sonde? Ons moet immers daarteen waak om nie berou oor die sonde te verwar met berou oor die gevolge van die sonde nie. As ek diefstal gepleeg het en tronkstraf as gevolg daarvan kry, kan ek ook spyt en bedroef wees, omdat ek so swaar vir my oortreding moet ly. Maar deur so 'n droefheid word God nie geëer nie – dan staan *ek* met alles wat *ek* verduur, in die sentrum. Dan is daar by my net spyt oor wat ek myself aangedoen het en nie werklike berou oor wat ek God aangedoen het nie. Binne hierdie konteks is spyt op die mens gerig, maar berou is op God gerig. Eers as ek bedroef is omdat ek God se eer geskend en sy gebooie verag het – eers dan word dié berou by my gevind wat deel van die ware bekering vorm. Hierdie berou vind ons by Dawid na sy ontug met Batseba en moord op Uria as hy bely: "*Teen U alleen* het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë" (Ps. 51:6).

As Dawid sê dat hy teen die Here *alleen* gesondig het, beteken dit nie dat dit wat hy Batseba en Uria aangedoen het van minder belang is nie. Beslis nie! Hy wil egter daarmee aandui dat sy sonde teen Batseba en Uria – al was dit erg – nie naastenby so erg was as sy sonde teen God nie. Sy sonde was primêr 'n oortreding van die gebooie van God en 'n skending van die heiligheid van God. Dit was wat sy berou en droefheid so groot gemaak het. Hy verwoord dit deur te sê: "Teen U alleen het ek gesondig …" So 'n ware berou oor die sonde tref ons ook by Daniël aan. As hy sy eie en sy volk se sondes bely, sê hy: "Ag, Here, groot en ontsagwekkende God … Ons het gesondig, ons het oortree, ons het verkeerde dinge gedoen, ons was opstandig en het nie gelewe volgens u gebooie en u bepalings nie … Dit is onsself wat hierdie ellende oor ons gebring het … omdat ons teen U gesondig het …! Vergewe, Here! Gee tog ag op ons en tree op!" (Dan. 9:4, 5, 6, 8, 19). Dit is die berou wat deel vorm van die ware bekering.

Wie so berou het, kan ook getroos word deur die wete dat die Here so 'n hart vol ootmoed en berou om Christus ontwil nie gering sal ag nie (Ps. 51:19).

~~~~~~~~~~

**Woensdag 10 Januarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:43-45**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:45; Heidelbergse Kategismus 33:89**

## Haat van die sonde

Die afsterwing van die ou mens bestaan verder ook uit haat van die sonde. Dit vloei
~~~~~~~~~~

logies voort uit die droefheid oor die sonde. As ek werklik bedroef is daaroor dat ek God deur my sonde vertoorn het, dan moet ek die sonde ook haat. Ek mag geen genoeë daarmee neem nie. Ek moet nie die sonde net uiterlik nalaat, maar dit nog in my hart vertroetel en daarna smag nie. Dit is baie gevaarlik, want die moontlikheid dat dit in dade tot openbaring kan kom, is dan baie groot. Daarom moet dit ons met afsku vervul, omdat ons God daardeur onteer.

As ons nie so radikaal met die sonde wil breek nie, bestaan die gevaar altyd dat ons weer daarin kan terugval. Dit is wat met Israel gebeur het volgens Christus se gelykenis van die duiwelbesetene in Matteus 12:43-45. Die duiwel het sy lewe verwoes. Daarna het die duiwel hom verlaat en weggegaan – om welke rede ook al.

Die betrokke mens se lewe was toe soos ’n huis wat skoongemaak, opgeknap en versier was, maar leeg. God het nie die persoon se lewenshuis gevul nie. Omdat die huis leeg was, het die duiwel wat vroeër daar gewoon het, teruggekom en sewe ander duiwels, slegter as hyself, saamgebring en daar kom woon. Toe was die persoon slegter daaraan toe as aan die begin.

So het dit met Israel gegaan. Hulle was vasgevang deur die sonde van *afgodery*: hulle het vir hulle allerlei afgodsbeelde gemaak en dit aanbid en gedien. Daarvoor het die Here hulle gestref deur hulle te laat wegvoer in ballingskap. Toe het hulle gebreek met hulle afgodery.

Tog het ’n groot deel van hulle die sonde van afgodery nie werklik gehaat nie. Uiteindelik het hulle weer teruggeval in afgodery, maar toe het hulle van die wet van God ’n afgod gemaak en deur hulle wetsonderhouding die saligheid probeer verkry. *Hulle het van die wet van God ’n afgod gemaak omdat hulle die God van die wet nie liefgehad en gedien het nie.* Toe was dit of daar talle ander bose geeste in hulle ingevaar het, want waar hulle voorouers *die profete van God* vermoor het, het hulle *die Seun van God* vermoor. Aan die einde was hulle baie slegter daaraan toe as die begin. Toe het God se oordeel oor die Jode gekom. In die jaar 70 nC het Hy aan hulle bestaan as volk vir alle praktiese doeleindes ’n einde gemaak toe hulle deur die Romeine uitgedelg is.

Dit is wat met die mens gebeur as hy net uiterlik met die sonde breek, maar nie bereid is om die sonde hoe langer hoe meer te haat nie. Daarom is die haat van die sonde ’n wesenlike deel van die ware bekering. Daarom moet ons God smeek om aan ons steeds meer ’n haat vir die sonde te gee en terselfdertyd ’n groter liefde vir Hom wat ons in Christus so oneindig liefgehad het.

~~~~~~~~~~

**Donderdag 11 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14-18**
**Fokusgedeelte: Spreuke 5:8; Heidelbergse Kategismus 33:89**

### Vlug vir die sonde

Die ware bekering na sy negatiewe kant bestaan verder ook uit vlug vir die sonde. Dit beteken ’n innerlike en uiterlike breuk met die sonde. Daarom is die “gebed” van Augustinus so bedenklik toe hy voor sy bekering “gebid” het: “Verlos my van die Bose, maar nie nou al nie.”

Die vlug vir die sonde is in die reël nie so maklik nie. Om van dit wat jou lok en roep en trek, weg te vlug, kan soms baie moeilik wees, maar deur God se genade tog moontlik.
~~~~~~~~~~

Waar dit soms in ’n oorlog ’n bewys van lafhartigheid is as ’n soldaat vlug, is dit in die stryd teen die sonde dikwels ’n bewys van die heldhaftigheid van die geloof om daarvoor te vlug.

Treffend word die wegvlug vir die sonde deur die skrywer van Spreuke geteken as hy teen die ontugtige vrou waarsku: “My seun, slaan ag op die wysheid wat ek jou leer, luister na my goeie raad … Die slegte vrou se lippe drup van heuning, haar tong is gladder as olie, maar agterna is dit bitter soos wildeals; sy is so gevaarlik soos die skerpste swaard … luister na my, my seun, bly by wat ek jou sê: Bly weg van haar af, moenie naby haar huis se deur kom nie (5:1-8) … Moenie dat haar skoonheid jou begeerte wek nie, moenie dat sy jou vang met haar oë nie (6:26). Moet jou nie met so ’n vrou ophou nie, moenie haar pad loop nie. Sy het die val van baie op haar kerfstok, sy het al sterk manne laat ondergaan” (7:25, 26). Dit is vlug vir die sonde: bly ver weg daarvandaan.

Ook Paulus beklemtoon die feit dat die gelowige vir die sonde moet vlug. Hy wys die Korintiërs daarop dat die gelowiges ’n tempel van die lewende God is (2 Kor. 6:16). God self woon in hulle midde en hulle geniet die guns van God. Dit is die rede waarom die Christene, al kan hulle in hulle daaglikse lewe die kontak met die ongelowiges nie vermy nie, hulleself nie met heidene moet assosieer nie. Daarom sê hy aan die Korintiërs: “Gaan van hulle af weg … en moenie wat onrein is, aanraak nie” (2 Kor. 6:17). Die Christene moet hulle onthou van die ongeregtigheid van die ongelowiges, omdat dit boonop sedelik onrein is. So moet hulle vlug vir die sonde (vgl. Op. 18:4).

Die Christen wat vlug vir die sonde, moet ook nie dink dat hy uit eie krag kan speel met die sonde om daardeur oorrompel te word nie (vgl. Rom. 11:20). Paulus waarsku ook: “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10:12). Veral in oomblikke as ons dink dat ons sterk is en die sonde maklik kan weerstaan, juis dan bring Satan ons die maklikste tot ’n val – soos wat met Simson en Petrus gebeur het.

Die wêreld sal dit belaglik vind as ons vlug vir en wegbly van die sonde af, maar God sal so geëer word en ons sal op die pad van ware bekering voortgaan

~~~~~~~~~~

**Vrydag 12 Januarie**

**Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9**
**Fokusgedeelte: Filippense 4:4; Heidelbergse Kategismus 33:90**

## ’n Hartlike vreugde in God deur Christus

Die positiewe kant van die bekering word as die opstanding van die nuwe mens aangedui. Ook die uitdrukking “nuwe mens” het niks met ouderdom te doen nie, maar sien op die nuwe lewe wat die Heilige Gees in ons inplant deur ons met die geloof aan Christus te verbind (Ef. 2:15; 4:22-24; Kol. 3:8-11). Die *nuwe mens* beteken dat Christus wat die sonde oorwin en ons daarvan verlos het, in ons lewe (Gal. 2:20; Fil. 1:21); dat Christus al hoe meer gestalte in ons kry sodat ons sy beeld vertoon (Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18); dat dieselfde gesindheid in ons is wat daar in Christus Jesus was (Fil. 2:5; Matt. 11:29).

Hierdie nuwe lewe in Christus moet nou in die weg van daaglikse bekering voortdurend in ons ontwikkel en ontplooi. Hierdie kant van die daaglikse bekering bestaan volgens die Kategismus uit twee dele: ’n hartlike vreugde in God deur Christus, *en* ’n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe. Hier word slegs oor die eerste deel gehandel.
~~~~~~~~~~

Die hartlike vreugde in God deur Christus staan teenoor die droefheid en berou oor ons sonde by die afsterwing van die ou mens. Sowel droefheid as blydskap is in die lewe van die Christen aanwesig. Hierdie twee gaan hand aan hand saam met ons die hele lewe deur. In ons geloofslewe is daar altyd droefheid oor ons sondes waardeur ons God vertoorn, maar ook blydskap in die wete dat al ons sondes deur Christus vergewe is.

Eers op die nuwe aarde sal ons volkome en ongestoorde blydskap ervaar as God self al die trane van ons oë sal afvee. Maar hoewel die droefheid oor ons sonde ons hier op aarde altyd sal bybly, moet die blydskap in Christus tog al hoe duideliker by ons opgemerk word. Die evangelie is immers ’n blye boodskap. Paulus skryf ook aan die Filippense (4:4): “Verbly julle altyd in die Here! Ek sê weer: Verbly julle!”

Nou weet ons dat ons in dit wat die wêreld ons bied, geen bestendige vreugde of blydskap sal vind nie. Die wêreld bied aan ons slegs enkele oomblikke van blydskap. Ware blydskap vind ons alleen, soos Paulus sê, *in die Here*. Ek moet bly wees dat Christus my ook laat deel in die verlossing van sondes. *Dit is die geheim van ware lewensvreugde*: nie blydskap oor myself of oor die wêreld nie, maar blydskap oor en in Christus wat met sy bloed vir al my sondes betaal het.

Dit is opmerklik dat by die ware gelowige die droefheid oor sy sonde hom altyd bring tot blydskap in Christus wat ons sondes vergewe het. Dit moet my tog waarlik bly maak as ek kan juig: “Welsalig wie van skuld en straf onthewe / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe” (Ps. 32, berymd). Die Christen wat die ware bekering ken, is ’n blymoedige mens.

~~~~~~~~~~

**Saterdag 13 Januarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:25-32**
**Fokusgedeelte: Lukas 15:29; Heidelbergse Kategismus 33:90**

## ’n Lus en liefde vir die wil van God

As daar by ons ’n hartlike vreugde in God deur Christus is, dan kan ons nie anders nie as om God se wil met lus en liefde te doen.

Dit is ’n saak wat veral in Psalm 119 sterk na vore kom. By herhaling sê die digter dat hy met vreugde die Here se wet gehoorsaam. Dit beteken vanselfsprekend dat dit vir hom ’n lus en liefde is om God se wil te doen. In die berymde Psalm 1194:14 bring die digter dit só onder woorde: “Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy: / daaraan dink ek, / daarna soek ek, / daarin, Heer, verdiep ek my.” Dit beteken tog baie min as ons God se wil doen iemand wat kos met lang tande eet.

Van mense wat God se wet sonder lus en liefde onderhou, is die Fariseërs, soos afgebeeld in die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15), ’n duidelike voorbeeld. Hierdie seun was altyd by sy pa. Hy het al die voorregte van ’n kind geniet, maar dit nooit waardeer nie. Trouens, hy was wel *in* die ouerhuis, maar het geen liefde *vir* die ouerhuis gehad nie. Daarom het hy al die werk wat hom opgedra is, getrou gedoen, maar bloot uit *plig* en nie uit *liefde* nie. Hy het sy pa ook nie as *vader* beskou nie, maar as ’n *baas* vir wie hy moet werk. Gevolglik het hy homself nie as ’n *kind* beskou nie, maar as ’n *kneg*, en boonop as ’n *veronregte kneg*, want die ander knegte kry ’n loon, maar hy nie. As hy dan aan sy pa sê: “Al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa” (15:29), dan word dit verder duidelik dat hy net die *plig* van ’n slaaf ken en nie die *liefde* van ’n kind vir sy vader nie.

Presies so het die Fariseërs opgetree. Hulle was stiptelik aan God se gebooie gehoor-
~~~~~~~~~~

saam – nie uit liefde nie, maar uit plig – om God as't ware te dwing om van hulle getrouheid kennis te neem en hulle daarvoor met die ewige lewe te beloon. Hulle vind geen vreugde in die diens van die Here nie, maar wil met hulle pynlike gehoorsaamheid vir hulleself 'n verdienste by God verwerf.

In so 'n diens van die Here het Hy egter geen behae nie. Jesaja het as mondstuk van die Here die veruitwendiging van die godsdiens reeds skerp veroordeel (Jes. 29:13). En met 'n beroep op die uitspraak van Jesaja sê Christus van die hartelose en liefdelose godsdiens van die Fariseërs: "Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af" (Matt. 15:8).

In die lig hiervan kan ons alleen werklik deel hê aan die opstanding van die nuwe mens as deel van die ware bekering as daar ook by ons 'n lus en 'n liefde is om na die wil van God te lewe. Natuurlik weet ons dat terwyl ons nog hier op aarde is, die sonde steeds sal probeer om ons lus en liefde vir die diens van God te demp. Daarom moet ons biddend daarna streef om God met vreugde en liefde te dien (Rom. 7:22).

~~~~~~~~~~

**Sondag 14 Januarie**

**Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20**
**Fokusgedeelte: Filippense 4:17; Heidelbergse Kategismus 33:91**

## Die geloof as bron van goeie werke

In Sondae 24 en 32 is reeds oor goeie werke gehandel, maar in ander verbande. Hier gaan dit oor die vereistes waaraan goeie werke moet voldoen om voor God goeie werke te kan wees. Daarop word gewys dat die *geloof* die *bron*, die *wet van God* die *maatstaf* en die *eer van God* die *doel* van goeie werke moet wees. Eerstens is geloof die bron van goeie werke.

Dat die geloof die bron van goeie werke is, blyk uit Hebreërs 10:38: "Maar my regverdige sal uit geloof leef" (2014-vertaling). Veral die woorde: "… sal uit geloof leef" is hier van besondere belang. Die beeld wat aan hierdie uitspraak ten grondslag lê, is dié van 'n boom wat uit sy wortel lewe. Die wortel moet die boom voed. As die wortel gesond is, dra die boom gewoonlik ook goeie vrugte. Dieselfde funksie wat die wortel by die boom vervul, het die geloof in God by die gelowige. Alleen as dit die geval is, word ons soos Tabita oorvloedig in goeie werke (Hand. 9:36).

Dit was ook die geval met die Filippense. Deur Paulus se verkondiging van die evangelie aan hulle het hulle diep onder die indruk gekom van die feit dat Christus hulle gered het van hulle sondenood en dreigende oordeel en straf. Hierdie geloofsverbondenheid aan Christus het hulle gedring om vir Paulus, wat 'n gevangene in Rome was, te help deu lewensmiddele aan hom te voorsien (Fil. 4:10).

Daarvan praat Paulus as hy na die gawe en die vrug verwys in Filippense 4:17 (vgl. hierbo). Daarmee sê hy aan hulle dat dit nie soseer die gawes is wat hulle gestuur het wat hom so bly maak nie – dit natuurlik ook – *maar hy is veral bly omdat hy in daardie gawes die vrug van hulle geloof in Christus sien*. Want die *motief*, die *rede* vir die gee van die gawes aan hom is hulle geloof in Jesus Christus, en dit vervul hom met intense vreugde en maak van die stuur van die gawes 'n goeie werk.

Hieruit is dit duidelik dat as twee mense dieselfde daad verrig, dit moontlik is dat dit by die een 'n goeie werk is omdat dit uit geloof voortgekom het, terwyl dit by die ander nie 'n
~~~~~~~~~~

goeie werk is nie, omdat hy nie deur die geloof gedryf is om dit te doen nie. Ons sien dit by Kain en Abel (Gen. 4). Albei het geoffer. In die oog van die mens het hulle presies dieselfde gedoen. En tog lees ons in Hebreërs 11:4: "Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain."

Soos dit met hulle gegaan het, so gaan dit vandag nog: Alleen as ons iets doen gedryf deur ons geloof – al is ons self nie altyd daarvan bewus nie (Matt. 25:37-40) – is dit voor die Drie-enige God 'n goeie werk.

~~~~~~~~~~

**Maandag 15 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:121-128**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:128; Heidelbergse Kategismus 33:91**

## Die wet van God as maatstaf vir goeie werke

Ons werke kan slegs goeie werke wees as hulle aan 'n bepaalde maatstaf beantwoord. Die vraag is egter: Watter maatstaf?

- Een so 'n maatstaf is die *gewete*. Daarvolgens kan 'n mens enigiets doen solank as wat jou *gewete* swyg. Die probleem is dat daar wel mense is met 'n *goeie gewete* (1 Tim. 1:19), maar daar is ook mense met 'n *onderdrukte gewete* (1 Tim. 1:19) en selfs met 'n *besoedelde gewete* (Tit. 1:15) – en dit kan mos nooit 'n gepaste maatstaf vir ons goeie werke wees nie.
- 'n Ander maatstaf is of jy met jou dade 'n goeie doel voor oë het. Dit is egter 'n gevaarlike siening, want dan is 'n mens baie naby aan die bedenklike standpunt dat die doel die middel heilig.
- Die publieke opinie word soms ook as 'n maatstaf vir goeie werke beskou. So 'n publieke opinie kom egter voort uit die goeddunke van mense, en daarom word dit in die Kategismus uitdruklik as maatstaf afgewys.

Teenoor al hierdie en dergelike sienings bely ons dat 'n bepaalde daad slegs 'n goeie werk kan wees as dit in ooreenstemming met die wet en wil van God is. Dit moet volgens die dubbele liefdesgebod wees soos dit in die Tien Gebooie gekonkretiseer word. Daarom het die gelowiges God altyd gesmeek om hulle te help om sy wet te onderhou. Die hele Psalm 119 getuig daarvan (vgl. ook Ps. 25:4, 5 en Ps. 86:11).

In hierdie verband stuit ons soms op die probleem dat dit nie altyd duidelik is wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is nie. Die Bybel is nie so geskryf dat dit aan die mens sê hoe daar in elke voorkomende situasie opgetree moet word nie. Daarom moet die gelowige met intense spanning in verskeie opsigte probeer vasstel wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is. Dit blyk duidelik uit die Skrif.

So skryf Paulus aan die Efesiërs (4:7): "Moet daarom nie onverstandig optree nie, *maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen*." Die skrywer van die Hebreërbrief (5:14) sê dat ons ons moet oefen "*om tussen goed en kwaad te onderskei*". Om aan hierdie eis te voldoen en vas te stel wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is, moet ons *eerstens* met 'n ware geloof die Skrif bestudeer, veral toepaslike gedeeltes daarvan; *tweedens* moet ons met volharding bid om die verligting en leiding van die Gees; derdens moet ons seker maak dat ons 'n deeglike kennis het van die saak waaroor ons God se wil probeer vind.

Dat dit nie altyd maklik gaan wees om vas te stel wat God se wil in 'n bepaalde situasie
~~~~~~~~~~

is nie, is sekerlik waar, maar tog is dit moontlik. Dit is noodsaaklik as ons wil hê dat ons goeie werke volgens die wil van God moet wees.

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 16 Januarie**

**Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20**
**Fokusgedeelte: Filippense 4:18; Heidelbergse Kategismus 33:91**

### Die eer van God as doel van ons goeie werke

Vanweë die mens se sonde is hy geneig om goeie werke te doen sodat hy self daardeur geëer kan word. Dit is selfs moontlik dat ons ons eie eer kan probeer bevorder onder die dekmantel dat ons die eer van God nastreef. Maar Christus leer ons: "Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (Matt. 5:16). Paulus sê: "Of julle eet en of julle drink, of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God" (1 Kor. 10:31).

Dit was ook die Filippense se doel met die gawes wat hulle deur middel van Epafroditus aan Paulus gestuur het en Paulus het dit ook so begryp. Daarom skryf hy aan hulle: "Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditus ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. *Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig*" (Fil. 4:18).

Veral die laaste aangehaalde woorde van Paulus, waarmee hy die gawe aan hom karakteriseer, is in hierdie verband baie belangrik. Daarmee toon hy dat die uiteindelike doel van die Filippense se gawe aan hom die eer van God was. Daarom was dit 'n goeie werk. Deur hulle gawes wou die Filippense hom in staat stel om aan te hou om, ondanks sy boeie, die evangelie te verkondig. So kon die koninkryk van God uitgebrei en sy eer bevorder word.

Hierdie nadruk op die eer van God in alles wat ons doen, en in die besonder by die doen van goeie werke, is van die uiterste belang. In navolging van Calvyn het juis die reformatoriese kerke die verheerliking van God gesien as die hoofdoel van die lewe van die Christen. Dit gaan immers daarom dat ons in alles daadwerklik tot eer van God moet lewe (1 Kor. 10:31). Vandaar die bekende reformatoriese belydenis: *Soli Deo gloria* – aan God alleen die eer.

Daarom is dit veelseggend dat die eerste antwoord van die *Groot Kategismus van Westminster* soos volg lui: "Die hoogste en vernaamste doel van die mens is om God te verheerlik en Hom tot in ewigheid volmaak te geniet." So gryp ons lewe met goeie werke nou reeds vooruit na die nuwe aarde waarop die woorde van Jesaja (6:3) ten volle vervul sal wees. "Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!" (1953-vertaling).

Dan sal alles en almal die eer en heerlikheid van God so verkondig: "Amen! Die lof en die heerlikheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!" (Op. 7:12).

~~~~~~~~~~

**Woensdag 17 Januarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 5:1-7**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:2; Heidelbergse Kategismus 34:92**

## Die Tien Gebooie as verbondseise

God het die Tien Gebooie met sy eie vinger neergeskryf (Eks. 31:18). Hierdie gebooie is van fundamentele betekenis vir elke volk en elke persoon in die wêreld. Dit is egter van die grootste belang dat die gebooie met die regte gesindheid gehoorsaam moet word. As dit ontbreek, kan dit daartoe lei dat die gebooie geminag word, omdat God se stem nie daarin gehoor word nie, of dat van die gebooie self ’n afgod gemaak word, soos die Fariseërs gedoen het – en dan word God ook nie deur die gehoorsaamheid daaraan gedien nie. Daarom moet die gebooie gesien word soos God dit bedoel, naamlik as sy verbondseise aan die mense.

’n Verbond is ’n *ooreenkoms* of *kontrak* tussen minstens twee persone of partye. In so ’n verbond of ooreenkoms verbind die twee partye hulle deur *beloftes* en *eise* aan mekaar. As mense onder mekaar ’n verbond sluit, het ons met gelyke partye te doen. As God egter met die mens ’n verbond sluit, is dit anders, want God is ver bo die mens verhewe. Daarom bepaal God sowel die beloftes as die eise van die verbond. Hy belowe wat Hy vir die mens sal doen, maar Hy stel ook die eise waaraan die mens moet voldoen, en bepaal die straf as die mens nie aan die eise voldoen nie.

Adam het die verbond verbreek toe hy van die verbode vrugte geëet het (Gen. 3:6). Hoewel dit nou vir die mens onmoontlik geword het om deur sy werke die ewige saligheid te verkry en so te deel in die belofte wat God gegee het, het die eis van volmaakte gehoorsaamheid aan God se gebooie nie verval nie. As die mens die saligheid wil beërwe, moet hy ten volle aan die eis van God voldoen. Maar omdat die mens nie kan nie, het Christus uit liefde vir ons aan die eis voldoen en die straf op ons ongehoorsaamheid aan God se eis gedra sodat ons deur Hom die ewige lewe kan verkry. God eis egter nou van ons om te glo dat ons deur Christus verlos is, om ons tot Hom te bekeer en om uit dankbaarheid vir sy genade volgens sy gebooie te lewe.

Teen hierdie agtergrond moet ons God se aankondiging aan die begin van die Tien Gebooie sien. As God sê: “Ek is die HERE, jou God …” gebruik Hy vir HERE die Naam *Jahweh*. Dit dui Hom aan as die Verbondsgod wat met sy volk ’n verbond gesluit het. Hy het beloof om hulle God te wees. Die belofte het Hy vervul deur Israel se verlossing uit Egipte en op ’n baie grootser wyse deur sy volk se verlossing van sonde deur Christus. God eis egter van ons om ons kant van die verbond na te kom en sy gebooie, in die besonder die Tien Gebooie, te gehoorsaam. So het Hy van die gebooie verbondseise gemaak waaraan ons uit dankbaarheid vir ons verlossing van sondes deur Hom gehoorsaam *moet* wees.

~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~

**Donderdag 18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Rigters 6:1-10**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:2; Heidelbergse Kategismus 34:92**

### "Om dit te doen uit dankbaarheid"

Deur die inleidende woorde van die Tien Gebooie (Eks. 20:2) wil die Here sy volk leer dat hulle sy wet uit dankbaarheid moet onderhou. Dit blyk veral uit die verwysing na die verlossing uit Egipte, die plek van slawerny. In Egipte het Israel baie swaar gekry vanweë die slawediens wat hulle daar moes verrig. Met kastyding is hulle gedryf om te werk. Die farao was 'n harde man wat geen genade geken het nie.

Toe het God hulle van die slawerny verlos. Eers gésel Hy Egipte met verskeie plae wat hulle hoogtepunt in die dood van die eersgeborenes bereik. Daarna lei Hy Israel deur die Rietsee, terwyl Hy die farao en al sy manne daarin verdrink. Nou was Israel nie meer onder die uitwendige heerskappy van die farao nie, maar voluit onder die heerskappy van God. En God openbaar sy heerskappy ook daarin dat Hy sy wette op Sinai aan hulle gee.

Hierdie redding was 'n redding uit genade. Israel het dit nie verdien nie, want ons lees dat daar onder hulle sommiges was wat in Egipte afgode gedien het (Jos. 24:14; Eseg. 20:7, 8). Uit dankbaarheid vir hierdie genadige verlossing moes hulle daarna die wet van die Here met die grootste liefde en ywer onderhou. In hulle gehoorsaamheid aan die wet van die Here moes hulle hul dankbaarheid teenoor Hom openbaar. As Israel nie aan die wette van die Here gehoorsaam was nie, het Hy hulle by herhaling verwyt dat hulle vergeet het wat Hy vir hulle gedoen het toe Hy hulle uit Egipte, die plek van slawerny, bevry het (Rigt. 2:11, 12; 6:8-10; 1 Sam. 10:18). Ons moet verder daarop let dat dit altyd God is wat in sy genade eerste optree en eers daarna die mens. God verlos eers sy volk. Nadat Hy hulle verlos het, stel Hy aan hulle die eis om as sy verloste volk sy gebooie te onderhou.

Nou moet ons in gedagte hou dat Israel se verlossing uit Egipte profeties heengewys het na die verlossing van die geestelike Israel, dit wil sê die ware volk van God – ook ons! – uit alle volke, tale en nasies. Hy het hulle verlos uit die geestelike Egipte van sonde en ongeregtigheid deur Jesus Christus (vgl. Op. 11:8). As Israel God se wet moes gehoorsaam uit dankbaarheid vir die verlossing uit die letterlike Egipte, dan moet ons wat deur Jesus Christus uit die geestelike Egipte van sonde en die ewige dood verlos is, die wet van God eintlik met 'n baie groter dankbaarheid as Israel gehoorsaam, omdat ons deel het aan 'n baie groter en heerliker verlossing. As dit ons gesindheid is, sal dit ook nie vir ons moeilik wees om God se wet te gehoorsaam nie (Ps. 119:70; Rom. 7:22; 1 Joh. 5:3).

~~~~~~~~~~

**Vrydag 19 Januarie**

**Skrifgedeelte: Markus 12:28-34**
**Fokusgedeelte: Markus 12:29-31; Heidelbergse Kategismus 34:93**

### Die indeling van die Tien Gebooie

In Vraag en Antwoord 93 word oor die indeling van die Tien Gebooie gehandel. Die feit dat in Antwoord 93 sprake is van twee tafels, sluit volgens Skrifgegewens aan by die feit
~~~~~~~~~~

dat God die gebooie op twee kliptafels aan Moses gegee het. In Antwoord 93 het die uitdrukking “twee tafels” egter die betekenis van twee dele. Dit is baie duidelik dat daar vir die doeleindes van hierdie indeling by die dubbele liefdesgebod aangesluit word, naamlik liefde tot God bo alles en liefde tot ons naaste soos onsself (Mark. 12:28-34).

By hierdie indeling het ons egter nie met ’n bloot formele saak te doen nie, maar baie duidelik ook met ’n prinsipiële saak, naamlik dat ons verhouding tot God altyd prioriteit moet hê bo ons verhouding tot ons naaste. My liefde moet in die eerste plek op God gerig wees, en eers in die tweede plek op my naaste. Omgekeerd kan ons sê dat ons liefde tot ons naaste slegs tot sy reg sal kom as dit deur ons liefde tot God bepaal word. Daarom is die verskriklike agtergrond van al die haat en moorde en menseslagting tydens oorloë ten diepste die gemis aan werklike liefde en eerbied vir God.

Jesus vertel die gelykenis van die regter “wat geen eerbied vir God en geen agting vir ’n mens gehad het nie” (Luk. 18:2). In hierdie karaktertekening van die regter het ons nie ’n toevallige kombinasie nie, maar ’n aanduiding van die werklikheid. As ’n mens geen eerbied vir God het nie, is dit in die reël ook so dat hy geen agting vir sy medemens het nie.

Natuurlik kan ’n mens aan jou gedrag teenoor jou medemens uiterlike “verstellings” of “verbeterings” aanbring om ’n beter en mooier indruk op jou medemens te maak. Dit sal egter geen blywende waarde hê nie – net so min as wat ’n mens ’n horlosie op tyd kan hou deur die wysers te verstel as die ratwerk stukkend is. Daarom sê Johannes ook dat iemand wat sê dat hy God liefhet, maar sy broer haat, ’n leuenaar is (1 Joh. 4:20). Hy stel dit verder duidelik dat ons God liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Hierdie liefde van God vir ons en van ons vir Hom moet daarin geopenbaar word dat ons as gelowiges mekaar moet liefhê (1 Joh. 4:10-11, 19-20).

Alles kom dus daarop neer dat ons verhouding tot God ook ons verhouding tot ons naaste bepaal. Vanselfsprekend sal dit geopenbaar word in die wyse waarop ons die Tien Gebooie onderhou.

~~~~~~~~~~

**Saterdag 20 Januarie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 44:6-19**
**Fokusgedeelte: Jesaja 44:6; Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Die eerste gebod moet eerste wees

Waarom staan die eerste gebod eerste? Waarom begin die Tien Gebooie met hierdie gebod? Omdat die eerste gebod so ’n sentrale en beheersende posisie in die Tien Gebooie en in die hele godsdienstige lewe van die Christen inneem dat dit inderdaad as die belangrikste gebod beskou kan word. Dit is ook voor die handliggend: As die eerste gebod wegval of verander word, verloor al die ander gebooie hulle waarde. As die Christen toegelaat word om ander gode te dien, het die verbod op die maak van beelde van God, of die onderhouding van die rusdag tot sy eer, of die verbod op die misbruik van sy Naam geen betekenis meer nie.

Omgekeerd kan gesê word dat die mens die ander nege gebooie slegs sal oortree as hy nie voldoende erns met die eerste gebod maak nie. As die mens se verhouding tot God nie reg is nie, as God nie die een en al in sy lewe is nie, sal hy die gebooie van God na willekeur gehoorsaam of nie gehoorsaam nie. Die eerste gebod lê dus die grondslag vir alle godsdiens en sedelikheid. Dit is die diepste en sterkste motief vir die onderhouding
~~~~~~~~~~

van al die ander gebooie van die Here.

Die hele saak van die posisie wat die eerste gebod in die geheel van die Tien Gebooie inneem, word nog duideliker as in gedagte gehou word dat die verhouding tussen God en sy volk in die Bybel vergelyk word met 'n liefdesverhouding of 'n huweliksverhouding waarin God die man en die kerk sy vrou is (Hos. 2; Ef. 5:22-33; Op. 21:9, 10). Omdat dit die geval is, eis God as die hemelse bruidegom sy volk, sy bruid vir Hom alleen op. Hy wil haar vir Hom alleen hê. Hy is 'n jaloerse God en Hy verwag onverdeelde trou van die kant van sy bruid. As sy ander gode dien, is sy ontrou aan Hom en maak haar skuldig aan geestelike owerspel.

Daarom proklameer God in die eerste van die Tien Gebooie oor sy bruidskerk van alle eeue: Geen ander gode voor My of naas My nie. Ek alleen is God. My alleen moet julle dien. Daarom sê Hy ook met soveel nadruk aan sy volk: "Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie" (Jes. 44:16). Hy bevestig dit ook in die Nuwe Testament deur te verklaar: "Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde" (Op. 22:13).

Deur die gebruik van die uitdrukking "ander gode" in die eerste gebod word nie geïnsinueer dat ander gode werklik bestaan nie. Hier word slegs verwys na die feit dat mense in hulle dwaasheid vir hulleself afgode maak en dié sogenaamde gode dan met God gelykstel of bo Hom verhef. Die Bybel leer baie duidelik dat daar net een God is en dit is die Here: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here" (Deut. 6:4). Daarom moet ons Hom bo alles liefhê, dien en eer.

~~~~~~~~~~

**Sondag 21 Januarie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 2:8-13**
**Fokusgedeelte: Jeremia 2:13; Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Die ontstaan van afgodery

Uit ons belydenis is dit duidelik wat afgodery is. Dit is egter belangrik om te weet hoe afgodery ontstaan.

God het die mens so geskep dat hy van Hom afhanklik is, aan God verantwoording verskuldig is en Hom moet dien. Deur die sonde is die mens van God losgemaak. Nou voel hy nog dat hy afhanklik is, maar hy weet nie van wie nie; hy voel dat hy verantwoording verskuldig is en diensbaar is aan iets of iemand, maar hy weet nie aan wie of wat nie. Daar is dus 'n innerlike leegheid in hom wat soek na iets of iemand waarmee hy dit kan vul.

Hierdie innerlike leegheid word dikwels 'n obsessie by hom wat hom voortdryf op soek na vulling. Hierdie vulling kry die verdwaalde mens dan as hy vir homself nuwe gode maak na sy eie smaak deur die vergoddeliking van mense of geld of iets dergeliks. Al laasgenoemde dinge het God oorspronklik aan die mens gegee sodat dit hom kan dien en die lewe vir hom aangenaam kan maak. Maar omdat die mens dit van God losgemaak het en tot gode verhef het, dien dit hom nie meer nie en het dikwels genadelose heersers geword wat die mens onrustig voortdryf sodat hy nooit rus vir sy siel kan kry, byvoorbeeld die persoon vir wie geld 'n god is.

Wat die saak nog soveel erger maak, is dat die gode wat die mense in hulle dwaasheid vir hulleself maak, bespotlike nietighede is as hulle met die enige, ware en almagtige God
~~~~~~~~~~

vergelyk word. Die Here toon die verskil duidelik aan as Hy in Jeremia 2:13 Homself vergelyk met 'n permanente bron (fontein) van lewende, vars water – maar daarteenoor noem Hy die afgode mensgemaakte, vuil en gebarste waterbakke wat geen water hou nie. Sulke bakke was in Palestina te vinde en dikwels was die water wat daarin was, boonop vuil, onsmaaklik en vol wurms wat dit vir menslike gebruik totaal ongeskik gemaak het. So lyk die afgode wat Israel vir hulleself gemaak het as dit met God se sorg en genade vergelyk word.

Eintlik is die verskil tussen God en die mensgemaakte gode so groot dat dit vir die mens onbegryplik is. In die beeld in Jeremia 2:13 toon God egter die dwaasheid van die mense wat Hom verwerp en in sy plek nikswerd afgode dien (Ps. 96:5; 97:7; Hab. 2:18). Met die diepste veragting word die afgode as "drekgode" bestempel (Lev. 26:30; Deut. 29:17; Jer. 50:2).

~~~~~~~~~~

**Maandag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Josua 24:1-4, 11-18**
**Fokusgedeelte: Josua 24:2; Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Die voorkoms van afgodery

Uit Josua 24:2 is dit duidelik dat die mense se kennis van God en sy wil só verdof en verswak het dat hulle reeds vroeg begin het om afgode te dien. Tera, die vader van Abraham, het dit ook gedoen. In Josua 24:14 word gesê dat Israel ook in Egipte die gode van daardie land gedien het. Vandaar dan ook die streng verbod van die Here op alle afgodery in die eerste gebod (Eks. 20:3).

In werklikheid het alle afgodery begin by die sondeval toe die mens hoër waarde geheg het aan die misleidende woorde van Satan as aan die bevel van God (Gen. 2:16, 17; 3:6). Toe het Satan hom verhef tot "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 12:31; 14:30; 16:11). Hy het probeer om van die mense vyande van God te maak. Hy het dit egter nie gedoen as wettige koning nie, maar as 'n onwettige en revolusionêre hoof. So wou hy God van sy eer beroof. In die proses het hy probeer om van alle mense afgodsdienaars te maak, met homself as hoof van die afgode.

By die ou heidendom is daar growwe afgodery gevind. In plaas van God is mensgemaakte gode soos Baäl, Astarte, Dagon, Bel, Nebo ensovoorts, gedien. Later is die afgodery ook met die Boeddhisme, Hindoeïsme ensovoorts, voortgesit. Dit was 'n openlike breuk met die ware God. By die moderne heidendom word dikwels minder openlike maar meer verfynde vorms van afgodery aangetref. In hoofsaak kom dit neer op mensaanbidding (sporthelde, filmsterre, politieke leiers, ens.) en ook stofaanbidding (geld, genot [2 Tim. 3:4], ens.). Tans is Satanisme seker een van die ergste vorms van afgodery, omdat daarin nie slegs 'n menslike persoon of saak vereer word nie, maar die grootste teenstander van God en sy volk. Hierdie afgodery sal uiteindelik uitloop op die verering van die Antichris as god kort voor die wederkoms van Christus (2 Tess. 2:1-12).

In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat al die verskillende afgode niks anders is nie as die verskillende gestaltes wat Satan aanneem om sy aanvalle op die gelowiges te loods. Uit 'n bepaalde hoek gesien, gee die Bybel die verhaal van die stryd van Satan teen die volk van God. Christus het Satan egter oorwin en Hy bied ewige redding van die afgode vir almal wat by Hom skuil. Met sy oorwinning aan die kruis het Christus
~~~~~~~~~~

die weg gebaan vir Satan en al sy afgodiese magte om as die owerste van hierdie wêreld "uitgegooi te word buitentoe" om vir ewig God se oordeel te ontvang (Joh. 12:31; Op. 20:10).

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 23 Januarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:19-24**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:24; Heidelbergse Kategismus 34:95**

## Die diens aan ander gode naas God

Afgodery vind nie net plaas as 'n mens 'n ander god dien nie, maar ook as jy naas God aan iets of iemand anders goddelike eer gee. Nou is dit met die meeste Christene so dat hulle God nie heeltemal verwerp en ander gode dien nie. Die swakste Christen het gewoonlik nog iets oor vir die diens van God, en in tye van nood bring dit hom daartoe om te bid: *Here, help!* Die probleem is egter dat mense soms naas God iets of iemand het aan wie hulle hul toewy of waarop hulle vertrou. So 'n persoon of saak kan dan vir die mens maklik 'n god word wat hy naas God vereer. Die volgende is enkele afgode wat naas God vereer word:

- Daar is die hunkering en bewuste *gesoek na eie eer* soos Nebukadnesar (Dan. 4:29, 30) in plaas daarvan dat die mens die eer van God bo alles moet soek (1 Kor. 10:31).
- Daar is die *ja na plesier en genot* (hedonisme) wat uiteindelik lei tot roes en bedwelming in diens van Satan (2 Tim. 3:4).
- Geld en *materialisme* (die Mammon waarvan Christus praat) is 'n afgod wat van mense koue, harde, liefdelose kreature – wolwe! – maak wat alles (ook liefde, die huwelik, die kerk, ens.) beoordeel in terme van rand en sent (vgl. Luk. 12:13-21; 16:19-31; 1 Tim. 6:9-10).
- Dan is daar nog die afgod van die *Eie Ek* – seker die gevaarlikste van alle afgode (2 Sam. 24:1-10; 2 Pet. 2:10-22; Jud.:16).

Dat die verering van mense of gode naas God in stryd is met sy wil, en in die besonder met die eerste gebod, is uit Christus se woorde in Matteus 6:24 baie duidelik. Christus sê onomwonde dat geen mens twee base tegelyk kan dien nie. Volle oorgegewe gehoorsaamheid aan die een sluit die ander uit.

In hierdie verband verwys Christus uitdruklik na Mammon. Mammon is die verpersoonliking van aardse vermoë, geld en goedere. Wie Mammon dien en hulp en bystand van hom verwag, skuif God opsy en gee aan Mammon 'n plek minstens naas God. Hierdie saak is uiters ernstig, omdat die liefde tot God hier ter sprake is. Die woord *liefde* wat hier gebruik word, dui op die onvoorwaardelike bereidheid tot diens. Dit is 'n liefde tot God met die hele hart, siel, verstand en al ons krag (Luk. 20:27). So 'n liefde tot twee gode in gelyke mate is vir die mens totaal onmoontlik.

As 'n mens dus enige ander god met so 'n liefde dien, moet dit noodwendig lei tot 'n verloëning van God en dus afgodery. God het in Christus aan ons getoon watter liefde Hy vir ons het (Joh. 3:16). Daarom moet ons in antwoord daarop uit dankbaarheid Hom met 'n totale bereidwilligheid dien en niks van enige afgode naas Hom verwag nie.

~~~~~~~~~~

**Woensdag 24 Januarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 13:1-5**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 13:1-3; Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Towery en waarsêery

In die Bybel word daar op verskeie plekke van towery en towenaars gepraat, byvoorbeeld die towenaars in Egipte (Eks. 7:10-12; 8:7, 18-19), Simon die towenaar (Hand. 8:1-25), Elimas die towenaar (Hand. 13:6-12), ensovoorts. Net soos towery, is waarsêery ook 'n baie ou praktyk. Dit het veral onder die heidenvolke voorgekom en het as valse profete in Israel ingedring. Een van die voorbeelde daarvan in die Bybel is die optrede van die dodebesweerster teenoor Saul (1 Sam. 28). Dit is uit die Skrif duidelik dat towery en waarsêery vir die gelowige verbode is (Lev. 19:31; 20:6; Deut. 13:1-3; 18:10-12; 2 Kron. 33:6; Jes. 8:9-20). Veral in Deuteronomium 13:1-3 word towery en waarsêery baie streng verbied.

Wat 'n mens in hierdie gedeelte opval, is dat hier openlik erken word dat sulke towerwonders inderdaad plaasvind en dat hulle voorspellings ook werklik bewaarheid word. Towery en waarsêery vind dus werklik plaas (vgl. ook Matt. 24:24). Aan die ander kant bestempel die Skrif hierdie praktyk uitdruklik as iets uit die duiwel, as iets van "ander gode". Dit is die duiwel wat aan die towenaars en waarsêers die mag en die vermoë gee om towerkunste te verrig en dinge vooruit aan te kondig wat werklik gebeur.

Natuurlik geskied dit onder die toelating van God en baie duidelik word ook gesê waarom God sulke dinge toelaat. Die Here laat dit toe om die gelowiges op die proef te stel: om te sien of hulle so vas in Hom glo en Hom met hart en siel so liefhet dat hulle, ondanks die "wonders" van die towenaars en die "ware voorspellings", al hierdie dinge tog as eie werke van die duiwel sal verwerp en onvoorwaardelik aan Hom gehoorsaam sal wees.

Die Here verbied die gelowiges uitdruklik om met towery, waarsêery en goëlery iets te doen te hê, want volgens Deuteronomium 18:9-14 beveel Hy: "Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen … Hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen." Die strewe om oor buitengewone vermoëns soos towery en waarsêery te kan beskik, openbaar die begeerte by die mens om, in stryd met die wil van God, oor kennis en vermoëns te beskik waardeur God se almag en alwetendheid nageboots kan word. Daarom is dit niks anders nie as opstand teen God.

~~~~~~~~~~

**Donderdag 25 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:6-14**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:21; Heidelbergse Kategismus 34:94**

## "Bly weg van die afgode af"

Die sondeval kan as die begin van alle afgodery gesien word. Van daardie oomblik af het Satan ook in die gewaad van afgode die mens van God af probeer wegtrek. Hy het
~~~~~~~~~~

hom veral op die verleiding van die gelowiges toegespits. So wou hy die koninkryk van God vernietig en homself as die heerser oor alles daarstel.

Omdat dit iets is wat God ter wille van die eer van sy Naam nie sou toelaat nie, is dit vanselfsprekend dat die pogings van Satan sou uitloop op onontwykbare konfrontasies tussen die ryk van die lig (God) en die ryk van die duisternis (Satan). Om in hierdie konfrontasies as kind van God staande te bly, was en is daar in hoofsaak net twee moontlikhede. Die eerste is om met alle mag teen Satan en sy aanhangers te stry met die hulp en bystand van die Here. Die tweede is om so ver as moontlik van Satan en sy afgodiese aanhangers af weg te vlug (Op. 12:13-17).

In die Skrif is daar verskeie voorbeelde van situasies waar konfrontasie tussen God en Satan op ’n heftige stryd uitgeloop het. Een van die duidelikste voorbeelde is die botsing tussen Elia en die profete van Baäl (1 Kon. 18). Met die besondere hulp en bystand van die Here het Elia ’n klinkende oorwinning oor die aanhangers van die afgod Baäl behaal. Tog was die resultaat van die oorwinning oor Baäl dat Elia moes vlug vir sy lewe, aangesien Isebel hom sou doodmaak (1 Kor. 19). Juis die vyandige houding teenoor Elia toon dat openlike stryd teen afgodery nie sonder gevaar is nie, want Satan sal alles in sy vermoë doen om sy mag oor mense te kan behou.

In die lig hiervan is dit opvallend dat, hoewel die openlike stryd teen afgodery in die Nuwe Testament nie ontbreek nie (vgl. Hand. 14, 16), nadruk daarop gelê word dat die gelowiges eerder vir die afgodery moet vlug. So skryf Paulus aan die Korintiërs: “Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens” (1 Kor. 10:14, 1053-vertaling). Hulle moet toesien dat hulle op geen wyse daarby betrek word nie (1 Kor. 10:7). En Johannes sluit sy eerste brief op ’n aangrypende wyse af deur aan sy lesers te sê: “Liewe kinders, bly weg van die afgode af” (1 Joh. 5:21).

Hieruit is dit duidelik dat, in die besef van die gevaar wat afgodery vir die mens en spesifiek vir die gelowige kan hê, hulle gedetermineerd daarvan moet wegbly sodat hulle op geen wyse daardeur beïnvloed kan word nie. Dit is wat Christus ook van die kerk in Tiatira geëis het (Op. 2:24). Hierdie opdrag aan die gelowiges om afgode te vermy, hou nie net in dat hulle afgodiese byeenkomste nie mag bywoon nie (1 Kor. 10:7), maar ook dat hulle, sover dit moontlik is, alle kontak met persone wat afgodedienaars is, moet vermy (2 Joh.:10).

~~~~~~~~~~

**Vrydag 26 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 16**
**Fokusgedeelte: Psalm 16:5; Heidelbergse Kategismus 34:94**

### “Here, U is my lewe”

Uit die hele Skrif is dit duidelik dat die eerste gebod ook ’n positiewe kant het. Daarom verbaas dit ’n mens ook nie dat meer as twee derdes van Antwoord 94 daaraan gewy word nie. Dit spreek vanself: As ons God bo alles moet liefhê, moet ons Hom ook positief en met oorgawe dien. Dan moet ons ook daartoe kom om van harte saam met Dawid te sê: “Here, U is my lewe, U sorg vir my” (vgl. Fil. 1:21; Gal. 2:20).

In die positiewe deel van die antwoord word in werklikheid gesê dat God die absoluut sentrale plek in ons lewens moet inneem. In alles moet ons vra: *“Here, wat wil U hê moet ek doen?”* (Hand. 22:10). God moet die middelpunt wees waarom my hele lewe met al sy
~~~~~~~~~~

doen en late beweeg. Hy het in sy groot genade en liefde ons verlos in en deur Jesus Christus. Hy het dit wat Christus vir ons verwerf het deur die Heilige Gees tot ons eiendom gemaak sodat ons die ewige saligheid kan ontvang. Daarom is die positiewe diens aan God vir die gelowige enersyds ’n spontane reaksie op God se goedheid en liefde teenoor ons, maar andersyds is dit ook ’n gewigtige eis – ’n bevel! – aan ons waaraan ons moet voldoen. Daarom –

- *om God te ken* soos Hy Hom in sy Woord aan ons openbaar het, moet vir ons meer werd wees as al die kennis en die wetenskap van die wêreld;
- *om op God alleen te kan vertrou* onder alle omstandighede, selfs in die donkerste oomblikke van ons lewe, moet Hy vir ons die bron van krag in ons lewens wees;
- *om ons aan Hom alleen te onderwerp* in elke beslissing van ons lewe, moet vir ons ’n lus en ’n vreugde wees;
- *om van Hom alleen al ons hulp en redding te verwag*, moet vir ons die grondwet van ons hele bestaan wees;
- *om God lief te hê* met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte, moet die kompas van ons lewens wees;
- *om oral en altyd God se wil te kan doen*, moet ons vervul met ’n groter vreugde as wat enige aardse skatte ons kan gee.

As ons deur die geloof gesien het wat God in Christus en deur die werking van die Heilige Gees vir ons gedoen het en nog doen, sal ons nie anders kan nie as om voortdurend daarna te streef om Hom met ons hele hart lief te hê, Hom te vrees en te eer en in alles volgens sy wil te handel. Ons sal dan verstaan wat Dawid bedoel het toe hy gesê het: “Here, U is my lewe, U sorg vir my.”

~~~~~~~~~~

**Saterdag 27 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 23 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:4**

## U is met my

Jesus Christus praat dikwels oor skape as beeld vir die gelowiges. Wanneer hy in Johannes 10 sê: *“Ek is die Goeie Herder”*, dan roep dit die bekende Psalm 23 in herinnering: *“Die HERE is my Herder …”* waarin Dawid ook sê: *“Ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my …”* (:4). Met sy uitspraak in Johannes 10 bevestig Jesus ook self dat Hy die vervulling van dié profetiese Psalm is.

Hierdie troosryke uitroep van Psalm 23:4 – “U is met my” – is dié groot belofte van die Here aan sy volk, sy verbondsbelofte aan sy kinders. Dit is sy groot verbondsbelofte aan jou, aan elkeen wat miskien opsien teen die dag, nie kans sien vir wat voorlê nie, bekommerd is, hartseer, eensaam – die belofte wat waar geword het met die koms van Jesus Christus, Hý wat verlos, Hý wat volgens Jesaja 7 en Matteus 1 *Immanuel* is, dit wil sê “God met ons” (Matt. 1:23; vgl. Jes. 7:14; 8:8).

En as ons sien hoe Psalm 23 van Christus sing, Hý wat gekom het om juis *“God met ons”* te wees, dan verstaan ons Christus wanneer Hy sê: *“Ek is die goeie Herder … my skape luister na my stem”* (Joh. 10). By die goeie Herder, by niemand anders nie, kry ons troos. Hy is die enigste een wat kan troos, wat versterk, versorg, lei, beskerm.

Hý is die goeie Herder, want Hy het die laaste, finale daad verrig wat ’n goeie
~~~~~~~~~~

skaapherder maar kan doen. Hy het sy lewe vir sy skape gegee. Dít kan ons glo, dit móét ons glo. Want dit is ons enigste troos, dat ons in vandag se gejaagde lewe aan ons getroue Saligmaker Jesus Christus behoort … in lewe en in sterwe …

*Sing: Psalm 23-1:1-3*

*Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 28 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 31 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 31:3, 4**

## Die Here is jou rots en bergvesting

In Psalm 31 is die smeking van Dawid in sy nood baie groot, só egter ook sy dank vir verlossing en vir die skuiling wat hy by die Here vind, soos by 'n rots en bergvesting (:3, 4).

Die Here se Woord kom nie met ingewikkelde redenasies of goedkoop advertensies of slagspreuke nie. In menslike, eenvoudige taal druk Dawid sy hulpkreet uit: Die HERE is vir my soos 'n rots; die HERE draai sy "oor" na my. Enigeen van ons kan begryp wat dit beteken wanneer die HERE sy oor na my toe draai: Hy luister na my nood; Hy bemoei Hom met elkeen van sy kinders.

Ons vind egter in Psalm 31:6 iets verder, naamlik hoe Dawid as profeet vooruitgryp na die laaste woorde van ons Verlosser, Jesus Christus, voor Hy die kruisdood gesterf het: *"Vader, in u hande gee ek my gees oor!"* (Luk. 23:46). Dit is woorde van vertroue, maar ook van vervulling. In volle vertroue gee Jesus Christus Homself aan sy Vader oor. Só word ook die profesie van die Ou Testament vervul: dat Hy as Onskuldige vir ons, die skuldiges, gesterf het. Dieselfde gebed van Psalm 31 het ook uit die mond van die eerste Christenmartelaar, Stefanus, gekom (Hand. 7:59).

Met Psalm 31 sien ons die troosvolle waarheid van die evangelie: Terwyl jy as gelowige nog in nood verkeer, en bid om redding, kan jy alreeds die Here dank en eer vir sy verlossende hand.

*Sing: Psalm 31-1:1, 4, 17*

*Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 121 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 121**

## Die Here bly by ons

Berge, of selfs koppies, roep onwillekeurig die gedagte aan Psalm 121 op*: "Ek slaan my oë op na die berge … My hulp is van die HERE."*

Met dik pennestrepe beklemtoon die Psalmdigter telkens nadruklik, keer op keer, in hierdie Psalm hoe die HERE ons beskerm. Hy is die Skepper van hemel en aarde; Hy is almagtig. Hy is die enigste ware God. As Skepper kán die HERE jou help; as Verbondsgod, as getroue Vader in Christus, wíl Hy help.

In teenstelling met ons as mense sluimer of slaap ons Bewaarder, die HERE, nie – Hy is altyd waaksaam. Sy liefde en hulp is só omvangryk, só omvattend dat Hy sy enigste Seun sou stuur juis omdat alle hulp van Hom af kom.

Hy bly by ons. Hy is altyd by ons, bedags of snags, ook wanneer ons nie daarvan bewus is nie. Hy is altyd met ons, daarom heet Jesus Christus ook *Immanuel*, "God met ons". En daarom het Christus sy Gees, sy Trooster, aan sy kerk gegee, aan elke gelowige, om te troos … In Christus het die troos van Psalm 121 ook ons troos geword.

Sien jy dit raak? Besef jy dit? Psalm 121 trek die lyn daar van die eensame reisiger tot by Christus, en nog verder, tot by ons ewige bestemming. Ons lees in Openbaring 7:16 en 17 hoe spesifiek hierdie belofte van Psalm 121 in vervulling gaan: Die Lam, Christus, sal die kinders van God lei na die *"lewende waterfonteine"*; hulle sal *"nie meer honger en nie meer dors hê nie"*. Só is dit reeds hier in Psalm 121 beloof en in Christus vervul. Van nou af … tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 121-1:1-4*

*Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 30 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 107 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 107:43**

## God is altyd in beheer

Die Here troos sy kinders dat selfs die bitterste hartseer, swaarkry, ons nie toevallig nie, maar uit sy vaderhand toekom. Dít is ook waar ons ons troos moet soek – nie in menslike dinge nie, maar by ons Vader wat telkens sy kinders red (Ps. 107:6, 13, 19, 28).

Hy het immers sy eie Seun gestuur om ons uit ons diepste ellende, ons sondes, te red. In Psalm 107:20 is 'n voorafskaduwing daarvan: *"Hy het sy Woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle ... red."* In Christus, die ewige Woord (Joh. 1), het Hy opnuut ons Vader geword. Vir ons Vader verdwyn niemand ooit in die massa nie. Vir elkeen van sy kinders is God 'n Vader. Al die wrede aanvalle, die verskriklike misdade wat daar is – Psalm 107 leer ons dat niks buite sy beskikking om kan gebeur nie. God die Vader, wat
~~~~~~~~~~

goed is, wat liefde is, is altyd in beheer.

Juis dít is die antwoord op die vrae oor die lyding van slagoffers: God is ons Vader in Jesus Christus. Sý antwoord op swaarkry sien ons aan die kruis. Psalm 107 lei ons om ons oog op die Here hou; om ons lewe op Hom te rig: vers 43 noem die wysheid, dat die kind van God moet let op alles wat gebeur, op die goederterenhede – alles uit die hand van ons Vader.

God red in Christus en verhoor die gebede van sy kinders, ten spyte van ons swakhede, al is ons wederstrewig, kleingelowig. Sy Vaderhart staan oop. Saam met Psalm 118 en Hebreërs 13 kan ons uitsing: *"Die Here is vir my 'n Helper, ek sal nie vrees nie: wat sal 'n mens aan my doen?"* Niks kan ons van sy liefde skei nie. *"As God vír ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?"* (Rom 8:31 ev.).

*Sing: Psalm 107-1:1, 2, 9, 15*

*Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 31 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 139 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 139:24**

### God lei ons op die ewige weg

Psalm 139 handel oor die HERE wat sy kinders, elkeen persoonlik, *ken*. Vanaf vers 1 tot aan die einde van die Psalm loop dit soos 'n goue draad deur die Psalm.

Die HERE ken sy kinders, die HERE ken jou, die HERE ken my, elkeen van ons, tot in die fynste besonderhede. Die wete daarvan om geken te word – om tot in jou binneste geken te word; ja, om selfs van voor jou geboorte af reeds geken te word – dié wete kan groot benoudheid by ons skep.

Maar, en dít is die genade van die evangelie, juis omdat God ons *ken,* omdat God ons "weg van smart", dit wil sê ons ellende, ons sonde, *ken* (:24), kan ons saam met die Psalmdigter bid dat Hy ons op die *"ewige weg sal lei"* (:24).

Jesus Christus het hierdie gebed aan die einde van Psalm 139 vervul, dat God ons *"op die ewige weg moet lei"*. Hy het dit vervul deur Homself as *"die Weg en die Waarheid en die Lewe"* (Joh. 14:6) bekend te maak. Hy, Koning Jesus Christus, dié Weg, het ons immers uitgenooi met die woorde:

*"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig"* (Matt. 11:28-30.)

*Sing: Psalm 139-1:1, 2, 6, 12*

*Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*
~~~~~~~~~~




## HOSEA

*Die Here gee sy kinders nooit prys nie!*

*Hosea het ongeveer in die middel van die agtste eeu geprofeteer. Hy kon waarskynlik 'n tydgenoot van Amos gewees het of kort na hom met sy bediening begin het. Hy het in die laaste dae van die noordelike koninkryk van Israel geleef en sy profesieë is hoofsaaklik gerig tot daardie koninkryk. Hy is die enigste profeet van die noordelike koninkryk wie se profesieë te boek gestel is in 'n eie boek wat die profeet se naam dra. Dis merkwaardig dat die datering van Hosea verwys na die konings van Juda. Dit kan 'n aanduiding wees dat die opskrifstelling waarskynlik plaasge-vind het na die val van die hoofstad, Samaria, in 722-721 vC.*

*Die boek val hoofsaaklik in twee dele uiteen. Eerstens is dit hoofstuk 1-3 waarin die gesins-lewe van Hosea gebruik word as 'n instrument vir verkondiging. In die gedeelte word Israel se aanbidding van die afgode uitgebeeld as growwe owerspel. In hoofstuk 4-14 word meer besonderhede gegee oor die Israel se afgodery en die gevolge daarvan.*

*Hosea se boodskap sentreer rondom die volk se afgodery wat 'n verbreking van die verbond is. Die Here se oordeel oor Israel wat Hom verlaat het en vir die afgode gekies het, word on-dubbelsinnig afgekondig. Tog kry ons van die mees aangrypende verklarings van die Here se verbondsliefde vir sy volk wat so afgedwaal het. Dat Hy sy volk weer sal gaan haal (Hos. 2) en dat Hy sy volk nie kan vernietig nie (Hos. 11). Die verbondsliefde van God is so groot dat Hy sy volk nie sal oorgee nie, maar haar sal uitred. Die Here gee sy verbondsvolk nooit prys nie.*

**Donderdag 1 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 1:1-12**
**Fokusgedeelte: Hosea 1:2, 4, 6b, 9; 11:8**

**God gee ons nooit prys nie. Hy vermaan, maar verwerp nie**

Sal jy jou kinders name gee wat jou – en almal wat hulle name hoor – voortdurend herinner aan die Here se oordeel oor jou ontrou aan Hom?

Alles begin met ’n opdrag van die Here aan Hosea. ’n Moeilike opdrag: *“… trou met ’n prostituut wat buite-egtelike kinders het …”* Daar is ’n besondere rede vir dié opdrag: *“… want die land is besig om te hoereer, om heeltemal ontrou aan die Here te word.”* Sy huwelik met die ontroue vrou is ’n voorbeeld van God se verhouding met die ontroue volk van Israel.

Die name van die kinders is baie belangrik. Toe Gomer die eerste seun vir Hosea in die wêreld bring, was dit die opdrag van die Here om hom Jisreël te noem. Jisreël moes hulle elke dag herinner aan die trou van God in groot veldslae (Rigt. 6:33; 1 Sam. 29:11), maar ook aan die ontrou ván en die oordeel óór die geslag van Agab/Isebel (1 Kon. 21:22 ev.).

Met die geboorte van die dogter is die Here se opdrag aan Hosea om haar “Sonder-ontferming” (*Lo-Rugama*) te noem. Hierin moes die volk hoor oor hoe die Here oor hulle dink in hulle ontrou.

Met die geboorte van die derde kind is die Here se opdrag om dié seun “Nie-my-volk-nie” (*Lo-Ammi*) te noem. God se oordele neem toe. By Jisreël was daar oordeel, maar nog liefde; by Sonder-ontferming word die liefde ingeperk, en by Nie-my-volk-nie word die verbondsverhouding verbreek.

Hard om die kinders so te noem, maar steeds sy kinders. Is dit die einde van God se ontferming met Israel – met ons? Nee, hoor wat sê Hy in Hosea 11:8: *“Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? … Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.”*

God praat hard met ons, maar Hy verwerp ons nooit! In Christus kom Hy om gebroke verhoudings te herstel en ons deur sy Heilige Gees nuut te maak.

*Sing: Psalm 50-1:1*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 2 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 1:1-12**
**Fokusgedeelte: Hosea 1:10-12; 14:9d**

**God gee ons nooit prys nie; sy liefde brand te sterk**

Om kinders se name te verander, is geen maklike taak nie. Skielik moet hulle gewoond raak aan nuwe name. In verse 1-9 lees ons hoe die Here opdragte gee. Ingrypende opdragte. Trou met ’n prostituut. Noem jou seun Jisreël. Noem die dogter Sonder-ontferming. Noem die seun Nie-my-volk-nie. Alles sodat die volk kan hoor dat hulle ontrou is; dat God hulle in hulle ontrou oordeel, maar nog liefhet; dat Hy sy liefde vir hulle inperk; dat sy
~~~~~~~~~~

verbondsverhouding met hulle breek. Ingrypend en erg.

In vers 10-12 (wat in die Hebreeuse Bybel verse 1-3 van hoofstuk 2 is) kom die Here met 'n diepe troos om te sê dat Hy nie verwerp nie – sy liefde brand te sterk. Vers 10 begin met "tog" (1953-vertaling "nogtans") om te sê dat God ten spyte van alles ook die name in sy groot liefde verander. Nie-my-volk-nie word nie net verander na my-volk nie, maar inderdaad na kinders-van-die-Lewende-God, wat in 'n herstelde verbondsverhouding met Hom staan.

Jisreël se val sal groot wees en die menslike voortvarendheid waarin Israel in homself groot wil wees, sal omgedraai word sodat die ware eenheid weer herstel word. Herstelde eenheid wat in en deur die geloof in Christus en die werk van die Heilige Gees 'n lewende werklikheid word. 'n Lewende werklikheid waarin die ontferming van God vir elkeen toegesê word in 'n nuwe naam: "Dié vir wie daar ontferming is."

Moeilik om name te verander? Nie vir God nie! In Christus maak Hy ons deur sy Heilige Gees nuut! Sy belofte staan vas. *"Alles wat jy het, sal van My af kom"* (Hos. 14:9d).

*Sing: Psalm 50-1:3*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 3 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 2:1-6**
**Fokusgedeelte: Hosea 2:1**

## Die feilbare kerk

In die Ou Testament word die verhouding tussen God en sy kerk dikwels as 'n huwelik uitgebeeld: God die eggenoot, die kerk die eggenote. Lidmate is die kinders. Hierdie verhouding word ook die *verbond* genoem, omdat God Hom met 'n band aan die volk gebind het. Hierdie verhouding was monogaam – een Man, een vrou. Die struktuur van die kerk het so gelyk: die priesters was die kerkleiers en die volk die lidmate. Die priesters moes preek: "So sê die HERE Here …" – die volk moes luister en doen. Die profeet (in hierdie geval Hosea) het buite hierdie struktuur gestaan en namens God gepraat.

God is volmaak. Nie een van die voorwaardes in die huwelikskontrak (Tien Gebooie) benadeel die kerk nie – maar sy wil meer hê! Die kerkvolk het hulle godsdiens eiewillig beoefen. Eredienste en kerklewe moes aanvaarbaar wees – daarom is die "lekker" van heidense godsdienste deel van die kerklewe gemaak (vs 4). Effektief is God uitgeskuif.

Vir die Eggenoot is dit onaanvaarbaar. As Volmaakte gee Hy haar 'n skeibrief (Jer. 31:32), ontbloot haar feilbaarheid met die doel dat sy haar eie sonde moet besef en na haar Eggenoot terugkeer. God is bereid om te vergewe asof die sonde nie gedoen is nie. Jesus was God se grootste Profeet (Matt. 21:27) – wat sy liefde sigbaar aan die kruis getoon het.

Vandag is die kerk steeds feilbaar. Uiteindelik is die lidmate die lydendes as die kerkleiers faal. Twis uit die Woord van die Here wanneer ons as kerk dwaal. Keer terug! Die Eggenoot is daar!

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 4 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 2:7-12**
**Fokusgedeelte: Hosea 2:7**

**Die blinde kerk**

Dit is so maklik om die vanselfsprekende mis te kyk. Wat is noodsaaklik en wat is oulik?

Die Eggenoot spreek die eggenote aan: Die noodsaaklike sien jy nie raak nie (vs 7). Jy gebruik dit – maar verkeerd.

Nou gaan God dit wegvat. Sy moet daarsonder klaarkom. Sy was so besig met die "lekker" van ander godsdienste (vs 4) dat sy die noodsaaklike nie waardeer het nie.

Dit is amper ondenkbaar dat God sy genade kan terughou. Dit is egter wat Hy hier doen. Hy maak sy eggenote sonder glimlag, sonder vreugde. Hy maak haar honger en naak.

Waarom? Sy wil nie luister nie! Sy is so besig met eie plesiere dat sy haar eie Eggenoot vergeet. Uit die oog, uit die hart! Dis nie God se skuld nie! Sy het gekies en moet nou die gevolge dra. Sy, en veral die kinders, ly.

Die profeet sê wat die Here sê. So het elkeen van ons – kind, lidmaat – die stem van die Eggenoot. Ons kan hoor, maar luister ons? Is ons Vader nie besig om al ons voorregte weg te neem nie? Waardeer ons die vanselfsprekende?

Ek moet besef: Ek moet luister en praat as ons kerk swaarkry omdat ons ons rug op die Here draai. Dit gebeur nie noodwendig dat ons doelbewus ongehoorsaam wil wees nie. Ons kan egter so besig wees met die blink en die mooi en die oulik dat ons Eggenoot op Wie ons moet fokus, vergeet.

Sy terughou van voorregte is 'n liefdesdaad! Ons kan nie die volmaakte vir die blink verruil nie!

*Sing: Psalm 38-1:17*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 5 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 2:13-16**
**Fokusgedeelte: Hosea 2:13**

**Die gehoorsame kerk**

Bekering vind in fases plaas:

- Eerstens moet die sonde geïdentifiseer word. Hier is die eggenote se noodsaaklike lewensmiddele weggeneem om haar tot die besef van haar sonde te bring.
- Tweedens moet die sonde bely word. Sy moet uitspreek dat God haar Eggenoot is en nie Baäl nie.
- Derdens moet die verkeerde met die regte vervang word. Hier lees ons dat sy teruggaan na die tyd toe sy uit Egipte verlos is, met ander woorde toe die verbond met haar gesluit is en sy dit aanvaar het.
- Vierdens moet die regte leefwyse nou nagevolg word. Hier moet sy die wingerde laat
~~~~~~~~~~

vrugte dra tot eer van haar Eggenoot en tot voordeel van haar kinders.

- Vyfdens seën God die bekeerde. Hy gee die wingerde – alles wat sy nodig het, en Hy aanvaar haar weer as sy eggenote.

Die Here het nie ’n klomp voorwaardes aan die Israeliete gestel waaraan hulle mos voldoen voor Hy hulle sou verlos nie. Trouens, hulle het baie gekla en was baie ontevrede.

Toe God hulle egter verlos het, het Hy hulle die regte leefwyse in sy huwelikskontrak geleer (Tien Gebooie). Nou MOET hulle reg lewe.

So is God se genade ’n werklikheid vir elke ongehoorsame wat luister as Hy terugroep. ’n Kerk wat luister en die regte dinge doen, hoef nooit vir God bang te wees nie – Hy seën sy gehoorsame kinders.

*Sing: Psalm 66-1:6, 7*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 6 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 2:17-22**
**Fokusgedeelte: Hosea 2:13**

**Die begenadigde kerk**

Ons dink gewoonlik te menslik aan God. Hoe dikwels sê ons dat ons iemand sal vergewe, maar die onreg nooit sal vergeet nie. God tree egter nie so op nie.

In Antwoord 56 van die Kategismus is dit duidelik dat as God vergewe Hy nie aan die sonde wil dink nie. Antwoord 60 – vergifnis asof ek nooit sonde gedoen het ie.

Hoe pragtig lees ons dit nie in hierdie verse nie! Hy neem die verkeerde denke by sy Bruid weg. Van nuuts af is hier sprake van verlowing (1953-vertaling) – asof daar nooit enige ontrou was nie, asof die Bruid vlekkeloos is.

Die Here herstel die natuur om vir sy bruid te sorg. Die naamsveranderinge wat ons in die eerste hoofstuk gesien het, word ook omgekeer: “My volk!” “My God.”

Hosea 2 leer ons dat die Here nooit die sonde goedpraat of wegkyk as sonde gedoen word nie. Hy waarsku, en as die kerk nie na die waarskuwings luister nie, tree die Here hardhandig op.

So moet elke lidmaat en elke gemeente voortdurend vra: Doen ek wat die Here sê? Hierdie mag nie ’n terloopse vraag wees nie, maar een waar ons na elke aspek van ons diens aan die Here kyk. Is dit God se goedkeurende wil?

Elkeen wat ongehoorsaam is, moet weet: Die Here kan vir my baie teëspoed stuur. Sy doel is om die bloed van Christus nie te versmaai nie.

Elkeen wat gehoorsaam is, moet weet: God se genade vir my en ons kerk is groter as enige en alle sonde.

*Sing: Psalm 97-1:6, 7*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 7 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 3:1-5**
**Fokusgedeelte: Hosea 3:1**

### God se liefde … altyd en ewigdurend!

Die teks en boodskap van die Hosea-man! Taal en beelde baie keer duister en soms moeilik verstaanbaar. Tog, Hosea se profetestem, en daarom niemand anders as die lewende Here se stem nie. Die boek Hosea is dus nie sinne opgeskryf, slim gedagtes van ’n man iewers in die agtste eeu voor Christus nie, maar voluit evangelie. Die Here sê, Hy praat en fokus op die destydse Godsvolk én op vandag se Godskind!

Die evangelietaal is reeds raak te hoor in die betekenis van Hosea se naam. *“Die Here het gered.”* So tersake, omdat die volk met wie Hosea praat, soveel ander waardelose “redders” (die afgod Baäl, die magte van Assirië en Egipte) met hulle lewe vertrou het. ’n Ontroue volk. ’n Volk wat doof geword het vir die stem van die enigste Redder.

Daarom die opdrag in Hosea 1:2 aan Hosea en die huwelik met die ontrou Gomer-vrou. Vreemd, maar prentjie-tekenend van die ontrou Godsvolk.

En in Hosea 3:1 … “Gaan weer.” Volgens ’n simboliese daad. Om met ’n prostituut te trou, vra baie (1:2), maar om na dieselfde vrou terug te keer, met haar bedenklike sedes en liefdelose manier van doen, én wat nog hartseer op hartseer gebring het (lees Hosea 2), vra die bomenslike. Die opdrag in Hosea 3:1 vra Goddelike geduld en liefde!

Inderdaad! In God se liefde is daar altyd ’n “weer”. Die geskiedenis van Israel getuig hiervan. En eindelose liefde ook in jóú lewe. Weer en weer … Duidelik in die Nuwe-Testamentiese boodskap opgeskryf. En weer … So lief het die Here jou! Want die hoogste vertolking van Hosea 3:1 se opdrag vind gestalte in die liefde van Hom wat sy lewe offer om jóú en sy vrou, die kerk, vir ewig te behou. Dan mag Hosea 3:1 met Johannes 3:1 verbind word: “Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.” Dan mag ons weer sing-sê:

*“U redding meld ek elke stonde;*
*Al kan ek dit nie skat nie,*
*Besyfer of bevat nie”* (Ps. 71-1:9).

*Sing: Psalm 119-1:63*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 8 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 4:1-6**
**Fokusgedeelte: Hosea 4:6**

### Ken die Here en weet Hy het jóú lief!

Nie dat ander Bybelverse ’n mens nie aanspreek nie, maar met die lees van veral Hosea 4:1 besef jy dat Hosea met Goddelike gesag praat. Hy tree op as boodskapper van die Here. Daar is ’n dringendheid in sy woorde. Dis die bevel van die Here! Die Israelvolk móét luister – en natuurlik elke mens! Want die volk is weer in die beskuldigdebank. God kla sy eie volk aan!
~~~~~~~~~~

So sien ons in Hosea 4:1-6 dat vers 6 die lewende Here se verwyt verwoord. Die spil waarom alles draai: *dit ontbreek julle aan toewyding aan die wil van God*. (In die Hebreeuse taal letterlik: “daar is geen kennis van God in die land nie.”

Ware godsdiens ontbreek by geestelike leiers en lede van die volk. En daarom ontbreek dit die mense aan liefde en trou. Daarom neem vervloeking en valsheid en moord en diefstal en wat nog meer hand oor hand toe. Hosea praat met mense wat weet wat God van hulle verwag. Tog is hulle nie volkome aan sy wil toegewy nie …

Die afvallige volk bly egter die volk van God. Die Here praat, ten spyte van hulle sonde, deurgaans van hulle as “my volk”. Juis dit is die wonder van die genade. Die Here gee sy kinders nooit prys nie. Sy liefde vir sy ongehoorsame volk vervaag nie. Dit hou nooit op nie. Hosea praat en sê. Roep en vermaan. Hoor en besef dat die kwaliteit van God se liefde vir sy volk nie afhanklik is van dit wat die volk doen nie. Hy toorn oor hulle sondes, straf hulle selfs, maar nog steeds bly hulle “my volk”. Sy liefde is nimmereindigend, ondanks die geestelike “slordigheid” van die volk.

En sy nimmereindigende liefde word vir my kenbaar in Jesus Christus, die hart van die Vader. Hy het op aarde kom sê en roep en vertel en bedien. “My kind, my kind!” Luister en hoor en onthou die psalmwoord:

*“As jý vandag sy roepstem hoor,*
*Verhard jou nie, maar neig jou oor,*
*Merk op die roep van sy ontferming …”* (Ps. 95-1:4).

*Sing: Psalm 63-1:3*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 9 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 4:7-19**
**Fokusgedeelte: Hosea 4:7, 8**

## Die liefde van die Here vir lidmaat en voorgangers

Hosea praat en preek … Elke hoofstuk en versdeel van dié profeteboek is ’n stuk geloofskategese met een boodskap: *Indien jou verhouding met God nie reg is nie, dan loop alles verkeerd!*

In menselewe en hart loop alles dan verkeerd. In die geloofsgemeenskap loop alles verkeerd. Ook in die lewe en werk van die geestelike voorgangers. Hosea se klagstaat word langer … ook toegespits op die priesters. Die hoofklag is dat die priesters hulle belangrikste taak nagelaat het, naamlik om die Godskind in hulle kennis van die lewende Here te lei. In plaas van die woorde en tyding van die vreugde om die Here te ken, het die priesters gedwaal. Volk en voorgangers op dieselfde dwaalspoor! Weg van die Here af. Dwalende op die pad van hardkoppige verlorenheid.

Liefde vir die verkeerde. Maar die Here bly praat by monde van die Hosea-man. Hartverskeurende verse-woorde. Hosea 4:7-19 laat mens stom van verbasing, en elke vers is in sy aanklag erger as die vorige een. Nie mooi verse nie. ’n Tragiese verhaal. ’n Ganse geestelike gemeenskap in geestelike vlak- en modderwater!

Maar die Here bly praat. Hoe dit moontlik is, weet mens byna nie. Om dan Hosea 11:9 raak te lees: *“Ek sal my gloeiende toorn bedwing, want Ek is God, nie ’n mens nie.”*
~~~~~~~~~~

Genade vir almal … volk en voorganger. Lidmaat en ampsdraer. Vir elkeen wat in Nuwe Testamentdae en –tyd Hosea 4 in hand het, nie verslae die Bybel toe te maak nie, maar te onthou dat elkeen van ons in Christus die priesteramp van die gelowige ontvang het. En die kennis wat jy in die ou wêreld as priester/priesteres moet indra, is: *"Dat God deur Christus ons met Homself versoen het."*

Hosea se boodskap? Genade onbeskryflik groot! Dankie, Here, vir die profetestem.

*Sing: Psalm 67-1:1*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 10 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 5:1-7**
**Fokusgedeelte: Hosea 5:4**

**Verootmoedig, moenie net afsydig harder bid nie**

Die volk Israel struikel in hulle verhouding met God. By Mispa het die koningskap begin (1 Sam. 10:17 ev.). Nou lei die konings hulle in afgodsdiens, veral Jerobeam I. Tabor dui op die priesters (1 Kron. 6:77) met hulle onheilige houding teenoor hulle diens in plaas daarvan dat hulle die volk in gehoorsaamheid en toewyding aan God lei. Nou volg die hele volk soos by Sittim voor die intog waar hulle afgodsdiens as hoerery beskryf is (Num. 25).

Die Here kla hulle aan dat hulle nie kennis het nie, *kennis* in die sin van persoonlike omgang soos in die huwelik – die bekende beeld van Hosea se profesie. Hulle het nie liefde en toewyding aan God nie. Hulle gaan met meer offers Hom soek, maar godsdiens sonder kennis is nie geloof nie. Hulle besef nie die halfhartigheid van godsdiens wat die Here se hulp wil hê, maar nie toegewyd uit liefde aan Hom in sý wil leef nie.

Hy ken hulle egter: Hy weet wat aangaan (:3). Hy beleef dit as 'n hoergees wat die verbond met Hom verbreek. Hy moet help, maar hulle leef ongeërg oor sy wil. Die Here gaan straf. Hy waarsku omdat Hy nooit ontrou raak soos hulle nie. In trou is Hy aan hulle verbonde. Sy doel is dat hulle tot inkeer sal kom en lewe. Só getrou bly Hy dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat ons in geloof deur Hom waarlik nuut sal word in ons verhouding met die Here.

Wanneer omstandighede word soos in 4:2-3, moet ons besef dat die rede daarvoor te vind was in gebrek aan kennis van God, oftewel liefde en toewyding. Israel se antwoord was meer van dieselfde afsydige godsdiens. Dit is soos wanneer ons net meer sal bid, groter byeenkomste sal probeer hou, maar nie ons lewenshouding teenoor God verander nie. God laat Hom nie vind (:6) in godsdiens en gebede sonder selfondersoek nie. So 'n godsdiens is halfhartig en kan nie ontrou regmaak nie. Die wese daarvan is die hoogmoed van selfregverdiging en die skuld op al die ander plaas, sonder om voor God te verootmoedig. Nie gebede offer nie, maar in ons gebede ootmoedig onsself offer. Dit is immers vir ons wat dit nodig was dat die Seun van God moes sterf.

Diep ingewortelde, sondige gewoontes is 'n struikelblok vir berou en inkeer.

*Sing: Psalm 25-1:9, 10; 25-2:4, 5; 89-1:1, 6*

*Ds. Jan Malan (Burgersdorp)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 11 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 5:8-15**
**Fokusgedeelte: Hosea 5:15**

## Skuldbelydenis in gebed

Die Here beveel om alarm te maak: Israel gaan verwoes word. Dit het reeds begin met Juda en Benjamin wat opportunisties hulle broers aanval. Dit roep ook die Here se oordeel oor húlle op (:10).

Die proses kom al 'n tyd: God was vir Efraim soos 'n gewas, vir Juda soos beentering. Oordeel kom soms as 'n geleidelike verval van dit wat die samelewing aanmekaar hou. Die verval in die samelewing en huwelikslewe (4:2-3) is die voorloper en reeds werklike deel van die Here se oordeel (Rom. 1:24). Oë moet oop wees vir hierdie kanker.

Israel (Efraim) het besef dat daar 'n drastiese fout is. Hulle het probeer regmaak, maar die verkeerde oplossing gesoek: hulp by Assirië. 'n Sweer kan nie met 'n pleister wat bo-oor geplak word, genees word nie. Geen magsuitoefening of –vertoon kan die sweer van morele en geestelike vervlakking en verval genees en die siek gemeenskap uit die oordeel van God red nie. Die Here trek Hom terug (:15) en keer nie die verval nie, sodat die gemeenskap homself verteer.

Wanneer die samelewing so verval, is die laaste antwoord ook nie om in groot byeenkomste te bid dat God ons las verlig en ons help nie. Die mens maak so maklik van God die een wat ons moet dien. Die antwoord is gebede waarin skuld bely word, eredienste waar die wil van God weer geleer word (:15), terugkeer na die Verbondsboek met die verbondsvoorskrifte.

Jesus Christus het die Wet vir ons kom vervul, nie laat verval nie. Daarmee het Hy die grond vir ons versoening geword. Nader in Hom tot God met ware inkeer en bekering. Hy is die Geneesheer wat vir die siekes gekom het. In sy trou sal God nie een wat na Hom toe kom, verwerp nie (Joh. 6:37). Ter wille van Hom trek God Hom net terug tot hierdie inkeer kom.

Wees soos die boom langs die waterstrome, een wat die Woord van die Here dag en nag oordink. Sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op Wie ek vertrou.

*Sing: Psalm 1-1:1, 4; 91-1:1, 5; Skrifberyming 15-1*

*Ds. Jan Malan (Burgersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 12 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 6:1-3 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Hosea 6:2**

## Die liefde van die Here maak soms seer

Hosea het geprofeteer onder die noordelike ryk en op die oppervlak het dit nie sleg gegaan met die volk nie. Hulle het redelike voorspoed beleef, hulle was nie in oorloë met ander volke gewikkel nie.
~~~~~~~~~~

Soos soveel keer in die verlede het die volk egter weer van die Here af weggedwaal. Hulle het ander gode gedien, hulle hoop op ander plekke en by mense gesoek, en selfs direk teen die gebooie van die Here opgetree.

Die sonde wat Hosea hier beskryf, is nie die persoonlike sonde nie: dis ’n samelewing, en in besonder die volk, of in vandag se taal die kerk, wat al hoe meer afdwaal, al hoe meer agter afgode aangaan, al hoe meer selfsugtig en wêrelds raak, terwyl hulle hulself vertel dat hulle die Here dien.

Daarom het die Here hulle seergemaak. Hy het hulle gestraf oor hulle sonde. Dit was egter ’n besondere straf. Hosea wys dit uit in vers 1. Keer terug na die Here, sê hy, want Hy sal weer gesondmaak, Hy sal die wonde weer verbind. Met ander woorde, die straf, die seermaak, was nie maar net omdat die Here kwaad was nie, maar sodat die volk na die Here sal terugkeer.

Die volle betekenis hiervan hoor ons egter in vers 2. Dit is ’n direkte verwysing na Jesus Christus wat uit die dood opstaan. Jesus Christus het nie net seergekry nie, Hy het vir ons sonde gesterf. Die liefde van die Here is só groot dat Hy Hom nie net seergemaak het nie, maar doodgemaak het, vir ons, sodat ons kan lewe.

Wanneer die Here ons dan in ons sonde seermaak, is dit sodat ons weer kan opkyk na Jesus Christus en die lewe wat ons alleen in Hom kan hê.

*Sing: Psalm 119-1:1*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 13 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 6:4-11 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Hosea 6:6**

### Gehoorsaamheid is liefde vir en kennis van die Here

Ná die belofte van lewe in vers 2 en 3 volg daar nog steeds die oordeel van die Here. Die rede hiervoor is dat die genade van die Here nie in die volk in liefde oorgegaan het nie.

In vers 4 sê die Here dat die liefde van die volk soos dou is, soos wolke wat mooi opkom en dan net verdwyn. Vol belofte, maar sonder enige werklike inhoud. Die gevolg is ’n volk wat die skyn het dat hulle die Here dien, offers bring en tempel (kerk) toe gaan, maar eintlik besig is om vir hulleself te lewe, selfs ten koste van ander.

Uit so ’n volk word selfs die priesters, diegene wat ander in geloof moet voorgaan, die voorbokke in die onreg, eerder as die stem van die Here.

Die Here sê egter self wat die ander kant hiervan kan wees. Liefde eerder as offerande, kennis van die Here eerder as brandoffers. Dit is, met ander woorde, ’n lewe in die Here wat op die Here gerig is en nie op onsself nie. Dis ’n lewe waar ons diens aan die Here nie maar net iets is wat ons doen nie, maar waar ons die Here dien uit liefde omdat Hy ons in Jesus Christus eerste liefgehad het.

*Sing: Psalm 119-1:11*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*
~~~~~~~~~~

**Woensdag 14 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 7:1-7**
**Fokusgedeelte: Hosea 7:1**

**Die Here gee sy kinders nooit prys nie (1)**

In Hosea 1 het die Here Hosea opdrag gegee om met ’n prostituut te trou. Hierdie huwelik sou ’n spieëlbeeld wees van die troue Here se verhouding met die ontroue Israel. Hosea moes sy vrou telkens weer terugneem (en selfs duur terugkoop) nadat sy haar in haar ontrou aan ander mans verkoop het (vgl. Hos. 3).

Om ’n ontroue huweliksmaat terug te neem, is vir beide huweliksmaats nie maklik nie. In die proses van versoening moet pynlike wonde oopgekrap word om tot genesing te kan kom. In Hosea 7:1 stel die Here dit dat Hy die verhouding met sy volk Israel wil genees. In die proses tot genesing kom Israel (ook genoem Efraim en Samaria) se sondes aan die lig – sondes wat Israel nie eers gedink het die Here ken nie. Sondes soos leuens, diefstal, roof, dronkenskap, verraad, hoogmoed, deelname aan heidense praktyke en materialisme (vgl. Hos. 7:2-6). Israel moes haar hiervan bekeer.

Bekering van die sonde moet permanent wees, anders smeul die ontrou maar net soos ’n vuur wat nie geblus is nie, maar deur die nag smeul en die volgende oggend weer opvlam (Hos. 7:4, 6). Ongelukkig was dit nie in Israel (en is dit nie in ons) om getrou te wees nie. Ontrou teen die Here vlam voortdurend op, omdat ons toelaat dat dit in ons bly smeul.

In Christus het die Here finaal die duur losprys betaal om ons weer terug te neem as syne (vgl. 1 Pet. 1:18-19). Ons behoort aan ons troue Here wat ons sy Gees gee om ons in getrouheid te lei. Bekeer jou van jou sondes en laat dit nie meer in jou lewe smeul nie. ’n Nuwe lewe in ’n nuwe verhouding met die Here is moontlik, omdat die Here dié wat syne is, nooit prysgee nie.

*Sing: Psalm 38-1:1, 15, 17*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 15 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 7:8-16**
**Fokusgedeelte: Hosea 7:11-13**

**Die Here gee sy kinders nooit prys nie (2)**

Ontrou maak beide partye in ’n verhouding seer – ook die party wat ontrou is. In Hosea 7:11-13 gebruik die Here die beeld van ’n duif om hierdie waarheid oor te dra.

Israel (ook Efraim genoem) word hier met ’n dom duif vergelyk. ’n Duif kan redelik maklik gevang word deur dit met kos in ’n hok in te lok. Israel het nie in toegewydheid net in afhanklikheid van die Here geleef nie. Sy het toegelaat om verlei te word deur die mag en krag van die nasies om haar (Egipte en Assirië).

So is Israel in die magspolitiek van die dag opgeslurp. Sy het verward soos ’n gevange duif in ’n hok rondgefladder en nie geweet of sy beskerming by Egipte of Assirië moet soek nie. Hierdie rondgefladder sou uiteindelik die einde van Israel (die Noordryk) beteken.
~~~~~~~~~~

Weet dat as jy nie doelbewus in getrouheid aan die Here leef nie, Satan jou ook maklik kan vang. Hy loop rond soos 'n brullende leeu (1 Pet. 5:8). Hy gaan jou uitlok en verlei met kos in 'n hok, en dan vang hy jou. Uiteindelik gaan jy deur jou ontrouheid aan die Here baie seerkry.

Genadiglik kon Satan nie vir Jesus verlei nie. Jesus was getrou. Sy getrouheid word nou deur die Vader as ons getrouheid gereken – die Here gee sy kinders nooit prys nie. Hierdie besef roep ons op om opnuut te streef na getrouheid aan die Here en Hom daardeur te verheug – en so self die ware vreugde te vind.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 16 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 8:1-8, 13**
**Fokusgedeelte: Hosea 8:4, 13**

### Ware godsdiens is nie selfdiens nie

In sy getrouheid en liefde waarsku die Here vir Israel – die waarskuwingsbeuel word geblaas. Die roofvoël (Assirië) draai reeds om Israel, gereed om op sy prooi af te skiet. Hulle lewe onder die waan dat niks sal gebeur nie, omdat hulle Israel is wat God ken en kwansuis aan Hom toegewyd lewe (:2).

Tog wys die Here daarop dat hulle kwansuis-godsdiens aan Hom eintlik selfgodsdiens is. Met die mond bely hulle, maar hulle vertaal nie die belydenis in die praktyk van hulle lewe in nie. Hulle stel naamlik konings aan sonder om die Here te raadpleeg, en stel leiers aan wat die Here nie erken nie. Hulle maak selfs vir hulle afgode onder die voorwendsel dat hulle die Here dien. Eintlik dien hulle hulself. Hulle bring offers om hulleself te bevredig en bring vleis sodat hulle dit self kan eet (:13).

Die Here roep ons vandag deur sy Woord op tot die diep vraag of ons nie maar eintlik net ter wille van onsself met God besig is nie. Ons kan 'n mooi belydenis hê, maar as ons dit nie in die praktyk van ons lewe toepas nie, kom dit op niks meer as selfdiens neer nie.

Selfdiens was die kern van die Baäldiens van daardie tyd, en is steeds die kern van die valse godsdienste van die dag. Dit lê onder andere aan die wortel van die aantreklike voorspoedsgodsdiens wat wyd verkondig word.

Dit is eers wanneer God sy Seun na die wêreld stuur dat ware Godsdiens en toewyding aan Hom vir die mens duidelik word. Dit is sigbaar nie net in Jesus se voorbeeld van onbaatsugtige diens aan sy Vader nie, maar ook in die totale opoffering van sy lewe aan die kruis. Hierdeur maak Hy dit vir ons moontlik om God waarlik te ken en te dien. Nie ter wille van ons nie, maar ter wille van God.

*Sing: Skrifberyming 2-2:1*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 17 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 8:1-3, 9-14**
**Fokusgedeelte: Hosea 8:9**

**Ware godsdiens is om by die Here alleen hulp te soek**

In sy getrouheid en liefde waarsku die Here vir Israel – die waarskuwingsbeuel word geblaas. Die roofvoël (Assirië) draai reeds om Israel, gereed om op sy prooi af te skiet. Hulle lewe onder die waan dat niks sal gebeur nie, omdat hulle Israel is wat God ken en kwansuis aan Hom toegewyd lewe.

Israel is klaar ingesluk – en tog soek hulle leiers hulp by Assirië. Hulle is soos ’n bronstige wildedonkie wat oral rondhardloop om bevrediging en bevrugting te soek.

Hulle het hulle hoop eers op selfaangestelde konings en leiers geplaas, en toe vir hulleself afgode gemaak. Toe dit nie help nie, het die konings van Israel selfs by die groot onderdrukker van die dag, Assirië, gaan hulp soek. Later sou hierdie selfde Assirië swaar belastings op hulle lê en hulle uiteindelik heeltemal in ballingskap wegvoer.

Tog vreemd waarheen selfs ons gelowiges vlug om sekuriteit te soek in oomblikke van nood. Ons vlug na ons eiegemaakte godsdienstige rituele. Of na ons afgode, soos groot bankrekenings of akademiese vermoëns. As ons nie daarin hulp kry nie, soek ons ander mense om ons te help. Ons dink alles sal vanself beter wees as daar ander leiers in ons land is.

Die uitnodiging in Jesus Christus kom vandag weer na ons toe: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig” (Matt. 11:28-30).

Moet op prinse nie vertrou nie. Salig is die mens wat sy hulp en sy hoop van die God van Jakob ontvang.

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 9:1-9**
**Fokusgedeelte: Hosea 9:7, 8**

**Verskriklike sonde. Verskriklike oordele. Verskriklike groot genade!**

Die volk was ontrou aan God. Hulle het afgode gedien en onsedelikheid gepleeg om so groter oeste te probeer kry. Hulle het in verskriklike sondes volhard (:1). Daarom het die Here verskriklike oordele oor hulle uitgespreek (:2-7).

Maar steeds is die Here se genade verskriklik groot oor sy kinders. Hy gee nooit sy kinders prys nie. Daarom stuur die Here sy profeet om die volk te vermaan. Ten spyte van hulle sonde hou die Here nie op om met hulle te praat nie. Hulle is dan sy kinders!

Steeds wou die volk nie hoor nie. Hulle het gesê die profeet gaan soos ’n mal mens tekere (:7). Hy was egter nie waansinnig nie, maar vol van die Heilige Gees. Dit was
~~~~~~~~~~

omdat die sondes van die volk so verskriklik was en omdat hulle vyandigheid teenoor God en sy profeet en sy Woord so groot was dat die profeet so met oorgawe gepreek het. Hulle het egter probeer om die Woord kragteloos te maak deur die profeet te beswadder.

Die profeet was God se eie gesant, maar die volk tree uiters vyandiggesind teenoor hom op, selfs waar hy God se oordeel en genade in die huis van die Here verkondig (:8). Daarom sê die Here dat Hy hulle sonde teen hulle gaan hou en hulle vir hulle oortredings laat boet.

Ons verdien ook dat God ons sonde teen ons sal hou en ons vir ons oortredings sal laat boet. Genadiglik hou Hy egter nie op om ook met ons te praat nie. Daarom moet ons ons nie verhard soos die volk nie, maar ons toevlug tot Jesus Christus neem vir bekering en ewige verlossing!

*Sing: Psalm 86:1, 2 (1936)*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 19 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 9:10-17**
**Fokusgedeelte: Hosea 9:17**

## Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val!

Die Here se volk was baie besonders in sy eie oë. Hulle was vir Hom soos druiwe wat jou in die woestyn verkwik. Hulle het soveel potensiaal gehad en soveel belofte ingehou. Maar hulle het die Here diep teleurgestel en hulle toevlug tot afgode geneem. Daarom het hulle in die oë van die Here afstootlik geword (:10). Hy is immers 'n heilige God wat sonde haat. Daarom spreek Hy verskriklike oordele oor die volk uit en jaag hulle uit sy huis weg, en sê dat Hy hulle nie meer liefhet nie (:11-16). Hy het hulle verwerp (:17).

Hierdie heilige toorn van God oor die volk wat in sonde volhard, herinner ons aan Hebreërs 10:31: "Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val." Hy is 'n heilige God wat sonde haat. Daarom veroordeel Hy volhardende sondaars.

Sy oordeel hef egter nie sy genade op nie. In 11:8 sê die Here dat Hy dit nie oor sy hart kan kry om sy volk vir ewig te verdoem nie: "My liefde brand te sterk!"

Ja, dit is verskriklik om die hand van die lewende God te val, maar in sy groot genade en uit liefde vir ons het God sy Seun Jesus Christus in ons plek in sy hand laat val! Hy het Hom in ons plek veroordeel en Hy het vir ons versoening gedoen. Daarom kan ons nou onder leiding van sy Gees ons potensiaal as volk van God verwesenlik en vir God soos druiwe in die woestyn wees!

*Sing: Psalm 128:1, 2 (1936)*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 20 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 10:1-8**
**Fokusgedeelte: Hosea 10:1, 8**

**Die Here hou ons vas deur ons van ons afgode te verlos**

Ons weet baie goed dat God ons liefhet. Hy het dit gewys met sy Seun se menswording en kruisiging. Só lief het God die wêreld gehad! Elkeen wat in Jesus glo, het daaraan deel!

Maar wat maak ons daarmee? Hoe reageer ons op sy liefde? Of, beter gesê: "Wat doen sy liefde aan ons?" En ín ons?!

Israel het God se liefde, soos ons dit ook uit Hosea leer ken, geminag en dit met ontrou beantwoord. In sy liefde het Hy hulle só geseën dat hulle soos 'n wingerdstok is wat welig groei en vrug dra, maar hulle antwoord deur die altare te versorg en die klippilare te versier vir hulle aanbidding van die afgode.

Hulle godsdienstige ontrou lei daartoe dat die hele samelewing vergiftig word deur valsheid en onreg. Soos onkruid en gifplante al met die watervore langs versprei word, so lei geloofsdwalinge tot 'n siek gemeenskap waar daar nie meer geregtigheid en waarheid en orde is nie. Ons sien dit ook in ons tyd gebeur, en dit sal al hoe meer gebeur as daar nie bekering kom nie! Ook in ons eie lewe.

God oordeel oor ontroue regeerders, maar ook oor ontroue onderdane. Die goue kalf van Bet-el (1 Kon. 12:28, 29) en volk word saam met hulle koning oorlogsbuit. Hulle het op nietigheid staatgemaak. As dit te laat is, sal hulle desperaat skuiling soek (lees ook Op. 6:16)! Maar selfs in so 'n siek samelewing hou God sy kinders vas. Die hoofsaak wat moet regkom, is ons verhouding met Hom. In Jesus Christus is daar versoening met Hom en ware bevryding. Hy wil as enigste God en Here erken word, sodat ons werklik vry kan wees. Hy verwoes die afgodsaltare. So bevry Hy ons ook van 'n sondige leefstyl sodat ons sy liefde met troue toewyding kan beantwoord.

*Sing: Psalm 79-1:5, 6, 9*

*Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 21 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 10:9-15**
**Fokusgedeelte: Hosea 10:9, 12**

**Daar is nou nog hoop!**

Soos die digter in Klaagliedere 3:22, 23 vasgryp aan die sekerheid (vaste hoop) dat die Here ons elke môre met sy ontferming verras, so wil Hy ook deur Hosea sy kinders van sy genade verseker.

Israel verdien die vernietigende oordeel van die Here, omdat hulle gedurig op hulle eie planne en eie vermoë vertrou het, en as't ware sonde in hulle samelewing ingeploeg het. Hulle het nie toe eers begin om God se liefde te versmaai nie, maar doen nog steeds sulke "afskuwelike en lae" dinge soos destyds by Gibea (Rigt. 19, 20). Dit is onvermydelik dat dit tot ellende en ongeregtigheid sal lei, en tot die skroeiende oordeel van die heilige
~~~~~~~~~~

God oor koning en volk. Die Here herinner hulle aan die verskriklike verwoesting in die tyd van Salman, waarvan ons niks verder weet nie, maar wat aan hulle bekend was. Hy het die reg om so te oordeel oor hulle afskuwelike sonde waarvan die aanbidding van die goue kalwers by Bet-el en Dan die twee uiterste voorbeelde was.

Maar Hy het ’n beter plan vir sy kinders! Hy wil ons as gewillige dienaars in sy koninkryk gebruik (:11), en roep ons daarom tot radikale bekering. Soos ’n plaasboer ’n stuk grond waar nog nooit gesaai is nie, vir die eerste keer omploeg en ’n nuwe begin maak (lees ook Jer. 4:3), so gee Hy nog kans dat ons nuut kan begin – vandag! Dis nou die tyd om ons idees en dade aan sy geopenbaarde wil te meet en seker te maak dat ons nie net bely dat ons in Jesus sy kinders is nie, maar dat ons ook regtig as verloste kinders ons gehooraam aan Hom wil onderwerp!

Dan verras Hy ons met sy onverdiende seën. Hy laat ons die vrug van sy Gees geniet (Gal. 5:22, 23) as Hy ons weer heel maak!

*Sing: Psalm 51-1:3, 6*

*Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 11:1-7**
**Fokusgedeelte: Hosea 11:1**

**God gee sy kinders nooit prys nie (1)**

Daar is onrus in God se hart. Hartseer. Pyn. Israel is spesiaal vir God. Hy het ’n plan vir sy volk. Hulle is gekies om sy lig in hierdie wêreld te laat skyn! Daarvoor het Hy hulle uit Egipte gaan haal. En Israel is vir God soos sy seun (Eks. 4:22-23). Hulle is inderdaad spesiaal. Maar in verskillende beelde word die afvalligheid van hierdie seun geteken, in beelde wat herinner aan die verlore seun in Lukas 15:11 vv:

- Hulle loop agter afgode aan, Baäl, die god van die Kanaäniete (:2).
- Hulle is soos ’n tiener wat sy ouers se leiding verwerp, hulle erken nie eers dat dit God is wat hulle op hulle babatreetjies gelei het nie (:3).
- Hulle is soos trekdiere wat die hele tyd uit die juk uithaak (:4).

Dit doen hulle ten spyte daarvan dat God vir hulle gereeld kos, sorg en liefde gegee het (:4). Alles, sodat God steeds sy sorg en liefde oor hulle kan uitstort, en Israel nie onder die juk van ander, liefdelose gode en lande (Egipte en Assirië) sal beland nie. Hulle hoort by God, want hulle is sy volk! Sy seun, wat ’n voorafskaduwing is van die Seun wat op pad is.

Volharding op hierdie pad het sy gevolge. God laat verwoesting toe (:5-7). En juis daarom is ons hoop nie by mense te vinde nie, maar by God self, deur sy ander Seun. Hy is ook uit Egipte geroep (Matt. 2:15), het alle versoekinge van Satan weerstaan (Heb. 4:15), om uiteindelik te kan uitroep: “Dit is gedoen!” (Joh. 19:30).

Daar is verlossing vir wegloopkinders! Omdat God nie sy kinders prysgee nie, het Hy ons finaal as sy kinders aangeneem deur Hom wat die Geliefde is (Matt. 3:17; 12:18)! Mag jy weet dat jy aan God behoort op grond van sy oneindige liefde!

*Sing: Psalm 103-1:7*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*
~~~~~~~~~~

**Vrydag 23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 11:8-11**
**Fokusgedeelte: Hosea 11:11**

**God gee sy kinders nooit prys nie (2)**

In Hosea 11:1 het ons gehoor dat God Israel sy seun noem. Baie van ons het al te make gehad met ’n afvallige of weggeloopte seun/kind in ons gesinne en families. Dit is ’n hartverskeurende gebeurtenis! ’n Ouer se hart breek …

Dit is hoe God se hart reageer op Israel (en ons) wat van Hom af wegloop! Sy hart skeur in twee. *Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk* (:8).

Dit is hierdie hart van God wat maak dat Hy, die Pa van die verlore seun (Luk. 15), sy arms oopmaak en sy verlore kinders tegemoet hardloop! Hy doen dit in en deur Jesus. Die geofferde, maar nié verlore Seun! Verstaan jy hoe lief die Vader jou het?

In verse 10-11 word die Here geteken in sy genadige en opsoekende liefde. As jy al ’n leeu hoor brul het, sal jy die metafoor waardeer! Soos ’n leeu wat brul, só roep God na sy kinders. En het jy al voëls in ’n groot swerm sien nadervlieg? Só kom ons na God toe as Hy ons roep, uit alle uithoeke van die wêreld. Sy doel met Israel was om sy glorie oor die hele aarde te versprei, en nadat Israel daarin gefaal het, het Hy sy ander Seun gestuur om sy kinders te vergader.

Soos Hy van ouds Israel hiervoor wou gebruik, gebruik Hy nou die kerk. My en jou! Ons vertel van God se roepstem wat oor die aarde uitgaan: Ek is die Heilige wat by jou is … (:9). Mag jy sy stem hoor, en self weer God se stem in hierdie wêreld wees!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 12:1-7 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Hosea 12:7**

**Vier dinge wat ons geseënd laat lewe**

Mense doen soms verkeerde, dom, dwase dinge. Die gevolg is dat ons lewe verskrompel en uitmekaarval soos ’n wilgerboom sonder water. Moedswillige, hardnekkige sondes verwyder ons van God se goedheid en seëninge. Ons loop ons in ’n haak-en-steekbos vas, en ons kan nie daar uitkom nie. Dit steek oral!

Juda, byvoorbeeld, het God *wispelturig* gedien, dus net wanneer hulle Hom nodig gehad het (vs 1). Maar aan die *afgode was hulle getrou*. Hoekom? Ja, omdat hulle hoop op die afgode gevestig was (vs 7). Dis dwaas! Daarom gaan die Here hulle tug, na Hom teruglei (vs 3).

Efraim (Tien Stamme) aan die ander kant, *is vals, jaag wind na, nogal die vernietigende oostewind* (vs 1, 2). Daarby *lieg* en *bedrieg* hy oral. Hierdie agterbaksheid was tipies van
~~~~~~~~~~

Jakob, hulle voorvader (vs 4, 5). Die nageslag volg dikwels die voorgeslag se voorbeeld!

Hoe kom ’n mens uit die haak-en-steekbos van ’n dwase lewe? Wel, Hosea maak in vers 7 bekend dat ons vier dinge moet doen:

- *Keer terug na die Here, jou God*
- *Jy moet die Here alleen liefhê*
- *Ken en gehoorsaam sy gebooie*
- *Stel jou hoop op God alleen*

Hoe sal ons dit vermag? In hoofstuk 14:5 gee Hosea die antwoord: *Ek* (die Here) *sal hulle ontrou genees. Ek sal hulle van harte liefhê.* In Christus gaan ons Vader ons genadig wees, ons verander om waarlik sy getroue kinders te wees. Dan sal ons gelukkig en geseënd leef (14:6 ev.).

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 6*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 25 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 12:8-15 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Hosea 12:11, 14**

### God stuur profete, luister na hulle en lewe

Ons bemin die lewe. Hoe dan anders? Ons Here het hierdie drang in ons gelê. Mense verwar maklik ’n Godlose bestaan met die ware lewe. Die gevolg? ’n Sukkelbestaan wat op selfvernietiging afstuur. Hosea waarsku hierteen.

Efraim (Tien Stamme) het die lewe in rykdom gesoek. So het hulle ander gewetenloos met woekerwinste uitgebuit (vs 8, 9). Is dit by ons anders? Ons Here sien altyd alles! In sy hartseer en liefde stuur hy dan profete om die sondaars te waarsku (vs 11, 14).

Wat sê die profete? Wat hoor hulle by God? Wat sien hulle in sy visioene (vs 11)? Eerstens roep hulle Israel se verlede terug. Word die 40 harde jare in die woestyn onthou? Toe het God elke dag voorsien. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hoekom verwag hulle dan nou van afgode en hulleself die lewe?

Gilead was ook eens ryk en magtig, maar is in 733 vC vernietig (vs 12a)! By Gilgal is skynoffers aan God gebring. God haat huigelary. Gilgal sal kliphope word (vs 12b). Onthou Jakob se vreesbevange en ontnugterende vlug na Aram nadat hy sy broer bedrieg het (vs 14). So sal Efraim ook nou vir sy sondes gestraf word.

Is daar hoop vir Israel? En vir ons? Soos Israel deur Moses uit Egipte gelei is, sal God weer ’n nuwe profeet in Christus gee (14:9; 2 Kor. 5:19 ev). Hy sal God se kinders vir ewig verlos, herskep en laat lewe.

*Sing: Psalm 68-1:3*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 26 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 13:1-4**
**Fokusgedeelte: Hosea 13:4**

**Die Here gee sy kinders nooit prys nie: Buiten Hom is daar geen Heiland nie**

"Efraim" (:1) verwys na die Tien Stammeryk (Israel) wat onder Jerobeam weggebreek het van koning Rehabeam en die twee stamme (Juda) (sien 1 Kon. 12). En dit omdat Rehabeam die volk *hard* geantwoord het op hulle versoek om nie sulke hoë eise aan hulle te stel as sy pa Salomo nie. Só het God Salomo se ontrou gestraf – in sy ouderdom het hy die afgode van sy heidense vroue aanbid (1 Kon. 11:4).

Jerobeam het egter ook die volk tot afgodery verlei deur kalwerdiens in die dorpe Bet-el en Dan. Hy wou keer dat die Israeliete (tien stamme) by die tempel in Jerusalem aanbid. Gevolglik het die Here teen Israel opgetree. Uiteindelik is hulle in 722 vC deur die koning van Assirië in ballingskap weggevoer.

Maar dan hoor ons die "tog" van vers 4. Die troue Verbondsgod praat. Hy het genadiglik 'n pad met sy volk geloop. Deur Moses het Hy hulle uit Egipteland gered. Hy sou hulle uiteindelik van veel meer red … van die ewige verderf. Daarvoor sou Hy die Heiland (:4), Jesus Christus, stuur om hulle te red van die verdiende straf weens hulle sonde en afval.

Nooit weer sou die tien stamme as volk uit die ballingskap terugkeer nie. Tog sou die Here genadiglik in Christus uit elke volk en taal en nasie begenadigde uitverkorenes red en tot inkeer en geloof bring. Hy red hulle deur Jesus Christus, die enigste Heiland. Nooit sal Hy hulle wat Hy met sy bloed gekoop het, weer prysgee nie.

*Sing: Psalm 18-1:1, 9*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 27 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 13:5-15**
**Fokusgedeelte: Hosea 13:14**

**Die Here gee sy kinders nooit prys nie: Hy verlos hulle van die dood**

Hosea 13 meld die volk Israel (Tien Stammeryk) se sondige ongehoorsaamheid wat God se oordeel verdien het. Die Here het hulle uit Egipteland deur die woestyn die Beloofde Land ingelei (:5-6). Maar … toe dit materieel met hulle goed begin gaan, het hulle die Here vergeet. Daarom het die Here hulle getugtig soos 'n wilde dier wat sy prooi verskeur (:7-8).

Tog het hulle nie tot berou en bekering gekom nie. Gevolglik was hulle soos 'n vrou wat geboortepyne kry … sonder dat 'n kind gebore word. Daar was geen vrug op die pyn of tugtiging nie. Al beteken Efraim "vrugbaarheid", het hulle vrugbaarheid omgekeer in onvrugbaarheid en sou hulle weens hulle sonde *alles* verloor. Beroof van alle aardse besittings, sou die Here hulle as volk deur die goddelose Assiriërs laat uitroei.

Reeds in Samuel se tyd wou die volk Israel nie die Here as Koning hê nie. Hulle wou 'n koning hê soos die volke rondom hulle. Later wou Israel ook nie die koning uit die
~~~~~~~~~~

nageslag van Dawid (Rehabeam) aanvaar nie. Daarom het hulle weggebreek van Juda en die koningshuis van Dawid.

Tog lees ons steeds van genade en verlossing: God *wou* vir sy volk 'n Koning wees. Hy het hulle "geken" (:5) en met hulle 'n verbond gesluit. Daarom sou Hy vir hulle 'n "Helper" wees (:9) wat die geestelike Israel vir altyd uit die mag van die doderyk sou loskoop en verlos (:14). Dit sou God ook later genadiglik doen in en deur Jesus Christus, ons Here.

Daarom kan gelowiges ook vandag uitroep: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:55).

*Sing: Psalm 116-1:5, 7*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 28 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 14:1-10**
**Fokusgedeelte: Hosea 14:5, 6**

**Die Here gee sy kinders nooit prys nie: Hy genees en is vir hulle soos die dou**

Die Here het voorheen vir Israel (Tien Stammeryk) ernstig aangespreek oor hulle ongehoorsaamheid en afvalligheid en sy oordeel oor hulle bekendgemaak (:1).

En dan roep God sy volk tot bekering: Bely julle sondes en pleit om genade. Maar … die volk was ontrou. Hulle het nie tot die Here teruggekeer nie. In eie krag kon hulle ook nie. God bly egter getrou aan sy verbond en beloftes. Hy sê (:5-6): "Ek sal hulle afkerigheid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend; Ek sal vir Israel wees soos die dou."

Hierdie genesing en afwending van God se toorn gebeur omdat God Self ingryp en verandering bewerk. Sy Gees wek lewe in dooie harte. Só is Hy vir Israel soos die dou. Dou speel in die droë land Israel 'n groot rol in die groei van gewasse. Soos dou groei en lewe bewerk, sou die Heilige Gees die geestelik dooie volk Israel weer geestelik lewendig maak.

Maar … hulle moes die afgodediens staak en ophou om hulle vertroue op aardse konings te plaas en op die Here alleen vertrou. Dan sou Hy ook vir hulle wees soos 'n boom (:7-8) waaronder hulle teen die elemente kon skuil.

Ook vandag laat die Gees gelowiges vasgryp aan Jesus Christus se versoeningsdood. Hy genees ons geestelik en uit Hom vind ons ons vrug (:5, 9). Só is Christus vir ons die Dou wat genees en lewe wek, en die Vrug wat ons voed en bring tot 'n heilige lewe wat in die ewige lewe oorgaan.

*Sing: Psalm 105-1:5, 6*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*

~~~~~~~~~~




### *1 PETRUS*

*Die eerste brief van Petrus kan ons ook die eerste brief aan vreemdelinge en bywoners noem (1 Pet. 1:17 en 2:11). Die doel van hierdie brief was om Christene wat veronreg word, te bemoedig en riglyne te gee vir hulle reaksie op hierdie veronregting. Om hierdie rede fokus Petrus op die hoop wat gelowiges het (1 Pet. 1:3-4) en hoe hierdie hoop ons verhouding met God vorm (1 Pet. 1:17-21). Dit het weer 'n uitwerking op gelowiges se verhouding met mekaar en met die wêreld. Daarom gee die Here vir ons deur Petrus die besonderse opdragte om mekaar met ons gawes te bedien (1 Pet. 4:7-11) en ons plek vol te staan in die huisgesin van God (1 Pet. 5).*

### *2 PETRUS*

*Wanneer die eerste paar verse van 2 Petrus gelees word, wil dit voorkom of hierdie hele brief as 'n tipe testament geskryf is waarin die gelowige 'n erfgenaam is van die skatte wat God deur die geloof in Jesus Christus gee. Hierdie brief leer dus die gelowige hoe hy/sy hierdie wonderbaarlike skatte in die geloof kan ontvang en sy/haar eie maak. 2 Petrus 1:3-11 handel oor hierdie geloof waardeur die gelowige hierdie skatte kan ontvang en hoe die geloof verryk kan word. Die tweede gedeelte van die brief handel oor die dwaalleer wat versprei is en wat die gelowiges wou ontsê van hulle erfporsie. Om hierdie rede is 2 Petrus baie aktueel vandag. Daar was sekerlik nog nie 'n tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika wat die kerk met soveel dwaalleer gekonfronteer was soos vandag nie. In hierdie warboel is dit nodig vir die gelowige om hom/haarself te navigeer tussen hierdie dwalings. 2 Petrus leer ons hóé om dit te doen!*

### *JUDAS*

*Daar is heelwat onduidelikhede oor die brief van Judas, soos presies wie is hierdie Judas (want beide Judas en Jakobus was algemene name), vir wie presies die brief geskryf is en wanneer dit geskryf is. Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat hierdie lesers, net soos ons vandag, met heelwat dwaalleer gekonfronteer was. Die vals leraars se leringe word egter nie werklik beskryf nie, daar word eerder 'n groter klem gelê op hulle optrede ... gepraat van 'n boodskap deur jou dade verkondig (bv. Judas:4, 7-8, 10, 12)! Vanuit hierdie optrede lyk dit egter asof hulle nie 'n baie goeie leer rakende die Heilige Gees gehad het nie, en ook dat hulle 'n misplaaste persepsie van engele gehad het. Verder het hulle Christus deur hulle optrede ontken. Die doel van die skrywe is om die lesers te waarsku teen die dwalinge wat verkondig word en hoe om staande te bly te midde daarvan.*

**Donderdag 1 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-5**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-5**

## Lewe hoopvol in ’n hooplose wêreld

Gelowiges het die opdrag om hoopvol in ’n hooplose wêreld te lewe. Dit is nie altyd depressiewe mense, selfs ook gelowiges, beskore nie. God, die Vader van ons Here Jesus Christus, gee sy kinders deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood die gawe van die nuwe lewe – ook *wedergeboorte* of *geestelike geboorte* genoem. Dit gebeur wanneer die Heilige Gees ons kinders van God maak.

Dit is hierdie term wat Jesus gebruik het toe Hy vir Nikodemus van die verlossing vertel het (vgl. Joh. 3). Die feit dat God ons die nuwe lewe gegee het, hou vir ons groot troos en bemoediging in. God het die inisiatief geneem en ons sy kinders gemaak! Dit het gebeur omdat Jesus Christus met sy opstanding die dood oorwin het.

Die gevolg daarvan is dat *ons ’n lewende hoop het in ’n hooplose einde en wêreld, en weet dat God jou veilig bewaar* – dan kyk jy nie vas teen die harde werklikhede nie. Dit maak nie saak hoe swaar jy kry nie. Jy weet dat God *nie net jou erfenis* veilig in bewaring hou nie, maar *dat Hy ook jou veilig bewaar*. As jy dit weet, hoe kan jy ooit in wanhoop verval deur moeilike mense of omstandighede soos natuurrampe?

Die almagtige God het jou in sy beskerming geneem! Hieruit put jy deur die krag van God se getrouheid en ontvang jy wat God beloof het. Die eindoordeel (vgl. Rom. 14:10 en Op. 20:11-15) hou dus vir jou geen vrees in nie.

*Sing: Skrifberyming 11-1:6, 7, 8*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 2 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:6-9**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:6-9**

## Geloof word getoets

As jy dit wat in 1 Petrus 1:6-9 staan, naamlik dat die lewe nie ’n hooplose wêreld en einde is nie, maar eindelose hoop, self ervaar, kan jy nie anders nie as om ’n *onblusbare vreugde* te hê. Ons kan so maklik met lang gesigte loop as dit swaar gaan. Ons moet onsself herinner aan hierdie diepe vreugde sodat ons swartgalligheid in moeilike tye nie ons belydenis dat ons die *nuwe lewe* het, dat ons weer gebore is, weerspreek nie.

In 1 Petrus 1:7 sê Petrus dat gelowiges se geloof getoets moet word. Om swaar te kry, is nie lekker nie, maar swaarkry sal noodwendig in jou lewe wees. Jy as gelowige kan egter jou swaarkry blymoedig verdra, omdat jy weet dat God jou swaarkry as beproewing, as toetsing, gebruik. Juis omdat jy vir God meer kosbaar as goud is, toets Hy die egtheid van jou geloof.

Beproewing is deel van ons suiweringsproses. So word onsuiwerheid weggebrand en word ons daarop voorberei om Christus te ontmoet. In dié proses leer ons ook volharding.
~~~~~~~~~~

Petrus verwys in hierdie brief herhaaldelik na lyding en beproewing (1:6, 7; 3:13-17; 4:2-19; 5:9). Dit gaan hier egter nie oor *lyding in die algemeen* nie, maar oor die swaarkry wat jy byvoorbeeld sou ervaar wanneer ander mense teen jou *diskrimineer* omdat jy aan God gehoorsaam is. Dit gaan nie oor swaarkry as gevolg van siekte of natuurrampe of jou eie wanhoop nie. Daaroor handel ander Bybeldele.

Onthou, die einde is nie hooploos nie, maar eindelose hoop!

*Sing: Psalm 34:1, 4, 6 (1936)*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 3 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:14-16**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:14-16**

## Geloof in praktyk

Hoe moet jy jou lewe van hoop elke dag inrig? Aangesien jy 'n kind van God geword het en is, kan jy nie jou geaardheid en natuurlike lewe vrye teuels gee en "laat waai soos jy lus het" nie.

Jou lewe moet daarvan getuig dat jy *'n kind van God* is. Daarom leef jy soos jou Vader in die hemel dit wil hê. *Kinders van God se heiligheid is ons model*. God stel vir jou die standaard, nie maar net jou gewete of jou natuurlike geaardheid nie. Baie van die mense wat hier aangespreek word, het voor hulle bekering geglo in gode wat net so sleg soos mense was. Hierdie gode was skelm, het mekaar bedrieg, het oor en weer huweliks-maats geruil, was oorlogsugtig.

Hoe anders is die ware God! Hy is heilig (1:15). In die brief word verder uitgespel wat hierdie lewe vir die gelowige in die praktyk inhou. In kort kom dit daarop neer dat jy as gelowige met alles wat jy is en het, in diens van God staan. In alles wat jy sê of doen, wil jy eers vasstel of dit God se goedkeuring sal wegdra. Die mens wil van hierdie moeilike opdrag probeer wegskram en vroom vra/sê: "Hoe kan ek heilig lewe?"

Ons moet egter raaksien dat God nie hier iets vra wat jy in eie krag moet doen nie. Trouens, hierdie oproep om heilig te lewe, hang nie in die lug nie. Jy moet heilig lewe *omdat jy God se kind is* (vgl. 1:3).

*Sing: Psalm 146:2, 3, 8 (1936)*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 4 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-21**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:17-21**

## Oproepe op grond van die nuwe lewe wat God gee

Die liggaam-deel van die Petrus-brief bestaan uit *vier groot oproepe* op grond van die feit dat God die gelowiges as weergeborenes gemaak het. So verklaar die Bybellennium hierdie oproepe:

- *Die eerste* is 'n oproep om alle hoop op die genade te vestig en om te sorg dat die lewenswandel heilig is (1:13-25).
- *Die tweede* is 'n oproep tot jou persoonlike groei en tot saamgroei met medegelowiges (2:1-10).
- *Die derde* is 'n oproep tot goeie gedrag in verskillende verhoudings en ten spyte van verontregting (2:11 – 4:19).
- *Die vierde* is 'n oproep tot korrekte gedrag binne die geloofskring (5:1-11).

Petrus verduidelik (vgl. 1 Pet. 1:17-21) hoe 'n mens se gesindheid teenoor God moet wees as jy jou gedrag nie laat bepaal deur jou natuurlike geaardheid nie. Dit beteken dat die gelowige met sy lewe elke dag *eerbied vir God* moet betoon.

Petrus se oproep in 1:17 laat blyk waaroor dit eintlik in 1 Petrus gaan: die skrywer gee *riglyne* hoe hulle hul lewe moet inrig. In 'n neutedop beteken dit dat 'n mens in jou hele lewe jou eerbied vir God moet betoon deur aan te hou leef soos God wil hê jy moet leef.

In 1:18-19 herinner Petrus die gelowiges daaraan dat hulle *duur gekoop* is, *met die bloed van die Lam*! Die feit dat God Christus uit die dood opgewek het (1:21), en dat 'n mens jou geloof en hoop op God kán rig, want jy weet dat ook jy in die heerlikheid van Christus gaan deel by sy terugkeer (1 Pet. 4:13; Rom. 8:17).

*Sing: Psalm 107:1, 10, 21*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 5 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22-25**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:22-25**

## God is waarborg van en vir sy beloftes

Ongeveinsde liefde (1:22) beteken dat 'n mens nie meer net aan jou eie behoeftes dink nie. Om vir mekaar lief te wees, is nie iets natuurliks nie. Inteendeel, dit verg volgehoue inspanning. Dit moenie toneelspel wees nie. Dit moet van harte wees.

As 'n mens God se liefde besef en ervaar, word jy *gedring* om daardie liefde *uit te straal* na alle gelowiges wat jou pad kruis. Hulle is immers ook weergebore. Julle het dus nou saam God as Vader en is mekaar se broers en susters.

Petrus haal in 1:23-24 uit Jesaja 40:6-8 aan dat alle mense soos gras is; alles waarop hulle staatmaak, is soos 'n veldblom – gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai. "Dit is so, die volk is so, die volk is soos gras. Gras verdorg, blomme
~~~~~~~~~~

verwelk, maar die woord van God bly vir ewig." Petrus doen dit om te beklemtoon die Here self is die waarborg dat die verlossingsboodskap sal realiseer en dat die mens nie te veel van homself moet dink en gevolglik sy lewe net om homself moet laat draai nie.

*God self is die waarborg* van/vir sy beloftes. Daaraan kan die moedelose volk vashou. Die lewe wat God jou gee, moet jy gebruik om Hom te dien. God se beloftes, ook sy beloftes aan Israel van voor die ballingskap, staan vir ewig. Daaraan kan die moedelose volk vashou. Onder andere hou dit in dat jy jou medegelowiges van harte en volhardend liefhet.

*Sing: Skrifberyming 11-1:5, 7*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 6 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:1-5, 9, 10**

### Jy is 'n lewende steen!

God roep uit die duisternis tot die lig deur die kosbare bloed van Christus (1:19). Hy skenk die wedergeboorte in die hart en lewe van sy kinders (1:23).

Wat vra God van jou as wedergebore kind van Hom? Lewe elke dag soos sy verloste kind! Leef jou roeping as Christen met krag en oortuiging uit in tye waar alles in ons land so hooploos lyk!

Petrus beklemtoon eers 'n baie belangrike aspek van hierdie roeping: Begin by jouself en hou op met elke vorm van kwaad, alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery (2:1). Dit is 'n oproep tot bekering. Breek met die sondige praktyke in jou lewe, want alleen so kan jy jou lig laat skyn in 'n hooplose wêreld.

Die positiewe eis is: Voed jou met die melk van die Woord. Verlang daarna soos 'n pasgebore babatjie na die ware, onvervalste moedersmelk … en kom na Jesus Christus toe, die Lewende Steen wat deur die mense afgekeur is. "Kom na Hom toe …" (2:4) en laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis (2:5). Hy het jou as lewende steen in sy ewige Godsgebou "ingemessel".

Twee dinge is belangrik:

- Dank die Here elke dag dat Hy jou met sy kosbare bloed verlos het uit jou sinlose en sondige bestaan. Jy is nou deel van sy koninklike priesterdom en jy is afgesonder as sy eiendomsvolk. Jy is 'n lewende steen in sy huis waarvan Hy die hoeksteen is, die belangrikste steen waarop die hele gebou rus.
- Verkondig hierdie wonder, die evangelie van verlossing deur Jesus Christus (2:9), aan 'n hooplose wêreld en lewe as 'n hoopvolle, heilige priesterdom in 'n hooplose wêreld! Laat jou lig as 'n lewende steen van Jesus Christus helder skyn! Ons koerslose land het 'n diep behoefte hieraan!

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Woensdag 7 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-12**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11-12**

### Lewe elke dag en in alle omstandighede soos ’n verloste kind van die Here!

As gelowige moet jy reg lewe! Nie soos die sondige wêreld nie, maar anders.

Dit is Petrus, een van die 12 dissipels, se oproep in sy brief aan die gelowiges wat vreemdelinge en bywoners in Klein-Asië is: “Gedra julle altyd goed …” (vs 12).

Hulle omstandighede was moeilik omdat hulle as vreemdelinge in ’n vreemde land tussen vreemde mense gewoon het wat nie in Jesus Christus geglo het nie. Omdat hulle geen vaste eiendom mag besit het nie, kon hulle slegs as bywoners verblyfplek kry – wat hulle baie kwesbaar gemaak het. So was hulle uitgelewer aan die eienaar van die grond en was hulle dikwels die prooi van diskriminasie en verontregting.

Petrus bemoedig hulle en sê vir hulle: “Gedra julle altyd goed onder die heidene.” Al beledig hulle julle, al diskrimineer hulle teen julle, al word julle mishandel en beledig omdat julle minderwaardige vreemdelinge en bywoners is … moet dan nie reageer deur dieselfde gesindheid as hulle te openbaar nie. “Gedra julle altyd goed …” Hulle moet julle voorbeeldige lewe sien en God verheerlik. Volhard daarin om te lewe soos verloste kinders van die Here, want so wen julle ander vir die koninkryk van die hemele.

Hierdie opdrag, wat nie so maklik is nie, spreek elkeen van ons aan. Laat jou lig in ’n donker wêreld skyn. Wees lewende getuies van Jesus Christus, al stel dit by tyd hoë eise. ’n Moeilike opdrag! Al is hierdie gelowiges in Klein-Asië in die oë van ander minderwaardige bywoners, van die laagste sosiale stand, is hulle voor God nie vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en huisgenote van God, lewende stene van die gebou waarvan Christus self die hoeksteen is (Ef. 2:19, 20).

Wat ’n kosbare erfenis! Dit is ook jou kosbare erfenis as ’n gelowige kind van die Here!

*Sing: Psalm 16:3 (1936)*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 8 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:13-17**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:13, 15**

### Doen goed, selfs in ’n hooplose wêreld!

Ons belewe tans besonder moeilike tye in Suid-Afrika. As gelowiges wonder ons hoe ons moet optree in ’n gebroke wêreld, veral teenoor die owerhede wat oor ons gestel is wat nie hulle Godgegewe verantwoordelikhede nakom nie (lees gerus Art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis). Dinge soos bedrog, korrupsie en selfverryking is aan die orde van die dag.

Vir Petrus, die skrywer van hierdie brief, is die beginsel wat deurgaans geld die *wil van die Here*. “Omdat die Here dit wil, moet julle jul onderwerp aan elke menslike owerheid” (vs 13), en: “Dit is die wil van die Here dat julle deur goed te doen, ’n einde sal maak aan
~~~~~~~~~~

die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat" (vs 15). Die eis is duidelik. Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God (Rom. 13:1).

Onthou: Petrus gee in sy brief riglyne vir die gelowiges wat in Klein-Asië vreemdelinge en bywoners is (vgl. vorige oordenking), mense sonder burgerskap en politieke regte. Hulle het geen regte om hulle op te beroep nie. Hulle moet hulle lig in 'n hooplose wêreld laat skyn deur "goed te doen" (vs 15), deur te lewe as hoopvolle, heilige priesterdom in 'n hooplose wêreld!

Daar is dus twee dinge waaraan ons ons optrede teenoor die wêreld moet toets:

- "Die wil van die Here." Dit is die wil van die Here om ons deur owerhede te laat regeer.
- Deur "goed te doen". Moenie kwaad met kwaad beantwoord nie, maar beantwoord die kwaad deur goed te doen.

So kan ons as verlostes in Jesus Christus verkondigers van God se wil wees in 'n donker wêreld en so 'n positiewe bydrae in 'n hooplose wêreld lewer. Uiteindelik, met die wederkoms van Jesus Christus, sal alle aardse owerhede verdwyn en sal al Gods kinders rondom sy troon geskaar wees, waar ons tot in ewigheid sy wil sal doen!

*Sing: Psalm 31:1, 3 (1936)*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 9 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:18-23**

### In die voetspore van Jesus

Die goue draad wat deur hierdie hoofstuk loop, lê opgesluit in die woorde van die tema hierbo: "In die voetspore van Jesus." Tree in alle opsigte op soos wat Jesus opgetree het. Hy is ons rolmodel. Soos wat Hy gehoorsaam was aan die wil van sy Vader, moet ons gehoorsaam wees aan Hom, selfs onder die moeilikste omstandighede wat op ons lewenspad mag kom. Vra altyd na die wil van die Here. Hy het nooit leuens vertel nie (vs 22), Hy het niemand beledig nie, selfs nie toe Hy beledig is nie (vs 23), Hy het niemand gedreig toe Hy lyding verduur het nie (vs 23). Hy het alles oorgelaat aan sy hemelse Vader wat regverdig oordeel.

Petrus pas hierdie beginsel toe op diensknegte (bediendes/slawe). Onderwerp julle aan julle werkgewers, al is hulle soms onredelik en al moet julle by tye onverdiende lyding verduur, omdat julle bo alles aan God getrou wil wees. Die oproep is: As God se kinders op aarde moet ons anders lewe as die sondige wêreld rondom ons. Ons moet wandel in die voetspore van Jesus. Soos wat Hy ter wille van ons onverdiende lyding verduur het, moet ons in gehoorsaamheid aan Hom bereid wees om dieselfde te doen. Deur sy onverdiende wonde (lyding) aan die kruis het daar vir ons genesing gekom. As onskuldige moes Hy vir al ons sondes betaal.

Wandel in die voetspore van Jesus! Alleen so kan ons hoop in 'n hooplose wêreld bring!

*Sing: Skrifberyming 14-1:3*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Saterdag 10 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:7**

### Hou aan om die regte dinge te doen, al kry julle swaar!

Getroudes kan soms 'n vreemdelingskap beleef, omdat een huweliksmaat ongelowig is. Daar is hoop vir so 'n huwelik. Jy is tog deel van die uitverkore volk van God, uit die duisternis geroep na sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).

Christene se gesonde huwelikslewe was 'n groot rede vir die fenomenale groei van die kerk tot 300 nC. Ongelowiges wou graag met gelowiges trou! In 'n hooplose wêreld, met baie gebroke of vreugdelose huwelike, kan die 1 Petrus 3-huwelik weer nuwe hoop gee. Daar kan lig uit jou huwelik straal, wanneer jy as Christenman of –vrou hierdie pad volg!

Petrus skryf aan gelowiges wat lyding deurgemaak het, sleg behandel is, nie geëer is nie. Hy bemoedig hulle op 'n unieke manier: Hou aan om die regte dinge te doen, al kry julle swaar! Dit hoor die getroude vroue ook – veral hulle wat met ongelowige mans getroud was. Die mans was letterlik "ongehoorsaam aan die woord". Hulle het die evangelie verwerp en ook bespot. Wees selfs aan daardie mans onderdanig.

Maar hoe? Moenie slegte behandeling met aggressie beantwoord nie. Sonder om 'n woord te sê, kan jy deur jou Godvresendheid en jou voorbeeldigheid jou man vir Christus wen. Pleks van uiterlike versiering, moes 'n innerlike skoonheid uitstraal. Haar andersheid as Christen lê in haar beskeidenheid en kalmte van gees.

Die getroude mans hoor ook: Hou aan goed doen! Jou vrou het deel aan die lewe – uit genade, nes jy! Tree wys op, eer haar as vrou. Seën wag dan op jou gebedslewe.

*Sing: Psalm 45:9, 10 (1936)*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 11 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:8-12**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:9**

### Julle is GEROEP!

Nie minder nie as vyf maal word in hierdie Petrusbrief 'n appèl gemaak: Julle is deur God GEROEP om in 'n hooplose wêreld hoop te bring. Geroep … tot heilig wees (1:15), na die lig om verlossing te verkondig (2:9), om lyding te verdra (2:20-21), tot die ewige heerlikheid (5:10).

In ons fokusgedeelte val die klem op hoe ons teenoor mekaar moet leef. Ons is GEROEP om mense wat ons kwaad aandoen, te seën! So het Jesus in die Bergrede gepreek: "Seën die mense deur wie julle vervloek word" (Luk. 6:28).

Wat 'n verskil kan ons nie maak nie! In 'n wêreld waar haat en nyd heers, wraakgierigheid, selfsugtige begeertes, hoogmoed en allerlei lelike gesindhede wat mense uitmekaar dryf, behoort die kinders van die hemelse Vader 'n helder lig van hoop uit te straal. Binne die gemeentes behoort lidmate eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig en
~~~~~~~~~~

nederig te wees. Dit moet oorspoel na ander buite die kring van gelowiges.

Ons leef as begenadigdes, wat God se liefde in Christus ontvang het. Hy het ons geseën toe ons veroordeel moes word. Christus was bereid om te ly, maar terselfdertyd vir sy vyande te bid. In heilige regverdigheid het God se liefde vir sondaars geseëvier. Hy is so anders as die voorstelling van ander wraaklustige afgode, wat met magswellus wil heers.

Daarom is ons GEROEP om die lieflike geur van sy lewegewende heiligheid en goedheid te versprei. Nie kwaad met kwaad vergeld nie, nie terug beledig nie, nie vervloek nie – nee, seën, soos wat jy seën ontvang het!

*Sing: Psalm 134:4 (1936)*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 12 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-20**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:17**

## Dis ’n voorreg om te ly

Om aan te hou goed doen, is die verantwoordelikheid van elke lid van die kerk van Christus. Wie in sy spore loop, moet gereed wees om lyding deur te maak. Petrus beskryf die gelowiges van destyds as “vreemdelinge”. En dit het nie verander nie, want burgers van die hemelse koninkryk leef nie in pas met die wêreldse ryke nie.

Elkeen verwag om geprys te word wanneer jy goed doen – ook deur nie-Christene. Maar nou gebeur dit nie. Lyding volg soms – ongeag jou goeie optrede. Hoe reageer ons op die haat, kwaadpraat en vervolging deur ongelowiges? Óf met goed doen, óf met kwaad doen! Daar is vroeër geskryf: *Gedra julle altyd goed onder die heidene …* (1 Pet. 2:12).

Onthou die volgende:

- Dis ’n voorreg om te ly, al doen jy goed.
- Moenie vir mense bang wees nie – behou heilige eerbied vir Christus.
- As iemand vra, verduidelik jou Christelike hoop – met beskeidenheid en eerbied vir God.
- Hou jou gewete skoon, sodat lastering as leuens uitgewys kan word.
- Lyding wat God toelaat wanneer jy goed doen, is nog beter as lyding wanneer jy kwaad doen.

Ja, elke vorm van swaarkry is nie altyd weens navolging van Christus nie! Wie egter ly terwyl jy God dien, word bemoedig. Soos Jesus ervaar het, is daar vir jou die belofte van oorwinning en heerlikheid. Volhard op sy spore. Doen God se wil. Doen altyd goed. Wees getuie voor die ongelowiges. God sal jou te midde van lyding seën laat ervaar – nou en in die eindtyd.

*Sing: Psalm 73:1, 10 (1936)*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Dinsdag 13 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:21-22**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:21**

### Jesus Christus is die waarborg van ons redding

Ek meen dat elkeen wat hier lees, gedoop is. Watter hoop gee dit ons?

Die eerste lesers was ’n klein groepie, verspreid in die Romeinse Ryk. Te midde van ’n see van heidene was die vraag: Watter sin het ons geloof? Daar was min erkenning vir Christene – eerder vyandigheid, uitstoot uit die vroeëre vriendekring, vrees vir behoud van hulle werk, bang vir vervolging.

Petrus haal Noag se tyd aan. Ten spyte van die see van verdorwenheid (Gen. 6:5), is ’n klein klompie tog bewaar. Die sondvloed het tegelyk gereinig en gered. Die water het die aarde skoongemaak van sonde, maar ook die ark opgelig en veilig gedra. Net so is die doopwater teken en seël van reiniging en redding. Die doop was nie self die sonde af nie, maar gaan gepaard met gebed om vergifnis daarvan. Jesus Christus is die waarborg van ons redding. Ons gewete is skoon, want Hy het vir ons sondeskuld betaal. Opgestaan en verhef tot die regterhand van God. Heerser oor alle bose geestelike magte, dié wat nasies aanhits teen die klein groepie gelowiges.

Voel ons so gering in die see van afvalligheid? Met groeiende valse leer, miskenning van die Skrifgesag, spot met Christelike waardes, vervolging van Christene – watter hoop is daar vir my wat glo? Hou vas aan die beloftes van die Drie-enige God by jou doop. Hy sal daaraan getrou bly, soos Hy getrou was aan Noag en sy gesin. Wanneer die reg-verdige oordeel aanbreek, sal die gelowiges met Christus seëvier oor alle teenstanders.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 5, 6*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 14 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:1-6**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:1, 2**

### Christus se lyding en ons lyding

Die gelowiges aan wie Petrus geskryf het, was mense wat swaar onder vervolging gely het. Hulle was in Klein-Asië die uitlanders, en daarom byna vanselfsprekend die veront-regtes. Om hulle te bemoedig, sê Petrus: *“Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte bewapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afge-reken het …”*

Tot watter mate is ons bereid om ter wille van Christus te ly? Om te sê jy glo, is maklik, maar wat van die lyding – liggaamlik en om selfs doodgemaak te word? In ons land word dit deesdae al hoe moeiliker om jou geloof vry en onafhanklik te beoefen. Toe Paulus aan die Filippense oor sy geloof in Christus en sy diensbaarheid in die koninkryk skryf, het hy gesê: *“Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood …”* (Fil. 3:10).
~~~~~~~~~~

Christus het sy lewe vir ons afgelê. Omdat ons deur ’n ware geloof in Hom ingelyf is, behoort ons ook bereid te wees om ons lewe vir Hom af te lê. As jy bereid is om liggaamlik vir Christus te ly en hierdie tydelike aardse lewe op te offer, sê Petrus, *“… sal jou lewe, vir die res van jou aardse bestaan, nie meer beheers word deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God”* (vs 2).

Wêreldse begeertes soos losbandigheid, dronkenskap, wellus en afgodery is nie meer deel van iemand wat in Christus lewe nie. Ons nuwe lewe in Christus word onder leiding van die Heilige Gees volgens God se wil beheer.

*Sing: Skrifberyming 14-4:1, 2, 3*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*

**Donderdag 15 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-11**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:10**

## Gawes in die gemeente – God se plan van aksie

Petrus bemoedig die gelowiges wat, ter wille van hulle geloof, vervolg is. Hy verseker hulle dat die Here hulle nie bloot aan hulle omstandighede uitlewer nie. In die eerste plek moet hulle verstaan dat die einde van alles naby is.

Petrus se lesers, sowel as ons vandag, lewe in die laaste dae – die tyd waarin ons op die wederkoms wag. Die Here Jesus is gedurende hierdie tyd met ons op pad na die ewige Vaderhuis. In hierdie omstandighede, waar ons in Christus se lyding deel, moet elke gelowige selfbeheersd en nugter wees sodat ons kan bid. Toegewyde gebed is immers die bewys van ’n lewende geloof.

Verder versorg die Here diegene wat aan Hom behoort op ’n besondere manier. Hoe doen Hy dit? Hy gee aan elkeen wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf is ’n genadegawe om te kan dien: *As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God moet elkeen, namate hy ’n genadegawe ontvang het, die ander dien* (vs 10).

Die liefde tussen gelowiges word sigbaar sodra elkeen die gawe wat hy ontvang het, gebruik om sy/haar medegelowiges met die Here se liefde te bedien. Petrus verwys hier na twee groepe of tipes gawes, naamlik om te preek en om te dien. Sommige gelowiges kry die gawe van welsprekendheid en ander weer die gawe om praktiese hulp en bystand te gee. Met hierdie ryke verskeidenheid van gawes (vgl. 1 Kor. 12 en Rom. 12) bou die Here sy gemeente. Gelowiges ondersteun, bemoedig en vermaan mekaar sodat die gemeente tot geloofsvolwassenheid kan groei en God in alles verheerlik word (vgl. Ef. 4:15, 16).

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*

~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~

**Vrydag 16 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:12**

**Vertrou jou lewe aan God toe en doen goed**

Hoewel ons dit nie tans in ons land in so ’n ernstige mate beleef nie, is die ervaring om ter wille van jou geloof te ly, ’n noodwendigheid. Petrus sê dit is ’n vuurproef en geen gelowige moet daaroor verbaas wees nie, want dit is nie iets vreemds nie. Hy stel dit selfs sterker as hy sê: *“Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel …* en: *“Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus.”*

Christenskap en lyding loop saam. Wanneer ’n mens vervolg word en beledig word ter wille van die Naam van Christus, is dit die bewys dat die Heilige Gees in jou woon. As ek en jy die Here se Woord onverskrokke verkondig en sy liefde onbevrees uitleef, sal die wêreld ons haat (vgl. Joh. 15:18, 19).

Hoe moet ’n gelowige die lyding hanteer? In die eerste plek moet jy seker maak dat jou lyding ter wille van Christus is, en nie as gevolg van jou eie sondige optrede nie. Verder is dit belangrik om te weet dat jy deur jou lyding steeds God verheerlik. Jy doen dit deur onder leiding van die Heilige Gees goed te doen – deur jou vyande lief te hê, vir jou vervolgers te bid en diegene wat jou kwaad aandoen, met die goeie te bedien (vgl. Rom. 12:18-21).

Op hierdie wyse het duisende ongelowiges al die Here Jesus leer ken, want sulke teennatuurlike optrede laat die heidene en goddeloses se monde van verbasing oopval. Hulle wil graag weet wat ons geheim is, en dan kry ons die geleentheid om die evangelie aan hulle te verkondig.

*Sing: Skrifberyming 15-3*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 17 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-4**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:1-4**

**Moedig die ouderlinge aan om getroue en diensbare herders te wees**

Om ’n ouderling te wees, is nie meer ’n gesogte dienswerk in die gemeente nie (1 Tim. 3:1). Dis harde en opofferende werk – veral as ouderlinge dit doen soos die Here Jesus ons hier leer. Ouderlinge moet immers die gemeente dien en nie oor hulle baasspeel nie. Selfs in die wyse waarop Petrus homself “mede-ouderling” noen, openbaar die Here Jesus dat mense nie oor mekaar aangestel word om te heers nie, maar om mekaar versorgend te dien.

Om ’n ouderling te wees, is egter heerlike werk. Om soos ’n skaapwagter ’n klompie van die Here se kudde onder jou sorg te hê en na al hulle geestelike behoeftes om te sien, is ’n wonderlike voorreg. Om saam met mense die lewenspad te loop en die Woord van die Here aan hulle te bedien in al hulle lewensomstandighede, is ’n voorreg. Om hulle te
~~~~~~~~~~

vertroos, te bemoedig, om hulle op die regte pad te wys en saam met hulle daardie pad te bewandel – want goeie ouderlinge wys nie net die regte pad aan nie, hulle stel self vir die gemeente die voorbeeld hoe om die Opperherder te volg.

Dit kan net gebeur as jy en jou ouderling die Opperherder, Jesus Christus, getrou volg en dien. Wie Jesus getrou volg en dien, ontvang dan ook ’n wonderlike genadeloon. Die Here Jesus sal met sy wederkoms aan jou ’n oorwinnaarskrans gee. Moedig daarom die ouderlinge aan om jou en die gemeente as getroue herders te dien. Onthou ook om altyd vir hulle te bid!

*Sing: Psalm 23-2:1*

*Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 18 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-7**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:5-7**

### Gelowiges is nederige mense wat op God vertrou

Jy moet vir die wêreld wys wie jy is wat jy kan doen! Met trots en baie geraas moet jy vir die wêreld wys hoe belangrik jy is! So sê die wêreld. Wat sê Christus? Hy leer ons hier dat almal wat Hom volg, nederige mense is wat op God vertrou. Hy leer ons hier om nederigheid soos ’n voorskoot aan te sit en onsself aan ander diensbaar te maak soos Hy ’n voorskoot aangesit het om sy dissipels se voete te was. Om nederig te wees, is om jouself vrywillig onder iemand anders se belange te skik en ander mense se belange eerste te stel.

Hoe kry ons dit reg? Ons vertrou op God om na ons belange om te sien. Ons hoef nie ons eie waarde of grootheid te bevorder of te beskerm nie! God sal dit doen. Hy sal die trots en eiewaan van die wêreld afbreek en ons op die regte tyd verhef – nou in hierdie lewe – en eendag met sy wederkoms wanneer Christus uit genade ons voor God waardig sal noem.

Die trotse mense vertrou ook op homself om te sorg, en vergaan onder die druk daarvan. Genadiglik kan ons al die sorge van ons lewe op God plaas – eenkeer en vir altyd! En God belowe dat Hy vir ons sal sorg! Ja, vir alles wat ons nodig mag hê. So buig ons nederig onder die kragtige, versorgende hand van God en vertrou rustig op Hom.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 7*

*Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 19 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:8-11**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:8-11**

### Christus is jou krag en skuilplek wanneer die duiwel jou aanval

Die Here waarsku ons hier teen twee aanvalstaktieke van die duiwel. In die eerste plek laat die duiwel jou baie gerus voel. So asof alles in jou lewe reg is en jy van hom begin vergeet! Daarom waarsku die Here jou: Wees wakker en wees nugter! Moenie laat oënskynlike voorspoed en vrede jou waaksaamheid verslap nie! Wees altyd gereed vir sy aanvalle, want hy gaan jou nie uitlos nie! Hy is ernstig besig om jou lewe te bedreig met allerhande versoekinge en deur beproewinge! Wees dus altyd gereed.

In die tweede plek probeer die duiwel ons deur beproewinge moedeloos maak. Hy probeer ons geloof ten gronde rig deur lyding en beproewinge wat ons moet deurmaak. En dikwels duur dit lank en onophoudelik! Daarom bemoedig die Here ons deur ons daarop te wys dat dit deel van ons lewenspad is, maar veral deur ons daarop te wys dat Christus ons krag gee om die lyding en swaarkry te deurstaan. Christus het belowe dat Hy ons deur die Woord en die Heilige Gees die krag sal gee om teen Satan te kan stry. Daarvoor gee Hy ons al die nodige gevegstoerusting (Ef. 6).

Belangrikste is egter die belofte van oorwinning! Die duiwel sal jou nie wen nie! Christus het hom klaar oorwin en Hy sal jou bewaar totdat die stryd verby is. Soek dan jou krag in die Here en skuil by Hom wanneer die duiwel jou aanval.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1*

*Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 20 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:1-4**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:1**

### Rots op die Rots

Die inleiding van ’n brief is nie juis iets waarby ons stilstaan nie. Maak dit regtig saak of dit nou Paulus of Petrus is wat ’n brief skrywe? Is dit nie maar in elk geval die Heilige Gees wat alle Bybelskrywers inspireer om te sê wat gesê moet word nie?

Versigtig nou. Ons hoor dat Jesus se dissipel homself as Simeon bekendstel. Dit is sy eienaam. So het sy ouers hom genoem. Ons lees verder dat hy Petrus is. Dié naam het Christus aan hom gegee toe Simeon Hom bely het as die Seun van die lewende God (Matt. 16:18). Petrus beteken “rots”. Die belydenis van Petrus is inderdaad die rots waarop Christus sy kerk bou.

Ongelukkig het die mens Simeon by meer as een geleentheid in die pad gestaan van die ampsdraer Petrus. Kort voor die kruisiging het hy Christus verloën (Matt. 26:69-75). Op daardie oomblik het Satan vir Simon soos koring gesif (Luk. 22:31). Toe was Simeon geen rots, geen Christusbelyer nie.

In sy tweede brief noem die apostel homself doelbewus Sim(e)on Petrus. Hy skryf vir
~~~~~~~~~~

mense “wat net so ’n kosbare geloof as ons verkry het”. Dit is mense wat baie bevoorreg is, maar tog in ’n lewenstryd staan. Die stryd is veral teen vals leraars en spotters wat ’n losbandige, laat-maar-gaan lewenstyl propageer. Dwaalleraars ontken ook die wederkoms van Christus.

Simon Petrus waarsku sy lesers teen die dwaalleer van die spotters. Pasop dat julle in julle menswees nie aan mooi praatjies toegee nie. Julle het tot kennis van God en die Here Jesus Christus gekom (vs 2). Deurleefde kennis van Christus dryf die gelowige tot ’n lewe wat aan God toegewy is (vs 3).

Kennis – saam met vertroue is dit die twee bene waarop geloof staan (HK So. 7). Kennis is vir die Christen onontbeerlik. Ken jou Verlosser. Ken sy beloftes en eise (vs 4). Dan is jy ’n rots wat op dié Rots bou. Met besielde kennis vlug jy vir die verdorwenheid van die wêreld. Op grond van Skrifkennis trek jy die lyne duidelik. Sê van harte “ja” vir alles wat reg is. Maar sê ook met groot oortuiging “nee” vir dit wat God nie wil hê nie. Daaroor gaan Petrus se tweede brief. ’n Uiters relevante brief vir ons in 2018.

*Sing: Psalm 31:1 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 21 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:5-11**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:10**

### Maak vas – en maak gou

Sommige woorde val vreemd op die gereformeerde oor. Jou gereformeerde voelhorinkies tel ’n vibrasie op wat jou laat wonder: Wat gaan hier aan? “Julle moet julle des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak”, skryf Petrus. “Want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.” Dit kan mos nie waar wees nie? Dit is immers God wat in sy genade mense vir Hom uitverkies en roep. Hoe kan die apostel sê dat die mens dit moet vasmaak?

Dit is inderdaad so dat uitverkiesing en roeping uit-en-uit Goddelike genadewerk is. Dit neem egter nie weg dat die mens wat uit genade tot kind van God verkies en geroep is, ’n groot verantwoordelikheid het nie. So werk dit altyd in God se verbond met ons. Elke gawe is ’n opgawe. Belofte en eis loop onskeibaar hand aan hand.

Hoe maak ’n mens jou verkiesing en roeping vas? Petrus wys op ’n “ketting” van dinge wat moet gebeur.

- Verkiesing en roeping het allereers met jou geloof te doen. Jy moet ywer, dit is: groei en werk in geloof.
- By die geloof word die deug gevoeg. ’n Gelowige lewe ’n moreel hoogstaande lewe tot eer van God.
- By die deug kom die kennis. Kennis van God en sy Woord is onmisbaar vir ’n lewe in diens van God.
- Saam met die kennis loop selfbeheersing. ’n Gelowige gee nie toe aan sy eie drange en begeertes nie, maar onderwerp hom aan die wil van God.
- Op die selfbeheersing volg lydsaamheid en godsvrug. Dit is noodwendig so. Om ’n verkore en geroepe gelowige te wees, is nie altyd maklik nie.
~~~~~~~~~~

- Ten slotte: Jy beleef broederliefde en naasteliefde. Liefde in en buite die kerk.

Die “ketting” begin met geloof; dit eindig met liefde. Wie hierdie dinge doen, dra vrugte wat by die geloofsboom pas. Uit die vrugte van ons geloof kan ons sekerheid kry (HK So. 32). Heerlike geloofsekerheid. Maak dus vas jou roeping en verkiesing. Beywer jou daarvoor. Maak gou, want die tyd loop uit.

*Sing: Psalm 25:6 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 22 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:12-15**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:12**

**’n Tyd om die stokkie aan te gee**

Sterfbedgesprekke is gesprekke wat ’n mens nie sommer vergeet nie. In sy tweede brief beskryf Petrus ’n onvergeetlike sterfbedgesprek. Hy stel sy apostoliese testament op skrif.

Soos ’n kampeerder wat besig is om op te pak voordat hy vertrek, sien Petrus hoe hy binnekort sy liggaamlike tentwoning moet verlaat. Voordat dié oomblik aanbreek, gee die apostel laaste opdragte aan hulle wat agterbly. Die aflosstokkie moet vir die volgende geslag aangegee word.

Wat moet die mense weet wat op aarde verder leef as die Here vir Petrus in sy hemelse heerlikheid opneem? Die apostel skryf: “Ek sal nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie.” “Hieraan”: dit is aan hulle roeping en verkiesing waaroor hy in die vorige verse geskryf het.

Sy lesers is nie onbekend met al die dinge wat Petrus hieroor vir hulle gesê het nie. Inteendeel, hulle weet waar hulle in geloof staan. Hulle weet ook dat hulle in genade mag vasstaan in die waarheid wat by hulle is. Tog moet die sterwende apostel hulle herinner. Herinnering is noodsaaklik, want ’n mens is besig met baie dinge. Soms raak ’n mens selfs bietjie vergeetagtig. In die volle gang en drukte van die lewe kan dit wat die belangrikste moet wees, op die agtergrond skuif.

Herinnering aan dit wat reg en goed is, is lewensbelangrik. Oor die krag van God se genade en die erns om die Here met alles wat jy is en het, te dien – daaroor moet die ouer geslagte met hulle nageslagte praat. Jonger geslagte moet met oop ore luister as die oueres met hulle hieroor praat. Alleen só kan ons wakker bly in ons geloof, terwyl ons die lewe voluit leef.

Gesprekke met die ouer garde, en veral sterfbedgesprekke, is besonders. Die belangrikste waaroor ’n mens dan praat, is “onthou Wie die Here is en wat Hy doen”. Testamente is kosbaar. Die mees kosbare wat jou ouers in hulle testament vir jou kan nalaat, is jou opvoeding in geloof en liefde vir God. ’n Geestelike erfenis. ’n Onmisbare erfenis.

*Sing: Psalm 71:11 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*
~~~~~~~~~~

**Vrydag 23 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:16**

### Vaste grond onder die voete

In Februarie 1992 het ’n boek op die Nederlandse mark verskyn met die titel “Het algemeen betwijfeld Christelijk geloof”. Dit is ’n skrikwekkende titel. Dit is nog meer skrikwekkend om te bedink dat die boek in drie maande se tyd agt herdrukke beleef het. Mense is verward, angstig, vreesagtig oor geloof en kerk, sê die skrywer. Daar is soveel teorieë en uiteenlopende menings oor godsdiens. ’n Mens weet nie meer wie waaroor reg is nie. Die boek kon net sowel in Suid-Afrika in 2018 gepubliseer wees. Of in die dae toe Petrus sy tweede brief geskryf het.

Dwaalleraars en spotters sit die lesers van Petrus se brief voortdurend onder druk. Waar God in sy Woord uitroeptekens plaas, plaas hulle vraagtekens. Net soos Satan in die paradys met sy vraag “Is dit ook so dat …?”, terwyl God uitdruklik sê: Dit ís so! God se Woord kom in gedrang. Nie net die Woord nie, maar ook die profesie, die verkondiging van die Woord, kom in die spervuur. Profete en apostels wat God stuur om sy Woord te bedien, word bevraagteken en weerstaan. Petrus het dit self ondervind.

Daarteenoor stel die apostel dat hy op ’n dag saam met Johannes en Jakobus getuies van ’n aangrypende gebeurtenis was. Hulle het met hulle eie oë gesien hoe Christus op die berg verheerlik is. Hulle het met hulle eie ore gehoor hoe die Vader verklaar dat Christus sy geliefde Seun is (Mark. 9:2-7). Dit wat hulle gesien en gehoor het, verkondig hulle. In die mond van die drie dissipels staan die saak vas. Hulle profesie is waarheid: Christus die Verlosser kom langs die pad van kruisdood en hel tot oorwinning. Hy vaar op na die hemel. Hy kom weer. Petrus vestig sy lesers se aandag in besonder op Christus se wederkoms.

Met die oog op Christus se wederkoms moet ons in geloof vasstaan. Vasgeanker wees in die “algemene, ontwyfelbare, Christelike geloof” wat ons elke Sondag in die erediens mag bely. Heilige mense, deur die Heilige Gees gedrywe, het van God gespreek. Dit was lank gelede. Vandag het ons die Woord op skrif. God se heilige Woord, waarop ons ons bestaan geheel en al grond. Ongetwyfeld.

*Sing: Psalm 33:5 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 24 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-10a**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:9**

### Wees gewaarsku! Daar sal valse profete en dwaalleraars kom!

Dwaalleraars en valse profete het die kerk binnegedring, is vandag nog besig en sal tot en met die wederkoms van Christus daarop uit wees om hulle dwaalleer te versprei. In hierdie tweede Brief waarsku Petrus die Here se kerk teen dié wolwe in skaapsklere.
~~~~~~~~~~

Listige teenstanders wat gelowiges mislei, op sleeptou neem en uitbuit met valse leer en profesieë.

Petrus maan tot onderskeiding! Gelowiges moet die geeste op die proef stel en altyd die Skrif as enigste maatstaf neem. Dit is die toets: *"... geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer het mense die woord wat van God kom, verkondig"* (1 Pet. 2:20-21). God se Woord staan vas! Enige menslike oorwegings en profesieë moet blootgestel word aan die evangelie wat soos 'n lamp in 'n donker plek skyn.

As Koning van sy kerk hou Jesus Christus die wag. Hy beskerm sy gemeente teen die aanslae van die bose en dra sorg dat die poorte van die doderyk dit nooit oorweldig nie. Daarvoor hou die Heilige Gees sy kerk in hierdie wêreld op die Weg van die waarheid.

As Regter oordeel Hy regverdig. In verse 4-10a noem die apostel voorbeelde uit die heilsgeskiedenis: die sondeval in die hemel, die sondvloed en die gebeure rondom Sodom en Gomorra.

Petrus kom tot die gevolgtrekking, en dit is ons troos vandag: *"Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf ..."* (:9).

Vir dié wat 'n ander evangelie verkondig, lê hier 'n uitdruklike waarskuwing en vermaning. Daar is nog tyd, keer terug na God en sy Woord! Vir die gelowige wat vashou aan die evangelie, getrou bly en die oorwinning behaal, wag die heerlike kroon van Jesus Christus.

Mag die Here sy kerk en elke lidmaat vashou in die beproewende tye waarin baie vreemde winde waai!

*Sing: Skrifberyming 15-7:4*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 25 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:10b-17**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:9**

### Staan vas in die waarheid en laat hoor jou profetiese stem!

Wanneer Petrus oor dwaalleraars en valse profete praat, draai hy geen doekies om nie! Die mense is besig om onberekenbare skade in God se kerk en Koninkryk aan te rig. Aangevuur deur hulle gierigheid, is hulle oogmerk om die kinders van die Here uit te buit.

Die apostel vergelyk hierdie dwaalleraars met die gevalle engele wat teen God gerebelleer en uit die hemel gewerp is met die mense wat met Noag die spot gedryf het toe hy die ark gebou het, en met die inwoners van Sodom en Gomorra wat God deur die uitleef van hulle eie drange verag het. Sulke vals leraars sal enigiets doen en sê om munt te slaan uit God se kerk, maar die Here hou reeds vir hulle 'n plek gereed in die ewige verdoemenis.

Dwaalleraars versteur die vrede en goeie orde in die kerk, verag Christus se gesag en sy Woord en plaas hoër waarde op hulle eie "profesieë". Hulle verlei ander met hulle valshede, skep verwarring en twyfel en verlei mense tot onsedelikheid en ander wanpraktyke. Om dié redes, en nog vele meer, verwys Petrus na hulle as *"verstandlose, wilde diere wat*
~~~~~~~~~~

*voortgebring word om gevang en doodgemaak te word"* (:12).

Ook ons leef in 'n goddelose tyd waarin daar daagliks stemme opklink wat nie die suiwere evangelie laat hoor nie. In die sosiale media word ons gebombardeer met getuienisse van wondergenesings, demoniese bindings, gesigte en drome, hemelse profesieë en wonderwerke.

Wat moet ons as gereformeerde lidmate hiermee maak? Ons het die roeping om vas te staan in die waarheid en te bly by dit wat God ons leer. As ons nie geanker is in die suiwere evangelie nie, as ons nie gedurig bid om die leiding en krag van die Heilige Gees nie, sal ons soos die branders van die see heen en weer gedryf word.

Bid daarom gedurig dat die Here jou die wysheid, onderskeidingsvermoë en liefde sal skenk om toe te neem in die fyn aanvoeling vir die waarheid en God se wil.

*Sing: Skrifberyming 15-5:5, 7*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 26 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:18-22**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:21**

**Dit sou vir hulle beter gewees het …**

God se oordeel en straf oor valse profete en dwaalleraars sal verskriklik wees! Hulle sal gemeet en beoordeel word volgens God se wet. Want daar was 'n tyd in hulle lewe toe hulle die waarheid geken, die wet bemin en in onderdanigheid voor Christus gebuig het. Maar nou het hulle alles verwerp en die rug gekeer. Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle nooit Christene geword het nie, maar nou het hulle die enigste Verlosser en Saligmaker verloën.

Petrus beskryf hulle dwase optrede vanuit Spreuke 26:11: *"Soos 'n hond wat na sy braaksel toe terugkom, so is 'n dwaas wat dieselfde dwaasheid weer begaan."* Hy voeg by: "'n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder" (:22).

Valse profete het die bevrydende waarheid van die evangelie leer ken, maar weer teruggeval in hulle sondige lewe van vroeër. Hulle staan skuldig voor God en moet uit die kerk geweer word. Op 'n stadium word dit openbaar wie en wat hulle werklik is – vyande van God! Dit is maklik om hulle uit te ken: Hulle bring 'n vreemde leer en praat lasterlik van dinge wat hulle nie verstaan nie. Hulle word gekenmerk deur 'n gedurige soeke na selfbevrediging en 'n weerstand teen die Skrif.

Nie net waarsku Petrus die kerk teen dwaalleer en valse profete nie, ook druk hy jou en my op die hart om seker te maak dat ons in die waarheid bly. En dit is: Jesus Christus het vir ons sondes gesterf, Hy is uit die dood gewek en het sy Heilige Gees gegee om ons in God se wil te lei. Daarom moet ek en jy elke dag leef in die verwagting van die Here Jesus se wederkoms, wanneer Hy sal oordeel oor die wêreld, alles nuut sal maak en ons tot Hom te neem.

*Sing: Skrifberyming 15-3:3*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*
~~~~~~~~~~

**Dinsdag 27 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-7**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:4**

### Hy kom – al spot die wêreld hoe!

Vir Petrus is daar geen twyfel nie: Christus kom *weer*, al spot die wêreld hoe! Vir ons is dit ’n belangrike bevestiging. Om ons woel die mense en spot en lag ligtelik oor gewigtige geloofsdinge. ’n Groot deel van die wêreld leef asof Hy nie weer kom nie. Tog, Christus kom weer. Teen die dwalinge van sy tyd moet Petrus ook oor die wederkoms skryf. Hy wil hê hulle moet helder dink. Hulle moet onthou: Christus kom beslis weer. Dit staan vas en seker.

Daar is mense wat sê dat niks verander van geslag tot geslag nie. Alles gaan maar net hulle normale gang. Oor al die eeue bly dinge onveranderd. Daarom redeneer hulle: Laat ons leef asof Hy nie weer kom nie. Nou bevestig Petrus kragtig, duidelik – baie sterk – Hy kom weer:

- Vir die gelowiges is dit tot troos.
- Vir die ongelowige tot oordeel.

Die spotter sal bespot word en elke knie sal voor Hom buig. Die werklikheid van die wederkoms versterk ons in ons roeping, motiveer ons in ons dag-tot-dag bestaan, laat ons die dwalinge teenstaan. Bo alles leer ons om die tyd uit te koop, om Hom te dien – met hart en siel en al ons krag.

Die rede vir die spotters se afwys van die wederkoms is juis omdat hulle eie begeerlikhede het waarmee hulle hulself besig hou. Hulle hou nie van die moontlikheid dat die wederkoms ’n werklikheid kan wees nie. Petrus skryf hulle is moedswillig. Daarom herinner hy hulle daaraan dat dit sy tweede brief is waarin hy wil hê hulle moet mooi dink, en suiwer dink: Christus kom, al spot die wêreld hoe. Moenie moedswillig wees nie. Hy kom.

*Sing: Psalm 2-1:1*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 28 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:8-13**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:10**

### Hy kom – sy tyd is *nie* ons tyd nie

Die mens sê maklik: Daar is nog baie tyd. ’n Tydjie voor ons sterf, ’n tydjie voor die wederkoms. Hoe weet ons? Ons weet Hy kom weer, maar wanneer? Petrus het reeds geskryf Hy kom beslis weer. Nou skryf hy Christus kom op *sy* tyd. Nie ons tyd nie.

As mens vergeet ons maklik: *God se tyd is nie ons tyd nie.* Wanneer die wederkoms plaasvind en wanneer dit jou laaste dag op aarde is – dit weet Hy alleen. As Hy uitstel, langer vat as wat die mens verwag, is dit juis ter wille van die mens. Ter wille van ons. Hy gee geleentheid tot bekering. As die mens maar net wil onthou: Hy kom soos ’n dief in die nag. Hy wil hê ons moet ALTYD gereed wees vir wanneer Hy kom.
~~~~~~~~~~

Die rede hoekom Hy wag, lê juis in sy lankmoedigheid. Hy gee geleentheid vir inkeer. Terwyl ons wag, moet ons dan saam met die wêreld spot? Moet ons dan ook kla dat Hy nie kom nie? Moet ons kleingelowig raak? Nee, ons moet vroom en toegewyd lewe. Ons moet let op ons wandel en ons godsvrug. Ons moet leef asof die tyd van die Here vandag is. Ons weet daar kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Ons is gereed en sien daarna uit.

Dit is tot ons voordeel dat ons nie weet wanneer Hy kom nie. Nou is die opdrag duidelik. Wees altyd gereed en leef asof jy gereed is. Die alternatief is om te leef asof Hy nie kom nie. Hy kom – op sy tyd en volgens sy raadsplan. Daarom dank ons Hom vir sy genade en wag ons voorbereid. Totdat Hy kom.

*Sing: Psalm 118-1:1*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 29 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:14-18**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:14**

## Hy kom – lewe soos Hy eis en nie soos jy wil nie

Christus kom weer. Hy kom op sy tyd. Juis daarom kan Petrus verder skryf: Totdat Hy kom, moenie moedswillig wees nie, moenie lewe asof jy nie gereed is nie – lewe soos God eis. Juis omdat ons weet Hy kom, moet ons lewe soos Hy van ons eis en nie soos ons wil lewe nie. Die woorde wat Petrus gebruik, is *vlekkeloos* en *onberispelik* tot vrede.

Ons kan baie ongeduldig word, omdat dit voel of Christus se tyd van wederkoms net nie aanbreek nie, of ons kan so op Hom fokus, vir Hom lewe, Hom soek – ons kan vlekkeloos en onberispelik wandel. Laasgenoemde is wat ons moet doen. Moenie ongeduldig word omdat Hy nie kom nie, moenie saam met die wêreld spot nie, gebruik die tyd om die regte dinge op te soek en die regte dinge te doen. Terwyl die Here die geleentheid gee, oefen om mooi te lewe.

Mense gaan die Skrif verdraai. Mense gaan spot. Mense gaan dink Hy kom nie meer nie. Maar omdat ons weet Christus kom, wees geduldig en lewe vlekkeloos en onberispelik. Tot vrede. 'n Ewige vrede.

Die groot gevaar is dat 'n mens in die tyd wat ons wag, meegesleep sal word deur die verleidinge van hierdie wêreld. Moenie. Terwyl ons wag, laat ons goed doen.

Ons moet die tyd gebruik om toe te neem in die kennis en genade van die Here Jesus. Ons moet groei in ons verhouding met Hom, naby Hom leef. Ons moet weet Hy kom. Ons spot nie saam nie, ons wag vir Hom op sy tyd, intussen lewe ons soos Hy eis en nie soos ons wil nie.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 30 Maart (Goeie Vrydag)**

**Skrifgedeelte: Judas :1-19**
**Fokusgedeelte: Judas :1, 17**

**Stry teen dwaalleer deur vas te hou aan die waarheid en op God te vertrou**

Ons lewe in ’n tyd waar baie mense sal sê dat ons teenoor alles verdraagsaam moet wees. Ook in die kerk is verdraagsaamheid vir baie mense belangriker as waarheid. Die gevolg is dat dwaalleer maklik gesien word as iets wat nie te erg is nie.

Tog is die Nuwe Testament vol van waarskuwings teen dwaalleer. Die brief van Judas waarsku gelowiges teen die verwoestende gevolge van dwaalleer. Dwaalleraars het die gemeente binnegedring en het net vir hulleself gelewe. Dit het tot verdeeldheid gelei.

Hoe stry gelowiges teen dwaalleer? Deur vas te hou aan die waarheid van God se Woord en te onthou wat God doen. Hy het sy kinders geroep om aan Hom te behoort. Hy het ons lief en bewaar ons. Hy is die Een wat Jesus Christus gestuur het om in ons plek te kom sterf. Aan die kruis het Hy ons losgekoop van die sonde en die dood, sodat ons as kinders van God Hom in gees en waarheid kan aanbid. Sodat ons die troos het dat ons ewig aan God behoort en dat Hy ons veilig bewaar.

God oordeel regverdig. Daarom is hierdie gedeelte vol van voorbeelde uit die Ou Testament wat dit duidelik maak dat God regverdig oordeel en dat die uiteinde van die goddeloses die ewige dood is.

Mag ons dwaalleer verdra? Nee! Ons moet daarteen stry deur vol van die Gees en Woord te onthou wie ons in Jesus Christus is: mense wat deur God geroep en afgesonder is. Mense vir wie Hy lief is. Só lief dat Hy ons deur Jesus Christus bewaar. Ons is duur gekoop deur sy bloed. Jesus Christus het nie gesterf ter wille van verdraagsaamheid nie. Hy het gesterf sodat ons ewig aan God behoort. Onthou dit en stry vir die waarheid en teen dwaalleer!

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 31 Maart**

**Skrifgedeelte: Judas :20-25**
**Fokusgedeelte: Judas :20, 21**

**Stry teen dwaalleer deur jou lewe op jou geloof te bou**

Die stryd teen dwaalleer word nie net gestry deur dwaalleer uit te wys en dwaalleraars teen te staan nie. Die stryd word ook gestry deur op ’n spesifieke manier te lewe. Deur jou lewe op ons allerheiligste geloof te bou. Dit wat jy glo, bepaal jou manier van lewe. As die Here ware geloof in jou hart werk, gaan dit jou lewe verander. Dit gaan in jou lewe vrug dra. Daarom moet ons onsself gereeld vra wanneer ons die Here se Woord bestudeer: Wat verwag die Here moet ek nou doen?

- Hierdie gelowige lewe word deur groei gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om te bou!
~~~~~~~~~~

- Dit word deur vertroue op God gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om te bid!
- Dit word deur God se liefde gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om in God se liefde te bly; om Hom met vreugde lief te hê soos Hy ons in sy Woord leer.
- Dit word deur die verwagting van Jesus Christus gekenmerk – deur jou oog op Hom te hou en na sy wederkoms uit te sien.
- Dit word deur liefde vir ander gelowiges gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om ons te ontferm oor dié wat twyfel as gevolg van dwaalleer en deur alles te doen om mense met die waarheid te bedien sodat hulle uit die vuur geruk kan word.
- Dit word deur onderskeidingsvermoë gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om versigtig te wees en sonde te verafsku.
- Dit word deur vreugde in die Here gekenmerk – Hy is die Een wat ons bewaar en ons onbevlek ewig in sy heerlikheid gaan laat deel. Hoe kan mens nie bly daaroor wees nie?!

Stry teen dwaalleer deur jou lewe op jou geloof te bou tot God se eer!

*Sing: Psalm 31-1:1, 6, 15*

*Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)*




***1 EN 2 TESSALONISENSE***

*In beproewing sien ons met gespanne verwagting uit na Christus se wederkoms*

*Tessalonika was 'n besige hawestad en ook die hoofstad van die Romeinse provinsie van Macedonië. Paulus skryf na alle waarskynlikheid beide die briewe aan die Tessalonisense vanuit die stad Korinte in die jare 51-52 nC. Paulus moes Tessalonika redelik vinnig verlaat omdat hy en sy geselskap vervolg is (Hand. 17:1-10). Nadat Paulus vir Timoteus na die gemeente gestuur het om te wete te kom hoe dit met hulle gaan, het Timoteus 'n goeie berig gebring oor die gemeente se standvastige geloof (1 Tess. 3). Paulus skryf met dankbaarheid 'n brief vol blydskap oor die gemeente se geloof wat die hele streek deur weerklink het.*

*Hy skryf ook om hierdie mense wat nog so jonk in die geloof was, te bemoedig in hulle vervolging, te vermaan om heilig te lewe en om getrou te wees in hulle werk van elke dag. Hy beantwoord veral vrae wat by die gemeente bestaan het oor die wederkoms van die Here. By die gemeente was daar duidelik 'n lewendige verwagting van die Here se wederkoms.*

*Na die eerste brief afgelewer is, het dit duidelik geword dat hierdie lewendige verwagting skeefgetrek is en dat dit verwarring en selfs dwaalleer veroorsaak het. Ons lei vanuit 2 Tessalonisense 3 af dat daar waarskynlik mense was wat so verskrik en verward was dat hulle opgehou het met werk omdat hulle gedink het dat die wederkoms enige oomblik kon plaasvind.*

*Enkele maande later skryf Paulus 'n tweede brief aan die gemeente om die gemeente opnuut te herinner aan dit wat hy hulle geleer het toe hy by hulle was (2 Tess. 2:5). Eers moet die afval kom en die wettelose mens geopenbaar word (2 Tess 2:3). Hy vermaan die gemeente ernstig dat hulle nie mag leeglê nie en dat hulle gehoorsaam moet wees aan die opdragte wat die apostel gegee het. Die gemeente moet in hulle swaarkry tegelyk met gespanne verwagting en geduld wag op die wederkoms van Christus.*

**Sondag 1 April (Paassondag)**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-5**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:2-4**

### Waarvoor sal God oor jou gedank word?

Dit is ’n dankbare Paulus wat hierdie brief skryf aan die gemeente waar hy met sy tweede sendingreis maar net drie sabbatte kon arbei voor hy deur ’n opskudding van die Jode verdryf is.

Dankbaar … want wat kon drie dae se werk nou werklik tot stand bring? Maar die evangelie het tot hulle gekom met krag en deur die Heilige Gees wat oortuig. Hierdie evangelie is met blydskap ontvang te midde van verdrukking. En waar die kragtige Woord van die Here ontvang word, daar verander lewens. Nuutgemaakte lewens gekenmerk deur die bekende drietal: geloof, hoop en liefde.

- *Die werk van julle geloof* – Deur die evangelie het die Heilige Gees hulle aan Christus verbind, en hierdie verbintenis het vrug gedra. Hulle geloof was nie net iets abstrak nie, maar het hulle tot daadkrag aangespoor. Geloof aan die werk.
- *Die inspanning van julle liefde* – Ook ’n woord vir “werk”, maar werk met inspanning, arbeid. Die liefde vir God en ons naaste is nie net ’n gevoel nie, dit bring jou ook tot selfvergetende ywer en werk … aangevuur deur God se liefde.
- *Die volharding van julle hoop* – Verby die verdrukking wat hulle tydelik moes ervaar, het hulle volhard. Hulle het vorentoe geleef. Hulle het die Here se koms verwag. Daaroor gaan ’n groot deel van hierdie brief handel: oor sy wederkoms.

Kyk vandag indringend na jou gemeente, jou huis, jou eie lewe. Is dit hierdie dinge waarvoor iemand die Here oor jou sou dank? En waar jy so tekortskiet, gaan dan terug na die ontvang van God se Woord, die evangelie wat tot ons kom met die werkende krag van die Gees van God. Dieselfde krag waarmee Hy ons Here Jesus uit die dood opgewek het, wat ons juis op hierdie Paassondag herdenk.

*Sing: Psalm 89-1:6*

*Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 2 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:4-6**

### Die Woord werk omdat God jou uitverkies het

Die uitverkiesing … dit is deel van God se verborge raad en werk. Voor die grondlegging van die wêreld. Vir ons iets verborge, selfs geheimsinnig. Hier skryf Paulus egter aan mense by wie hy net drie sabbatte gewerk het: *Ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het.* Hoe kon hy dit sê? Hy kon tog nie blaai deur God se Boek van die Lewe nie.

Hy kon dit sê, en hy dank God daarvoor, want God se uitverkiesende liefde verander lewens, maak lewens nuut. So dat dit gemerk kan word. En hierdie nuwe lewe word
~~~~~~~~~~

bepaal deur wat jy met die Woord maak. Of eerder: wat die Woord met jou maak.

Paulus weet dat God hulle uitverkies het. Iets daarvan het hy al ervaar toe hy die Woord aan hulle gebring het en opgemerk het hoe die Heilige Gees hulle met krag oortuig. Nog groter was by hom hierdie sekerheid toe hy merk hoe hulle hierdie woord ontvang het. Te midde van verdrukking en teenslae het hulle die Woord ingeneem met 'n blydskap wat die Heilige Gees alleen in hulle kon werk.

Dit gee God alleen in hulle wat Hy in sy ewige liefde uitverkies het. En dit het hulle lewenskoers verander: *Julle het navolgers van ons geword*.

Weet dit: God se ewige uitverkiesing is wel verborge, maar die vrug daarvan kan gesien en gehoor en geleef word.

Twyfel jy soms aan jou uitverkiesing? Moet dan nie in die verborge raad van God probeer delf nie, maar kyk wat jy maak met die evangelie van Jesus Christus wat tot jou gekom het. En as jy onverskillig geword het teenoor hierdie Woord, bekeer jou elke dag, want dit ondermyn jou sekerheid van God se liefde en verkiesing.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2*

*Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 3 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:8-10**

## Die Woord ontvang en uitgedra

As jy God se Woord met blydskap ontvang het, kan jy dit eenvoudig nie vir jouself hou nie. Vir drie sabbatte het die evangelie in Tessalonika weerklink. Toe is die draers van die evangelie verdryf, moes hulle ophou preek in Tessalonika. Maar dit kon die evangelie nie stuit nie … want toe het die Tessalonisense self begin preek.

Hulle het gepreek deur hierdie wonderwoord wat hulle ontvang het, uit te dra – en dit het weerklink nog wyer as Macedonië en Agaje … op elke plek.

Hulle het ook gepreek deur hierdie Woord uit te leef. Hulle het voorbeelde geword. Mense kon die evangelie aan die werk sien in hulle lewens. Mense kon sien hoe hierdie evangelie in hulle lewens ingewerk het, want hulle het hulle van die afgode bekeer en die ware God begin dien.

Hulle het met blymoedigheid en blye verwagting vorentoe gekyk en die opgestane Here uit die hemele verwag. Mense kon dit sien en beleef. Iets het in Tessalonika gebeur, en daardie iets het ander aangespoor, was 'n voorbeeld vir hulle. En so het die evangelie versprei en die kerk van die Here het gegroei.

Dit laat my met opregte selfondersoek na myself kyk. Kan ander werklik met opwinding vertel wat die evangelie aan my gedoen het? En my huis? En my gemeente?

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 4 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-6 (1933/53-vertaling); 1 Tessalonisense 2:1-7a (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:4**

### Sien as waardige kind van God uit na Christus se wederkoms, selfs te midde van swaarkry

Met die eerste aanhoor klink die woorde van hierdie gedeelte na daaglikse dinge wat ons as gelowiges diep seermaak. En as dit al in Paulus se tyd so gegaan het, is dit nog vandag sinvol om die Woord van die lewende God te verkondig? Hoekom dan nog preek en/of kerk toe kom? Om mense tevrede te stel …?

Kom ons nog kerk toe omdat ons na die Woord van God wil luister, of net sodat ook dáár in ons eie behoeftes voorsien kan word? Daar word al hoe meer gesê: *Ek* kom net kerk toe wanneer *ek* ’n *behoefte* het … *Ek* kom net kerk toe wanneer *ek* vertroosting of verlossing *nodig het*. Of dat *my* ouderling darem kan sien *ek* leef nog … Om mense tevrede te stel …!

Veel eerder moet ons doen wat ons Here vir ons in vers 4 sê. Omdat Hý ons *waardig* ag, *moet* ons die reddende evangelie van Jesus Christus sonder ophou verkondig, en dit doen omdat God dit van ons verwag! Selfs al word ons deur die wêreld, en selfs deur ons eie broers en susters beoordeel en veroordeel, moet ons aanhou om deur God getoets te word. Hy sal ons so toets dat ons aan Jesus se belofte sal vashou en vir seker weet: Hy kom weer. Hy kom op die wolke neer!

Doen dit met opregtheid en in afhanklikheid van ons Here. Bid en vra dat die Heilige Gees jou daarin sal lei om onbevrees met hierdie opdrag voort te gaan.

*Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 5 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:7-12 (1933/53-vertaling); 1 Tessalonisense 2:7b-12 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:4**

### Ons leefstyl as babas, moeders en vaders op weg na die Koninkryk van God!

Die gedeelte wat ons vandag gelees het, wys vir ons hoe ons die reddende evangelie van Jesus Christus moet bedien. In sommige vertalings lees vers 7/7b as volg: “Maar ons was soos kinders (babas) in julle midde; soos wanneer ’n ma haar eie kinders koester.”

Paulus gee vir ons drie positiewe eienskappe van hoe die evangelie wel verkondig moet word:

- Ons optrede moet soos dié van ’n babatjie wees – opreg en sonder pretensie. Sonder om mense met allerhande foefies en snaaksighede te probeer beïndruk, opreg en met liefde die evangelie van Christus Jesus aan alle mense te bedien.
- Ons evangeliebediening moet soos die liefde van ’n moeder teenoor haar kinders
~~~~~~~~~~

wees. Soos ’n moeder alles vir haar kinders sal gee en sy haar eie lewe sal opoffer, moet ons ook bereid wees om ons alles te gee wanneer ons die evangelie aan ander mense bring.

- Ons moet soos ’n pa wees. Reguit en op die man af, wat met individuele mense kan praat, sonder om vleitaal te gebruik of heuning te smeer, en met die Woord van God te tugtig en te vermaan wanneer dit ook al nodig mag wees.

Hoe lyk jou en my leefstyl as uitverkiesdes wat die evangelie van Christus het, die evangelie van lewe wat aan ons toevertrou is? Is ons leefstyl geloofwaardig? Is ek en jy lief vir mense, en gee ons genoeg vir hulle om? Genoeg om hierdie lewendmakende evangelie aan hulle soos ’n babatjie, soos ’n ma en soos ’n pa te bedien?

Kom ons leef hierdie genadige roeping uit! Dan sal ek en jy die Koninkryk binnegaan en deel hê aan Christus se heerlikheid.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 6 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13-16**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:14**

## Om Christus in sy lyde te volg

In die brief aan die Tessalonisense skryf Paulus aan die gelowiges in Tessalonika om in die geloof te volhard. Paulus, Timoteus en Silas kon net drie weke daar werk voordat Joodse inwoners ’n oproer bewerk het en hulle die stad uitgejaag is (Hand. 17:1-14).

Terwyl Paulus in Atene wag, stuur hy vir Timoteus om hulle te bemoedig, te verneem of hulle steeds in die geloof vasstaan, en om hulle nog meer te onderrig (1 Tess. 3:5, 6). Die evangelie is aan hulle verkondig, en nou met die berig van Timoteus is hy dankbaar bly om van die gemeente se geloof en liefde te hoor (1 Tess. 1:3; 2:13). Deur die verkondiging van die Woord het hulle soos die ander gemeentes navolgers van die evangelie van Jesus Christus geword. Hulle het nie net dieselfde evangelie gehoor nie, maar die Jode se reaksie was dieselfde as wat die ander gemeentes beleef het. Hierdie gelowiges het ook lyding en vervolging deurgegaan.

Om Christus te volg, beteken nie dat ons net in moeilike situasies sal vra “Wat sou Jesus gedoen het?” nie. Om Hom te volg, beteken dat ons in ons lewe Hom in alles sal volg. Dat ons sal gaan waar Hy gaan, dat ons sal vertoef waar Hy vertoef. Dit beteken ook dat ons Hom in sy lyding sal volg. Ons Here Jesus het ons tog geleer dat die dienskneg nie meer as sy heer is nie, en die leerling nie meer as sy meester nie (Mark. 10:24). Daarom sal die gelowiges in hierdie lewe ook swaarkry wanneer hulle Christus navolg. Dit sal miskien nie altyd fisiese vervolging wees nie, dit kan ook geestelike vervolging wees. Wat ook al gebeur, moet ons bewus wees dat ons dit nie sal ontkom nie.

Tog kan ons seker wees van oorwinning, want daar kom ’n einde aan die lyding van hierdie bedeling. Al is ons soos slagskape in hierdie wêreld, kan ons weet ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons liefgehad het (Rom. 8:36-37). Hy het die dood oorwin sodat ons die lewe kan hê. Alhoewel lyding en swaarkry deel van ons aardse bestaan is, het Christus vir ons die weg gebaan tot die heerlikheid van die ewige lewe by die Vader.
~~~~~~~~~~

Daarom versink ons nie in moedeloosheid nie, maar sien ons uit met hoop en afwagting na die koms van die Oorwinnaar-Koning.

*Sing: Psalm 34-1:1, 3*

*Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 7 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:17 – 3:4**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:19**

## Die getuienis van hoop en blydskap

Paulus wou graag weer die gemeente in Tessalonika te sien kry, want hy dra hulle op die hart. Hy is besorgd dat hulle werk miskien tevergeefs sou wees onder die aanslag van die teenstanders van die evangelie. Hy is egter nie net besorg oor die werk wat hulle daar gedoen het nie. Hy is besorgd, want hierdie gemeente sal ’n getuienis van hulle arbeid in die wederkoms wees. Die gemeente sal nie net ’n getuienis van Christus se Koningskap in hierdie wêreld wees nie, die kerk sal ook ’n getuienis van die apostels se arbeid voor die Koning, Jesus Christus, wees.

Nou is die vraag hoe hierdie getuienis van die kerk voor Christus sal wees. Die verlange wat Paulus het om die gemeente te sien, sal nie tevergeefs wees nie. Paulus beskryf dit met drie woorde – hoop, blydskap, en kroon van roem. Die hoop wat hulle op die Tessalonisense plaas, staan nie los van die hoop in God nie. Tog leef hulle met die hoop dat hulle nie tevergeefs onder die Tessalonisense gewerk het nie. Paulus en sy medewerkers sal in die wederkoms ook vreugde hê in die werk van hulle geloof, die inspanning van hulle liefde en die volharding van hulle hoop (1 Tess. 1:3).

Die gemeente sal verder ’n getuienis van blydskap voor die troon van Christus wees. Ware geloof en volharding in die liefde bring nie net blydskap en vreugde op aarde nie, maar ook blydskap in die hemel. Wanneer Christus weer kom, sal die vreugde groot wees wanneer die gemeente voor Hom gestel word, want hulle leef deur die verlossing wat Hy bewerk het. In die blydskap wat daar is, sal hulle eindelik die kroon van roem ontvang. Dit is die oorwinnaarskroon wat elke gelowige sal ontvang wat die wedloop voltooi het.

In vandag se lewe word daar baie oor die kerk gepraat en wat die kerk se rol hier op aarde is. Ons moet tog besef dat die getuienis van die kerk verder as net hier op aarde strek. Eindelik sal die kerk van Christus voor sy troon gestel word, en waar die geloof, liefde en hoop in Christus sigbaar geword het, sal daar vreugde en blydskap in die hemel wees. Daar sal blydskap wees, want dit is die getuienis dat die werk van Christus volbring is.

*Sing: Psalm 97-1:1, 5*

*Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 8 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 3:5-10**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 3:8**

## Staan vas en leef!

Die geweldige onsekerheid wanneer ons op nuus van iemand wag, kan ons dikwels met kommer vervul. Paulus was diep bekommerd dat hierdie klompie gelowiges weer sal terugval in die heidendom waaruit hulle kom. Hy het rede tot kommer, want in drie weke kon hy nie die fondamente van die geloof vaslê nie. Daar is nog baie wat in die kennis van hulle geloof ontbreek, en daar is nog soveel onsekerheid oor die toekoms van hierdie gemeente in Tessalonika.

Dan kom die berig van Timoteus: Hulle staan vas in die geloof. Die mense in Macedonië praat oor die geloof en die liefde wat onder hierdie klompie gelowiges sigbaar word. Die verligting wat Paulus uitspreek, is amper tasbaar in die gedeelte wat ons kon lees. Nou leef ons as julle in die Here vasstaan!

Vergeet nie vir een oomblik nie dat die aanslag van die ongelowige Jode nog fel teen die kerk van Christus woed. Die apostels bedien die evangelie in lewensgevaar, want hulle word verjaar en vervolg. Die moontlikheid van die dood is ’n daaglikse realiteit, maar te midde van die aanslag kan Paulus net in verligting uitroep: Nou leef ons! Vir hom en sy medewerkers was hierdie goeie nuus soos ’n opstanding uit die dood van hulle bekommernis. Dit te midde van die feit dat hulle eie omstandighede dikwels droewig is.

Waar die geloof in Christus groei en die vrug van geloof, liefde en hoop sigbaar word, sal die vreugde en die blydskap van die lewe altyd duidelik word. Die ouer of grootouer wat dood van bekommernis is oor ’n kind wat aan die verleiding van die wêreld blootgestel is, leef weer wanneer daar by hulle kind ’n getuienis van geloofstandvastigheid is. Dit is tog nie vreemd nie, want die regverdige sal deur die geloof lewe, ook wanneer ander se geloofsgetuienis sigbaar word. Ons leef daagliks binne die realiteit van die dood om ons. Laat ons bly wees en God dank vir die oorvloedige getuienis van geloofstandvastigheid waarvan ons hoor. Dit bevestig ook net weer: Deur die geloof leef ons.

*Sing: Psalm 86-1:1, 3*

*Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 9 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-6**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1**

## Daders van die Woord (1) – ’n Heilige lewe

Mense wat opreg in die Here Jesus glo en sy wederkoms verwag, is ook mense wat *doen* wat die Here sê. Hulle weet immers waarheen hulle op pad is!

Paulus het nie lank in Tessalonika gewerk nie. In baie moeilike omstandighede het hulle die Woord aangeneem met ’n blydskap wat van die Heilige Gees kom (1 Tess. 1:6). So het die prediking daar grondgevat soos die saad in die goeie grond (Matt. 13:8).
~~~~~~~~~~

Daarom kan Paulus hom ook telkens beroep op die *kennis* wat hulle het van die Here se wil oor hoe 'n mens moet lewe, en dat hulle *doen* soos hulle geleer is. Daar is egter steeds ruimte vir verbetering! Kan dit ernstiger gestel word as juis só: "In die Naam van die Here Jesus Christus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe."

God wil dat sy kinders *heilig* sal lewe. 'n *Heilige* lewe staan teenoor 'n *onsedelike* lewe wat deur hartstog en begeertes gedryf word, "soos die heidene wat nie vir God ken nie". Hoe baie van die liedjies wat die bekende sangers vandag sing, is nie juis 'n aanprysing en verheerliking van die hartstog en begeertes nie? God het 'n baie ryker lewe vir sy kinders bedoel as ons kyk met hoeveel liefde Hy die mens as man en vrou gemaak het en juis die kosbare beeld van die huwelik gebruik om die innige en lewende band tussen Hom en sy kinders te verduidelik.

"Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" (Matt. 5:48).

*Sing: Psalm 128:2 (1936)*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 10 April**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:13-15; 1 Tessalonisense 4:4-8**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:6-7**

## Daders van die Woord (2) – Moenie rondloop nie!

Koning Dawid staan in die Bybel bekend vir sy toegewyde lewe. Was dit dan in 'n oomblik van swakheid dat hy gaan kuier het by sy mooi buurvrou Batseba, die vrou van Uria?

Wat hom ook al besiel het om so iets doms te doen, wys dié tragiese geskiedenis (1) hoe maklik dit is om die pad byster te raak en toe te gee aan menslike hartstogte, en (2) dat God sulke dinge straf. Dit moet die Tessalonisense, wat werklik 'n voorbeeldige gemeente was en van harte na die wederkoms van Christus uitgesien het, ook baie goed weet – en Paulus wys in sy oproep om 'n heilige, toegewyde lewe dan ook spesifiek op die kwessie van *getrouheid in die huwelik*!

God *sien* dit as mense in ontrouheid rondloop! Ontrouheid is moeilikheid soek! As jou regteroog of jou regterhand jou laat struikel, het Jesus in die Bergpredikasie in die gedeelte oor kuisheid gesê, is dit beter om dié ledemaat af te kap en van jou af weg te gooi. Dis beter as net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland! As Dawid ook maar net sy regterhand wou afkap deur sy onbehoorlike gedagtes oor Batseba summier te stop!

Hoekom het die Here nie meer die offers by die altaar aangeneem nie? Maleagi 2:14 sê: "Dit is omdat die Here *weet* wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is; jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou belowe het."

God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe!

*Sing: Psalm 19:7 (1936)*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Woensdag 11 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:9-12**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:11**

### Daders van die Woord (3) – Broederliefde

Ná die mooi getuienis oor die gemeente se broederliefde in vers 9 en 10 kan ’n mens amper nie dink dat hulle nog daarop kon verbeter nie. Al weet ons nie presies watter probleme daar in hierdie verband was nie, wys die klem op selfversorgendheid en om jou met jou eie sake besig te hou, tog op iets wat nie pluis was nie. Dit word later bevestig in die volgende brief, 2 Tessalonisense 3:6-12.

Om self in jou lewensonderhoud te voorsien, al gaan dit soms moeilik, en nie van ander afhanklik te wees nie, het baie voordele. Behalwe dat dit jou uit die kwaad hou, word jy nie vir ander ’n las met jou behoeftes nie en dwing dit ook respek af by mense buite die gemeente. Hierin het Paulus self ’n voorbeeld gestel met sy hardwerkendheid in hulle midde, om nie vir iemand ’n las te wees terwyl hy vir hulle preek nie. Dan word hardwerkendheid juis ’n bewys van liefde vir mekaar – 1 Tessalonisense 2:9.

Hoe lyk ’n lewe wat werklik aan God toegewy is? Jy sien dit volgens 1 Tessalonisense 4:1-12 onder andere in iemand se sedelike lewe, naamlik dat hy/sy nie hartstog-gedrewe soos die heidene is nie, in die getrouheid binne die huwelik en in die manier waarop broederliefde prakties grondvat! God het baie oor dié dinge te sê. *Doen dit!*

*Sing: Psalm 128:1 (1936)*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 12 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13, 14 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13**

### Moenie onkundig wees nie

Laat ons vir ’n oomblik ons die omstandighede van die eerste-eeuse gelowiges in Tessalonika voorstel. Hulle lewe sowat 20 jaar ná die dood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Die vlam van hoop op sy spoedige weerkoms brand nog (1 Tess. 1:10; 2:19 ens.). Maar, intussen is daar geliefdes en medegelowiges wat besig is om dood te gaan. Wat gaan dan nou van hulle word? Gepaardgaande hiermee, die vraag: Hoe lyk my eie toekoms die dag as ek finaal die hoof neerlê?

Die apostel Paulus vermaan en bemoedig hulle, maar ook ons. Laat ons nie treur soos dié wat geen hoop het nie. Dit is nie verkeerd om te treur nie, maar die gelowige se smart oorskadu nie die hoop wat hy/sy in die evangelie het nie. Te midde van die hartseer, die verlies en miskien die bekommernis weet ons dat die gelowiges wat gesterf het terwyl hulle in Christus glo, die hoop op ’n eie salige opstanding het.

Op grond waarvan hoop hulle dit? Christus het self gesterf en weer opgestaan en omdat die gelowiges *in Christus* leef, is hulle nou ook deel van die opstanding wat met sy eerste koms gepaardgegaan het. Die gelowiges wat voor die wederkoms sterf, se verne-
~~~~~~~~~~

derde liggame word dan in ’n oomblik verander *om gelykvormig te word* aan die Here Jesus se eie *verheerlikte liggaam* (Fil. 3:20, 21). Saam met dié wat dan nog lewe, gaan hulle hul Verlosser tegemoet.

*Sing: Psalm 89:1, 3 (1936)*

*Ds. (Gustav Opperman (Matlabas)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 13 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:15-18 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:18**

### Bemoedig mekaar

Die gemeente in Tessalonika word nie oor alle aspekte van die dood en die wederkoms ingelig nie. Dit was ook nie Paulus se bedoeling nie, maar hulle moes ’n paar kernwaarhede goed begryp en mekaar daarmee vertroos en aanspoor.

Hierdie feite kan soos volg opgesom word: Jesus Christus kom weer. Die gelowiges wat intussen te sterwe kom, slaap net. Met die wederkoms word hulle in heerlikheid opgewek. Hulle en dié wat met die wederkoms nog lewe, sal dan vir altyd by die Here wees.

Dit is veral laasgenoemde waarheid wat ons so dikwels miskyk. Gesprekke en bespiegelinge rondom die eindtyd word oorheers deur vrae oor die toekoms van die aarde, die weersien al dan nie van geliefdes in die hemel, ensovoorts. Die werklike troos, die grootste bemoediging lê nie in die plek of die moontlike reünie daar met vriende en familie nie, maar in die teenwoordigheid van Christus.

Die verlange om by Christus te wees, het ook die apostel Paulus se lewe oorheers. Vir hom was dit *verreweg die beste* (Fil. 1:23). Dit is ook die hoogtepunt van die toekomsverwagting van die skrywer van die brief aan die Hebreërs, wat die grootste van hemelse heerlikheid sien in die teenwoordigheid van *die Middelaar van die nuwe testament* (Heb. 12:24).

Wanneer ons medegelowiges dus te sterwe kom, wanneer ons eie sterfdag aangebreek het, het ons nie die einde van die pad bereik nie, maar is ons betekenisvol nader aan daardie Verlosser wat ons in ons belydenis as ons Enigste Troos in lewe en in sterwe leer ken.

*Sing: Psalm 73:10, 11 (1936)*

*Ds. Gustav Opperman (Matlabas)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 14 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-3**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:3**

### Sien uit na die dag van verlossing!

In 1 Tessalonisense 5 gaan dit oor die dag wanneer Jesus Christus weer na die aarde toe terugkom.

Paulus bespreek hierdie dag uit die perspektief van die mense wat nog lewe tydens die wederkoms van ons Here. Hy skrywe aan die gelowiges en beklemtoon dat daardie spesifieke tyd en datum vir mense op die aarde onverwags sal wees, soos 'n dief wat in die nag kom om jou besittings te steel. Die woorde van die mense herinner aan die optrede van die mense in die tyd van Noag, wat ongesteurd geëet en gedrink en getrou het terwyl die oordeel van die Here op hande is (Matt. 24:37-39)!

Vandag is bitter min mense bekommerd oor die tyd wanneer die Here Jesus Christus weer kom. Byna almal gaan ongestoord hulle eie gang en lewe asof vrede en rus vir altyd sal voortduur. Maar die dag van die Here sal skielik en onverwags aanbreek. Vir ongelowiges sal dit 'n verskriklike dag van oordeel wees. Rus en veiligheid is 'n gawe wat God vir sy kinders gee as deel van die verlossing van Jesus Christus (vgl. Ps. 4:9; 29:11; Jes. 32:17).

Volgens Romeine 8:6 hou die sondige natuur van die mens hom besig met dinge wat op die dood uitloop, maar deur die krag van die Heilige Gees hou gelowiges hulle besig met dinge wat lewe en vrede bring. Vir hulle sal dit 'n dag van verlossing wees waarna hulle kan uitsien.

*Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5*

*Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 15 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:4-8**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:8**

### Geveg om lewe en dood

Die gelowiges hoef nie bang te wees as die dag van die Here aanbreek nie. Hulle is mos mense van die lig en nie van die donker nie.

Lig staan teenoor donker soos orde teenoor chaos staan, soos veiligheid teenoor gevaar staan, soos blydskap teenoor jammerte staan, soos waarheid teenoor leuen staan, soos die lewe teenoor die dood staan, en verlossing teenoor oordeel staan. Dit is die teenoorgestelde van mekaar en kan nie gelyk saam daar wees nie.

As gelowige moet jy die "lig so laat skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (Matt. 5:16). Jy moet geestelik gereed wees en net die dinge doen wat met wakker bly en nugterheid geassosieer word, naamlik selfbeheersing, goeie oordeel en goeie onderskeidingsvermoë.

Paulus gebruik die vergelyking van die kleredrag van 'n soldaat om aan die gelowiges
~~~~~~~~~~

die belangrikheid van geloof, liefde en hoop op verlossing te beklemtoon. Net soos wat die borsharnas en die helm vir 'n soldaat noodsaaklik is om die geveg te oorleef, net so is geloof, liefde en hoop op verlossing vir gelowiges noodsaaklik om in staat te wees om hulle te verdedig.

Soos soldate, is ons ook in 'n lewensgevaarlike situasie. Petrus beskrywe dit: “Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind” (1 Pet. 5:8). Mag die Heilige Gees ons help en die krag gee om te oorwin.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 16 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:9-11**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:11**

### Help mekaar en bou mekaar op in hierdie tyd

Christene lewe as kinders van die lig (1 Tess. 5:4-8). Tydens die wederkoms van die Here Jesus Christus hoef gelowiges nie bang te wees nie, want God se doel is nie om hulle te veroordeel nie. Hulle sal verlossing deur Jesus Christus ontvang. Die verlossing kom gelowiges toe wat al gesterwe het of wat nog lewe tot by sy wederkoms.

Met hierdie woorde moet gelowiges met die oog op die wederkoms mekaar troos en opbou. Om te troos, kom daarop neer dat iemand anders gehelp word in die krag van die Heilige Gees (vgl. Rom. 15:19). Die Heilige Gees is immers ons “Voorspraak” of “Trooster” by die Vader.

Paulus moedig elke gelowige aan om by te dra tot die geestelike opbou van die geloofsgemeenskap waarin hy staan. 'n Bouery is nie iets wat eensklaps gebeur nie, maar dit is 'n proses waarby talle insette en werk betrokke is. Dieselfde gebeur as gelowiges geroep word om mekaar op te bou. In die proses van opbou dra gelowiges saam aan mekaar se laste, hulle is saam bly oor suksesse wat behaal word, en alles gebeur tot seën van mekaar.

Ons as gelowiges vandag moet ook daarmee volhou om ander te help en hulle op te bou. Gelowiges is van mekaar afhanklik. Die bouwerk het met al die onderlinge verhoudings te doen waarin die geestelike karakter daarvan ook 'n rol speel. Doen jou deel van die bouwerk. Dit is bowenal die ware werk van God en Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5*

*Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 17 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-18**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12, 13**

### Erken diegene wat leiding gee in die kerk van die Here

Dit is verbasend dat die apostel Paulus en sy medewerkers Silvanus en Timoteus in die bedrywige hawestad Tessalonika, met sy ongeveer 100 000 inwoners, daarin kon slaag om binne enkele weke ’n gemeente van Christus op die been te bring (Hand. 17). En, soos orals, ook leiers aan te wys om die gemeente op die regte pad te lei (Hand. 14:23). Hy het die Joodse sinagoge besoek en talle Jode en godvresende Grieke het sy boodskap van Christus wat moes ly en uit die dood opstaan, aanvaar. Afgunstige Jode het egter ’n oproer veroorsaak en Paulus en sy helpers moes uit die stad vlug. Spoedig hierna skryf Paulus ’n brief om die gemeente geestelik te versterk.

Een van die opdragte wat hy aan die gemeente gee, is om die leiers wat in die gemeente werk, te erken, hoog te ag en in vrede met mekaar te leef. Hierdie erkenning van die kerkleiers is egter nie ’n blinde erkenning wat altyd blinde gehoorsaamheid vra, al dwaal die leiers ook af en al doen hulle lelike en verkeerde dinge, nie. Nee, die leiers ontvang hulle opdrag immers van die Here, die *Here* is dus die eintlike leier in die kerk en die kerkleiers mag dus slegs doen wat die *Here* van hulle verwag. Wanneer hulle afdwaal en die gemeente op ’n dwaalspoor lei, moet God meer gehoorsaam word as die mens (Hand. 5:29).

Verder verdien die kerkleiers hoë agting, nie vanweë hulle as persone nie, maar vanweë hulle werk. Hulle werk is om die kudde van Christus teen dwaalleraars te beskerm, hulle in die geloof op te bou, hulle vir hulle dienswerk toe te rus en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Hier is dus twee vrae om te beantwoord. Aan die kerkleiers: Lei julle waarlik die kudde van Christus soos ware herders? En aan die gemeente: Ag julle jul leiers werklik as ware dienaars van Christus?

*Sing: Psalm 33:1, 2 (1936/2001)*

*Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 18 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-18**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:14, 15**

### Leef ’n ware Christelike lewe!

Paulus is begaan oor die welsyn van hierdie jong gemeente en gee aan hulle duidelike wegwysers vir die Christelike lewe.

“Leeglêers” moet tereggewys word. In die gemeente was lidmate wat verwag het dat Christus só spoedig sou terugkeer dat hulle maar kan ophou om te werk (4:11). Aan hulle sê die apostel: Wag en werk gaan saam. Terwyl julle wag op die wederkoms, moet julle werksaam bly. Die Bybel het nie plek vir niksdoeners nie.
~~~~~~~~~~

Die “kleinmoediges” moet moed ingepraat word. Hulle probeer was dat hulle gedink het as hulle sterf, sal hulle die heerlikheid van die wederkoms van Christus misloop. Maar, sê Paulus, dié wat bly lewe tot die wederkoms van die Here, sal nie ontslapenes nie vóór wees nie (4:15). Dié wat ontslaap het, sal opstaan en ons sal almal saam vir altyd by die Here wees.

’n Verdere opdrag is om die “swakkes” te help. Die swakkes verwys moontlik na diegene wat swak is op sedelike gebied en nie hulle hartstogte kan beheer nie (4:3-8). Dit kan ook wees dat hulle as jong gelowiges nog swak is in die geloof. Omdat die gemeente van Christus ’n eenheid vorm, moet lidmate mekaar onderling ondersteun en bystaan.

“Wees met almal geduldig” is die volgende opdrag. Geduld is een van daardie uitsonderlike deugde wat verhoudings laat werk en staande hou. Beoefen dit, sê Paulus, in die gemeente, maar ook buite die gemeente, ook teenoor nie-Christene. So kan hulle dalk vir Christus gewen word.

Nog ’n opdrag is: “Sorg dat niemand ’n ander kwaad vir kwaad vergeld nie.” Dis so menslik om kwaad met kwaad te vergeld, maar Paulus sê telkens: Moenie! (Rom. 12:17) Daar is ’n spreuk wat lui: Om goed met kwaad te vergeld, is duiwels; om kwaad met kwaad te vergeld, is dierlik; om goed met goed te vergeld, is menslik; om kwaad met goed te vergeld, is goddelik. Die mens, geskape na die beeld van God, moet altyd God in sy lewe weerspieël.

Die laaste opdrag is: “Jaag altyd na wat goed is.” Teenoor almal, Christen en nie-Christen. Ons moet aan alle mense goed doen (Gal. 6:10). Die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10).

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 19 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-18**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:16-18**

**’n Lewe van blydskap, gebed en dankbaarheid is wat God altyd van ’n Christen vra**

In die vorige verse het Paulus gefokus op die lewe van kerkleiers, asook hoe Christene in die gemeente behoort te lewe. In verse 16-18 vra hy aandag vir die persoonlike geloofslewe en hy noem drie dinge: blydskap, gebed en dankbaarheid.

- “Wees altyd bly.” Blydskap is een van die kenmerke van die Christelike lewe, en Paulus het ’n hele brief oor hierdie onderwerp geskryf: die brief aan die Filippense. Een van die kenmerke van blydskap is dat dit *altyd* daar is. Dis nie afhanklik van goeie of slegte omstandighede nie – nee, selfs in die tronk in Filippi kan Paulus en Silas nog lofliedere sing (Hand. 16:25).
- “Bid sonder ophou.” Die Christelike lewe is ’n lewe van gebed. Daarvoor is afsonderlike tye en plekke nodig, ’n binnekamer byvoorbeeld (Matt. 6:6). Eintlik moet ’n mens se hele lewe ’n gebed wees, ’n deurlopende gesprek met God, as jy sit of loop, as jy lê of werk, altyd kan jy met die Here praat en na sy stem luister. Welwetend dat die Heilige Gees jou in alle gebede ondersteun en versterk (Rom. 8:26).
- “Wees in alle omstandighede dankbaar.” ’n Dankbare lewe is ’n dankie-sê lewe, in
~~~~~~~~~~

voorspoed en in teenspoed. Die gelowige weet immers dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

Blydskap, gebed en dankbaarheid – dit is God se wil in Christus Jesus vir die gelowige. Wie enigsins ’n besef het van die bevrydende liefde van God vir sondige mense, sal Hom altyd daarvoor dankbaar wees, altyd daaroor bly wees en altyd in gebed daarvoor dank.

Wat maak ’n mens blyer en dankbaarder as om van die sonde, die bose magte en uiteindelik die dood bevry te wees? En God dan daarvoor in gebed te dank?

*Sing: Psalm 33:1, 2, 11 (1936)*

*Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 20 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:23**

**Totdat Hy weer kom …**

Ons Here Jesus het belowe dat Hy na die hemel toe gaan om vir sy kinders plek te berei, en dat Hy weer sal kom om sy kinders vir ewig saam met Hom te neem.

Al die wonderlike werk wat die Here *in* sy kinders se lewens gedoen het, en die lieflike werk wat Hy *vir* sy kinders gedoen het, trek in hierdie blye dag saam. Op hierdie geweldige dag in die geskiedenis van die mensdom bevry Christus finaal die hele skepping van die verganklikheid en vernietig Hy al sy teenstanders.

Soos mense deur die geskiedenis telkens foute oor die presiese tyd van die wederkoms van Christus gemaak het, het die gelowiges in Tessalonika ook in twee uiterstes verval: een groep het die wederkoms te gou verwag (sommer in hulle eie leeftyd), en die ander groep het die wederkoms sommer as menslike versinsels en praatjies afgemaak.

Om oor die presiese tyd van sy wederkoms (al dan nie) te bespiegel, is nie vir God se kinders bedoel nie. “Net die Vader weet dit” (Matt. 24:36). Wat God se kinders wél moet weet, is dat:

- Christus weer op die wolke kom;
- Hy gou weer kom;
- sommiges Hom nie verwag nie en dus nie gereed sal wees nie; en
- mense van die lig/dag wakker en gereed is en Hom inwag.

Totdat Hy weer kom, moet God se kinders nie alleen passief op Hom sit en wag nie, maar toegewyd aan en onberispelik voor God lewe. Geloofsafwagting op die wederkoms hou in dat ek elke dag my werk getrou sal verrig. Meer nog: dat my hart en mond, deur die manier hoe ek werk, die lof van die Here sal verkondig … want Hy kom vir seker!

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 21 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:23-24**

### God bewaar my vir my eindbestemming!

Is my volharding, my getrouheid aan die Here tot die einde toe, die gevolg van of die voorwaarde vir my uitverkiesing? Die dwaalleraars het gesê dit is die voorwaarde vir my finale uitverkiesing. Hulle het beweer dat ek deur my vrye wil tot die einde toe moet volhard, sodat God my kan uitverkies.

Die Dordtse Sinode het hierdie dwaling verwerp, want die Woord sê (:23-24): "Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou." Dit is 'n gebed dat God ons sal bewaar om so te volhard dat ons veilig in die Nuwe Jerusalem sal aankom, en dit is ook 'n versekering dat God sal sorg dat ons die ewige lewe sal beërwe.

Dit is dus baie duidelik dat my volharding nie die voorwaarde vir my uitverkiesing is nie, maar dat God my gekies het en dit het tot gevolg dat ek tot die einde toe sal volhard! Dit is juis ook waarvoor Jesus gesterf het – om vir my die versekering te gee dat ek deur sy soenoffer aan die kruis beslis deel het aan die ewige lewe.

Daarom bely ons dat die Bybel baie duidelik is daaroor dat "volharding die gevolg van die uitverkiesing is en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word …" (Dordtse Leerreëls 5:1).

Daarom kan ek God tegelykertyd daarvoor bid en daarvoor dank dat Hy my sal bewaar om enduit getrou te bly en te volhard in die geloof totdat Jesus weer kom! In vers 24 kry ons die versekering: "Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou."

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 22 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:1-8**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:6-7**

### Word bemoedig – God sal met die wederkoms regverdig uitbetaal

Ons sien gewoonlik uit na betaaldag. Daar is weer geld om te spandeer, kos kan aangekoop word en rekeninge betaal word. Die druk en swaarkry van die lewe is vir 'n wyle verlig.

Paulus wys die gemeentelede in Tessalonika op die betaaldag wat kom. Hulle ondervind op daardie stadium groot druk. Dit begin reeds met die stigting van die gemeente tydens Paulus en Silas se besoek aan die stad. Die Jode was jaloers oor die positiewe reaksie van 'n aantal inwoners wat die ware God begin aanbid het. 'n Oproer het ontstaan en die gelowiges het toe vir Paulus en Silas in die nag na Berea gestuur.

Paulus is bewus daarvan dat die gelowiges daar nog steeds, nadat hulle weg is,
~~~~~~~~~~

vervolging en swaarkry verduur. In hierdie brief, wat veral oor die wederkoms gaan, bemoedig die Here sy kinders deur hulle te wys op die uitbetaling wat met Christus se koms gaan plaasvind, wanneer die Here met sy magtige engele verskyn.

Hulle wat verdruk, sal met verdrukking uitbetaal word. Vir dié wat volhard en vertrou tot betaaldag, wag daar ’n genadeloon. ’n Loon waarvoor Jesus Christus gewerk het. Hy het tot die einde toe volhard onder die allergrootste druk en sy versoeningswerk voltooi. Almal wat glo, sal dan verligting ondervind.

Wat ’n belofte om na uit te sien as mense dit vir jou moeilik maak, met jou spot, jou verhinder om jou geloof voluit te probeer uitleef, hulle brand van jaloesie omdat jy vir hulle ’n doring in die vlees word, as vriende soveel druk op jou toepas omdat hulle wil hê dat jy anders moet leef, aan sonde moet meedoen.

*Sing: Psalm 94-1:1, 12 / Psalm 94-2:1, 9*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 23 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:9-10**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:9-10**

### Glo sodat jy kan deelneem aan die verheerliking wat kom

Ons sien sommer baie uit na ’n groot geleentheid. As mense iets besonders gedoen het en nou daarvoor waardeer word. So word sporthelde lof toegesing en kry ons kinders op skool erkenning vir hulle prestasies. Jy kan ook daar wees. Jy kan saam hande klap en bly wees.

Die wederkoms gaan ook ’n tyd van verheerliking wees. ’n Tyd wanneer die Here geprys en groot gemaak gaan word. ’n Tyd wanneer Hy besonder gewaardeer word en op ’n besondere manier erkenning gaan kry vir al die wonderlike dinge wat Hy gedoen het. ’n Tyd wanneer Hy bewonder gaan word omdat Hy soveel majesteit en magtige heerlikheid besit.

Almal wat deur Christus geheilig is en glo, sal in sy teenwoordigheid Hom verheerlik. By die Here. Dié wat nie glo nie, hulle wat deelneem aan die verdrukking van God se kinders, sal egter uit sy teenwoordigheid verwyder word. Hulle sal nie meer onder die algemene genade van die Here kan leef en voortbestaan nie. Hulle sal heeltemal deur die Here verlaat word. Hulle sal met die ewige verdoemenis gestraf word.

Almal wat egter die Woord glo, sal by daardie geleentheid die grootste doel kan bereik. Dit is nie om te verseker dat ons God se erfenis in besit neem nie. Dit gaan in die eerste plek oor die Here. Ons sal aan Hom die heerlikheid kan gee wat Hom toekom.

Sien jy uit na daardie dag?

*Sing: Skrifberyming 18-1:4, 5*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 24 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:11-12**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:11-12**

## Bid dat God in die tussentyd kragtig in ons sal werk

Die wonderlike verheerliking van ons Here Jesus kom. Die Here moet egter ook nou al deur ons verheerlik word. Sommige gemeentelede in Tessalonika het opgehou om hulle verantwoordelikhede na te kom, omdat hulle ’n spoedige wederkoms verwag het. Dit is nie hoe ons op die wederkoms moet wag nie. Die Here wil ons aan die werk vind. Daarvoor het ons krag nodig. Paulus bid juis dat God daardie krag aan die gelowiges sal voorsien.

Hy bid dat God die nodige krag sal gee om hulle roeping tot met die wederkoms te kan uitleef en om reg te kan lewe. Ons verheerlik ons Here as ons deur sy krag waardig gemaak word vir ons roeping. God maak ons waardig omdat Hy ons in staat stel om aan die standaarde te voldoen soos Hy dit vir ons in sy Woord uitspel.

Paulus bid ook vir God se krag sodat gelowiges se voornemens en hulle geloofsdade tot volle uitvoering kan kom. Ons verheerlik die Here ook as ons nou doen wat Hy van ons verwag. So het Christus ook die Vader verheerlik deur sy opdragte uit te voer met sy versoeningswerk (vgl. Joh. 17:4). Dit sluit in ons innerlike en uiterlike lewe. Die totale mens.

Dit is net genade as gelowiges dit regkry, genade wat die Heilige Gees in ons moet werk. So sal ons nou reeds Christus die verheerliking kan gee wat Hom toekom.

Kom ons bid vir mekaar sodat God sy krag so in ons laat werk dat ons beantwoord aan ons hoogste doel – om Hom te verheerlik. So sal die Naam van ons Here Jesus Christus deur ons verheerlik word en ons deur Hom, in ooreenstemming met die genade van die Here.

*Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 25 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1, 2**

## Bly kalm!

As die lidmate van die gemeente in Tessalonika hoor van die Dag van die Here …! Dink jou dit in: Hier word deur mense vertel dat die wederkoms van Jesus eintlik al in die gees plaasgevind het.

Die onderrig uit die Ou Testament leer dat die Dag van die Here iets van ’n katastrofiese ingryping deur God is (Joël 1:15). ’n Dag van God se wraak (Obadja 1:15), toorn (Klaagl. 2:2), ’n dag wat soos ’n oond sal brand (Sef. 3:8; Mal. 4:1). Op dié dag sal bitterheid beleef en van pyn en vrees geskreeu word (Sef. 1:10, 14). Mense sal van vrees en verskrikking bewe (Sef. 1:18).

Hoe het ons dit nou hier in Tessalonika? Is ons swaarkry, ons lyding (1 Tess. 2:14) en vervolging (1 Tess. 3:3) dan nie bewys van hierdie dag wat al gekom het nie?
~~~~~~~~~~

In Tessalonika is gelowiges op hol gejaag deur die een wat met ’n profetiese uitspraak kom, ’n ander met ’n woord of boodskap en nog een met ’n brief met die aanspraak dat dit van die apostels afkomstig is. Wat moet jy nou glo en wie moet jy glo? Onsekerheid bring verwarring en maak mense gespanne.

Deur Paulus sê die Heilige Gees: “… *broers* …” (ook in 1:3). Medegelowiges, julle wat aan God ons Vader en die Here Jesus Christus behoort (1:1). Moenie op hol gaan oor die wederkoms van Jesus Christus nie. Moenie verward raak of bang word nie, maar bly kalm.

“Wat betref die wederkoms van ons Here Jesus Christus en ons hereniging met Hom” … hier is jou toekoms! Ons word met Jesus verenig in ’n ewige feesdiens.

Daarom, kom saam in diens aan God. Werk in die geloof, sweet in die liefde en … byt vas in die verwagting: die wederkoms van Jesus beteken saam met Hom in ’n groot feestelike erediens. Nou leef die geloof, liefde en hoop te midde van swaarkry, lyding en vervolging, maar Jesus sal op die regte tyd verskyn om sy kinders te verlos en met Hom te verenig.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 8*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 26 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:6-8**

## Fokus!

Die wederkoms van Christus, as die groot ligpunt vir die toekoms, kry vooraf eers ’n baie donker kol. Die optrede en invloed van die wettelose. Voor die wederkoms kom die wettelose mens. Wie is dit? ’n Antichristelike figuur wat in die eerste brief van Johannes die Antichris genoem word.

Die term kan individueel verstaan word: ’n persoon. Op die vooraand van die Nuwe Testament was hy in die persoon van Antiochus Epifanes, wat ’n heidenaltaar in die tempel opgerig het. Dan praat die Bybel baie insluitend. In die briewe van Paulus word die “broers” telkens aangespreek, maar die susters en kinders is daarby ingesluit. Daarom kan hierdie wettelose mense meer mense insluit: ’n stroming wat in mense se doen en late na vore kom. Die kenmerkende van hierdie wettelose is die arrogansie, in die verset teen God en alles wat heilig is. Só ver gaan die arrogansie dat die wettelose homself as God aandien.

Nou sê die Heilige Gees deur Paulus: dis al herhaaldelik vir hulle vertel (:5). Sien dus raak wat in die kerk aan die gebeur is. Al hoe meer tree daar ’n minagting vir God na vore, al hoe minder toewyding aan God. Al hoe meer ’n eiewilligheid, ’n verwaandheid, asof die mens eintlik sy eie god kan wees. Dis die besmettende invloed van die sonde.

Maar belangrik: Die wettelose is vir die verderf bestem (:3). Die Here Jesus sal hom verdelg en vernietig (:8). Hy wat jou verlos het, wat jou tot sy eiendom losgekoop het, se mag is onmeetbaar groter as die mag of invloed van die wettelose. Hy hoef immers net sy asem te blaas, en weg is die wettelose. Hy moet net verskyn, en sy koningsglans vernietig die wettelose.

Fokus jy op die Here Jesus. Ja, die wetteloosheid mag jou benoud maak. Maar Jesus
~~~~~~~~~~

oorwin, omdat Hy reeds die sonde en dood oorwin het.

*Sing: Psalm 1-1:1, 4*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 27 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:13-17**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:15**

**Staan vas en gryp vas!**

Om op jou punt te staan of grypsugtig te wees, is egoïsties, en daarom verkeerd – behalwe as dit om die wederkoms van Christus gaan. Dan moet jy vasstaan en vasgryp.

In ’n tyd van baie sienings, menings en dwalings kan jy elke dag op loop gaan in ’n ander rigting. Die misleiding loop soos ’n energiestroom van Satan.

Die aansporing om in hierdie tye vas te staan en vas te gryp, word begrond op kort dogmatiek. Die heilsorde in die kleine (:13, 14). In sy liefde het God ons gekies. Hierdie uitkies stel God in werking deur die roep van die evangelie waarin die Heilige Gees die redding van Jesus werklikheid maak om ons tot geloof te bring. In die proses waarin die Gees ons tot geloof bring, sit Hy ons opsy as volk van God wat aan Hom diensbaar is, sodat ons deel sal hê aan die heerlikheid (die glorieryke oorwinning en koninklike mag) van Jesus Christus.

In net twee verse word God se pad van heil, vanaf sy besluit voor die skepping van die wêreld tot met die wederkoms van Jesus, verkondig. En daarom: Staan in hierdie pad van heil vas. Gryp hierdie waarheid met beslistheid vas.

Is hierdie vasstaan en vasgryp egoïsme? Nee, want die oproep word juis opgevolg met gebed (:16, 17), dat God en Jesus ons sterk maak in goeie woorde en dade. In diens aan God en in getuienis teenoor die wêreld. Want dis die pad wat vanaf die eerste brief aan die gemeente reeds uitgewys word: volgelinge van Christus, voorbeelde vir ander gelowiges, getuies na die wêreld (1 Tess. 1:6-8).

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 28 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:9-12**

**Let op!**

Terwyl ons in hierdie eindtyd, voor die wederkoms van Jesus, op Hom gefokus bly, kan

ons nie die mag van Satan ignoreer nie (1 Pet. 5:8). Satan is immers die energie vir die wettelose. In sy namaak van God, met wonders en tekens, staan hy God teen. Hy is teenoor Christus. Let op: hy doen tekens en wonders, soos Jesus ook tekens en wonders gedoen het. Maar een ding doen hy nie: hy offer homself nie as verlosser nie.

Die mens word maklik verlei deur tekens en wonders. Vandag word al hoe meer mense se aandag deur sogenaamde prediking op God se wonderwerke (die bonatuurlike) gevestig. Ja, die wêreld word markgereed gemaak vir die verleiding deur die wettelose. Dis nie 'n gevaar van buite af nie, maar van binne die kerk self. Wie word deur hierdie stroom meegesleur? Dié wat die waarheid nie liefhet nie. Die waarheid is nie 'n idee of konsep nie, maar beliggaam in Jesus Christus (Ef. 4:21; Joh. 14:6). Wie Jesus nie as Verlosser wil aanvaar nie, sal moet staatmaak op wonders en tekens. Jesus noem hulle 'n slegte en afvallige geslag (Matt. 16:4). Maar let mooi op: Dis nie net Satan aan die werk nie. God is aan die werk. God stuur vir 'n slegte en afvallige geslag 'n energiestroom van valsheid (:11). Dit is God wat in sy oordeel reeds aan die werk is oor hulle wat die leuen bo die waarheid verkies. Hulle wat hulle eie verlossers wil wees, sal veroordeel word.

Daarom: Bly jy by Jesus Christus, die Weg, die Waarheid en die Lewe.

*Sing: Psalm 119-1:22, 51*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 29 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:1-5**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:3**

**Die Here is getrou, daarom kan ons vertrou**

Die gelowige ervaar daagliks verdrukkinge in die wêreld, die evangelie kan nie deur ongelowiges verdra word nie. Ongelowiges wat die evangelie teenstaan, vind ons deur die geskiedenis, ons sien dit dwarsdeur die Ou Testament. Hier in ons teksgedeelte kan ons in Paulus se woorde sien dat hy deur ongelowiges onderdruk word, en daarom versoek hy die gemeente van Tessalonika om te bid dat hulle verlos sal word van verkeerde en slegte mense. Ons sien in ons fokusgedeelte 'n wonderlike belydenis van Paulus: "Die Here is getrou." Ten spyte daarvan dat Paulus erg teengestaan word deur ongelowiges, en dikwels ook ingedoen is deur die ontrou van mense, erken en bely hy dat die Here getrou is. Daarby bely hy ook dat die Here die Tessalonisense sal versterk en van die bose bewaar.

Die getrouheid van die Here kan ons volkome sien daarin dat Hy sy kinders so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gestuur het. Christus moes meer as net die ongelowiges se teenstand verdra. Hy het die volle aanslag van Satan ervaar, tog het Hy getrou gebly en volhard tot aan die kruis. Die kinders van die Here het die wonderlike troos dat die Here altyd getrou is deur alle swaar tye, selfs al word ons deur die bose versoek. Die verdrukkinge gaan nie altyd weg nie, maar die Here bly volkome getrou. Die gelowige het egter nog steeds 'n verantwoordelikheid, en dit is om te vertrou dat die Here getrou is. Mag die Here ons harte rig tot die liefde van God en die lydsaamheid van Christus.

*Sing: Psalm 116-1:1*

*Teologiese Student JAG (Kosie) Henning*
~~~~~~~~~~

**Maandag 30 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:6-18**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:16**

### Christus is ons weg om ware vrede te vind

Die wêreld het 'n verwronge gedagte van vrede. Baie dikwels word daar gesê dat jy nie jou broer moet vermaan oor iets nie, want netnou versteur jy die vrede.

Ons vind juis die teenoorgestelde gedagte in ons gelese gedeelte. In vers 6-15 vermaan Paulus die gemeente in die Naam van Jesus Christus om nie te meng met mense wat onordelik wandel en nie lewe volgens die Woord van God nie. Die gemeente het die taak om hierdie mense te vermaan; hy verwys spesifiek na mense wat leeglê en nie werk nie.

In vers 13 kom daar 'n baie persoonlike vermaning van Paulus aan die gemeente: "Moenie moeg word om goed te doen nie." Hy roep die gemeente op om nie nalatig te word nie, maar hulle roeping in die gemeente uit te voer. Hulle het 'n besonderse roeping teenoor die mense in die gemeente wat nie reg lewe nie. Ons elkeen het die taak om die mense rondom ons te vermaan en in liefde met hulle die pad van die kerklike tug te stap.

Nadat Paulus die gemeente vermaan het, bid hy vir hulle. Dit is merkwaardig dat hy hulle in die Naam van die Here Jesus vermaan, en nou bid hy vir hulle in die Naam van ons Here Jesus. "Mag die Here, wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee! Die Here sal by julle almal wees!"

Vrede gaan nooit vir een oomblik in teen ons roeping om te vermaan nie, maar is juis die weg waarop die Here ons roep om in Jesus Christus vrede te vind. Christus bewerk vir ons vrede aan die kruis en ons kan vrede ervaar, want Hy is met ons. Hoe is Hy met ons? Deur sy Heilige Gees wat in ons woon.

*Sing: Psalm 89-1:1*

*Teologiese Student JAG (Kosie) Henning*




***1, 2 EN 3 JOHANNES***

*Alhoewel die briewe van Johannes van mekaar onderskei kan word, is daar tog baie ooreenkomste.*

*1 Johannes wil die waarheid van Jesus Christus se Godheid en mensheid by die gelowiges inskerp – veral in 'n tyd waar dwaalleer oor hierdie belangrike geloofspilaar versprei is. Die heerlike waarheid dat Jesus die Christus is, ware God en ware mens, is die liefde wat God aan ons bewys het – alleen ware God en ware regverdige mens kon versoening vir ons sondes doen. Nou moet ons met liefde reageer en hierdie heerlike waarheid met mekaar en andere deel.*

*2 Johannes, wat gerig is "aan die uitverkore vrou en haar kinders" (moontlik 'n plaaslike gemeente van daardie tyd), waarsku steeds die gelowiges oor die dwaalleraars. Johannes moedig sy lesers aan om die waarheid lief te hê en die waarheid uit te leef.*

*3 Johannes is 'n persoonlike brief gerig aan die gemeenteleier, Gaius. Johannes is vol lof teenoor hulle (Gaius en Demetrius) wat die waarheid van Christus verkondig. Hy waarsku egter teen hulle (Diotrefes) wat valsheid liefhet.*

***JAKOBUS***

*Die brief van Jakobus is 'n praktiese geloofsboek. Geskrywe aan die "twaalf stamme in die verstrooiing" (die hele kerk), gee Jakobus praktiese riglyne van die lewende geloof. Die ware geloof in Jesus Christus is immers geen passiewe aksie nie, maar 'n aktiewe reaksie uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus. Jakobus spreek 'n hele aantal sake aan waarmee die gelowige destyds en steeds vandag op 'n daaglikse basis gekonfronteer word.*

**Dinsdag 1 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-4**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:1-4**

### Ware vreugde word net geniet binne ’n verhouding met die Vader en die Seun

Die groot rede waarom die Heilige Gees hierdie brief deur Johannes laat skryf het, is om die kinders van God te verseker dat hulle wat in die Seun van God glo, die ewige lewe het (5:13). Die eerste lesers was geteister, net soos vandag, deur valse predikers wat hulle wou leer dat Jesus nie werklik die Seun van God is nie. Hulle wil onsekerheid onder God se kinders bewerk.

Die ware lewe, die innige gemeenskap met die Vader en Christus wat die ewigheid in strek, is net moontlik as jy van harte die getuienis van die apostels glo. Die Heilige Gees het hierdie manne gelei om dit wat hulle van Jesus self gesien en wat hulle van Hom self gehoor het, te “aanskou” (1933/53-vertaling). Hulle het van harte besef en verkondig dat Jesus die Seun van God is wat na hierdie wêreld toe gekom het om ons met God te versoen.

Waar die Gees ’n sondaarhart oortuig dat dit wat die Bybel vir ons van Christus leer, die waarheid is, daar het hy/sy reeds uit die dood na die lewe oorgegaan. Die innige gemeenskap met die Vader en die Seun is iets wat ons nou alreeds elke dag met blydskap kan geniet en dit strek tot in ewigheid. Iemand wat vasstaan in hiérdie verhouding, staan ook in ’n heeltemal nuwe verhouding met hulle naaste.

As ek smag na “volkome blydskap” in hierdie lewe, moet ek vasstaan in die LEWE wat daar net in Christus by die Vader is.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 2 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5-10**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:5**

### Lig is LEWE!

Lewe in sy volste sin moontlik is net in ’n innige verhouding met Christus en die Vader te vinde. Hierdie verhouding gebeur net in die Lig. Net soos enige lewe op aarde van sonlig afhanklik is, so kan die nuwe lewe in Christus net in die Lig gebeur. Die rede? God is LIG! Hy maak self sy heiligheid aan ons bekend. Sy heerlikheid skitter in Christus, soos die eerste strale van die son ná ’n lang, donker nag. As Lig wys Hy nie net ons sonde aan ons uit nie, maar in Christus verdryf Hy dit ook uit ons lewens uit deur sy Gees.

Johannes vergelyk op ’n paar plekke die sonde met “duisternis”. Sonde waarin ek volhard en waarvoor ek altyd verskoning kry, verbreek my verhouding met God en my naaste. Om onbekeerd in my sonde te volhard, beteken om in ’n donker kas weg te kruip sodat Christus nie my lewe kan verlig nie. So ’n lewe is ’n lewe sonder die Vader en die Seun, “want hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duister” (2 Kor. 6:14)?
~~~~~~~~~~

Die weg terug vanuit die donkerte na die lig is dié van skuldbelydenis. In hierdie lewe is dit ’n stryd wat die gelowige daagliks stry. Daagliks beweeg die Gees ons meer en meer vanuit die donkerte na die Lig toe. Natuurlik kan ons vasstaan in die heerlike sekerheid dat die Vader getrou is en dat Hy my reeds in Christus van alle skuld kwytgeskeld het.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 3 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-11**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:4, 6**

**Leef in die lig!**

*“Ek ken Hom”* (:4) en ek bly in Hom (:6) … geweldige woorde om te bely! En tog is dit ons voorreg om as Christene dit te mág bely.

Om iemand werklik baie goed te ken, beteken dat jy só na aan hom leef dat jy iets van sy hart raaksien. As ons dan sê “Ek ken Hom”, beteken dit dat ons in die geloof iets van ons Here se hart vir ons raaksien. Hoor net hoe jubel die apostel Johannes dit uit as hý iets van ons Here se hart vir sy kinders raaksien: *“En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening van ons sondes …”* (:1b, 2a). Dit is die Blye Boodskap van genade – Jesus Christus in ons plek sodat ons mag lewe! Ons glo en bely ook dat dit ons Here is wat Hom van sy kant af ewig aan ons verbind het. Hy is immers die wingerdstok en ons die lote in Hom ingeplant (Joh. 15:4). ’n Christen lewe met die sekerheid dat hy nooit alleen is nie.

As Christen dra ons egter ook ’n geweldige groot verantwoordelikheid om vir die wêreld te wys wie God ons gemaak het. Wie Hom ken, lewe volgens God se gebooie, en wie in Hom bly *“… behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het”* (:6). Lewe voluit vir ons Here … dit is hoe ’n Christen in die lig lewe (:8, 9)!

*Sing: Psalm 31-1:1, 3*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 4 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:12-17**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:12-17**

**Leef midde-in hierdie stukkende lewe!**

1 Johannes 2:12-14 lees soos ’n pragtige gedig waarin volwassenes, jongmense en kinders ’n geloofspad loop. (Lees hierdie paar verse sommer weer hardop saam.) Dit is

ewe toepaslik vir ons vandag in 2018. In hierdie lewe is daar mense wat reeds volwasse in die geloof is en al lank in die regte verhouding met Christus lewe. Ander weer is soos jongmense wat nog groei na geloofsvolwassenheid en regtig hart moet stry teen die duiwel en sy verleiding. Nog ander is soos kinders wat maar pas die pad van Christenskap begin loop het. Hulle het nog baie om te leer en het ondersteuning nodig om midde-in hierdie lewe hulle Christenskap uit te leef.

Die duiwel maak geen geheim daarvan nie dat hy God en elkeen wat in Hom glo, met 'n passie haat (Joh. 17:14). Dink maar net aan al die hofsake waardeur vandag gepoog word om Christenskap in ons skole en samelewing te verbied! Dink aan al die vervolging van Christene regoor die hele wêreld. Daar word bereken dat tot 90 000 Christene in 2016 vermoor is omdat hulle die Naam van ons Here bely het – dis meer as die somtotaal van al die lidmate in die GKSA!

Tog hoor ons Jesus self bid: *"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die bose sal bewaar"* (Joh. 17:15). Ons elkeen is dus geroep om, gebind aan die "Groot Opdrag", uit te gaan en midde-in hierdie stukkende lewe die waarheid van die evangelie van hoop in liefde uit te leef. Dit is waarom ons Here ons waarsku om nie die sondige wêreld om die dinge van die wêreld lief te hê nie (:15). Dit is 'n voorreg om die naam "Christen" te mag dra … laat dit ook in jou lewe sigbaar word.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 5 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:18-27**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:18-27**

### Leef voluit in die laaste uur!

Geen leuen kan uit die waarheid voortkom nie (:21), net so min as wat daar uit 'n fontein se oog vars én brak water gelyktydig opborrel (Jak. 3:11, 12). Dit is die waarskuwing wat destyds gemaak is en waarteen ons vandag nog gewaarsku word.

In hierdie tyd voor ons Here se wederkoms raak dit al duideliker dat daar net een van twee wêrelde kan wees waarin ons kan lewe. Die een is die wêreld van die leuen – moenie vergeet dat die duiwel immers die vader van die leuen is nie. Die ander een is die wêreld van die waarheid waarin Jesus Christus sentraal staan. Ons almal ken die waarheid van die evangelie, want die Heilige Gees het ons tot geloof gelei (:20, 21). As jy nou moet dink aan jou eie lewe, onder wie se gesag buig jy die knie?

Ons moet goed besef dat ons onsself nie deur dade van geloof kan red nie, maar die manier waarop jy lewe, verklap of jou geloof in Christus of in die duiwel geanker is. Lê jou daarop toe om jouself te identifiseer as kind van God deur met dankbaarheid vas te hou aan die evangelie van waarheid. Ons geloofsdade moet in ons alledaagse lewe vir die wêreld 'n stille getuienis wees van hoe ons, in Christus geanker, voluit in die laaste uur leef!

Daar is die waarheid … daar is die leuen – ons moet kies …

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 6 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:28 – 3:10**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:9**

### ’n Kind van God doen nie meer sonde nie

Baie mense het seker al die laaste twee verse van ons Skrifgedeelte met ontsteltenis gelees. As dit waar is dat ’n kind van God nie meer sondig nie, is ek dan wel ’n kind van God?

Tog het ons Skrifgedeelte geensins die bedoeling om twyfel te saai nie. Dit wil eerder die teendeel bereik. Dit wil die heerlike rykdom van wat dit beteken om ’n Christen te wees, duidelik maak.

Die sleutel om dit te verstaan, lê in vers 28: in die oproep om “in Hom (die Here Jesus) te bly”. Hierdie uitdrukking is een van die kernbegrippe in 1 Johannes en gryp in wese terug na die voorbeeld van die wingerdstok wat Jesus in Johannes 15 gebruik. Om in die Here te bly, beteken om (soos ’n rank aan ’n wingerdstok) met volle geloofsoorgawe net uit en vir die Here te leef.

Die implikasie hiervan is eerstens dat Christus se volle geregtigheid en heiligheid ook aan my en jou geskenk word. Daarom noem die Vader ons ook “kinders van God” (3:1) en daarom sal dit met die wederkoms duidelik word dat ons soos Jesus is (3:2).

Johannes beklemtoon dat hierdie geskenk “nou reeds” (3:2) ’n werklikheid is. Daarom doen ’n kind van God (vanuit hierdie hoek beskou) nie meer sonde nie. Deur ons verbintenis met Christus is alle sonde wat ons ooit doen, volledig uitgewis. “Daar is geen sonde in Hom nie” (3:5) en ons is “in Hom”!

Die tweede implikasie is die groot oproep om dan juis dit te wees wat ons in Christus is! Ons moet ons rein hou “soos Jesus rein is” (3:3). “Iemand wat in Hom (Jesus) bly, hou nie aan met sondig nie” (3:6), maar stry teen die sonde as “werke van die duiwel” (3:8).

Moet dus nie dat sonde of sondeskuld jou vandag terughou nie. Leef reg (“regverdig”) soos Jesus regverdig is en bewys liefde soos Jesus liefde bewys het.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 7 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:11-24**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:20**

### God is groter as ons gewete

’n Skoon gewete is ’n baie kosbare geestelike geskenk. Die absolute oortuiging dat jy aan God behoort en sy kind is, gee ’n mens vrymoedigheid om na God te gaan en die sekerheid om met vertroue tot Hom te bid (3:21). Dikwels het ’n mens egter ’n stryd in jou gewete. Die aard van die stryd is soos ’n hofsaak. Daar is jou gewete wat die aanklaer is, daar is God die Regter, en daar is jy, die verdediger. Die saak waaroor dit gaan, is natuurlik die sonde. Sonde wat jy wetend of onwetend, met die daad of deur nalating begaan het.
~~~~~~~~~~

Hoe kan ’n mens in so ’n hofsaak staande bly en weer ’n skoon gewete verkry? Johannes sê: Goeie werke kan help om ons gewete tot rus te bring. Hoe meer ons daarin slaag om (uit dankbaarheid vir wat Jesus gedoen het) opregte liefde aan ander te bewys, hoe meer verkry ons sekerheid dat ons God se kinders is (3:19).

Goeie werke alleen kan egter nooit die basis van ’n skoon gewete vorm nie. Uiteindelik is ’n skoon gewete ’n sekerheid wat die Heilige Gees in ons harte werk. Ten spyte van al ons swakhede en sondes hou die Gees aan om ons te verseker dat ons deur Jesus se verdienste onlosmaaklik aan God en sy liefde gebonde is (3:24). Daarom, al kla ons gewete ons aan, moet ons nog die geloofsprong waag om wel na God te gaan en aan sy genade vas te gryp. “God is groter as ons gewete”, sê Johannes, “en *Hy weet alles*” (3:20).

Miskien het Johannes, toe hy hierdie woorde neerskrywe, aan Petrus gedink. Toe Jesus Petrus die derde keer vra of hy Hom liefhet, het ook hy immers vol droefheid oor sy sonde uitgeroep: “Here, *U weet alles*. U weet dat ek U liefhet” (Joh. 21:17). So ’n geloofsprong in die arms van die alwetende en genadige Vader bring uiteindelik ’n skuldige gewete tot rus.

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 8 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-6**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:2**

## Leef die waarheid in liefde

Die waarheid maak seer … Die liefde bedek alles … Na wie luister jy? Na gelang van omstandighede gaan een van hierdie twee idiome jou pas. As mens iemand op sy plek wil sit, is dit gemaklik om te sê die waarheid maak seer. As ek dalk self iets wil wegsteek, is dit gerieflik om my daarop te beroep dat die liefde alles bedek.

Dit is egter nie waaroor Johannes skryf nie. Hy spreek dwaalleraars aan wat ontken dat Christus die Seun van God is. Hulle is niemand anders nie as die antichris. Hulle ontken ons Here se liefde en die verkondiging daarvan deur die Heilige Gees. Daarom kry ons al in vers 1 die opdrag om ’n ondersoek te doen of hulle gees van God afkomstig is. Ek behoort aan God en het die vals profete oorwin. Gevolglik leef ek die waarheid in liefde! Dit begin met die belydenis dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het. My optrede word bepaal op grond van my verhouding met Christus. Dit beteken dat ek die wêreld klaar oorwin het. Ek het afgereken met die vals profete wat Christus ontken. Ek kan met vrymoedigheid en vol hoop voor God verskyn. Hierdie waarheid maak seer as ek Christus nie erken nie. Maar omdat ek aan God behoort, luister ek na Hom. Ek leef die waarheid in liefde! Johannes hanteer waarheid en liefde as twee kante van dieselfde muntstuk. Waarheid sonder liefde sou wetties wees. Liefde sonder waarheid sou soetsappig en aangeplak wees. Dit is net ware volgelinge van Christus wat die waarheid in liefde kan leef. Dit is net moontlik as ek Jesus as die Christus bely. Dan leef ek die waarheid in liefde!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)*
~~~~~~~~~~

**Woensdag 9 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:16, 17**

### Leef die liefde in waarheid

Die gedrag en leefwyse van ’n kind vertel gewoonlik iets van die verhouding met sy ouers.

Johannes beklemtoon dit dikwels dat ons mekaar moet liefhê, “want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is ’n kind van God en ken God.” Terselfdertyd bring hierdie intieme en noue verhouding met God vir my die sekerheid dat ek die ewige lewe besit.

Wanneer ek die opdrag om mekaar lief te hê, ontvang, bewerk God dit dat Hy deur my in die wêreld sigbaar word. Ek kan God se liefde alleen uitstraal as ek sy kind is. Die ware liefde begin by God wat sy liefde teenoor ons wys.

Ek kan hierdie liefde net uitleef as ek begryp watter prys ons Here vir my betaal het. Hierdie besef dwing my om mekaar ook lief te hê. Dan beleef ek die inwoning van God deur sy Heilige Gees. Dan bereik God se liefde sy doel volkome.

Hierdie inwoning is ook die waarborg dat ek met *sekerheid* sal leef en optree:

- Dit is die sekerheid dat ek die ewige lewe het.
- Dit is die sekerheid wat gelowiges sonder vrees vir die oordeelsdag laat lewe.
- Dit is die sekerheid waarmee ek God se liefde na elke mens uitdra.
- Dit is die sekerheid waarmee ek deur die Heilige Gees bely dat Jesus die Seun van God is.

Hierdie sekerheid bring egter ook ’n *verantwoordelikheid*. My belydenis moet ’n belewenis word waarmee ek God se gebod tot liefde vir my broer daadwerklik uitleef. “Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”

Met my lewe maak ek God se liefde sigbaar!

*Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3*

*Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 10 Mei (Hemelvaart)**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-4**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:1a, 4**

### Gelowiges uit God gebore oorwin die sondige wêreld

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore. Daarin setel ons die geloof: in ons kindskap van die Vader, in God wat liefde is (4:16b), wat ons sy kinders noem (1 Joh. 3:1). Hy hét nie maar net liefde nie, Hy ís liefde. In ons besondere belydenisskrif uit die Nederlande van die 16de eeu is liefde nie een van die tien deugde of attribute wat ons van God bely nie (NGB Art. 1), want Hy is liefde; dit is sy Wese.

Die gryse apostel Johannes vat sy preek (1 Johannes is meer preek of teologiese traktaat as brief) in hoofstuk 5 saam en stel dit aan sy liewe kinders – waarskynlik die gemeentes van Klein-Asië – dat hulle kindskap vasstaan deur hulle geloof dat Jesus en die
~~~~~~~~~~

Vader een is. Hulle leef teen die einde van die eerste eeu te midde van dwaalleraars wat ontken het dat die ewige Seun van God werklik in Jesus mens geword het. Omdat God liefde is en ons uit Hom gebore is, het gelowiges Hom en mekaar lief. Sy liefde word dus in gelowiges se liefde vir mekaar konkreet sigbaar as hulle sy gebooie gehoorsaam. Hulle leef in Christus die waarheid in liefde.

God se kinders is kragtig, hulle oorwin die sondige wêreld. Dit waardeur die oorwinning behaal is, is ons geloof. So bemoedig en versterk die Vader ons ook vandag in die wêreld wat Hom en sy Seun loën. Dit is seker: Ons veg aan die wenkant!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. JP (Johannes) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 11 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:5-12**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:11**

### Gelowiges leef uit die waarheid van eenstemmige getuienis

Die Christelike geloof is nie deur mense uitgedink en haarfyn "ontwerp" nie. Dit berus op die waarheid wat God geopenbaar het, en is in sy konkrete openbaringshandelinge in die tyd begrond.

Johannes se liewe kinders, wat hy vaderlik met teerheid aanspreek (letterlik: *my kinder-tjies*), word deur hom gewys op Jesus Christus wat deur water en bloed gekom het. Die *water* het betrekking op sy doop deur Johannes die Doper: Hy het deur in hierdie bekeringsdoop in te gaan ons sonde op Hom geneem. Die *bloed* getuig van sy bereidheid om die skuld van ons sonde aan die kruis te vereffen.

Die twee gebeurtenisse aan die begin en teen die einde van sy openbare omwandeling op aarde word deur Johannes en sy mede-oog- en oorgetuies waargeneem. Hierop het hulle ook nog die opgestane Jesus se hemelvaart aanskou, sy wegvaar na die hemel waaraan sy kerk in hierdie dae dink. Dit is sy intronisasie aan die regterhand van die Vader.

Die waarheid word egter finaal bevestig deur die "derde" Getuie, die Heilige Gees, wat met sigbare tekens tien dae later op Pinksterdag uitgestort word. Die Gees is die getuie, en die Gees is die waarheid (vs 6b).

Die onherroeplike getuienis is dat Jesus die ware Seun van God is wat gekom het. In Hom wat die lewe is (5:11b; vgl. ook die Evangelie volgens Johannes, 14:6) ontvang ons die ewige lewe. Hierdie getuienis is nie 'n teorie nie, nie 'n kansvatsprong nie. Dit is die bevestigde waarheid dat God die ewige lewe vir ons gegee het.

*Sing: Psalm 119:53, 56, 60 (1936)*

*Dr. JP (Johannes) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 12 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:13-21**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13**

**Gelowiges leef reeds toekoms in die hede**

Hier in 1 Johannes 5:13 stel Johannes sy doel met hierdie “preekbrief”. Dit hou direk verband met die uitsprake van Jesus wat deur hom as oog- en oorgetuie in sy weergawe van die evangeliegebeure opgeteken is. Johannes 5:24 lui: *Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê en glo in Hom wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.*

Beide die tekste impliseer dat die vasstaande waarheidsgetuienis waarin geloof begrond is, die toekoms in die hede bring: Gelowiges het oorgegaan uit dood en veroordeling na lewe en vryspraak. Wie in die Vader glo en in Jesus as die Christus wat Hy hierheen gestuur het, hét die ewige lewe. Die ewige lewe is vir gelowiges nie vér-vae toekomsmusiek nie, maar is reeds hier deur geloof. Ons leef die toekoms al in die hede. Natuurlik ontvou die ewige saligheid eers in die volmaakte toekoms saam met Christus, maar ons lewe hier in geloof is reeds deel van ons ewige bestaan.

Johannes laat die implikasie van hierdie sekerheid volg in die laaste verse (14-20): voorbidding het krag; die lewe wat in alle opsigte gestileer is deur die kennis van God – dit is om in sy lig te lewe! – sodat die duiwel nie houvas op ons het nie en gelowiges nie sonder meer aanhou sondig nie.

Wat is, in die lig hiervan, *geloofsekerheid*? Eintlik is geloof niks anders as sekerheid nie, sekerheid dat ek reeds die ewige lewe het!

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Dr. JP (Johannes) Bingle (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 13 Mei**

**Skrifgedeelte: 2 Johannes :1-6**
**Fokusgedeelte: 2 Johannes :4-6**

**Leef die waarheid in liefde – waarheid en liefde het alles met mekaar te doen**

Ons kan die tweede brief van die apostel Johannes breedweg in twee dele verdeel. Die eerste deel (vs 1-6) het ’n meer na-binne-gerigtheid. Gelowiges moet die waarheid ken en in die waarheid wandel en mekaar liefhê. Die tweede deel (vs 7-13) is weer meer na buite gerig. Misleiers het in die wêreld ingekom en bedreig gelowiges se wandel in die waarheid.

Die waarheid hier is die waarheid van Jesus Christus. Dit is wat Christus geleer het en wat Hy gedoen het en waarmee Hy die apostels die wêreld ingestuur het. Die waarheid is die evangelie.

Ons vind hier die versoek dat ons as gelowiges mekaar moet liefhê. Die begrippe “waarheid”, “liefde” en “gebod” of “gebooie word hier afgewissel. Dit is moeilik om te sê waar hou die een op en waar begin die ander een. Tot waar gaan die waarheid en waar
~~~~~~~~~~

neem die liefde dan oor?

Waarheid en liefde sluit mekaar nie uit nie. Inteendeel: As jy dink dat jou wandel in die waarheid veroorsaak dat jy ander nie kan liefhê nie, verstaan jy nie die waarheid nie. So ook, as jy dink dat jou liefde vir ander beteken dat jy op sekere punte van die waarheid kan toegee, dan verstaan jy ook nie die aard van die liefde nie.

Waarheid en liefde het alles met mekaar te doen. As jy iemand werklik liefhet, kan jy nie daarmee vrede maak dat hy nie in die waarheid wandel nie. Jy soek die beste vir hom, en die beste vir hom en vir enige mens is om deur Jesus Christus verlos en met God versoen te wees.

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 14 Mei**

**Skrifgedeelte: 2 Johannes :7-13**
**Fokusgedeelte: 2 Johannes :10, 11**

**Leef die waarheid in liefde – 'n opdrag oor geloofwaardigheid**

In ons fokusgedeelte kry ons 'n opdrag oor die dwaalleraars wat in die wêreld ingekom het en wat die Godheid van Jesus Christus ontken. Jy moet hulle nie in jou huis ontvang nie en jy moet hulle selfs nie groet nie.

Hoe moet ons hierdie opdrag verstaan? Die dwaalleraars destyds het as rondreisende predikers van plek tot plek gegaan om vir hulle volgelinge bymekaar te maak. As jy as gelowige so 'n dwaalleraar in jou huis sou ontvang of hom met 'n groet of seënwens sou wegstuur, sou jy geloofwaardigheid gee aan die dwaalleer wat hy verkondig het. Die opdrag behels dus dat jy niks moet doen om geloofwaardigheid aan hulle dwaalleer te gee nie.

Vandag kry ons nie baie sulke rondreisende dwaalleraars wat ons kom besoek nie. Baie gelowiges is egter op Facebook doenig. Daar kry ons 'n magdom mooi Bybelgedagtes en inspirerende woorde wat "gedeel" en "ge-like" word. Ongelukkig kom van daardie mooi woorde van dwaalleraars, van predikers wat met 'n valse evangelie vir hulleself 'n groot aanhang bymekaar gemaak het en groot rykdom vergader.

Nie al die boodskappe wat van hulle kom, is noodwendig verkeerd of vol leuens nie. Die probleem is dat as jy dit "like" of as jy dit op jou Facebook-muur plaas, verleen jy 'n sekere geloofwaardigheid aan hulle. Ander sien dit en dink: As jy as gereformeerde hou van hierdie persoon sê, dan kan ook die ander dinge wat hy sê, nie so verkeerd wees nie. Onderskei dus mooi waarvan jy hou en wat jy op jou muur plaas. Moenie geloofwaardigheid aan dwaalleraars verleen nie.

*Sing: Psalm 119:22, 26, 35 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 15 Mei**

**Skrifgedeelte: 3 Johannes :1-4**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes :3**

### Trou aan die waarheid in leer en lewe

Johannes se liefde vir Gaius is duidelik in sy openingswoorde in hierdie kort briefie. Hierdie liefde is egter nie maar ’n soetsappige emosionele verklaring nie, maar gegrond op die waarheid van die Christelike geloof. Die waarheid is ’n belangrike tema in hierdie brief – daar word sewe keer daarna verwys.

Johannes is dankbaar oor Gaius se geestelike gesondheid. Hy het berig ontvang dat hy getrou is aan die waarheid. Hy was getrou in wat hy glo, maar ook getrou in hoe hy die waarheid geleef het. In leer en lewe was Gaius aanbevelingswaardig, lofwaardig en beginselvas. Om in die waarheid te lewe, beteken om jou lewe aan die waarheid toe te wy. Dit wat jy bely, moet dade word. Die evangelie van Jesus Christus moet geleef word.

Die getuienis oor Gaius se getrouheid aan die waarheid en die uitleef van hierdie waarheid vervul Johannes met baie blydskap. Dit wat hy geleer het, leef hy. Jesus verklaar dat iemand wat honger en dors na wat reg is, geseënd is (Matt. 5:6). Daarin lê die doel en vreugde van die lewe. Daar is ’n begeerte na God. Daar is ’n bevrediging in God. Jy vind jou regverdiging by God. Die sin en die doel van die lewe lê dus daarin dat jy God vrees en sy gebooie gehoorsaam. Getrou aan die waarheid in leer en lewe.

*Sing: Skrifberyming 15-5:4, 5*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 16 Mei**

**Skrifgedeelte: 3 Johannes :5-8**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes :8**

### Bedien die liefde met gasvryheid

Gaius is gasvry teenoor onbekende persone op reis om die evangelie te verkondig. Johannes is baie dankbaar vir hierdie liefdesdaad, want dit is ’n verdere bewys dat hy in die waarheid lewe. Hy ken die mense nie persoonlik nie, maar weet dat hulle van Johannes af kom en dat hulle dieselfde evangelie as hy verkondig. Om kos, huisvesting, geld en bemoediging aan te bied en in die gemeenskap vir hulle in te staan, was vir hom ’n vreugde. In woord en daad bedien hy die Christelike liefde aan vreemdelinge.

Johannes het dus vrymoedigheid om Gaius te vra om hulle op hulle verdere reis te ondersteun. Gaius se gasvryheid is resultaat van sy liefde. ’n Liefde wat bereid is om op te offer en bereid is om hierdie vreemdelinge gasvry te ontvang en te versorg. Liefde gaan oor tot dade.

Tweedens is hierdie ondersteuning vir die vreemdelinge nodig, want hulle is op reis om Christus te verkondig. Hulle verteenwoordig Jesus Christus en verkondig Hom as Verlosser en Saligmaker. Op hierdie sendingreis ontvang hulle niks van die heidene nie. Hulle maak nie aanspraak op vergoeding nie, maar is afhanklik van die liefdevolle versorging
~~~~~~~~~~

van medegelowiges.

Derdens verklaar Johannes dat dit ons plig is om mee te werk aan die uitdra van die Blye Boodskap deur sulke mense te onderhou. Dit is ’n voortdurende ondersteuning.

Ons bid: *Laat u Koninkryk kom.* Werk ons in liefde mee aan die uitdra van die evangelie van Jesus Christus? Christus se opdrag is: *Gaan maak dissipels.* Voer ons die opdrag uit en met watter gesindheid?

*Sing: Psalm 33:1 (1936)*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 17 Mei**

**Skrifgedeelte: 3 Johannes :9-15**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes :11**

### Hoogmoed is nie bereid om diensbaar te wees nie

Diotrefes is nie bereid om Johannes se brief te ontvang en om die vreemdelinge te help nie. Hoogmoed is die rede vir hierdie optrede, want hy eien homself die reg toe om die leier te wees en gesag uit te oefen. Hy is nie bereid om dienskneg van Jesus te wees nie. Sy onwilligheid om die vreemdelinge te ontvang, is nie alleen ’n verwerping van hulle nie, maar ook ’n verwerping van die apostel Johannes se gesag. Hy wil die eerste wees in invloed en gesag.

So ’n optrede dui op hoogmoed en selfsugtigheid: hy versprei valse gerugte, hy weier gasvryheid vir sendelinge, hy verhinder ander in die gemeente wat gasvryheid beoefen en hy wil hulle selfs uit die gemeente sit. Hy is deur hierdie hoogmoedige, selfsugtige optrede besig om die gemeente van Jesus Christus groot skade aan te doen. Nie net die gemeente nie, maar ook ’n verhindering in die uitvoering van Jesus se opdrag om dissipels te maak.

Johannes moedig Gaius aan om voort te bou op die goeie werk wat hy in die gemeente doen. Hy volg Christus se voorbeeld (1 Kor. 11:1). Daar is die bereidheid om te dien. Hy beklemtoon hoe belangrik dit is wie se voorbeeld ons volg. Om Gaius verder aan te moedig, noem hy die voorbeeld van Demetrius. Almal praat net goed van hom, hy is getrou aan die waarheid en Johannes self en die gemeente kan getuig van sy leef in die waarheid.

Leef jy die waarheid in liefde en werk so mee aan die groei in die gemeente en die bouwerk aan die Koninkryk van God?

*Sing: Psalm 119:1 (1936)*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 18 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:1-8**

### Blydskap in beproewing!? Hóé?

Pynlike gebeure in 'n mens se lewe kom baie keer sonder aankondiging. Die Christene aan wie Jakobus skryf, het groot sosiale druk beleef, hulle is uitgebuit, hulle loon is teruggehou, hulle is onregverdig verhoor en het siekte en armoede beleef. Ook die dood. Nou hoor hulle dat hulle daaroor báie bly moet wees!

Hoe is dit moontlik? Gesels met iemand wat al baie pynlike dinge moes deurmaak en jy sal hoor hulle bring dit byna altyd in verband met God, sy voorsienigheid, sy regering en sy sorg. Dit is alleen wanneer ons God se hand ook in die pynlike dinge wat in ons lewens gebeur, kan raaksien, dat ons van vreugde oorloop. Want ons weet – ons het ervaringskennis – dat Hy daarmee 'n heilige doel het. Hy suiwer ons geloof in Hom. Hy oefen ons om te kan volhard. Deur dit alles heen maak Hy van ons héél mense: geestelik gesonde mense in wie se lewens daar ook gesonde geloofsvrugte gedra word waarin God geëer word.

Tog – al het ons al die lewenservaring in die wêreld en kan ons by mense leer wat deur die lewe gevorm is, bly dit moeilik om blý te wees deur die pynlike dinge wat in hierdie lewe gebeur. Selfs al sien ons God se hand daarin – dit bly moeilik! Daarom moet ons God gelowig en sonder twyfel om wysheid bid. Sonder voorbehoud en sonder verwyt gee Hy aan ons alle wysheid wat ons in ons beproewing nodig het om blymoedig ons beproewinge die hoof te bied. Om blymoedig sy hand in ons beproewinge raak te sien. Om blymoedig in die geloof gesuiwer te word. Om blymoedig te volhard. Om – al is dit pynlik – Hóm met blymoedigheid te eer as geestelik gesonde mense wat gesonde geloofsvrugte dra!

*Sing: Psalm 119-1:23, 25, 62*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 19 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:9-11**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:9-11**

### In armoede en rykdom moet ons ons in God verheug!

Tussen sy onderrig oor beproewings (1:2) en versoekings (1:12), praat Jakobus met armes en rykes. Enige beproewing kan deur 'n mens se sondige begeertes in die verskriklikste versoeking ontaard.

Om as gelowige arm te wees, is 'n baie pynlike ervaring. En in daardie pynlike ervaring kan die versoeking tot jaloesie, moedeloosheid, neerslagtigheid en opstandigheid geweldig groot wees – tensy jy die wysheid van God ontvang om jou armoede in verband met Hóm te bring. Dit is deur sy hand dat jy arm is en Hy het sy heilige doel daarmee. Tog kan jy, ondanks jou armoede, ook blymoedig wees – want jy het groot aansien by God. Dit beteken nie dat armes voorkeurbehandeling by God ontvang nie. Dit beteken wel dat hulle
~~~~~~~~~~

op sy besondere sorg in hulle hele lewe kan reken. En dit maak jou skatryk!

Om as gelowige ryk te wees, kan ook ’n pynlike ervaring wees. Rykdom kan jou maklik van jou medemens isoleer en jou bitter eensaam en alleen laat. Dan is dit net jy en jou besittings. Terselfdertyd is daar altyd die groot versoeking tot hoogmoed. Om wel mense rondom jou te kan hê … op wie jy neersien. Wat ’n vreugde is dit nie om dan die genade te ontvang om te weet dat ook jou rykdom uit God se hand kom, en dat Hy ook met rykdom ’n heilige doel het.

Dit is vreugde om te midde van al jou materiële seëninge dankbaar-nederig en gering voor God, wat elke goeie gawe en volmaakte geskenk gee, te kan lewe en jou naaste met sy gawes te dien. Om te midde van al jou materiële seëninge steeds jou vertroue op God alleen te stel, omdat jy weet: ’n ryk mens sónder God vergaan net soos al sy besittings. Maar ’n ryk mens wat op God alleen vertrou, het ’n toekoms!

*Sing: Psalm 112-2:1, 2, 3*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 20 Mei (Pinkster)**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-15**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:12**

## Ons liefde vir God motiveer ons om in beproewinge te volhard en volhardend versoekinge te weerstaan!

Pynlike dinge, so het ons reeds uit die eerste verse van Jakobus se brief geleer, gebeur en God het sy hand daaragter en sy doel daarmee. Hy gebruik dit om ons só te oefen dat ons die piek van ware geloof mag bereik. Daardie piek word deur volharding bereik.

Daar staan egter nie in ons fokusvers dat die oorwinningsprys belowe is aan dié wat volhard nie. Daar staan wel dat dit belowe word aan dié wat God liefhet! Wie God liefhet, sal deur al die pynlike dinge wat na hulle kant toe kom, volhard, want die liefde vir God is die sterkste dryfveer om deur beproewinge – en versoekinge! – te volhard. Wie deur die liefde vir God gemotiveer word om deur beproewinge en versoekinge heen te volhard, ontvang die lewenskroon: die ewige lewe in gemeenskap met die lewende Here.

Daar is ook die donker kant. Wanneer beproewinge versoekinge word en die liefde vir God my nie motiveer om in die toets te volhard nie, en my sondige begeertes in die volryp vrug van die sonde uitswel, is die uiteinde die dood.

Mag die liefde van God wat in Jesus Christus geopenbaar is, en waaraan die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is jou deel laat kry, jou motiveer om in beproewinge en versoekinge te volhard in die goeie. Mag jy dan die heerlike, glansende, onverganklike oorwinningskrans van die lewe in gemeenskap met God tot in ewigheid as genadeloon ontvang!

*Sing: Skrifberyming 15-3:4 (melodie Ps. 100)*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 21 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:16-18**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:16-18**

### Hoe is dit alles moontlik?

Hoe is dit alles moontlik? Die louter vreugde in beproewing, die volharding van die geloof deur pynlike ervarings heen, die geestelike rypheid, die vreugde van die arme dat hy die besondere sorg van die Here mag geniet, die vreugde van die ryke dat hy by al sy rykdom nog steeds van God afhanklik is. Hoe is dit moontlik om deur versoeking en beproewing te kan volhard om die ewige lewe as genadeloon te ontvang? Hoe is dit moontlik om "nee" te sê vir my sondige begeertes?

Dit kom van die Vader wat dit gee. Waarom gee Hy dit? Dit is sy *wil* om dit te gee. In sy verborge raad en in sy uitverkiesende liefde was dit God se wil dat daar lewensvernuwing vir jou moet wees. Hoe het Hy dit gegee? Deur ons deur die woord van die waarheid tot die lewe te bring. Dit is God se wil dat sondaars wat in hulle sonde dood is, tot die lewe gebring moet word deur die verkondiging van die woord van waarheid (dit is die evangelie). Deur hierdie evangelie bewerk die Heilige Gees nuwe lewe. Só ontvang God se kinders die genade om met groot vreugde te volhard wanneer daar beproewings en versoekings oor hulle pad kom, en word hulle die eerstelinge van God se herskeppingswerk.

Omdat God jou deur die Woord van die waarheid en die kragvolle werking van die Heilige Gees herskep – weergebore laat word het – het jy die verantwoordelikheid om met vreugde in beproewing én versoeking in die goeie te volhard … kan jy die geloofspieke bereik. Kan jy volhard omdat jy God liefhet. Ontvang jy uiteindelik die onverwelklike lewenskroon as 'n genadeloon!

*Sing: Psalm 119-1:26*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 22 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:19-27**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:19-27**

### As die woord van die waarheid jou lewend gemaak het, kan jy nie stil sit nie!

Dit was die wil van God dat sy uitverkore kinders lewend gemaak moet word deur die woord van die waarheid. Hóé maak God ons lewend deur die woord van die waarheid? Hy doen dit deur die prediking, en wanneer ons onder die prediking kom, moet ons dit met 'n sekere gesindheid doen: gewillig luister, nie te gou praat en myself wil verweer nie, en nóg minder *onheilige* toorn koester wanneer ek teregwys of tereggewys word. Dít is onkruid wat die ingeplante woord verdring en die groei daarvan in jou lewe inperk, en dit moet uitgeruk word!

Daarmee saam moet die ingeplante woord aangeneem word – dit moet in jou lewe van elke dag deurwerk: jy moet dit hoor, glo en dóén in 'n gees van sagmoedigheid. Dán eers kom daar lewe! Dán eers kan jy louter vreugde beleef te midde van beproewings en
~~~~~~~~~~

versoekings! Dán kan jy volhard uit liefde vir die Here.

Om net onder die prediking te kom en dit dan van jou skouer af te borsel of daarvan kennis te neem, is loutere selfbedrog en jou reaksie in tye van beproewing en versoeking sal dit uitwys. Meer nog: hierdie selfbedrog, wanneer jy níé die gepredikte woord in sagmoedigheid aanneem nie, kan nie red nie. Die woord wat lewend maak, verander jou hárt, en vanuit jou hárt doen jy dit waartoe die woord van die waarheid jou onder die prediking oproep. Dan sal dit nie moeite wees om jou tong in toom te hou nie (vs 26), of weeskinders en weduwees in hulle beproewing by te staan, of jou van die besmetting van die wêreld skoon te hou nie (vs 27).

Waartoe het die prediking wat jy Sondag gehoor het, jou opgeroep? Is jou hart deur die woord van die waarheid aangeraak? Bewys dit deur te gaan dóén!

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 23 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 2:1-13**
**Fokusgedeelte: Jakobus 2:1**

### Die moet en moenie van oordeel

"Moenie oordeel nie!" Dit klink vroom, maar is onbybels: Christene moet oor almal en alles oordeel (1 Kor. 2:15). In hulle persoonlike lewens, en natuurlik ook in die kerk se lewe, verhoudings en praktyk.

Die uitdaging is egter om reg te oordeel: nie die uiterlike nie, maar in ooreenstemming met ons "… geloof in ons Here Jesus Christus, die Here van heerlikheid". Die "wêreld" oordeel volgens die "uiterlike": voorkoms, besittings, status. Daarvolgens is "idols", "celebs" en rykes suksesse, maak aanspraak op en kry voorste sitplekke, terwyl nie-rykes en nieberoemdes, stille "agter-die-skerms"-werkers in God se koninkryk skaars 'n staan- of sitplekkie gegun word.

Maar "die Here van die heerlikheid" sê afhanklikes van God, sagmoediges, treurendes, barmhartiges, vredemakers, vervolgdes (Matt. 5:1-9) en kinderlikes (Luk. 18:16, 17) is eintlik die "suksesvolles"!

Jakobus se lesers het in hulle "vorige lewe" voorspoed en sukses beskou as bewyse van hulle gode se guns – en nou blyk dit dat daardie opvatting in hulle "nuwe lewe" as lede van die Liggaam van Christus in hulle waardes en praktyk 'n bedreiging vorm. Hulle moet "oorskakel" na die "koninklike wet" in hulle beoordeling: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Is ons altyd bewus van hierdie bedreiging? Dis so maklik om in die kerk en in ons harte steeds oor onsself en mense volgens die "uiterlike" te oordeel in plaas van volgens ons "… geloof in ons Here Jesus Christus, die Here van heerlikheid …" Mense met die regte geloof moet dus oordeel – maar hulle moet oefen om reg te oordeel!

*Sing: Skrifberyming 11-3:1, 3, 7, 9*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Donderdag 24 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26**
**Fokusgedeelte: Jakobus 2:26**

## Haal jou geloof asem?

Gelowiges neig na twee uiterstes: onderbeklemtoning van redding uit genade alleen deur geloof – hulle wil graag self iets bysit (Paulus se probleem met die Christene in Rome – en daarom 1:16-18; 3:21-24) en oorbeklemtoning van dieselfde werklikheid (Jakobus se probleem met die gelowiges uit die "… twaalf stamme in die diaspora", 1:1). Dié voormalige wet- en letterknegte is so oorweldig deur die evangelie van redding en verlossing uit genade alleen deur geloof dat hulle vergeet dat 'n lewende en werklike geloof na dade van geloof moet lei! Alleen sulke dade bewys dat geloof leef – en soos enige lewende organisme asemhaal.

Jakobus het alreeds beklemtoon dat die beoefening van geloof "in ons Here Jesus Christus" lei na die daad van beoordeling van waardes, motiewe en gedrag (2:1-13). Hy brei dit nou uit na ander praktiese sake: hoe jy mense in nood sien en behandel (vs 14-17) is 'n verdere toets of jou geloof dood is of leef. As voorbeelde van werklike, praktiese, daadkragtige geloof wys hy na Abraham wat gewillig is om op God se bevel Isak te offer (Gen. 22), en Ragab wat die spioene van God se volk beskerm (Jos. 2).

Jakobus sê dat as jy bloot in God glo (en ons kan byvoeg: kerk toe gaan, Bybel lees), is jy niks verskillend van demone nie, want hulle glo en doen ook so – maar is nie gered nie: hulle sidder vir God se oordeel.

Toets jou geloof: Haal dit asem? Alleen dade van gehoorsaamheid, dankbaarheid en liefde in die alledaagse lewe bewys dat jou geloof leef – en dan kan jy ook weet: Ek is vry van God se oordeel.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 25 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12**
**Fokusgedeelte: Jakobus 3:1-12**

## Die mag en anomalie van ons woorde

*Die mag*

Die spreekwoord lui: *Die pen is magtiger as die swaard.* Maar die gesproke woord is magtiger, persoonliker, vinniger as die pen … Met *drie vergelykings* illustreer die apostel Jakobus dit:

- *'n Stang in 'n perd se bek* – Dié klein apparaatjie in haar bek stuur 'n perd se hele liggaam. Een onvanpaste opmerking swaai 'n gespreksrigting totaal …
- *Die roer van 'n skip* – Piepklein in verhouding tot die reuse skip, stuur die roer dit "net waarheen die stuurman wil". Só lei een skimp tot 'n groot rusie …
- *Vuur* – 'n Wegholvuur is ontembaar. Selfs voorbrande help nie meer nie. Só word die
~~~~~~~~~~

skade van ’n skinderstorie nie ongedaan gemaak nie.

*Die anomalie*

Nog vier vergelykings teken die *bedrieglikheid* van ons woorde:

- *Gif* – Soos jy dalk per abuis van die “stroop” uit die gifbotteltjie sou drink, só vergiftig die kritikaster enige positiewe gedagtes.
- *’n Brak fontein* – Aangrypend praat die getroue erediensdeelnemer oor die Here, totdat sy in dieselfde asem begin skinder dat jou ore tuit …
- *’n Vyeboom met olywe* en *’n druiwestok met vye aan* – Vye, olywe en druiwe was simbole van die oorvloed van Kanaän, ideale woonomgewing vir die Hebreërs (Deut. 8:8; 1 Kon. 4:25; Miga 4:4 e.a.). Wat ’n skok as hierdie bome vreemde vrugte sou dra! Só is dit wanneer ’n Christen vloek soos ’n matroos en lieg soos ’n tandetrekker …

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12*

*Ds. Johan Botha (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 26 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 3:13-18**
**Fokusgedeelte: Jakobus 3:13-18**

## Die wysheid van Bo

Wysheid van Bo is nié dieselfde as intelligensie (IK) of algemene kennis nie. Dit is die kuns om sinvol en gelukkig te lewe, ’n lewenstyl volgens die wil van God, dit wil sê vol vrede, medelye, bedagsaamheid en liefde.

*’n Ander manier van kyk*

Dié wysheid sien goeie kwaliteite in medemense raak, soos onpartydigheid, vredeliewendheid, bedagsaamheid, medelye, vrede, opregtheid. Dit is die teenoorgestelde van die “wysheid van die duiwel” – wat aards, naywerig, sinlik en selfsugtig is.

*Hoe kry mens dit?*

Is dit iets natuurliks – is sekere mense net eenvoudig meer vredeliewend en bedagsaam as ander? Nee, glad nie, daar is nie iets soos “goeie mense en slegte mense” nie. Alle mense sondig. Die wysheid van Bo word gevind in ’n lewende verhouding met God. Ten diepste is die Seun van God, Jesus Christus, Persoonlik die bekendmaking van God se wysheid – Hy is tegelykertyd waaragtig God én mens. Hy is die volmaakte Mens – sonder sonde.

*Prakties*

Dalk ken u ’n “wyse en verstandige mens” (vs 13) – ’n familielid, kollega of vriend? Iemand wat respek afdwing, na wie ander opsien – sagsinnig, stil-sterk, nederig, bedagsaam, vol van die Gees van God. So iemand is ’n gawe van God aan u gemeente en gemeenskap. Volg haar/hom na, en u sal algaande ook in die wysheid van Bo toeneem.

*Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3*

*Ds. Johan Botha (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 27 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-10**
**Fokusgedeelte: Jakobus 4:10**

### God verhoog ons op sy tyd, gaan lewe onderworpe aan God in nederigheid

Jakobus skryf aan die gelowiges en beskuldig hulle van die "selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in (hulle) woed" (vs 1). Is dit nie ook wat baie keer in meeste van ons se harte aangaan nie? Hoe kom ek dan daarvan los?

Jakobus sê dat hierdie "selfsugtige begeertes" tot drie dinge lei: erge rusies onder mekaar (vs 1-2), gebede wat nie opreg is nie en daarom oneffektief is (vs 2-3), en vriendskap met die wêreld, wat vyandskap met God is (vs 4-5).

Jakobus roep hierdie gelowiges tot bekering. Hy gee vir hulle twee opdragte wat hulle (ook ek en jy) moet uitvoer om teen hulle hoogmoed en selfbevrediging te veg. Hy sê eerstens dat hulle hul moet "onderwerp … aan God" (vs 7). Hulle moet tweedens "nader tot God" (vs 8). Met vers 10 som hy op en sê: "Onderwerp julle in nederigheid voor die Here."

Hoe kan ek nederig wees in ’n hoogmoedige wêreld? God se belofte is: Wees nederig en "Hy sal julle verhoog" (vs 10). Hierdie is presies die belofte waaruit Christus ook geleef het met sy koms na die aarde. Hy het nie vasgeklou aan die heerlike glorie wat Hy by die Vader gehad het nie, maar ’n mens geword – ’n slaaf geword om in jou plek te sterf. Die Vader het ook sy Seun tot die hoogste eer verhef en alles aan Hom onderwerp.

Jy kan vandag nederig, onderworpe aan God in die wêreld leef (soos Christus), want jy hoef nie jouself te verhef nie, God sal jou op sy tyd verhef.

*Sing: Psalm 147:1, 2*

*Teologiese Student CJ (Jaco) Lemmer*

~~~~~~~~~~

**Maandag 28 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 4:11-17**
**Fokusgedeelte: Jakobus 4:15**

### Ek kan Godsversekerd sê "As die Here wil", want sy wil is goed

In Palestina vorm daar dikwels by die kus dampwolkies wat gou weer verdwyn. Dit is hoe ons lewens is, volgens Jakobus. Ons is soos ’n damp wat ’n oomblik verskyn en die volgende oomblik weg is.

Alhoewel ons met Jakobus sou saamstem, wys hy ’n fout uit in die manier wat ons elke dag lewe. Ons sê dikwels: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak." Hierdie woorde was in die destydse samelewing baie meer selfversekerd as vandag, want min mense het ver gereis en reis was onveilig. Min mense het lang reise oorleef – en wat nog van die selfversekering dat hulle daar sal handel dryf en wins maak? Hulle laat God buite rekening, omdat hulle net op hulleself vertrou.

Jakobus roep die gelowiges op om teenoor hierdie selfversekerde hartsgesindheid eerder te sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." Hierdie woorde is
~~~~~~~~~~

nie maar net ’n rympie nie, maar dit moet uit ’n hart kom wat waarlik God se perspektief op die lewe het. Elke dag is net genade, en waarheen ek gaan of wat ek ook al doen, is in God se hande. Ek is dus nie selfversekerd nie, maar eerder Godsversekerd.

Ek en jy lewe so Godsversekerd juis omdat ons in Jesus Christus kinders van die Vader is. In verhouding met Hom kan ek elke dag sê “As die Here wil …”, want sy wil is goed.

*Sing: Psalm 18:1, 2*

*Teologiese Student CJ (Jaco) Lemmer*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 29 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:1-6**
**Fokusgedeelte: Jakobus 5:4**

**Lewende geloof is lewende Christusdade: ’n Nuwe hart bestier ’n nuwe manier van gee**

’n Dringende waarskuwing word aan welgestelde of ryk mense gerig. Hulle huiwer op die rand van oordeel, omdat daar by hulle ’n lewensingesteldheid was om voordeel ten koste van ander te behaal. Hulle was gierig. Hulle het vir hulle skatte in die hier-en-nou bymekaargemaak en dit het die oorheersende kenmerk van hulle lewe geword.

Natuurlik is daar niks mee verkeerd om besittings te hê en boonop ’n gelowige te wees nie. Die groot probleem kom egter daarby dat jy die reëls bepaal vir die manier waarop jy dit bekom en dit bestee.

Die rykes was nie deel van die lidmate in verstrooiing aan wie Jakobus skryf nie. Waarskynlik was hierdie rykes boere wat aan die Joodse sinagoge behoort het. Hulle weet van die Here. Hulle was soos die verstrooide Christusgelowiges ook Jode. Tog het hulle vanweë die feit dat die Christene met bloedweinig besittings eintlik rondtrekkende mense was, misbruik gemaak. Die Christene was mense wat letterlik dag-arbeiders was. Hulle het hande-arbeid vir hulle daaglikse brood verrig. Hulle is vir hulle bestaan aan hulle werkgewer uitgelewer.

So is dit ook met elkeen van ons gesteld wat werkgewers van loonwerkers is. Ons vergeet dat ons rentmeesters van God is. Daarom moet jy mooi luister wat Jakobus skryf. Om jou ten koste van mense te verryk, is ’n saak wat nie ongesiens by God verbygaan nie. Die arbeiders se geroep om reg, spreek direk tot God. Wie van hulle loon vir eie gewin terughou, bederf jou besit. Jy word ’n ontroue rentmeester wat aan God rekenskap sal gee. Daardie rykdom vergaan, maar die rykdom van regverdigheid bly bestaan.

Vergader vir jou skatte in die hemel, want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees, leer die Here (Matt. 16:19-21). Jesus Christus is die grootste skat aan jou toevertrou.

*Sing: Psalm 51:8 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 30 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:7-12**
**Fokusgedeelte: Jakobus 5:8-9**

## Lewende geloof is lewende Christusdade: Om af te wag, vra van jou om met geduld teenoor alles en almal op te tree

Hoe maklik gebeur dit met mense dat hulle saamstaan in afwagting op iets of om ’n bepaalde doel te bereik. Wanneer daardie iets nie in afsienbare tyd gebeur of die doel bereik word nie, ontstaan daar meningsverskil. Dan begin mense ongeduldig raak en ontstaan daar spanning sodat hulle teenoor mekaar mor, en gou-gou is daar onenigheid.

Die ongeduld het ook onder die verstrooides kop uitgesteek. Daar was by hulle ’n wederkomsverwagting in hulle leeftyd. Namate dae gekom en gegaan het, het sommige ongeduldig geraak en met mekaar begin verskil. Die geduld met mekaar en dit waarmee hulle besig was, het soek geraak.

Vaderlik bemoedig Jakobus sy lesers aan die hand van drie opdragte. Hulle moet geduldig wees, hulle moet hulle harte versterk en hulle moet hulle herinner aan hoe die profete geduld aan die dag gelê het. Geduldig soos die boer saad aan die aarde toevertrou en deur God se genade van reën en seën op die kosbare vrug van die oes wag. Om jou hart te versterk, beteken om só ingestel te wees op Jesus Christus se wederkoms dat dit krag gee om lyding en onreg te verdra. By die geduld kom die moedhou (om te verdra en te volhard) ten spyte van enige teëspoed. Al het die Here Jesus die beker van lyding tot die laaste druppel moes drink, het Hy tog gesmeek: Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied (Luk. 22:42)!

Moet daarom in jou wag nie plek gee vir ongeduld om jou medegelowige in die hare te vlieg nie. Dink maar aan Job en die profete. Hulle moes God se wil verkondig en dan getrou wag tot Hy dit met die daad bevestig. Só is die gelowige se oog op God gevestig en op die wederkoms van die Here Jesus dat geen aardse onreg jou van koers kan dwing nie. Dit sluit in dat jou ja immer ja is! Só wek die liefde deur die Gees liefde.

*Sing: Psalm 4:4 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 31 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20**
**Fokusgedeelte: Jakobus 5:16b**

## Lewende geloof is lewende Christusdade: Wie waarlik gemeenskap met jou Vader het, weet by Hom is niks onmoontlik nie

Die kroon van jou dankbaarheid is jou gebed. Onder alle omstandighede leer Jakobus die weg na God toe in die gebed is om rus vir jou gemoed te kry. Rus, omdat jou hemelse Vader in Jesus Christus weet wat reg is en wanneer om dit vir jou gee.

Gebed met medisyne en gebed sonder medisyne. Gebed onder lyde, gebed onder die sprankel van lof as dit met jou goed gaan. Jou eie gebed en die gebed van andere vir jou
~~~~~~~~~~

en joune vir andere. Immers: die vurige gebed van ’n regverdige het groot krag. Daarmee word die uitwerking van die regverdige se gebed belig. Die gebed sal die kranke oprig, die Here sal hom oprig en die sonde sal vergewe word.

Wat jy baie goed moet onthou, is dat die eie gebed en die gebed vir andere uit die hart moet kom van iemand wat waarlik in die Here glo en wie se lewe getuig van lewe uit die geloof. Die gebed van elkeen wat die Here van harte dien, het groot krag omdat hulle in Jesus Christus regverdiges is.

Niemand durf voorbidding vir ander en smeking vir jouself onderskat nie. Daarby kom die ouderlinge wat opreg in die gemeente regeer en met vermaning en aanmoediging vir God se kinders intree. Die oliesalf wys op olyfolie wat reinigende en genesende krag het. Dit sê vir ons dat gebed en die genadesorg van God in medisyne hand-aan-hand gaan om gesond te maak.

Onthou Jakobus se vermanende woord: Wie bid, moet in die geloof bid, sonder om te twyfel (Jak. 1:6). Die Here Jesus leer ons: Julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle vra. En: Bid en vir julle sal gegee word (Matt. 7:7). Die opgestane Here Jesus Christus tree vir jou by jou Vader in.

*Sing: Psalm 18:13 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)*




***ESRA en NEHEMIA***

*Die boek ESRA beskryf vir ons hoe die volk na die ballingskap te werk gegaan het om Jerusalem weer op te bou. Daar val dus 'n besonderse fokus op sekere godsdienstige temas, die verbondstrou van die Here en die reiniging en afsondering van die volk van vreemdelinge. God se almag en heerskappy oor alle nasies en volke word op 'n besonderse manier belig in hierdie boek. Hierdie tema word veral duidelik wanneer die inleiding van Esra in gedagte gehou word, naamlik dat dit die Here was wat sy belofte by monde van Jeremia vervul het deurdat Kores die proklamasie uitgevaardig het.*

*NEHEMIA vertel aan ons die verhaal oor die huis van God wat herbou moet word na die ballingskap. Hiermee word daar nie net na die fisiese tempel verwys nie, maar na alle gebruike rondom die tempel en wat daar gebeur het – alles wat dus vir God gedoen word. Dit word veral duidelik deurdat beide boeke nie ophou wanneer die tempel herbou is nie, maar dat dit aangaan om te vertel hoe Esra die wet aan die volk voorhou en die verhouding tussen die Verbondshere en sy volk begin genees.*

*Dus: die gemeenskap van gelowiges en alles wat hulle vir God doen, is die huis van God!*

**Vrydag 1 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 1:1-11**
**Fokusgedeelte: Esra 1:5**

## Wakker geskud vir bouwerk

Miskien het jy ook al ’n slag in die nag skielik helder wakker geword en ’n idee het hier in jou hart kom lê. Jy weet skielik wat jy moet doen om jou besigheid se wins baie groter te maak, of jy weet skielik wat nodig is om te doen in die opbou van julle gemeente. En wanneer jy opstaan, het jy sekerheid om te gaan doen wat in jou hart opgekom het.

Wanneer God iets gedoen wil hê om sy beloftes waar te maak of om sy verlossingsplan met die wêreld tot uitvoer te bring, skud Hy ook mense wakker. Hy skud die koning van Persië in sy hart wakker met ’n voorneme om in Jerusalem vir die God van die volk Israel ’n tempel te laat bou. Die Here herinner Kores daaraan dat Hy die God in die hemel is wat die volke van die wêreld gegee het, en daarom staan hy in die diens van God. God wil sy huis, of sy tempel in Jerusalem laat herbou, en daarom lê hy dit in die hart van Kores om daarvoor te sorg. Vir God is die herstel van die tempel in Jerusalem belangrik, want alleen langs dié weg wil Hy sy verbond vervul.

So profeteer Maleagi: “Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na Wie julle soek, skielik na sy tempel toe kom” (Mal. 3:1). En wanneer Jesus later in die tempel staan, hoor ons Hom verklaar: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig” (Joh. 2:19). Met “hierdie tempel” het Hy egter sy liggaam bedoel (Joh. 2:21). Hy het sy liggaam vir ons gebreek aan die kruis om vir ons skuld en sondes te betaal en ons met God te versoen.

Wanneer Hy uit die dood uit opstaan, gee Hy aan sy dissipels die opdrag om die evangelie van bekering en vergifnis van sondes te verkondig van Jerusalem af verder tot die eindes van die aarde (Mark. 16:16). So wou Jesus sy nuwe “tempel” (sy kerk) bou.

Jy deel deur jou geloof in Jesus Christus die eer om in die gebou van God (sy nuwe tempel) as ’n lewende steen ingebou te wees (1 Pet. 2:7). Jy word deur ons Here wakker geskud om ook ’n tempelbouer te wees. Ons Here wil jou in jou hart wakker skud en jou die skoene van bereidheid laat aantrek, naamlik die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Onthou vandag die woordjie “bereidheid”. Wees bereid om bouwerk in die koninkryk van God te doen, want so wil God sy belofte van ’n nuwe Jerusalem vervul. As sy “tempel” op aarde volledig klaar gebou is en die laaste lewende steen op die hoeksteen Jesus deur die geloof ingemessel is, dan daal die nuwe Jerusalem op aarde neer. Daarin sal nie meer ’n tempel gevind word nie, want sy “tempel” – die verloste gelowiges – sal voltallig voor Hom staan (Op. 21:22).

*Sing: Psalm 116:9, 10*

*Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)*

~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~

**Saterdag 2 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 2:1-69**
**Fokusgedeelte: Esra 2:68-69**

**Die Here verlos en seën sy volk elke dag**

Wat is die doel van geslagsregisters in die Bybel? Elkeen het sy eie doel, maar hier in Esra 2 wil die Here aan die nageslag bewys dat Hy 'n Verbondsgod is, dat Hy bereid is om te verlos en sy volk te seën.

Hierdie volk was vir 70 jaar in ballingskap, en ná al die jare was daar selfs vrae by die volk of die Here hulle vergeet het (Jes. 40:27 ev.). Dit terwyl die Here reeds in Jesaja 10:22 die belofte gemaak het dat hierdie volk sal terugkom.

Esra 2 handel oor elke familie, elke geslag, elke priester wat in ballingskap behoue gebly het en wat die Here laat terugkeer het. Al het dit beteken dat dit die volgende geslag was. Die totale word in vers 64 gegee. Miskien nie so baie in getal nie, maar baie in vergelyking met byvoorbeeld die Tien Stammeryk waarvan daar nie een kon terugkeer nie. Hierdie was die eerste en enigste volk wat uit ballingskap in die geskiedenis van die destydse wêreld teruggekeer het.

Hierdeur wys die Here dat Hy sy beloftes nakom. Hy is getrou aan sy verbond en seën sy volk deurdat hulle na hulle land kon terugkom. Daar is selfs dié wat bereidwillig is om 'n bydrae te maak sodat hulle met die bou van die tempel kon begin.

In die lewe vandag kom die Here en skenk verlossing aan ons deur sy Seun, Jesus Christus. Ons word volgens Romeine 11:5 gesien as deel van die oorblyfsel wat die Here uitverkies het. Ons is deel van sy volk aan wie Hy die geleentheid gegee het dat ons name in die Boek van die Lewe geskryf mag word.

Met die koms van Christus sal die Boek oopgemaak word en die geslagte se name gelees word, omdat ons kinders van die Here is: uitverkies en deel van sy verbond.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Ds. Neville Boy (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 3 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 3:6b-13**
**Fokusgedeelte: Esra 3:10-13**

**Jubel oor Christus, die Fondament van jou lewe**

Hierdie gedeelte sluit aan by hoofstuk 2 waar die oorblyfsel van die volk uit ballingskap teruggekeer het. Een van die eerste belangrike take wat hierdie mense moes verrig, was die bou van die tempel. Hulle verhouding met God moet nou regkom en in orde wees.

Daar heers enersyds 'n opgewondenheid; andersyds 'n traagheid. Dit neem twee jaar vir hulle om te begin, ten spyte van geld wat alreeds daarvoor geskenk is. Die belangrikste plek om te begin bou, is die fondament. Dit het redelik vinnig klaargekom. Die voltooiing van die tempel het uiteindelik meer as 20 jaar geneem. Hier in ons fokusgedeelte is die vreugde en blydskap te bespeur.
~~~~~~~~~~

Vers 11 wys duidelik hoe die volk begin om te jubel deur die volgende woorde te uiter: “Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie.” Dis ’n aanhaling uit Psalm 136. Dit is gedoen, want die fondament van die tempel is gelê.

Die lê van die fondament is baie belangrik vir ’n gebou, en net so in die lewe van elke kind van die Here. Jesus Christus word gesien as die Hoeksteen van die gebou van God. Die Hoeksteen van ons lewens. Psalm 118 sluit aan by Psalm 136 en ons fokusgedeelte met die woorde: “Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie” (:1). Hier word verwys na Jesus Christus as die “klip wat deur die bouers afgekeur is”. Ons as kinders van die Here kan egter nie bekostig om Christus af te keur nie.

Die hoeksteen van ’n gebou was die belangrikste steen gewees. Dit is noukeurig op sy plek gesit en al die ander stene is volgens daardie een steen neergelê. Jesus Christus is die Hoeksteen van ons lewens. Daarom moet ons toelaat dat die Gees van God ons neerlê sodat ons in lyn gebring kan word met Jesus Christus as ons Hoeksteen. Wanneer dit gebeur, kan daar ’n gejuig en ’n gejubel wees omdat Jesus Christus aan hierdie gebou, ons lewens, ons kerk, ons wêreld standvastigheid gee – want Hy is die belangrikste klip in die fondament van ons lewens.

*Sing: Psalm 118-1:1, 11*

*Ds. Neville Boy (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 4 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 4:1-7**
**Fokusgedeelte: Esra 4:3**

**Die suiwer waarheid van die evangelie is ons trots!**

Die Here het die Israeliete in ballingskap laat gaan na Babel, omdat hulle van Hom afgedwaal het. Hy het dit beskik dat hulle vyande hulle oorwin. Hulle het alles verloor, ook die tempel is verwoes. Tog was hierdie bitter moeilike tugtiging nodig. Toe hulle weer teruggekom het in Israel, was dit duidelik dat hulle die les van hulle lewe geleer het.

Die vreemde nasies wat hulle tydens die ballingskap in die omgewing van Jerusalem gevestig het, bied aan om te help bou aan die tempel. Ons sien egter die les wat geleer is daarin dat *die Israeliete botweg weier*! Hierdie nasies beroem hulle daarop dat hulle die Here ken, tog *dien hulle ook nog hulle afgode*.

Israel moes op die harde manier leer hoe kosbaar hulle godsdiens vir hulle is. Hulle moes leer dat jy hierdie kosbare goud dat jy die ware God uit genade kan dien, nooit laat vertroebel nie. Hulle het met die ballingskap beleef waarop stuur jou lewe af wanneer jy jou deur heidense gebruike laat beïnvloed en afvallig word. Die Here het hulle juis getugtig omdat hulle hul kosbaarste skat nie opgepas het nie. Hy tugtig hulle juis ook omdat hulle vir Hom kosbaar is. Die suiwer Waarheid is ons trots. Suiwer en onaangetas is Christus se liefde vir jou. Suiwer is ons hoop en ons ewige uitsig. Dien God dankbaar met suiwere liefde. Wanneer ons afdwaal, kan Hy ons in ballingskap stuur in watter vorm dit Hom behaag, en die goddelose oor ons laat heers – totdat ons Hom alleen weer suiwer dien.

*Sing: Psalm 25-1:4*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)*
~~~~~~~~~~

**Dinsdag 5 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 5:1-5**
**Fokusgedeelte: Esra 5:5**

**God maak eers sy kinders nuut, dan alles rondom ons**

Toe die herbou van die tempel met geweld tot stilstand gebring is, het daar by die Israeliete 'n geestelike doodsheid ingetree en hulle begin meer aandag gee aan hulle eie belange.

*Maar nooit los die Here sy kinders nie.* Deur die profete Haggai en Sagaria roep Hy hulle op om weer aan die tempel te bou. Met *waagmoed* en *durf* moet hulle die opdrag van die Here uitvoer en nie vir hulle vyande skrik nie.

Wat gee ons waagmoed en durf? Deur Sagaria sê die Here vir die Israeliete wat geestelik doodgegaan het (1:3): "Keer terug na My, spreek die HERE van die leërskare, en Ek sal na julle terugkeer." *Hy roep hulle terug na Hom toe.* Hulle het die Here verlaat. Daar begin alle doodsheid en ongehoorsaamheid. Een met jou Here sal die duiwel wat doodsheid saai en geen vyand jou sommer so oorrompel nie.

Ons kan sê: God het eers die Israeliete "herbou" – en toe sy tempel. So het Christus ook gekom en ons as sy kinders eers "herbou", nuutgemaak, herskep. Hy het nie gekom om net ons omstandighede te vergemaklik nie. Ook in Suid-Afrika wil die Here dat elke kind van Hom die nuwe lewe in Christus voluit leef, een met Hom. Hy sal nie 'n land wat in chaos verval, eerste opbou nie.

Wie deur die Here vernuwe is, sal geseënd werk en leef, en God sal ruimte vir ons skep. Hy skep lewensruimte waar Hy gedien word, en Hy hou 'n oog oor hulle wat dienend werk.

*Sing: Psalm 99-1:1, 3*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 6 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 6:19-22**
**Fokusgedeelte: Esra 6:22**

**God gryp altyd in om sekerheid en vreugde te bring**

Aan die einde van Esra 6 lees ons van Israel se VREUGDE. Hulle vier die paasfees met vreugde. Was nagmaal al ooit vir jou 'n belewenis van groot vreugde? Die paasfees het immers met Christus se koms in die nagmaal oorgegaan.

Wat het hierdie vreugde by die Israeliete veroorsaak? Tot hiertoe in die boek Esra is dit duidelik: *die Here se ingrype in hulle lewe loop telkens uit op vreugde*. Hy gryp in en stuur hulle in ballingskap toe hulle Hom verlaat. Hy gryp in Kores se besluitneming in en laat die Israeliete jare later weer terugkom. Alles het die Israeliete net sterker gemaak, want terug in die beloofde land besef hulle dat heidense invloede nooit weer op hulle godsdiens mag inwerk nie.

Die Here gryp weer in deur Haggai en Sagaria toe hulle vir hulle vyande skrif en ophou
~~~~~~~~~~

bou aan die tempel. Hulle word aangespoor om weer te bou. Hy gryp weer in toe Hy dit bewerk dat Darius opdrag gee om de tempel op Persië se koste te voltooi, en hulle vyande niks daaroor te sê het nie.

Christus het diep in jou lewe ingegryp en die vreugde van die ewige lewe gebring. Soos die paasfees destyds, herinner die nagmaal vandag nog duideliker aan die vreugde wat Christus vir ons gebring het. Lewe elke dag met vreugde, want jou Here sal nooit hulpeloos toekyk nie. Hy *sal* altyd ingryp tot jou beswil, sodat jou lewe *beslis* sal uitloop op ewige vreugde. Paasfees, en nagmaal nog meer, vier die vreugde van sekerheid dat God altyd ten goede sal ingryp.

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 7 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 7:1-10**
**Fokusgedeelte: Esra 7:10**

**Sit jou hart op die ondersoeking van die wet van die Here**

Vers 10 soos volg vertaal: "En Esra het sy hart daarop gesit om die wet van die Here te ondersoek, dit (die wet) te doen en om in Israel die voorskrifte en bepalings (van die wet) te onderrig."

Esra het sy "hart daarop gesit", so openbaar vers 10, om "die wet van die Here te ondersoek". Hierdie studie het nie net gegaan oor verkryging van kennis nie, maar oor die beginsels van 'n God-behaaglike en God-verskuldigde lewenswyse. Esra se doel was dat hy dit self kon doen (:10b). Dit is egter nie die einde van die saak vir Esra nie, maar hy het ten doel gehad om ook die lewe van die Godsvolk, Israel van destyds (:10c) in lyn daarmee te bring.

Die saak waaroor dit eintlik gaan, is *die Here se vestiging van sy teenwoordigheid onder sy volk*. Die Skrif openbaar dat die Here hierin mense gebruik wat hulle harte daarop sit om drie dinge te doen:

- *om die wet van die Here te ondersoek,*
- *om dit te doen wat God se wet bepaal,*
- *om ander te onderrig om dit te doen.*

Toepassing: Is ek iemand wat sy hart daarop sit (1) om die wet van die Here te ondersoek, (2) om te doen wat God se wet bepaal, en (3) om ander te onderrig om te doen wat God se wet bepaal, *dan is ek deel van God se vestiging van sy teenwoordigheid onder sy volk*. 'n Vestiging waartoe ek gered en bekwaam gemaak is deur die Een wat God volmaak onder sy volk gevestig het, naamlik *Immanuel – God met ons*, Jesus Christus die Here.

*Sing: Psalm 18-1:15*

*Ds. HJP (Hendrik) de Beer (Magol/Koedoesrand)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 8 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 7:1-28**
**Fokusgedeelte: Esra 7:27-28**

## Ons bekwaamheid lê in God

God vestig hier in Esra 7 opnuut sy teenwoordigheid onder sy volk, en hierin speel Esra ’n belangrike rol. Hy was ’n boorling van die ballingskap – Esra het dus geen herinnering gehad aan Israel as land van herkoms deurdat hy daar geleef het nie. Tog is dit juis hy wat aan die voorpunt staan van die terugkeer van die oorblywende bannelinge na die land van herkoms.

Hiervoor het God hom bestem – telkens word geopenbaar dat die Here besonderlik met hom was:

- “die koning het, *omdat die hand van die HERE sy God oor hom was*, al sy begeertes ingewillig” (:6).
- “hy in Jerusalem aangekom, *omdat die goeie hand van sy God oor hom was*” (:9).
- “Toe het ek moed geskep, *omdat die hand van die HERE my God oor my was*” (:28).

Die Here het dus sy lewe gestuur en hom voorspoedig gemaak – wat hy aangepak het, was vergesel van die seën van die Here.

Esra is hier tot ’n mate “een mens tot redding van baie”, woorde wat bekend klink vanuit die Nuwe Testament: *“Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word”* (Rom. 5:19). In die Nuwe Testament ook een Mens tot redding van baie (ons), en hierdie mens is ons Here Jesus Christus.

Toepassing: Ons bekwaamheid lê in God (die hand van die Here wat in Christus oor ons is), skep daarom moed (:28) en doen met oorgawe die werk waartoe God jou bestem, en vestig so sy teenwoordigheid ook weer op hierdie dag tot sy verheerliking.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Ds. HJP (Hendrik) de Beer (Magol/Koedoesrand)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 9 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 7:1-10; 8:15-36 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Esra 7:6, 9-10; 8:21-23 (1933/53-vertaling)**

## Soek die HERE terwyl Hy te vinde is!

Esra het God *gesoek*. Hy het voor sy aangesig gekom en vir ’n *voorspoedige* reis gevra, want hy is saam met klomp families uit ballingskap op pad terug Jerusalem toe, met baie geld wat Artasasta gegee het. Dis gevaarlik, hulle kan beroof word.

Hy soek nie begeleiding van Artasasta nie, want hy het al vir hom gesê: *Die hand van onse God is ten goede oor almal wat Hom soek*. Esra sal hom skaam om Artasasta se hulp te vra, want hy *ken* God so en het Hom so aan Artasasat verkondig. Sy God se hand is oor hom!

Hulle is juis op pad terug Jerusalem toe, omdat die hand van God ten goede oor Esra
~~~~~~~~~~

is. Hy het die terugtog voorsien, want Esra het God gesoek en *God se hand is ten goede oor almal wat Hom soek*. Dit is wie Hy is!

So, wanneer Esra in soveel vertroue God soek, is dit omdat Hy God se betroubaar leer ken het. Hy vat nie maar 'n kans op God en hoop op die beste nie. As hy God nie só betroubaar leer ken het nie, sou hy God sekerlik nie só gesoek het nie.

Geliefde, soek God! Soek Hom in die openbaring van Homself – sy Woord. Jy sal Hom nie vertrou as jy Hom nie as betroubaar leer ken het nie.

God wil gesoek word en as betroubaar geken word. Hulle wat Hom soek, sy hand sal oor hulle wees. Het u God al so gesoek en so leer ken? Waarop vertrou u dan?

*Sing: Psalm 147-1:3, 4*

*Ds. DJ (Dirk) Dijkstra (Nigel)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 10 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 9:1-5**
**Fokusgedeelte: Esra 9:3-5**

### Kom terug na God toe

Koning Kores van Persië het toegelaat dat 'n aantal Israeliete uit ballingskap na Juda toe terugkeer. Ongeveer 80 jaar later het koning Artasasta toegelaat dat nog Israeliete terugkeer. Onder hulle was die Skrifkenner en priester, Esra.

Esra het intens gerou toe hy hoor dat van die vorige ballinge wat teruggekeer het, met van die nie-Joodse bevolking getrou het. God se opdragte toe die Israeliete die Beloofde Land die eerste keer ingeneem het, was nog net so geldig. Toe het Hy opdrag gegee dat die nasies verdryf moes word, omdat hulle so goddeloos was (Deut. 9:5) en hulle die Israeliete sou verlei om teen God te sondig (Eks. 23:32).

Die ongehoorsame Israeliete het die deur oopgemaak dat God se volk onder sy toorn sou vergaan. Dit is teen dié agtergrond dat mens verstaan dat Esra sy klere geskeur, sy baard en hare uitgetrek het en verslae was. Die nuus van sy geloofsgenote se ontrou was soos 'n doodsberig.

Wanneer ons agterkom dat ons aan God ongehoorsaam geraak het, kan ons dit nie aanvaar nie. Ons moet na Hom toe terugkom.

Esra het teen die tyd van die aandoffer tot God begin bid. As Nuwe-Testamentiese gelowiges het ons 'n groter Hoëpriester wat 'n groter offer namens ons voor God gebring het. Ons mag deur ons Here Jesus tot God nader. Wanneer ons ons voor Hom verootmoedig, vergewe Hy en verander Hy lewens.

*Sing: Psalm 130-1:1*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 11 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 9:6-15**
**Fokusgedeelte: Esra 9:15**

## Bely jou skuld voor God

Esra het hom geskaam, omdat van sy geloofsgenote aan God ongehoorsaam was en met ongelowige vroue getrou het. Hulle het dit gedoen nádat God hulle begenadig het en hulle uit ballingskap teruggebring het. Hulle het God se genade in die wind geslaan.

Skok dit jou nog wanneer ons van die verskriklike dinge hoor wat in ons land gebeur? Van dit word gepleeg deur mense wat sê dat hulle Christene is. Verdraaiing van die waarheid, fisiese en geestelike moord, huweliksontrou, seksuele losbandigheid, dwelmmisbruik, uitbuiting, ensovoorts.

Dit is maklik om die skuld vir die morele verval in ons land voor die deur van die owerheid of ander mense te lê. Esra het anders opgetree. Al was hy onskuldig, het hy homself só met die afvallige Israeliete geassosieer dat hy praat van “ons” wat u gebooie oortree en ondertrou het met die nasies wat afskuwelik leef. Hy het saam met die skuldiges skuldbelydenis gedoen.

Wanneer ’n mens vingers na ander wys, is jy geneig om jou eie skuld te vergeet. Dit is belangrik om jou eie skuld te ken en te bely, sy genade te ontvang en daaruit te leef. Dan kan jy ook vir die ander bid, veral vir God se kinders wat besig is om sy genade te vertrap. Ons mag deur ons Here Jesus tot God nader en genade ontvang. As ons nie ons skuld bely en deur ons Here Jesus tot God nader nie, sal ons ook nie eendag voor Hom kan staan nie.

*Sing: Skrifberyming 9-1:1, 11*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 12 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 10:1-6**
**Fokusgedeelte: Esra 10:3-4**

## Ingrypende optrede mag nodig wees om God se doel na te kom

Sekanja se voorstel dat die Israeliete met vroue uit die heidennasies hulle vroue en kinders moes wegstuur, klink met die eerste hoorslag baie vreemd. Ons moet hierdie “vreemde” voorstel sien teen die agtergrond van God se opdrag dat sy volk nie met mense uit die heidendom mag getrou het nie. Die vreemde vroue kon hulle weglei van die God wat Homself aan hulle verbind het. God het in sy genade ’n verbond met Abraham en sy nageslag gesluit. Hy wou hê hulle moet heilig, afgesonderd, leef. Hy wou ’n God wees vir hulle, en hulle moes sy volk wees. So sou hulle nie verlore gaan nie.

Die Israeliete was telkens ongehoorsaam en het nie God se doel – om afgesonderd vir Hom te leef – nagekom nie. Ingrypende optrede was nodig om weer aan God gehoorsaam te wees. Dit sou hulle hele lewe raak. Ons Here Jesus het dit ook in later jare geleer toe Hy gesê het: “As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg;
~~~~~~~~~~

want dit is beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die vuur gegooi word" (Matt. 5:29).

God het ingrypend opgetree toe Hy sy enigste Seun as offer gestuur het om ons van die sondemag te bevry, sodat ons afgesonderd vir Hom kan leef. Dit verg egter dat ons soms ingrypend ons lewens moet verander om as God se geheiligdes te leef.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 13 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 10:7-17**
**Fokusgedeelte: Esra 10:10-11**

**Skuldbelydenis is nodig om ons verhouding met God reg te maak**

Ons kan nie God dien en eer en terselfdertyd 'n sondige lewenstyl handhaaf nie. Esra het hierdie waarheid opnuut onder die Israeliete se aandag gebring.

Wat doen jy wanneer jy besef dat jy aan die Here ongehoorsaam is? In die eerste plek is dit nodig dat jy die omvang van jou skuld besef. Sonde raak nie net jou eie lewe, of miskien jou gesin nie. Dink maar aan die gevolge wat 'n buite-egtelike verhouding of verslawing op 'n familie kan hê.

Ongehoorsaamheid raak ook jou verhouding met God. 'n Sondige lewenstyl veroorsaak dat God nie die eer kry wat Hom toekom nie. Dit is daarom baie belangrik dat ons besef dat ons verkeerde optredes God se eer raak en dat ons teen Hom sondig. Bekering begin waar ons ons skuld teenoor God bely. Wanneer ons besef hoe groot ons skuld voor die enige, lewende God is, sal ons ook besef hoe belangrik dit is dat ons lewens verander.

Ons kan nie op eie stoom ons lewens verander nie. Ons het nodig dat God deur sy Gees in ons lewens werk om ons te verander en te vernuwe sodat ons as sy afgesonderde mense kan leef. Sy Gees stel ons in staat om radikale besluite te neem en te breek met ou, sondige gewoontes sodat ons tot God se eer kan leef.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 14 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 1:1-4**
**Fokusgedeelte: Nehemia 1:1-4**

**Waarheen vlug ons?**

Dit gebeur dikwels dat ons werklik hartseer nuus kry. Ons moet hoor dat 'n ellendige

ding met ons geliefdes gebeur het, of ons kry slegte nuus, en dit is ander wat van ons swaarkry moet hoor. Die Woord van God belowe nêrens dat die lewe vir ons eenvoudig sal wees nie; inteendeel, ons lees in Genesis 3:17 dat die aarde ná die sondeval vervloek is, en dat ons met swaarkry 'n bestaan sal maak.

So 'n nuusberig, 'n hartseer berig, wat swaar is om aan te hoor, bereik Nehemia, die skinker van die Persiese koning, in die stad Susan in Persië. Van Susan af na Jerusalem was selfs vir die sterkste stappers meer as 'n maand se stap; dus was Nehemia nie net hartseer oor die nuus dat Jerusalem se mure plat gelê het nie, hy was ook magteloos. Wat doen Nehemia in hierdie oomblik van hartseer magteloosheid? Hy vlug nie na 'n tydelike, aardse troos nie, hy vlug na die Here.

Waarheen vlug ons as gelowiges as slegte nuus ons ore bereik, of as ons die onderwerp van slegte nuus wat ander hoor? Ons moet keer op keer na die Here toe vlug, by Hom is daar ware en opregte troos, en net Hy kan 'n oplossing bewerk vir hierdie slegte nuus wat ons bereik het.

*Sing: Psalm 144-1:1, 4*

*Teologiese Student PJ (Paul) Maritz*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 15 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 1:5-11**
**Fokusgedeelte: Nehemia 1:5-11**

## Pak elke taak biddend aan

Nehemia, die skinker vir die Persiese koning, het so pas gehoor van die ellende waarin Jerusalem is en waarin die bannelinge wat van die Ooste af daarheen teruggekeer het, hulleself bevind.

Ons leer ken Nehemia juis uit sy hartstogtelike gebede, waarvan vandag se fokusgedeelte die eerste is – 'n smeekgebed, 'n erkenning van sonde, en 'n voorbiddingsgebed vir die groot missie wat Nehemia aanpak. Hy weet dat enige taak, klein of groot, wat sonder God aangepak word, sinneloos is.

Elke dag pak elke mens, klein of groot, etlike take aan. Ons pak miskien nie elke dag 'n wekelange reis aan soos Nehemia nie, maar elke taak wat ons aanpak, hoe klein ook al, sal sonder die hulp van God sinneloos wees, 'n onbegonne taak.

Nehemia se gebed is dat God hom sal gebruik en die stad Jerusalem weer sal opbou, en die volk van God weer in hulle ware posisie sal bevestig, die posisie van uitverkore volk. Ons weet ook, omdat ons dit in die Woord van God lees, dat God die gebed van Nehemia en die res van die volk verhoor en dat Hy Jerusalem in alle ewigheid bevestig as die stad waar Jesus Christus as oorwinnaar ingaan.

As ons na vandag kyk, hoe ons hierdie dag met sy uitdagings aanpak, al is dit in die oë van die wêreld klein, moet ons elke taak wat ons aanpak, biddend aanpak, in die vaste oortuiging dat daar by God uitkoms is.

*Sing: Psalm 103-1:7, 9*

*Teologiese Student PJ (Paul) Maritz*
~~~~~~~~~~

**Saterdag 16 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 2:1-10**
**Fokusgedeelte: Nehemia 2:4-5**

**"Here, herbou tog die kerk … ten spyte van ons vrees"**

Om te beplan, is een ding, maar om jou plan uit te voer, is iets anders. Nehemia weet wat hy moet doen. Biddend en vastend het hy die Here na sy wil en hulp gevra: "Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek wees" (Neh. 1:11). Ja, kennis en vertroue is daar – maar ook die vrees wat ons al te goed ken.

Só begin Nehemia die bouwerk, geduldig op sy knieë. In afhanklikheid wag hy dat die Here die tyd gereed moet maak. Wag ons so op die Here? Of begin ons net blindelings op ons tyd werskaf?

Dan begin die seisoene draai. Die koningin is daar. Die wyn is daar. Die koning is opgeruimd. Alles is feestelik, behalwe Nehemia se gemoed. "Hoekom lyk jy so bedruk?" Die Here gee vir Nehemia sy kans! En weer neem Nehemia eers sy toevlug tot God: "En ek het tot die God van die hemel gebid …" In afhanklikheid het hy beplan, en in afhanklikheid voer hy dit uit. Hy oorreed die koning dat hulle weer die muur mag bou en die koning help hulle selfs om die materiaal te kry.

Was dit Nehemia se goeie tydsberekening wat die koning oortuig het? Dalk sy slim woorde? Nee, dit was die Here in sy goedheid wat alles so goed laat afloop het (Neh. 2:8). Waar het dit begin? By 'n gelowige wat in sy vrees na die Here gaan en smeek dat die Here se hand oor hom en sy volk sal wees.

In Nehemia se opbou van die muur sien ons 'n voorafskaduwing van hoe God sy kerk herbou. Biddend bou Christus sy kerk. So vind ons Hom ook in 'n aand van vrees in Getsemane, biddend tot sy Vader wat vir Hom die krag gee om die bouwerk te kan doen. Want in biddende gehoorsaamheid bou Hy sy kerk deur die pad van die kruisiging en opstanding en hemelvaart.

Waar begin ons in die opbou van die Here se kerk? Na Wie toe gaan ons in ons vrees? Laat ons altyd biddend bou, en gehoorsaam bou, dat die Here se goeie hand ook oor ons sal wees ten spyte van ons vrees.

*Sing: Psalm 34-1:2*

*Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 17 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 2:11-20**
**Fokusgedeelte: Nehemia 2:18, 20**

**"Here, herbou tog die kerk … ten spyte van die vyande se spotstem"**

Bid en werk, het ons gister gelees, is die opdrag en voorbeeld wat die Here vir ons gee in die bou van sy kerk. Sal dít ons voorspoed verseker? Nee, al het Nehemia die nodige toestemming van die koning, saam met briewe en hulp, het daar gou teenstand gekom. Sanballat en Tobija, asook hulle families wat in Jerusalem woon, het hulle uitgelag en
~~~~~~~~~~

dopgehou. In die stilte van die aand moes hy die mure inspekteer. Die Jode se moedeloosheid oor die vorige mislukking (Esra 4) was nog daar. Boonop het Tobija homself voorgegee as ’n man met goeie bedoelings, maar het agteraf planne beraam om hom te laat val (Neh. 6).

Ons ken dit in die kerk van die Here. Mense wat altyd negatiewe kommentaar gee. Van binne en buite die kerk kom stemme wat ons wil dwing om saam met die tydsgees te gaan. Menseregte, veranderende tye, sielkunde, navorsing, mense se behoeftes en giere moet bepalend wees, nie God se Woord nie. Die Here roep ons egter om in biddende gehoorsaamheid te bou.

Hoe oortuig Nehemia dan die volk om weer te bou? Hy wys eers vir hulle die ellende: “Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit …” Dan kom die oproep: “Kom ons herbou …” Hoekom? Want die Here se goeie hand is met hulle. Hy getuig oor wat die Here vir hom gedoen het, en die volk begin bou! Sien ons nog raak wat die Here vir ons doen?

Wanneer die spotstem keer op keer kom, bly Nehemia van die Here goedheid getuig: “Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars, gaan bou.” Daar lê ons troos, in ons bouwerk, in Wie God is, in wie se diens ons staan.

Sien raak as die Here vir jou die gebreekte mure in jou lewe wys. Dalk in jou geloof, in jou gesin, in jou verhoudings of in die gemeente. En begin dan bou. Biddend en gehoorsaam, met die besef Wie God is. Ja, die spotstemme sal opklink, teëspoed gaan kom. Maar onthou, God bou ons op as sy kerk deur sy Woord en Gees. Daarom sal ons slaag, tot eer van sy Naam.

*Sing: Psalm 91-1:1*

*Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 18 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 3:1-6**
**Fokusgedeelte: Nehemia 3:1**

### “Here, herbou tog die kerk deur die gawes wat U ons gee”

“Kom ons bou!” roep die volk uit (Neh. 2:18). Dit bly ook nie net by ’n uitroep nie, want die volk begin bou. Mans en vrouens, oud en jonk, ryk en arm, naby en ver, vernaam en gewoon … almal begin saam te bou. Nie net die gemeentebou-kommissie, die kerkraad of susters nie … almal … saam! Wat ’n wonderlike dag moet dit nie wees nie.

Hoekom kon hulle so saam bou? Hulle was oortuig daarvan dat dit die Here se wil is, en Nehemia het elkeen laat werk waar hy/sy volgens hulle gawes hoort. Ons hoor hoe hulle as gesinne en families saam aan die muur bou, naaste aan die plek in die stad waar hulle gewoon het. Daar waar die Here jou roep, waar jy pas, waar jou gawes lê, daar wil die Here jou gebruik om sy kerk te bou.

Waar begin hulle? By die Skaappoort wat die priesters onder leiding van die hoëpriester bou en heilig. Die Skaappoort was in die muur naaste aan die tempel en was daarom as deel van die tempel gereken. Deur hierdie poort sou die skape vir die offerseremonies na die tempel gebring word om geslag te word. Hoe nodig is die offers nie in die lewe van Gods volk nie!
~~~~~~~~~~

Begin ons as kerk daar bou, waar Christus sentraal staan? By die Woord en sakramente wat van Christus as die gekruisigde en opgestane Here getuig? Waar sy offer ons daar oproep om self die offer van ons hele lewe te bring?

So heerlik wanneer die Here in sy genade roep! Selfs die skoonfamilie van die vyandige Tobija is oortuig en bou saam. Ja, Mesullam (wie se dogter met Tobija se seun getroud was) bou selfs ’n dubbele deel van die muur! Wie kan keer wanneer God roep en stuur?

Laat ons as kerk eendragtig saam vir die Here bou! Nooit moet rang en posisie, beroep of bekwaamheid vooropstaan nie. Laat ons almal ons kragte ingooi om saam vir die Here te werk. In ons bereidwilligheid om God in liefde te dien, bind die Here ons saam in ons diens aan Hom. Gebruik u gawes waar God u roep … Kom ons bou!

*Sing: Psalm 84-1:6*

*Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 19 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 4:1-6**
**Fokusgedeelte: Nehemia 4:4a, 6a**

**Bou ondanks bose aanslae!**

Satan is besonder aktief daar waar die Here besig is om te werk. Die herstel van die muur vorder fluks. Die spot word indringender. Sanballat praat smalend van die werk wat die Judeërs aan Jerusalem se mure doen. Ons kan ons maklik in ons land indink in so ’n situasie.

Om enigsins doeltreffend te wees in hulle doel om die bouers te ontmoedig, moes die vyande ’n protesaksie (toi-toi) reël. Hulle swaai plakkate rond: Waarmee is die arme Judeërs besig? Wil hulle die stadsmuur in een dag bou uit daardie hope stof en as? Tobija spot saam deur die resultaat van die bouery aan te val: “As ’n jakkals teen die muur spring, sal hy ’n gat in die klipmuur breek.” Spot is ’n skadelike wapen, wat dikwels afskrik waar regstreekse aanslae faal.

Teenoor die spot roep Nehemia God tot getuie van die spot aan: “Hoor dit, ons God! Laat die smaad op hulle eie kop afkom.” Dit is geen persoonlike wraaksug nie, maar ywer vir die volk en die saak van die Here. Die Judeërs bou ondanks al die gespot verder, en die herstelde muur word opgebou tot die helfte van die voorgenome hoogte.

Eeue later word weer plakkate rondgeswaai: “Kruisig hom!” Jesus Christus antwoord hierop: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” En later: “Dit is volbring!”

Vandag moet ons as navolgers van Christus ook na die gespot van Satan luister. Gee dat ons deur die Heilige Gees gelei, getroue bouers van u kerk sal wees, lig en sout sal wees ten spyte van teëstand.

*Sing: Psalm 147-1:2*

*Ds. Simon Hibbert (Koster)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 20 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 4:12-20**
**Fokusgedeelte: Nehemia 4:14**

**Glo God se beloftes en doen wat Hy vra!**

Nehemia het nie naïef die groot taak van die opbou van die muur aangepak nie. Hy word deur sy spioene gewaarsku en tref voorsorgmaatreëls. Hy bewapen die volk. Daarvoor verdeel hy hulle in spanne: party moet waghou en ander moet die werk doen. Die bouers het hulle swaarde om hulle heupe vasgegord. Nehemia tree as koördineerder van die verdedigingsmag op en stel 'n ramshoringblaser aan om hom te vergesel om alarm te maak in geval van 'n aanval.

Nehemia maak die volk ook geestelik weerbaar toe hy sien dat hulle bang word. Hy herinner hulle aan die Here: "Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend." Hy roep hulle op tot geloofsvertroue in God: "God sal vir ons die stryd voer."

In die tuin van Getsemane, toe Jesus se vyande in die persoon van sy verraaier Judas Iskariot en die bende tempelpolisie Hom kom vang het, het Hy vir sy dissipels gesê: *"Waak en bid, want julle weet nie wanneer die versoeking julle oorval nie."* Gebed sonder waaksaamheid is aanmatiging. Waaksaamheid sonder gebed is sondige selfvertroue.

Bid dus elke dag sonder ophou! Moenie eers as die nood daar is, bid nie, maar wees geloofsfiks, wees bidfiks. Waak en werk intussen vol ywer met die sekere wete dat ons God vir ons die stryd voer.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Ds. Simon Hibbert (Koster)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 21 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 5:1-9**
**Fokusgedeelte: Nehemia 5:1, 9**

**Begenadigde, let op jou lewe!**

Dit is duidelik dat daar oorlewingsnood is na afloop van die bou van die muur. Nood wat roep om antwoorde. Ongelukkig sien ryk volksgenote die gaping om ten koste van hulle medevolksgenote en strydig met die wet woekerwins te maak deur hulle volksgenote as slawe te verkoop. Van uitdagings van buite na uitdagings van binne. Nehemia belê 'n volksvergadering om aan die rykes te wys dat hulle besig is om hulle volksgenote te verslaaf.

Ellende! Wanneer 'n deel van die gemeenskap sondig en die ander deel word teen gesondig, as 'n kerk verdeel word tussen kwaaddoener en slagoffer, sink ellende in die diepste wese van die kerk in. Daar is geen blydskap so groot soos wanneer eensgesindheid en liefde algemeen is nie. Aan die ander kant is daar geen ongelukkigheid so volkome as wanneer verdeeldheid en haat volop is nie. Nehemia stel dit aan hulle dat hulle eerbied vir die Here moet hê en nie deur hulle optrede die vyand hulle te laat minag nie.

Hoe dien ons die Here? Hoe lyk ons beeld na buite? Verslaaf ons ons medegelowiges
~~~~~~~~~~

vir wie Christus gesterf het? Tree ons as gesante van God so op dat ongelowiges minagting vir ons kry? Of dien ons die Here onder leiding van die Heilige Gees só dat ons as lig en sout, onder watter omstandighede ook al, deur Hom gebruik word om selfs die ongelowiges te laat glo?

*Sing: Psalm 89-1:6*

*Ds. Simon Hibbert (Koster)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 22 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 6:10-14**
**Fokusgedeelte: Nehemia 6:10-14**

**Speur die wil van God na**

Semaja, seun van Deljaja, is besig om vir Nehemia ’n strik te stel. Hy wil die man wat in diens van God staan, tot ’n val bring sodat die werk wat God besig is om deur hom te doen, ook ongedaan sal bly.

Semaja was bes moontlik soos sy pa, volgens 1 Kronieke 24:28, ’n priester – maar hy was deur Tobija en Sanballat omgekoop. Onder die voorwendsel om Nehemia tot hulp te wees, probeer hy dat Nehemia die wet van God oortree. Semaja het as priester toegang tot die tempel, maar dit is verbode vir Nehemia. Vir Nehemia om die tempel te betree, sou nie sy lewe van sy vyande gered het nie, maar hom onder die oordeel van God geplaas het, naamlik dat hy doodgemaak moes word.

Nehemia ken egter die wet van God en weier om, selfs onder die aansporing van ’n priester, God se wet te oortree. Nehemia het die geestelike volwassenheid om die woorde van die priester teen die woord van God te meet, en hieruit besef hy dat die priester lieg.

Soms kom die duiwel na ons toe as ’n engel van die lig, iemand wat voorhou dat hy as ambassadeur van God optree. Maar die maatstaf vir die waarheid is nie ’n persoon of sy waardigheid nie, wel die wet van God. God wil van ons hê om sy wil op sy manier uit te voer; dit beteken dat ons die koers wat vir ons voorgehou word, teen sy wet moet meet. Indien ons dit nie doen nie, kan ons in die strik van die duiwel trap en kan die goeie werk wat ons in diens van God doen, en daarmee God se Naam, in gedrang kom.

Wy jou daaraan toe om die wil van God na te speur deur getroue Skrifstudie en bid dat die Gees jou geestesoë sal verlig sodat jy sal kan onderskei waarop dinge werklik neerkom.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*

*Ds. Nikolaas Pienaar (Pretoria-Wes)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 23 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 8:1-7**
**Fokusgedeelte: Nehemia 8:7**

## Leef jou passie vir die Here uit

Die volk kom soos een man bymekaar om in ’n sekere sin van die woord “kerk” te hou. Die belangrikste in hierdie erediens is die Woord van God, meer spesifiek die wet van die Here. Die gemeente luister aandagtig. Toe Esra die wet oopmaak, staan die gemeente en prys die Here en antwoord met “Amen!”

Met die eerste oogopslag lyk dit nogal bekend. Dit lyk amper soos ons eredienste. As ons mooi kyk, sien ons dat die geleentheid met groot vreugde en lofprysing gepaard gegaan het. Dit is die punt van hierdie Skrifgedeelte: die volk hou “kerk”, nie met lang gesigte en ’n gemurmureer nie. Dit laat my dink aan Filippense 4:4: “Wees bly in die Here.”

As ons aan ons tipiese bedrywighede op ’n dag kyk, met hoeveel vreugde en lofprysing gaan ons deur ’n dag? Selfs om na ’n erediens toe te gaan, word maklik ’n gewoonte, of ek moet myself uit die bed dwing net om erediens toe te gaan. Waar is daardie spontaneïteit van die vroeë kerk soos ons dit in ons Skrifgedeelte sien?

Ons dien tog dieselfde God, maar met verskillende passie. Dit is presies wat die Here trots maak op sy kerk dat ons Hom met passie en oorgawe dien. Gaan vandag en probeer doelbewus jou passie vir die Here Uitleef. Jy hoef nie in die strate rond te dans nie, maar laat jou hart klop vir Jesus en gee Hom die lof en vreugde om op trots te wees.

*Psalm 84-1:1, 6*

*Dr. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 24 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 8:10-13**
**Fokusgedeelte: Nehemia 8:11**

## Ons het rede om fees te vier

As ons gister se dagstukkie oor Nehemia 8:1-7 in gedagte hou, is daar ’n wending in die gebeure. Vreugde en lofprysing word met die aanhoor van die wet ’n gehuil. Heel moontlik huil die volk omdat hulle hul sonde en skuld besef. Die volk is só diep deur hulle sondebesef aangeraak dat hulle deur Nehemia, Esra en die Leviete tot bedaring gebring moes word. Ons lees woorde soos *treurig*, *huil* en *bedroef*. Ek wonder of ek al ooit hierdie reaksie by ’n gemeente gesien wanneer ek die wet voorgelees het.

In ’n sekere sin van die woord is dit egter die besef van ons ellende en sonde waarom ons onsself aan Christus wil verbind. Die wete dat Jesus vir my sondes en bloed en pyn betaal het, moet ons ook nostalgies maak. By trane kan dit egter nie bly nie. Dit is waarom Nehemia, Esra en die Leviete die volk tot bedaring wil bring. In die Here steek daar baie meer as ons ellende en straf. Ons het rede om fees te vier, en Nehemia, Esra en die Leviete wil dit by die volk tuisbring.

Daar is rede om fees te vier, want ons vier fees vir die Here en vir wat Hy gedoen het
~~~~~~~~~~

en steeds in ons lewens doen. Daarom stel hulle 'n dag in wat aan die Here gewy word juis omdat Hy goed is en sy kerk liefhet. Ons sonder ook dae vir die Here af, soos Nagmaal, Hemelvaart, Kersfees en eintlik elke Sondag. Hierdie is 'n voorbeeld van hoe ons moet feesvier, nie met 'n gehuil en geween, elkeen met lang gesigte nie, maar omdat daardie dae aan die Here gewy is om tot sy eer en heerlikheid bly te kan wees.

*Sing: Psalm 46-1:1, 2*

*Dr. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 25 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 8:14-19**
**Fokusgedeelte: Nehemia 8:18**

### Onthou God se genade in jou lewe

Die huttefees is een van die mees interessante feeste wat die volk in die Ou Testament gevier het. Hulle het die huttefees gevier in herinnering van die 40 jaar wat hulle voorouers in die wildernis deurgemaak het. Hulle word mooi verduidelik hoe hulle die hutte moet bou. Daarna moes die volk in die hutte bly.

Ons vier ook belangrike feeste in die uitleef van ons Christenskap, veral dinge wat ten doel het om ons te herinner aan een of ander belangrike gebeurtenis waar die Here ons gered of beskerm het. Moet ons nie meer herinner word aan die belangrike dinge wat die Here in ons lewens as Christene verrig nie? Ja, daar is natuurlik die formele dinge, soos die nagmaal, wat ons aan Jesus se kruisdood en lyding herinner. Maar in ons eie lewens is daar ook dinge wat ons kan vier. Wat is daar in jou eie lewe wat die Here vir jou moontlik gemaak of gedoen het? Vier dit! Deur dit te vier, onthou ons God se genade in ons lewens.

Dit is belangrik dat ons by dinge stilstaan wat ons van die Here ontvang het. Dit is 'n wonderlike manier om vir die Here jou dankbaarheid te wys of vir Hom te wys dat jy sy dade in jou lewe erken en herken. Gee vandag doelbewus aandag aan daardie dinge wat jy wil vier wat die Here vir jou gedoen het. Deur dit te vier, laat jy dit lewe en hou jy dit deel van jou lewe.

*Sing: Psalm 105-1:1, 8*

*Dr. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 26 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 10:1-29**
**Fokusgedeelte: Nehemia 10:28-29**

### Lewe in die lig van God se wet

Die groot toets van enige herlewing is die mate waarin dit werklik die lewens van diegene wat onder sy invloed val, reinig en hervorm. Dit is hierdie soort herlewing wat ons as kinders van die Here elke keer, weer en weer nodig het.

Die volk van die Here het spontaan hulle verantwoordelikheid besef, en tot aksie oorgegaan. Hulle het onderneem om volgens God se wil te lewe. Hulle het pas uit ballingskap teruggekeer en besef dat hulle verlossing alleen by God is. Hulle het nie maar gesit en wag nie, maar het tot aksie oorgegaan.

Die wêreld roep uit dat elke mens maar na sy eie belange moet omsien. Elkeen moet doen wat reg is in sy eie oë. Dit laat mens dink aan die tyd van die rigters (Rigt. 21:25). God se voorskrifte staan tweede, naas die mens se eie sondige begeertes.

Dit is egter ons opdrag as gelowiges om uit ons hopeloosheid telkens na God terug te keer. Ons moet ons lewens uit dankbaarheid in die lig van God se heilige wet bring en in die lig van die lewe van Christus. Dit wat ons elke dag sê, dink en doen, moet vir ander tot voorbeeld wees van wie ons in Christus is.

Deur Jesus se kruisdood het Hy ons ook op ’n kruisweg geplaas, waarin ons oë op Hom gevestig moet wees. Deur die werking van die Heilige Gees kan ons nou saam ook ’n lig vir die wêreld wees. Keer terug na God toe!

*Sing: Psalm 90-1:1*

*Teologiese Student JPL (Vickus) van Jaarsveld*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 27 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 12:30-43**
**Fokusgedeelte: Nehemia 12:43**

### God gee groot blydskap!

Uiteindelik het die groot dag aangebreek. Die herboude muur van Jerusalem word feestelik ingewy. Vir drie geslagte lank is na dié dag uitgesien. Vir baie jare het die vervalle mure en die verbrande poorte daar gelê, totdat die bouwerk onder aansporing van Nehemia begin het. Dit was harde werk en daar was allerhande struikelblokke.

Dit was egter nie sommer mensewerk nie. Van die oomblik af dat God dit in Nehemia se hart gegee het om die werk te doen (2:12) tot by die voltooiing en inwyding van die muur, sien ons God aan die werk. Nehemia doen biddend en in volle vertroue op God sy werk. Die volk doen in diepe afhanklikheid van God hulle werk.

Opvallend by die inwyding van die muur is dat Nehemia nie die middelpunt van die feesvieringe is nie. Die bouers en die vakmanne word nie uitgesonder en bedank nie. Nee, God staan sentraal. Al die optogte en die kooroptredes het net een doel: om aan God die eer te gee. Die baie offers wat gebring is, was alleen om God te loof en te dank.
~~~~~~~~~~

Nou staan daar: "God het hulle groot blydskap gegee." Die blydskap was nie sommer oppervlakkige blydskap nie, maar blydskap wat sy oorsprong in God het. Dit is ware vreugde en blydskap in die Here. God gee aan hulle die groot blydskap omdat die mens nie die middelpunt van hulle feesvieringe is nie, maar God

God gee aan ons alleen groot en ware blydskap wanneer Hy die middelpunt van ons lewe en werk is. Dit is blydskap in die opgestane Here wat ons gered het (Fil. 4:4).

*Sing: Psalm 122-1:1*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 28 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 12:44-47**
**Fokusgedeelte: Nehemia 12:47**

**Die groot blydskap wat God gee, bepaal hoe ons elke dag lewe**

Die Skrifgedeelte vertel van verskeie maatreëls wat Nehemia ingestel het om die dienswerk van die priesters, Leviete, sangers en poortwagte te orden. Dit het veral oor hulle versorging gegaan. Daar staan twee opvallende dinge:

- Eerstens: Die priesters en die Leviete wat diens gedoen het, het voordeel getrek uit die blydskap van Juda. Die groot blydskap wat God met die inwyding van die muur gegee het, het nie alleen die mense se harte geraak nie, maar ook hulle hande. Hulle hande het oopgegaan en hulle het gegee wat nodig was vir die versorging van die priesters en Leviete. En belangrik: dit het nie in die eerste plek gegaan oor die mense nie, maar oor hulle dienswerk. Dit was belangrik dat die dienswerk voortgaan, want dit het die verering van God voor oë gehad.
- Tweedens: Die hele Israel het gesorg vir die sangers en poortwagte se onderhoud, soos dit elke dag nodig was. Nie net hier en daar iemand wat 'n bydrae gee nie, maar die hele Israel. En hulle het wel deeglik rekening gehou met dit wat nodig was, en het daarin voorsien. Die woorde "na die eis van elke dag" (1953-vertaling) wys daarop dat die volk op gewone weeksdae take verrig het wat eintlik net vir die Sabbatdag voorgeskryf was.

Die groot blydskap wat God gee, bepaal hoe ons elke dag lewe. Wanneer ons vol blydskap is in die Here oor ons redding, dan is ons gawes wat ons gee, nie swaar nie en is ons diens aan God nie beperk tot een enkele dag van die week of een faset van ons lewe nie.

*Sing: Psalm 116-1:9, 10*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 29 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 13:10-14**
**Fokusgedeelte: Nehemia 13:14**

### Ons doen in afhanklikheid van God ons werk

Ná die hoogtepunt van die inwydingsfees in Nehemia 12 is hoofstuk 13 ’n skok vir ’n mens. Dit is ’n teleurstellende verhaal van roepingsversaking en pligsversuim, van godsdienstige agteruitgang en geestelike verval!

In vers 6 noem Nehemia dat hy ná die inwydingsfees weer na Persië teruggekeer het. Heelwat later met sy terugkeer na Jerusalem het Nehemia die verskriklike godsdienstige verval raakgesien.

Dan sien ons Nehemia, die kragtige hervormer, aan die werk. Dit het nie vir hom oor homself en sy eie eer gegaan nie. In vers 14 bid hy: “Onthou tog wat ek gedoen het, my God! Moet tog nie dat my liefdesdade wat ek vir die huis van my God en vir sy diens gedoen het, vergeet raak nie.”

Dit lyk asof Nehemia by God beloning soek. Nee, dit is glad nie so nie. Dit beklemtoon alleen Nehemia se afhanklikheid van die Here. Sonder God kon hy nie die bouwerk van die muur aangepak en voltooi het nie. En sonder God kon hy ook nie die hervormingswerk gedoen het nie. Die boek Nehemia begin en eindig met ’n biddende Nehemia. Hy weet waar sy krag vandaan kom. Hy soek sy krag en leiding by God alleen.

Wanneer ons soms ’n groot taak moet aanpak, is ons onseker en bang. Maar in vertroue op die Here kan ons die werk aanpak. Ons hou ons oë in die geloof op Jesus Christus wat nie vir sy werk teruggedeins het nie, al het dit lyding en uiteindelik die kruis beteken. Dan alleen kan ons roepingsgetrou ons werk doen.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 30 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 13:15-22**
**Fokusgedeelte: Nehemia 13:22b**

### God gebruik ons as swakke mense in sy diens

Die gevaar van geestelike agteruitgang en godsdienstige verval is groter wanneer dit met die mens goed gaan. Dit gebeur ook nie eensklaps nie. So stadigaan, byna ongemerk begin jy wegdryf van die Here en sy kerk.

Dit blyk dat dít juis die groot probleem met die geestelike verval van Juda was. Voor die inwyding van die muur het hulle gevra om na die wetboek van Moses te luister en hulle het sommer ’n paar uur op ’n slag daarna geluister (8:4). Maar dit het geleidelik verander. Hulle het al hoe minder geluister. Die Woord van die Here se impak het al hoe minder geword. Hulle het die sabbat begin ontheilig. Oral in Jerusalem was daar mense wat op die sabbat gewerk en handel gedryf het. Mense het die wynpers op die sabbat getrap. Hulle het landbouprodukte vervoer. Hulle het kos verkoop. Ook die buitelanders in Jerusalem
~~~~~~~~~~

het hulle ware, soos vis, op die sabbat verkoop.

Vir Nehemia was God se eer op die spel. Deur die volk se ongehoorsaamheid het hulle God se eer geskend. Hulle optrede lyk nie anders as die heidene se optrede nie. Sy gebed is: “Onthou tog ook dit, my God, ontferm U oor my in u groot liefde!” Hy sluit homself in by die volk se oortredings en doen ’n beroep op God se genade en liefde. Hy bid nie net nie, hy werk ook en stel maatreëls in.

God het Hom in Christus oor ons as swakke mense ontferm en ons tot diens geroep. Ons moet biddend en in gehoorsaamheid aan God en sy Woord ons werk doen. Hy gee ons die krag om tot sy eer te werk.

*Sing: Psalm 18-1:13*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*




***DIE TIEN GEBOOIE***

*O Vader, leer my om na u wil te handel, en laat my die diepte van u goedheid ken.*
*Laat u krag my versterk, dan kan ek lewe,*
*want sonder U is ek tot niks in staat nie.*
*Wanneer U my genees, dan is ek gesond en wanneer U my u lig stuur,*
*dan sal die duisternis my nie oorwin nie.*
*Here, sien op my neer uit die woning van u heerlikheid en laat al die donkerheid van my siel verdwyn voor die strale van u lig.*
*Vervul my met u heilige liefde, voleindig wat U begin het*
*en wat U deur u Heilige Gees my leer bid.*
*Ek soek u aangesig, wend dit na my toe*
*en ontsluier u heerlikheid vir my, dan word my verlange gestil*
*en is my vreugde volkome.*

*– Augustinus (Jesaja 40:29)*

**Sondag 1 Julie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:30-40; 2 Korintiërs 2:4-6**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3; Heidelbergse Kategismus 34:94**

**In die aangesig van Jesus Christus …**

Ons teks handel oor Gód se aangesig. Sy aangesig buig nie soos dié van ’n mens na die aarde toe nie. Hy val nie daarop in hulpeloosheid neer nie. Dit word nooit rooi van skaamte of bleek-verleë in beskaming nie. Voor Gód se aangesig, sê die Bybel, smelt berge weg, slaan hemel en aarde op die vlug, word die reg nooit verdraai nie.

Tog beklemtoon ons teks dat ons – “jy!” – wel voor sy aangesig is. Maar, volstrek sonder enige ander gode. Geheel en al leeg aan jouself, selfs sónder ’n druppel sweet in jóú aangesig, sonder enige vorm van godsdienstigheid of beroep op iets soos kerklike getrouheid.

Ons is voor sy aangesig omdat Jesus Christus op Golgota, in die duisternis van daardie onherhaalbare middaguur buite Jerusalem, voor sy aangesig gestaan het. Dáár die gebed laat val het: My God, my God, waarom het U My verlaat? En, dáár laat hoor het: Dit is volbring.

Op grond hiervan staan in 2 Korintiërs 4:6 geskryf dat God, wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn, in ons harte geskyn het om ons te verlig met die kennis van sy heerlikheid, en dit alles in die aangesig van Jesus Christus. In die aangesig van Christus, in Hom, ken ons die heerlikheid, die almag, die geregtigheid, die heiligheid van die aangesig van die lewende God. Met niks en niemand anders kan ons voor hierdie aangesig kom nie.

In Christus ís ons voor sy aangesig. Daarom is dit vir ons ’n plek van vreugde, ’n skuiling, gevul met lig, vol van goedertierenheid, soos die Psalms ook daaroor praat. Dit is presies hierdie heilslyn wat ons Kategismus vir ons oopmaak as dit die aangesig van God in verband met die heil en verlossing bring. Dat ek volstrek niks voor die aangesig van God mag bring of laat bestaan nie, het ten diepste met my “sieleheil” te doen. So openbaar die wet die evangelie van Christus.

*Sing: Psalm 105-1:1, 3*

*Dr. RM (Dolf) Britz (Bloemburg)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 2 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 139; 2 Korintiërs 2:3-7**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3; Heidelbergse Kategismus 34:94**

**Ons is voor sy aangesig**

Jy mag geen ander gode voor die aangesig van God hê nie. Volstrek nie, en onder geen omstandighede nie. Want: dit is God, die Vader van ons Here Jesus, wat die lig van die evangelie in ons harte laat skyn het, dit is Hy wat sodoende, deur die Woord en die Gees, ons verlig het met die kennis van sy heerlikheid in die aangesig van Christus (2 Kor. 2:6). Geen duisternis is vir Hom te donker nie (Ps. 139:12). Hy deurgrond my en ken my.
~~~~~~~~~~

Hy ken my sit en my opstaan. Hy sluit my van voor en van agter in. Hy lê sy hand op my.

Omdat Hy ons só in Christus voor sy aangesig laat kom, kán ons geen ander gode daarheen aandra of laat bestaan nie. Ook nie die “god van hierdie bedeling”, soos 2 Korintiërs 2:4 hom noem, nie. Dit is hierdie god wat jou denke só beïnvloed dat jy met self-regverdiging voor die aangesig van die ware God tree. Dit gebeur wanneer jy jouself voor God se aangesig met goeie werke, met godsdiens, met ’n ingesteldheid aanvaarbaar probeer maak.

Hierdie soort ding gebeur makliker as wat ons besef. Juis omdat dit so aantreklik om die Psalm op sy kop te draai: Ek lê my hand op God. Ek deurgrond en ken Hom. Ek ken u sit en u opstaan. Ek ken van ver u gedagte. Ek is met U goed bekend … So haak jy Hom by jou in en kom Hy voor jou aangesig. Ek én God. Jy skryf sodoende die fatale woordjie “en” met die beste bedoelings bo-oor die “géén” van die gebod wat in Christus vervul is toe Hy alleen voor die aangesig van God – ter wille van jou sieleheil – gestaan het. Uit genade alleen is jy voor die aangesig van God.

Dit is waarom die Kategismus vir ons en ons kinders praktiese raad gee: As dit jou oorkom, vlug daarvan weg. Slaan voet in die wind! Jy behoort immers nie aan jouself nie, maar aan Christus. Die Kategismus draai die wegvlug van Adam en Eva om. Vlug na Hom toe, na sy aangesig toe … in Christus. Dit is alles in sy boek opgeskryf (Ps. 139:16). Die Psalm draai so weer reg: U deurgrond my en ken my. Voor u aangesig.

*Sing: Psalm 139-1:1, 2, 3, 8*

*Dr. RM (Dolf) Britz (Bloemburg)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 3 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-37; Matteus 10:29; Lukas 12:6**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3; Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Voor sy aangesig voorsien God

Eksodus 20 gaan nie oor die gode nie. Dit handel oor God en wat voor sy aangesig is. Heel presies, dat ons voor sy aangesig is. Per slot van rekening. Nietighede, soos gode, het daar geen bestaansreg nie. Voor sy aangesig skep en skenk God gemeenskap met ons, nie met dit wat ons daarheen wil aandra of laat bestaan nie. Met ons. In Christus. En met sy eiendom, die kerk (Joh. 17:9).

Voor sy aangesig – dit is die plek waar ons leef en werk, die plek wat vir ons deur die bloed, die dood en die opstanding van Christus uitgekoop is. ’n Veilige hawe. Psalm 84 vergelyk dit met die tuiste wat mossies destyds in die tempel gevind het. Die Bybel noem die mens wat voor die aangesig van God leef en werk, welgeluksalig. Geseënd, want geen dood of lewe, geen hoogte of diepte, geen verdrukking of benoudheid, geen swaard of mag, ja niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie. Soms is ons platgeslaan, maar nie vernietig nie; vervolg, maar nie verlate nie; verleë, maar nie radeloos nie; seer, maar nie sonder troos nie (2 Kor. 4:7-10).

Voor sy aangesig mag ons, anders as die gode, leef en werk. Dáár, in Christus, is ons leerbare leerlinge om die enige ware God reg te leer ken. Waar ons ook moet leer dat ’n mossie wel op die grond val. Maar, sê die Skrif, nie sonder die Vader nie (Matt. 10:29). En as vyf vir twee stuiwertjies van die hand gesit word, vergeet God nie één van hulle nie
~~~~~~~~~~

(Luk. 12:6). Dit is wat ons voor sy aangesig leer.

Voor sy aangesig – die plek wat in sy voorsienigheid en beskikking uitgemeet is.

*Sing: Psalm 84-1:2, 3*

*Dr. RM (Dolf) Britz (Bloemburg)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 4 Julie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 20**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3; Heidelbergse Kategismus 34:95**

## God alleen mag my lewe beheers

Mense dink oor die algemeen dat hulle nie te sleg vaar met die eerste gebod nie. Mense sien jouself baie ander gebooie oortree, maar met afgodery (so dink mens) hou jy jouself darem nie op nie!

Daarom is dit belangrik om die definisie van afgodery te oordink: *'n Afgod is enigiets wat jy in die plek van God het of uitdink waarop jy jou vertroue stel.* 'n Mens kan dit ook andersom stel: *Dit* waarop jy jou vertroue stel, dit is jou god!

As mens so daaroor dink, kan mens nie anders nie as om deur hierdie eerste gebod aangespreek te voel nie. Want hoewel daar geen afgodsbeeldjie in my huis is nie, is daar nog soveel afgode in my lewe! Soveel dinge waarop ek dikwels meer vertrou as op die Here. Soveel dinge wat my lewe beheers! Dit kan enigiets wees en dit verskil dikwels van mens tot mens:

- my geld/pensioenfonds/eiendom/beleggings
- my ouers/familie/kinders
- my werk
- my gawes/talente

Daar is niks in die ganse skepping wat my lewe mag beheers nie. God alleen mag my lewe deur sy Woord en Gees beheers. Voor geen ding in die skepping wyd mag ek kniel nie – want ek is die kroon van die skepping! Ek moet oor die skepping heers, ek moenie dat die skepping oor my heers nie! Ek moet oor my geld heers, my geld moenie oor my heers nie!

Daar is net Een voor Wie ek waarlik in aanbidding kniel – Hy wat my as die kroon van die skepping gemaak het – die Vader van ons Here Jesus Christus. Op Hom vertrou ek só dat ek in teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar is.

*Sing: Psalm 18-1:1, 4*

*Ds. PGP (Pieter) le Roux (Derdepoort)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 5 Julie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 44:6-19**
**Fokusgedeelte: Jesaja 44:16-17; Heidelbergse Kategismus 34:95**

## God sê Wie Hy is

Volgens Antwoord 95 van die Heidelbergse Kategismus is afgodery nie alleen om iets te hê waarop jy jou vertroue stel nie, maar ook om iets *uit te dink*.

In Jesaja 44 word iemand beskryf wat uit hout uit vir homself ’n afgod maak. Hy gaan kap ’n boom in die bos af, gebruik die hout om vuur te maak, hy bak brood daarmee en hy maak homself warm met die vuur. Van die hout wat oor is, maak hy vir hom ’n god en kniel daarvoor neer en aanbid die stuk hout! Hy maak die god net soos hy wil hê sy god moet lyk. Hy gebruik ’n maatband, ’n potlood, passer, skawe – en op die ou end lyk die god presies soos hy wil hê. Afgodery is so absurd!

Tog moet ons waak – hoewel ons nie meer afgode maak met die hande uit hout nie, maak ons hulle in ons koppe! Ons dink vir ons ’n god uit wat ons pas. Een wat lyk presies soos ek wil hê my god moet lyk. Miskien fabriseer ek in my gedagtes ’n afgod wat my sonde goedkeur, wat byvoorbeeld nie sal omgee dat ek saambly, te veel drink of onrein lewe nie. En dan het boonop die vermetelheid om hierdie afgod in my kop *Jesus* te noem – maar dis nie die Jesus wat God in sy Woord aan ons openbaar nie!

Een groot verskil tussen die ware Godsdiens en afgodery is dat die ware God Hom nie laat uitdink nie. Geen mens *kan* Hom uitdink nie. Hy sê vir die mens Wie Hy is – Hy openbaar Hom in sy Woord. Hy het sy Seun aarde toe gestuur om Hom aan ons te kom toon. En wanneer ek sy Seun aanskou, sien ek Hom!

Kom ons lê ons opnuut daarop toe om by God Self te hoor Wie Hy is – deur moeite te doen met die ondersoek van sy Woord.

*Sing: Psalm 43-1:3*

*Ds. PGP (Pieter) le Roux (Derdepoort)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 6 Julie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:9-31; Matteus 5:8; Johannes 11:40**
**Fokusgedeelte: Jesaja 40:25, 28, 29; Heidelbergse Kategismus 35:96**

## Glo is sien!

Die Here sê duidelik in die tweede gebod dat ons God nooit sigbaar mag probeer afbeeld nie. Niks wat ons ken, lyk soos God nie. Ons kan Hom met niks vergelyk nie, daarom kan ons hom ook nie “dupliseer” soos ’n beeldjie nie. Jesaja gee vier redes waarom God nie “nagemaak” kan word nie:

- Hy is ewig.
- Hy is die Skepper van die eindes van die aarde.
- Hy word nie moeg of afgemat nie.
- Sy insig is ondeurgrondelik.

Hoe kan enigiemand dink dat hulle hierdie God van die Bybel kan afbeeld? Die Here
~~~~~~~~~~

wys in Jesaja 40 dat dit ’n absurde gedagte is!

Hoekom wil mense God so graag sigbaar voorstel? Want ons wil God soms kan rondskuif soos ’n skaakstuk. Ek wil God strategies rondskuif in my lewensspel op aarde. Ons dra ook in ons hierdie ingebore leuen: *Sien is glo*. Ek kan net in God glo as ek Hom kan sien, dink ons (dalk bewustelik, maar meestal onbewustelik). Kyk wat leer die Here in sy Woord (Matt. 5:8; Joh. 11:40). Hier vind ons die aangrypende paradoks: *Sien* is nie *glo* nie … *glo is sien*!

Wanneer ons God sigbaar wil afbeeld, getuig dit van klein- en twyfelgeloof. Ek wil God sien voor ek kan glo. Dit is daarom ook verkeerd om God af te beeld in enige vorm, soos films, kinderbybels ensovoorts. Daarmee skep ons vir mense ’n sigbare voorstelling van God wat onmoontlik nagemaak kan word. Ons moet eerder self met *sigbare geloof* lewe, sodat mense deur ons die wonderwerke van God kan *sien – glo is sien*!

*Sing: Psalm 139-1:1, 7, 9*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 7 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15; Hebreërs 5**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:23; Hebreërs 5:8; Heidelbergse Kategismus 35:96**

## Onsigbare afgode

Afgodery neem gewoonlik twee vorme aan. Die een vorm is sigbaar – waar iemand God fisies probeer afbeeld. Die tweede tipe afgodery is *onsigbaar*. Tog bly dit nie te lank onsigbaar nie …

Ons sien dit in 1 Samuel 15. Saul doen anders as wat God hom beveel het. Dit is wat onsigbare afgodery is – om God anders te vereer as wat Hy (in sy Woord) beveel. God duld nie wederstrewigheid en eiesinnigheid nie. Saul luister eerder na die “ek-ek”. Die gevolg daarvan? God het hom as koning verwerp.

Ons moet raaksien dat Samuel nie hierdie onsigbare afgodery in die hart van die heidense Agag opmerk nie, maar wel in die hart van die koning van Israel. Ons vind onsigbare afgodery reg in die middel van die kerk – dit broei in die harte van “kerkmense”! Dié wat duidelik God se Woord hoor, maar nie daarna luister nie – dit is hulle wat skuldig is aan afgodery. Ons kan ons byvoorbeeld in die erediens goed besig hou met growwe afgodery as ons God nie vereer soos wat Hy beveel nie. Gehoorsaamheid aan die Here se stem moet vir ons eerste prioriteit wees.

In Saul sien ons die teenbeeld van Christus. Jesus het die Vader presies vereer soos Hy beveel. In al sy lyding op aarde het Hy geleer om gehoorsaam te wees. By Hom was geen wederstrewigheid of eiesinnigheid nie – selfs nie aan die kruis nie.

Laat ons weer die donker hoekies van ons hart deursoek vir die gevaarlike, onsigbare afgode. Laat ons weer as konings gehoorsaamheid aan God se Woord eerste prioriteit maak – soos ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 84-1:6*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 8 Julie**

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:9-20**
**Fokusgedeelte: Kolossense 1:15; Heidelbergse Kategismus Sondag 35:97**

## Die grense van ons kuns

Het ons die "digterlike vryheid" om God te probeer afbeeld of skilder? Mense kan soms die grofste sondes pleeg onder die dekmantel van kuns en kultuur.

Nee, ons kan nie sê dat die tweede gebod ons gawes van skeppende kuns wil arresteer nie. Ons word nie verbied om enige beelde te maak nie. God mag en kan egter nie afgebeeld word nie. 'n Afbeelding van God sal altyd 'n valse *poging* bly. Ons sal God nooit na waarheid kan uitbeeld of afbeeld nie.

Nou kom die vraag hier gewoonlik na vore: Wat van prentjies van Jesus in kinderbybels? Wat van films, YouTube-video's, Whatsapp-boodskappe ensovoorts, waar God uitgebeeld word? Ons kan en mag net antwoord wat die Woord sê: *Geen* afbeelding van enige Persoon in die Drie-eenheid, op watter manier ook al, mag afgebeeld word nie.

Jesus Christus, wat so dikwels afgebeeld word, is die Beeld van die *onsienlike* God. Hy het mens geword, ja, maar God het nêrens vir ons 'n duidelike beskrywing van Jesus as mens nagelaat nie. Die rede? Waarskynlik om ons van afgodery te weerhou! Ons sou sekerlik replikas van Jesus begin aanbid het, eerder as die *onsienlike* God van die Bybel.

Die tweede gebod *gebied* dat ons God moet dien soos Hy in sy Woord beveel. Die gebod *verbied* ons ook om God af te beeld of ons eie kunswerke te aanbid. Ja, God is onsienlik, maar sy *handewerk* is tog so duidelik sigbaar! In die skepping sien ons sy almagswerke. Met jou gawes van skeppende kunste mag en moet jy Hom prys vir sy almagswerke!

*Sing: Psalm 8-1:1-7*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 9 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 10**
**Fokusgedeelte: Romeine 10:2, 14, 17; Heidelbergse Kategismus Sondag 35:98**

## Die regte beeld van God vind ons net in die Bybel

Die "boeke van die leke" verwys na die beelde en loodglasvensters wat die Roomse Kerk opgerig en ingesit het om die "gewone lidmate" te onderrig. Meeste lidmate was beskou as "onkundig" en hulle kon nie lees of skryf nie.

Daar is maar een manier hoe God sy mense wil leer, en dit is deur die prediking van die Woord, in sy verskeie fasette, en nie met dooie beelde en vensters nie. Enigiets anders as die eenvoudige, suiwere prediking van die evangelie is afgodery!

Dikwels het gelowiges allerhande *beelde* in hulle kop van wie God is. In hulle harte verf hulle pragtige loodglasvensters vol idees oor hoe 'n mens vrygespreek word. Hulle kerf met hulle gedagtes vir hulleself die mooiste beelde van 'n valse Christus.

'n Waarskuwing aan lidmate: Soms beweer ons ons is maar net die "leke" of 'n "gewone
~~~~~~~~~~

lidmaat”, maar die Woord en die suiwer prediking is genoeg om ons in die evangelie op te skerp! Wees ywerig in jou bestudering van die Woord en waak teen selfgemaakte beelde van God. Moet nie net ywerig wees nie, maar onderrig jouself in sy kennis. Bestudeer self die Bybel – daar is nie so iets soos ’n “gewone lidmaat” nie!

’n Waarskuwing aan predikante en kerkrade: Ons kan dikwels selfs in die prediking, huisbesoek en Bybelstudie die lidmate laat staar na mooi loodglasvensters en pragtige beelde, maar hulle nooit lei om God Drie-enig raak te sien nie. Lidmate moet die kennis van die Woord opdoen deur die prediking, huisbesoek, katkisasie en Bybelstudie. Hulle moet Christus hoor en glo! Waak daarteen om wyser as God te wil wees!

*Sing: Psalm 25-1:2, 4, 5*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 10 Julie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 24:10-16**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:7; Heidelbergse Kategismus Sondag 36:99**

**God se Naam strek tot sy eer**

Ek en my gesin is baie lief vir fliek. Ons vind dit ontspannend en dit is iets wat ons as gesin saam kan geniet. Dit word egter al moeiliker om flieks te kry waarin die Naam van die Here nie links en regs as stopwoord gebruik word nie. Waar laat dit ons as gelowiges? ’n Bekende Afrikaanse teoloog los dié dilemma op deur te argumenteer dat die akteurs nie die heilige (Hebreeuse) Name van God gebruik nie, en daarom is dit nie ’n probleem nie.

Hierdie argument blyk wel nie in lyn met die Skrif te wees nie. Ons sien in die gebeure in Levitikus dat die misbruik van God se Naam geen ligtelike saak is nie. Die rede daarvoor is eenvoudig: God se Naam is verbind aan God se eer. Wie dus sy Naam sonder respek gebruik, onteer God. Dit verdiep natuurlik die vraag rondom flieks: Uitgesluit die misbruik van God se Naam, is dit iets wat strek tot God se eer? As jy is wat jy eet, kan ons sekerlik ook sê: Jy word wat jy kyk! Ons moet oordeelkundig omgaan met dit wat ons deur ons oë en ore ons harte laat binnekom.

Die wonder is: Ons verloor niks as ons nie daaraan deelneem nie, as ons sekere flieks nie kyk of sekere boeke nie lees nie. Die skat wat ons het in ons Here Jesus is baie meer werd as dit wat mense kan opdis – oneindig meer! Maar dan moet ons van hierdie feit oortuig wees. Is jy!

(Praktiese hulp: www.dove.org en www.imdb.com [More/Parents Guide] gee inligting oor flieks vir ’n vooraf-evaluering.)

*Sing: Psalm 5-1:8-10*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 11 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:33-37**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:31; Heidelbergse Kategismus Sondag 36:99**

### Gebruik God se Naam tot sy eer

Die Kategismus lys drie maniere waardeur ons God se Naam kan laster of misbruik. Terwyl die eerste twee voor die handliggend is, word ons tog baie maal gedwing om ’n eed af te lê (te sweer): in die hof, met die ondertekening van kontrakte, en selfs met huweliksbevestigings. Die reg of verkeerd daarvan word in Sondag 37 behandel.

Matteus 5:37 gee wel vir ons die probleem met eedswering: “Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.” Ons het hier te make met die eeue-oue stryd tussen die waarheid en die leuen. Mense probeer gewig gee aan wat hulle sê deur God en sy skepping daarby te betrek. Dit is waarteen Sondag 36:99 van die Heidelbergse Kategismus waarsku.

Ons belydenis gaan egter nog dieper: “Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie …” Dit is die kruks van die saak! Ook ons gebruik van God se Naam moet tot sy eer strek. Ook dit wat ek in sy Naam doen, met ander woorde alles wat ek doen en sê as iemand wat aan God behoort, moet streef om sy eer voorop te stel.

Waarheid is dus ononderhandelbaar. Of ek onder eed staan en of ek langs die braaivleisvuur staan, moet alles wat uit my mond kom, waarheid wees. Of ek by die werk is of langs die rugbyveld, moet alles wat ek doen, waarheid wees. God se Naam moet ook “in al ons woorde en werke geprys word”. Dit kan ons alleen maar doen as ons vashou aan die Waarheid wat in ons woon en werk.

*Sing: Psalm 51-1:3, 4*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 12 Julie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 3:13-15; Matteus 10:32-33**
**Fokusgedeelte: Eksodus 3:14; Heidelbergse Kategismus Sondag 36:100**

### God en sy Naam is een

Hebreeuse name het, anders as in Afrikaans, almal ’n betekenis opgesluit in die naam self, en gee iets weer van die persoon se wese: Abraham (Ab/f = vader + am = volk) – vader van menigte; Jakob – een wat ’n ander se plek vat; Isak – gekskeer/lag (n.a.v. Sarah se ongeloof en stryd met Hagar).

So stel God Homself aan Moses bekend as YHWH – Ek is wat Ek is. Ook in hierdie Naam is iets van die wese van God opgesluit: Ek is – nog altyd en in alle ewigheid, sonder begin en sonde einde. God se Naam en Wie God is, is dus onskeibaar aan mekaar verbind. Daar is dit so ’n gruwelike sonde om die Naam van God ydellik te gebruik, want dit is niks anders nie as om God se wese oneer aan te doen (lees weer Lev. 24:10-16).

Ons as kinders van God kan dus nie staan en toekyk waar mense hulleself hieraan
~~~~~~~~~~

skuldig maak nie. Ons kan beslis nie deel van sulke geselskap wees nie. Ons kry ook die moeilike opdrag om, waar dit wel in ons teenwoordigheid plaasvind, daarop te reageer. Ons moet ’n broer of suster wat hieraan skuldig is, op die weg van Matteus 18 vermaan om tot inkeer te kom van hierdie sonde.

Ons moet ons distansieer van musiekgroepe en flieks en boeke wat geen ontsag vir God toon nie. Ons moet daadwerklik getuig, met woord en daad, dat Christus God is en dat God en sy Naam een is. So sal ons vrymoedigheid verwerf om voor die regbank van God te staan op die dag van afrekening, juis omdat Christus Hom dan openlik in ons guns sal uitspreek.

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 13 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:57-75 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:57-75; Heidelbergse Kategismus Sondag 37:101**

### ’n Immer aktuele vraag!

Die Wederdopers het op grond van Matteus 5:33 (en verder) en Jakobus 5:12 geleer dat ’n Christen nie ’n eed mag sweer nie – jou “ja” moet “ja” wees en jou “nee” moet “nee” wees! Die pousgesindes het links en regs by die heiliges of “by alles wat heilig is” ede gesweer.

Dit het die kerk genoodsaak om ’n godvresende eedswering by die Naam van God in ’n aparte Sondagsafdeling te behandel, met die volgende lering: Ons mag godvresend ’n eed sweer wanneer die owerheid of die nood dit vereis; die eed moet dien tot eer van God en tot heil van my naaste; die eed moet op die Woord gegrond wees. As sodanig is godvresende eedswering deel van ons beveelde Godsdiens (Deut. 6:13).

Vir Christene onder mekaar is die “waarheid” veronderstel om nie afhanklik te wees van eedswering nie. Maar in ’n samelewing van mense met sondige nature, waar vertroue plek maak vir wantroue, en betroubaarheid vir onbetroubaarheid, is ons enigste hoop vir voortbestaan op God en die vertroue dat Hy sy Naam nie sal laat laster nie.

Die apostel Petrus was eens in groot, lewensbedreigende nood. En hy het ’n eed afgelê: “Ek ken die man nie.” Die enigste manier om die toorn van God hieroor vry te spring, was hartlike berou en bekering tot die Man wat in vers 64 met ’n eed bevestig het dat Hy die Seun van God is.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 14 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 139 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 139; Heidelbergse Kategismus Sondag 37:102**

### Om ’n eed te sweer, is om Psalm 139 te sing!

In :1-6 openbaar God sy alwetendheid. God ken jou hart, jou gedagtes. Hy het kennis van al jou sake. Hy omsluit jou ganse lewe en jou ganse leeftyd met sy alwetendheid.

In :7-12 openbaar God sy alomteenwoordigheid. Die alomteenwoordige God hou my vas in sy hand. Met sy hand in my lewe bring Hy my onder die regering van sy Gees en op die terrein van sy wil en voorsienigheid.

In :13-18 openbaar God sy almagtigheid. Hy, die almagtige Skepper, is ook my Skepper. Hy het my in sy ewige raadsplan opgeskrywe in die boek van die lewe.

Hy wat my gemaak het, ken my, lei my, bewaar my en is altyd by my. Ware gelowiges kan boekdele skryf oor hulle geloofskennis van God se werklikheid in hulle lewe.

Tereg dat Dawid in :19-22 ’n heilige weersin uitspreek teen hulle wat sy Naam ydellik gebruik (:20). Diegene wat by heiliges of skepsele ’n eed sweer, dig hierdie deugde van God wat in die Psalm geopenbaar word, toe aan iets wat nie-God is. Ook hierdie vorm van oortreding van die derde gebod vertoorn God en verdien ons aktiewe afkeur.

Die alwetende, alomteenwoordige, almagtige God is die enigste Kenner van die hart, ook van my hart (:23-24). Hou rekening met sy eer wanneer jy in nood of in die hof verkeer.

*Sing: Psalm 139-1:12*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 15 Julie**

**Skrifgedeelte: Markus 2:23-28**
**Fokusgedeelte: Markus 2:27; Heidelbergse Kategismus 38:103**

### ’n Lui of ’n flukse Christen?

Die woord *Sabbat* beteken *om tot stilstand te kom*, of *om tot rus te kom*. Die bedoeling is egter nie om niks te doen nie, maar juis om dan op ’n bepaalde saak te fokus.

Hoewel die Joodse leiers mettertyd die klem laat val het op die *rus* van die Sabbat, was dit eintlik bedoel as ’n bedrywige dag waarop verskeie offers gebring is, met ’n erediens tussenin.

Vanaf Handelinge word die Sabbat konsekwent op ’n Sondag gevier en nie meer op ’n Saterdag nie.

Jesus gee weer die ware bedoeling van die Sabbat terug as Hy sê: “Die Sabbat is vir die mens.” Daarmee laat Hy die klem val op die funksie of die werk van die Sabbat. Die Fariseërs moes besef dat as jy een ding moet nalaat, dit nie beteken dat jy die ander nie moet doen nie! Inteendeel, ons moet die gewone sesdaagse werk los om die sewende dag se werk te doen: Kerkwerk, Koninkrykswerk

- Op ’n Sondag word die Koninkryk van God “sigbaar” as ons almal optrek kerk toe.
~~~~~~~~~~

- Sondag word ’n geestelike werksdag as jy God kom aanbid en jouself onderwerp aan sy Woord.
- Jy doen geestelike introspeksie as die Heilige Gees met jou worstel.
- Dit word die dag waarop kinders meer van God leer.
- Sondag word gesinsdag waar die verhoudinge in die gesin verstewig word.
- Dit word die dag waarop jy uitreik na medegelowiges.

Dankie tog, ons hoef nie nog met die gewone werk besig te wees nie, daar is nie nog daarvoor ook tyd op ’n Sondag nie!

*Sing: Psalm 118-1:12*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 16 Julie**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:21-25**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:21-25; Heidelbergse Kategismus 38:103**

### Die toets vir jou geloof

As jy die Sondag reg deurbring, het dit ’n lewensveranderende effek op jou. Is dit egter ’n blywende effek? Jy het die sonde laat rus, en jy het die Heilige Gees se werk in jou ervaar – die Gees wat jou herinner aan al Christus se Woorde.

MAAR: Kan jy dit wat Sondag deur God se Woord en sy Gees in jou bereik is, Maandag tot Saterdag voortsit?

Dít is die uitdaging vir jou geloof: om wat jy Sondag begin het, Maandag voort te sit!

Dit behels dat jy die eer van God sal bly soek in jou daaglikse werk, al is dit skoolwerk; dat jy die liefde en vergewensgesindheid sal toepas in jou huwelik en in jou gesin; dat jy die eerlikheid en opregtheid behou tussen jou vriende en kollegas.

’n Sondag-Christen gee aan “kerkmense” ’n slegte naam. ’n Volweek-Christen gee aan die “kerkmense” geloofwaardigheid en dit maak Christus se liefde ’n werklikheid in ’n dikwels liefdelose wêreld.

So wag jy nie eers om in die hemel te kom voor jy God dien nie, maar begin jou diens aan Hom reeds in hierdie lewe.

Daarom moet ons elke weeksdag biddend begin en in geloof aanpak. Elke dag word ’n klein Sabbat waarin jy die Here dien in alles wat jy doen.

Is dit wat jy Sondag in die Spieël van God se Woord gesien het, die werklikheid wat die wêreld Maandag van jou woorde en dade sien?

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 17 Julie**

**Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-9**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:8, 9; Heidelbergse Kategismus 39:104**

**Eer jou vader en jou moeder: ’n geloofsdaad!**

Elkeen van ons word gebore binne verhoudings met mense. Dit gebeur binne ’n spesifieke gesin, ’n dorp, ’n land, ’n ras. Hierin het jy nie ’n keuse nie. Die Here plaas jou in verhouding met mense. Hy stel persone oor jou aan – ouers, regerings, polisie-agente, kerkrade en nog meer.

Elkeen van hulle ontvang gesag van die Here. Die vyfde gebod sê jy moet hulle eer wat oor jou aangestel is. Ongeag wie hulle is. Die Here beskik dit so dat jy deur hulle regeer word. Hulle moet geëer word.

Hierdie woordjie “eer” is belangrik. Dit beteken jy het respek, jy tree met waardigheid op teenoor jou ouers en hulle wat oor jou aangestel is. Dit is nie altyd maklik nie. Gesagsfigure is mense, en mense maak foute, maar dit beteken nie hulle moet nie geëer word nie. Dit is die mooi van die woord “eer”. Daar staan nie jy moet van hulle hou of hulle bewonder nie, nee, jy moet hulle eer. Ook al handel hulle verkeerd. Dan moet jy reg optree. Waar ouers of ander gesagsfigure verkeerd handel, moet jy dit eervol aantoon. Op só ’n wyse dat die persoon sy waardigheid behou en dat die wil van die Here gedien word.

Deur Jesus Christus is dit vir ons moontlik om dié gebod uit te leef. Die sondige ek kan nie iemand anders eer behalwe myself nie, maar deur Jesus kan ek God die Vader eer, asook hulle wat oor my aangestel is. Dit raak elke aspek van my lewe. Die vyfde gebod is algemeen-geldend, omdat God agter elke gesagsfiguur staan.

My eerbied en gehoorsaamheid teenoor my ouers en hulle wat oor my gestel is, is dus ’n geloofsdaad, ’n vrug van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. GP (Gerben) Meijer (Vryburg/Schweizer Reneke)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 18 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:1-9**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:1-9; Heidelbergse Kategismus 39:104**

**’n Gebod met ’n belofte**

Die vyfde gebod is die eerste gebod met ’n belofte. Eer jou vader en jou moeder, sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. Die doel van die gebod is vir ouers om hulle kinders in die geloof op te voed. Ouers kry hierde groot opdrag – om hulle kinders vanaf onvolwassenheid te lei tot volwasse, verantwoordelike gelowiges. Dit is die kern van Christelike opvoeding: die oorneem van verantwoordelikheid.

Die tyd waarin ons leef, ken nie meer gesag nie. Die Here staan nie sentraal in die daaglikse lewe nie. Nee, in die plek van die Here kom die mens te staan. Die fokus is op menseregte, kinderregte, ensovoorts. Hierdeur waai gesag by die deur uit. Want ’n kind het die reg om self te besluit, jy moet hom/haar nie voorskryf nie. ’n Kind mag self besluit
~~~~~~~~~~

wat reg en verkeerd is. Die gevolg hiervan? ’n Samelewing vol van die egosentriese mens. Die fokus is nie op God nie, maar op jouself.

Die Here leer vir ons die teendeel in die vyfde gebod. Die Here belowe dat, as jy jou vader en jou moeder eer, dit met jou goed sal gaan. As jy leer om jou ouers te respekteer en te eer, dan beskik jy oor een van die mees waardevolle besittings op hierdie aarde. Dan het jy respek. ’n Goddelike gawe. Dan kan jy ’n diensbare kind van die Here wees. Dan sal jy jou verantwoordelikheid voor Hom besef. Elke dag jou geloof uitleef. Jy weet dan waaroor dit gaan.

Jesus Christus maak dit vir ons moontlik. Deur die sondeval het die mens in opstand teen God gekom (rebellie). Die respek en eer vir die Here was weg. Deur Jesus Christus is ons weer in staat om te eer. Deur Hom word ons weer eerbaar voor God die Vader.

*Sing: Psalm 119-1:39*

*Ds. GP (Gerben) Meijer (Vryburg/Schweizer Reneke)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 19 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:17-22**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:21, 22; Heidelbergse Kategismus 40:105**

## Bewaar en beskerm die lewe

’n Mens is nie meer lus om die koerant te lees of na die nuus oor die televisie te kyk nie. Byna elke berig handel oor ’n moord wat gepleeg is, of geweldpleging en opstande, met gepaardgaande lewensverlies.

Jy mag nie moord pleeg nie, sê die Here in Eksodus 20:13. Die woord wat in die oorspronklike Hebreeus gebruik word, is ’n sterker woord as wat algemeen vir “doodmaak” gebruik is. Dit wil praat van “wederregtelik die lewe ontneem”. Die lewe kom van God en net God het beskikkingsreg daaroor. So gesien, steek elkeen wat die naaste sy lewe ontneem, sy hand uit na God self.

Daarby word ons positief geroep om mekaar se laste te dra en mekaar lief te hê. Wraakgedagtes kan tog nooit in die lewe van die gelowige ’n plek hê nie.

Ook mag jy nie jouself leed aandoen deur roekeloos te lewe of moedswillig jou lewe in gevaar te stel nie. Dit geld natuurlik ten diepste vir selfdood of op watter wyse die lewe deur eutanasie beëindig (wil) word. Maar dit geld ook vir hoe jy elke dag lewe. Die gelowige word geroep om sy liggaam, wat ’n tempel van die Heilige Gees is, te bewaar deur gesond te lewe en oormatige inname van voedsel en drank te vermy!

Dank die Here vandag en elke dag vir die lewe wat Hy gee. Jou eie lewe en die lewe van die naaste. Bewaar en beskerm die lewe.

*Sing: Skrifberyming 9-1:1, 8*

*Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 20 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-11; Romeine 1:28-32**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:9-11; Heidelbergse Kategismus 40:106**

### "Wees my, arme sondaar, genadig"

Dalk dink jy dat jy nog nooit iemand vermoor het nie, en dus onskuldig ten opsigte van die sesde gebod staan? Dis egter nie so maklik nie. Moord, om iemand leed aan te doen, is die eindresultaat van 'n grief of stuk haat, jaloesie of afguns wat jare lank vertroetel word in die binneste.

"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: Jy mag nie moord pleeg nie", sê Jesus, maar wie vir sy broer (naaste) sonder rede kwaad is of hom verwens, is net so skuldig aan oortreding van hierdie gebod as hy wat die lewe van 'n ander wederregtelik ontneem. Die gesindheid van die hart stel Christus in sy bergpreek (Matteus 5) gelyk aan die daad.

Oordeel ons nie maklik oor ander nie? Sien dalk die splinter in die oog van die broer en suster, maar nie die balk in die eie oog nie? Of loop en skinder en kwaadpraat? Vertel graag 'n sappige storie oor die sonde wat die naaste gedoen het en sit nog 'n ekstra stertjie by? Kritiek … ons lewer graag kritiek, maar verdra nie kritiek teen onsself nie. Wie sê dat hy 'n gelowige is, word geroep om die naaste lief te hê soos homself. En ons is baie lief vir onsself!

Wie is nie skuldig aan 'n liefdelose gesindheid teenoor ander mense nie? Wie het altyd met 'n opregte hart volkome lief? Sal ons dan nie bid: "O God, wees my, arme sondaar, genadig" nie?

*Sing: Psalm 116-1:1, 5; Skrifberyming 9-2:1, 6*

*Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 21 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 22:34-40; 5:43-48**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:37-40; Heidelbergse Kategismus 40:107**

### Net Christus kan ons lewe anders en nuut maak

Dit kan wees dat jy sal sê dat jy, deur die genade van die Here, jou hart skoongemaak het van alle wraakgedagtes en haatgevoelens. Maar nog steeds kan jy nie sê dat die sesde gebod nie op jou van toepassing is nie. Jy mag nie moord pleeg nie, het 'n ander kant van die muntstuk: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Wie haat en wraak uit sy hart wil verban, kan dit slegs deur die werk van die Heilige Gees doen, wat ons lewens vul met die liefde van God en wat dan uitloop op die liefde tot die naaste.

Kan ons vandag ons harte ondersoek om te vra of ons alle mense liefhet? Jesus sê selfs dat ons ons vyande moet liefhê. Soms kom ons skaars reg met die naaste naastes aan ons, ons eggenote(s), ouers en ander familielede. Selfs in die kerk is daar nie altyd die liefde tussen medebroers en –susters nie! Is daar kwaaivriendskap tussen jou en jou buurman, of kollega by die werk? Om van geduld in die verkeersknoop nie eers te praat
~~~~~~~~~~

nie! En om altyd vriendelik te wees? Dis te veel gevra, sal jy sê. En wat doen jy as jy jou naaste se beursie met sy bankkaarte en kontant optel?

Dra ons die belange van die naaste op die hart en gun hom die son wat oor hom skyn? Die gebod van die liefde laat ons skuldig staan.

Alleen Christus het sy vriende en vyande met 'n volkome liefde liefgehad. Hy het sy lewe vir sondaars soos ons afgelê. Net Hy kan dit anders en nuut maak in ons lewe om te begin liefhê: God bo alles en ons naaste soos onsself.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 22 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:22-33 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:31, 32; Heidelbergse Kategismus 41:108**

## Die huwelik: 'n verbond en geheimenis!

In vers 31 haal Paulus Genesis 2:24 aan waar God die huwelik ingestel het: *"Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word."*

Hierdie instelling van die huwelik wys ons daarop dat die huwelik 'n verbond is. 'n Verbond is 'n permanente en wetlike verbintenis tussen mense. Die huwelik is 'n verbond waar die man en vrou hulle ouerhuise verlaat om 'n nuwe en permanente eenheid te vorm. Geslagsgemeenskap is 'n uitdrukking van die eenheid in die huweliksverbond.

Die woord egbreuk beteken: geslagsgemeenskap (en alles wat daarmee verband hou) buite die huweliksverbond. Wanneer jy getroud is en jy beoefen geslagsgemeenskap buite die huwelik, dan pleeg jy egbreuk. Egbreuk is egter ook geslagsgemeenskap sonder 'n verbond. As jy geslagsgemeenskap beoefen sonder dat jy getroud is, pleeg jy ook egbreuk.

'n Gelowige man en vrou wat in 'n huweliksverbond is, gebruik geslagsgemeenskap om vir mekaar te sê: "Ons is met liefde aan mekaar verbind!" Maar in 'n gelowige huwelik gaan dit ook oor meer as die verbintenis tussen mekaar. Ons lees dit in vers 32: *"Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente."* Elke gelowige huwelik is 'n teken – al is dit maar net gedeeltelik – van die wonderlike verhouding tussen Christus en sy kerk.

Daarom is onkuisheid nie net verkeerde geslagsgemeenskap nie, maar ook wanneer man en vrou nie werklik in Christus een is nie. God roep ons dus om Christus die sentrale plek in ons huwelike te gee sodat ons huwelike 'n afbeelding kan wees van die verhouding tussen Hom en sy kerk.

*Sing: Psalm 128-1:1, 2*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 23 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:27-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:28; Heidelbergse Kategismus 41:109**

**God roep gelowiges tot selfbeheersing**

Letterlik staan daar in vers 28: *"Elkeen wat na 'n vrou kyk* ***met die doel om haar te begeer****, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg."*

Jesus veroordeel nie 'n mens se natuurlike belangstelling in die teenoorgestelde geslag nie. Hy veroordeel wel die gewoonte om gedagtes en fantasieë te koester wat te doen het met egbreuk. Jesus ken die krag van ons seksuele begeertes en daarom beveel Hy ons om dit te beheer. Baie gelowiges het al gestruikel omdat hulle nie hulle begeertes beheer het nie.

Jesus sê dat dit drastiese stappe vat om ons seksuele begeertes te beheer. Hy sê: *"As jou regteroog jou laat stuikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg …"* (:29). *"Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg …"* (:30). Natuurlik bedoel Jesus nie dat ons letterlik ons oog moet uitruk of ons hand moet afkap nie. Hy maak van oordrewe taal gebruik om ons te leer hoe ernstig ons moet wees om ons begeertes te beheer.

As jy 'n gewas in jou liggaam het, dan verwyder jy dit, selfs al kos dit een van jou ledemate. Hoekom? Want jy weet dit kan jou hele liggaam siek maak. Met dieselfde erns moet ons ons seksuele begeertes hanteer. In jou lewe kan dit boeke of tydskrifte wees. Dit kan die rekenaar of televisie wees. Jesus sê: "Breek daarmee! Raak daarvan ontslae!"

Onbeheerde begeertes is soos 'n vuur wat jou hele lewe kan oorneem. Daarom moet ons ook hierdie sonde voor God bely, en Hom vra dat Hy ons sal lei om ons seksualiteit so te beoefen soos Hy dit ontwerp het.

*Sing: Psalm 128-1:1, 2*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 24 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 4:1-21; Eksodus 20:15**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:28; Heidelbergse Kategismus 42:110**

**Nou is die beste tyd!**

Prof. Paul de Bruyn verklaar in sy boek *Die Tien Gebooie* dat die eintlike bedoeling van hierdie gebod wat die Here ons gee, is dat 'n mens in die regte verhouding tot alle aardse besittings moet staan: dié van jouself en dié van ander mense.

Gedurig wanneer mense aan die gebod *Jy mag nie steel nie* dink, dan dink hulle in terme van ander mense se goed. Dit is nie gereeld dat mens besef dat hierdie gebod jou ook beveel om nie jouself te ontneem van dinge wat jy het nie. 'n Mens moet 'n rentmeester of bestuurder wees van dit wat die Here aan jou toevertrou.

Ons teksgedeelte het in vers 7 duidelik gemaak dat alles wat 'n mens het, gawes van God is, en daarom is dit belangrik dat ons vandag weer so daarna kyk. Pas dit toe op jou
~~~~~~~~~~

tyd – aards gesproke een van die mees waardevolle en beperkte besittings. Daarby saam ook een van die moeilikste dinge om reg te bestuur.

Mense sê altyd: “Ek gaan nog tyd spandeer aan my verhouding met die Here” of “Ek sal nog by die kerk van Jesus betrokke raak”, of “Eendag wil ek nog die evangelie uitdra aan die verlorenes rondom my”, maar hierdie gebod en sy rentmeesterlike karakter roep na jou en sê: Nou is die beste tyd!

’n Mens moet nie jou gawes verkwis nie. Die Here beveel ons om dit wat Hy vir ons gee, reg, rentmeesterlik en betroubaar te bestuur; aan die voorpunt daarvan ons tyd, dit wat ons nie weet hoeveel ons het nie, om baie daarvan te belê in ons verhouding met God en werk in sy koninkryk, alles tot eer van sy Naam.

Wil jy aktief in jou verhouding met God leef, werk in sy koninkryk en Hom eer in die manier waarop jy die gawes wat Hy jou gee bestuur? Die beste tyd om te begin, is NOU!

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. RJ (Rynhardt) Pretorius (Buffeldoorns)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 25 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16; Eksodus 20:15**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:11, 12; Heidelbergse Kategismus 42:111**

**Die beste manier om die belange van my naaste te bevorder, is om Jesus te bedien!**

’n Baie belangrike en mooi belydenis wat spruit uit die waarheid van God in die agtste gebod, is: *Ek moet die belange van my naaste bevorder!*

Ons kan ’n groot verskeidenheid dinge opnoem om die belange van jou naaste te bevorder wanneer ons slegs op ’n aardse manier daarna kyk. Die aardse belange van mense is wel baie belangrik om na om te sien en te bevorder, maar die belangrikste is om koninkryksgerig na hierdie bevel en belydenis te kyk.

Dit is om die gawes wat God my gegee het, en daarmee saam die verantwoordelikheid om die evangelie te dra, aan die mense rondom my en dié wat ek kan bereik, te bedien. Die grootste en belangrikste manier van bevordering van my naaste se belange is daarom die bediening van die evangelie van verlossing van Jesus Christus ons Here.

Die Here leer baie duidelik in ons teksgedeelte dat die doel van die gawes wat Hy aan jou toevertrou, is om die liggaam wat die kerk van Jesus voorstel, daarmee op te bou. Die kerk is in wese almal wat waarlik in Jesus Christus glo en sy Naam bely en wat saam uitgaan om Christus aan die wêreld te bedien.

Wanneer jy dan die gawes wat die Here aan jou toevertrou, uitleef en bedien aan die mense rondom jou en hulle daarmee deur die genade van die Here en werking van die Gees in hulle geloof versterk word, dan bevorder jy werklik en diepsinnig die belange van jou naaste.

*Sing: Psalm 145-1:1*

*Ds. RJ (Rynhardt) Pretorius (Buffeldoorns)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 26 Julie**

**Skrifgedeelte: Genesis 12:10-20**
**Fokusgedeelte: Genesis 12:13; Heidelbergse Kategismus 43:112**

**Abram en Sarai se leuen ontken God se seën**

Daar is niks makliker in die wêreld as om 'n leuen te vertel nie. Niemand weet dat dit 'n leuen is totdat jy uitgevang word nie. Die probleem van 'n leuen is dat die waarheid altyd die lig sien.

In die Skrifgedeelte sien ons iemand wat 'n leuen laat vertel en dan die gevolge daarvan, eerstens vir homself, maar dan ook vir sy medemens. Wanneer God vir Abram roep en hom na 'n nuwe land stuur, gee Hy vir hom 'n mooi belofte, dat hy 'n seën vir ander sal wees (:2, 3). Abram vergeet die Here se belofte aan hom. Waar hy mense moes geseën het, soos die Here hom seën, bring hy ellende oor sy eie vrou en oor die Farao en sy huis. Die seën wat die Here vir hom gee, gebruik hy om ander mee te vervloek.

Ten spyte van Abram se leuen, bly die Here getrou aan sy woord. Waar Abram se leuen groot skade aangerig het, bring die Here verlossing. Die Here is besig om vir Abram en ook ons te leer om op die regte pad te loop, in die pad van God se waarheid. God se seën strek verder as ons sonde. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om in ons plek te sterf en ons het deel in sy opstanding – 'n nuwe lewe. Waar ons nog steeds sonde doen en nie altyd die uitkringende effek daarvan besef nie, kom verlos Jesus ons van onsself.

Kom ons lewe in dankbaarheid teenoor die Here vir al sy seëninge en wandel op die weg wat Hy vir ons wys. Kom ons seën eerder ons naaste, soos God ons in Jesus Christus seën.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. DFC (Dirk) Kruger (Zeerust)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 27 Julie**

**Skrifgedeelte: Johannes 8:1-11**
**Fokusgedeelte: Johannes 8:7; Heidelbergse Kategismus 43:112**

**Jesus is ons voorspraak by ons Vader**

Dit is soms makliker om iemand sleg te sê of om oor iemand te praat, as wat dit is om aan iemand genade te bewys. Tog is God se genade só groot in Jesus Christus dat wanneer Hy na ons kyk, Hy ons sondes toereken asof ons dit nooit gepleeg het nie.

Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het 'n vrou wat in die daad van egbreuk betrap is, na Jesus gebring sodat hulle iets kan kry om Hom te kan aankla. Hulle gebruik dan die wet van Moses om te kyk wat Jesus se reaksie is. Hulle, as geestelike leiers, moes eintlik hierdie vrou tot bekering geroep het en God se genade aan haar verkondig en bewys het. Hulle was egter só blind vir hulle eie sonde en verblind deur hulle eie agenda dat hulle haar eerder verneder het.

Wanneer Jesus sê: *Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi* (:7), word hulle gewete bestraf en hulle gaan een vir een weg. Jesus konfronteer hulle
~~~~~~~~~~

met die waarheid. Hy bewys genade aan hierdie vrou en roep haar tot bekering.

Ons elkeen moet eintlik aangekla word voor God oor ons sonde en ons verdien die ewige dood, maar Jesus Christus is ons voorspraak by ons Vader. Hy het vir ons sonde betaal aan die kruis.

God se genade in Jesus Christus moet ons motiveer om aan mekaar genade te bewys eerder as om mekaar te help veroordeel. Dit moet ons motiveer om mekaar se eer en goeie naam te verdedig en te bevorder. Bid elke dag dat die Heilige Gees jou hart sal verander, sodat jy God se genade aan ander kan betoon.

*Sing: Psalm 119-1:59*

*Ds. DFC (Dirk) Kruger (Zeerust)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 28 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 7:1-12**
**Fokusgedeelte: Romeine 7:7; Heidelbergse Kategismus 44:113**

**Jy mag nie begeer nie**

Die tiende gebod is ’n samevatting van al die gebooie, dat ons niks sal begeer “teen enige gebod van God” nie, soos Paulus dit as voorbeeld in Romeine 7:7 aanhaal. Dit moet nie eers in ons harte opkom om enige van sy heilige, regverdige, goeie en geestelike gebooie (:12, 14) te verbreek as sy kind nie.

Ons moet nie net sondige woorde en dade haat nie, maar die geringste gedagte of begeerte wat tot die sonde lei, want dit is waar die sonde begin het – in die gedagtes en harte van die mens (Gen. 3:1-6; Matt. 15:18, 19). Daarom dat die gelowige saam met Christus die woorde van harte sing: *“Beminnaars van die HEER, haat wat sy Naam onteer, en wandel in sy weë”* (Ps. 97:6, berymd) – dit is, wandel in sy Woord, sy goeie Wet deur die krag van die Gees in ’n dankbaarheidslewe.

Die Here se goeie wet wys vir ons wat reg en verkeerd is, kla ons aan as ons oortree, sodat dit ’n tugmeester is na Jesus Christus wat vir ons die volkome geregtigheid van die wet nagekom het (Matt. 5:17-20). Daardie Geregtigheid (NGB Art. 22, 23) ontvang ons deur die geloof, sodat ons in ons dankbaarheidslewe “’n begeerte tot alle geregtigheid (sal) hê”.

*Sing: Psalm 97-1:6, 7*

*Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 29 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 7:13-23**
**Fokusgedeelte: Romeine 7:13-23; Heidelbergse Kategismus 44:114**

### Ons voorneme om hoe langer hoe meer volgens die Here se gebooie te lewe

Ons bely volgens die Skrif dat selfs die allerheiligstes maar nog ’n geringe begin van gehoorsaamheid het in hierdie lewe. Ons lees dit in die teksgedeelte, die geloofsworsteling van Paulus wat hom verlustig in die wet van God na die innerlike mens, maar in sy lede is daar ’n stryd teen die wet. Die oorblyfsels van die sonde wat veroorsaak dat hy baiemaal doen wat hy nie wil doen nie, en baiemaal nie doen nie wat hy moet doen (:15-23). Daarom dat Paulus ook op ’n ander plek skrywe dat hy die “vernaamste van sondaars is” (1 Tim. 1:15), nie net “was” nie. Ons is gered van die vloek, straf en krag van die sonde (Rom. 6:1 – 7:6), maar in “hierdie” lewe nie van die teenwoordigheid en oorblyfsels van die sonde nie (Rom. 7:15-23).

Ons mag hierdie werklikheid egter nie misbruik om in die sonde te bly lê nie (Rom. 6:1, 2; 1 Kor. 6:10, 11), want ons bely ook dat ons ’n ernstige voorneme het om ons hele lewe lank nie net volgens sommige nie, maar al God se gebooie in dankbaarheid te lewe. Dit is waarvoor ons geroep en gered is in Jesus Christus deur die kragvolle werking van die Heilige Gees (Joh. 15:5; Ef. 1:4).

*Sing: Psalm 19-1:4-7*

*Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 30 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 7:24-26**
**Fokusgedeelte: Romeine 7:24-26; Heidelbergse Kategismus 44:115 (1)**

### Waarom ons nog die Tien Gebooie in ons dankbaarheidslewe nodig het

Daar is twee redes waarom ons nog God se regverdige, goeie wet moet aanhoor, veral in ons eredienste waar baie kerke nie meer die wet voorlees nie.

Die eerste rede is dat ons nie sal vergeet waarvan ons gered is nie, soos Paulus dit uitroep in vers 24: “Ek, ellendige mens!” Sodat ons opnuut dankbaar sal wees vir ons groot verlossing in Jesus Christus (:25) en nie ons eie geregtigheid nie, maar sy geregtigheid ook in ons dankbaarheidslewe sal opsoek.

Ons Here Jesus het ons nie geleer om net eenmaal in die verlede, met ons eerste bekering, te bid vir die vergewing van ons sondes nie, maar ons lewe lank in ons voortgaande en deurgaande bekering (Matt. 6:12; sien HK Sondag 33). Christus se geregtigheid bepaal ook ons heiligmaking (1 Kor. 1:30, 31).

Die tweede rede is dat ons ook ons lewe lank die Here se aangesig sal opsoek in ons gebede, sodat ons sal groei in ons heiligmaking, vernuwe sal word na die ewebeeld van God, waarvan die wet van God getuig.

Ons weet egter ons sal eers in die hiernamaals die volmaaktheid bereik, maar ons gryp nou al daarna deur sy Gees en Woord, soos Paulus op ’n ander plek vermeld (Fil. 3:8-14).
~~~~~~~~~~

*Sing: Psalm 119-1:6, 7*

*Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 31 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2; 5:1-5**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2; 5:1-5; Heidelbergse Kategismus 44:115 (2)**

**Waarom ons nog die Tien Gebooie in ons dankbaarheidslewe nodig het (2)**


Aan die einde van ons behandeling van die Wet (Sondag 34-44), kan ons dit nou saamvat: Ons word nie *deur* die wet gered nie, maar *tot* die wet as ’n reël vir ons dankbaarheidslewe. Christus alleen red, maar sodat ons nou in dankbaarheid die wet sal onderhou en daarvolgens lewe. Nie die wet nie, maar ons sonde is die vyand, en deur Christus is ons nou herstel om deur sy Gees volgens sy Woord te wandel. Nou kan ons weer van harte “God liefhê en sy gebooie bewaar” (:1, 2). Liefde tot God lei tot liefde vir die naaste, en andersom (HK Sondag 2), hoe langer hoe meer deur die Gees en gebed.

Ons mag nooit, maar nooit vergeet nie: Ons volle saligheid is van begin tot einde genade op genade (Heb. 12:1-3). Maar ons bereik die volmaaktheid eers in die ewigheid, die lewe hierna, daarom dat ons nog belydenis van sonde nodig het, en om ons lewe lank teen die oorblyfsels daarvan te stry (1 Joh. 1:8-10; DL hfst. 5), terwyl Jesus ons Voorspraak is (1 Joh. 2:1, 2).

Laat ons elke dag ons Voorspraak opsoek in gebed, volgens sy Woord deur die krag van sy Gees. Hy is getrou en sal die uitkoms gee, nou en tot in alle ewigheid!

*Sing: Psalm 131-1:1, 2, 3*

*Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)*
~~~~~~~~~~




### *1 TIMOTEUS*

*Die twee briewe aan Timoteus is geskryf deur Paulus, wat op 'n besondere manier Timoteus as 'n "geestelike kind" aangeneem het. Timoteus het 'n baie sterk band met Paulus gehad, en was 'n reisgenoot van hom tydens sy sendingreise. Later is Timoteus self as bedienaar van die Woord bevestig, en die twee briewe wat Paulus aan hom skryf, se doel is om hom te bemoedig en te versterk ten opsigte van die diens wat hy in die koninkryk van God moet verrig. Veral 1 Timoteus is 'n kort kursus in die bediening van 'n gemeente. Timoteus word herinner daaraan dat hy altyd by die ware evangelie moet bly, dit moet verdedig en verkondig, en alle dwalinge moet bestry. Die pligte en gedrag van alle lidmate en ampsdraers in die gemeente word kort en bondig vir hom (en vir ons) uiteengesit. Almal moet hulleself waardig in die huis van die Here gedra, en mag nie deel vorm van die afvalligheid wat in die laaste dae in die wêreld vaardig gaan wees nie. Timoteus word opgeroep om 'n getroue dienaar van die goeie leer te wees waarvan hy 'n navolger geword het, en om die gemeente waarin hy dien, ook tot hierdie getroue diens op te roep. Die gemeente moet wegbly van alle sonde en gedragsuitinge wat afbreuk maak aan die evangelie en die kerk van die Here, en wat dit mag laat blyk dat hulle belange en hoop gestel is op enigiets anders as die Here.*

### *2 TIMOTEUS*

*2 Timoteus kan beskryf word as 'n persoonlike brief van afskeid van Paulus aan Timoteus, alhoewel hy die vooruitsig daarin stel dat Timoteus hom moontlik nog sal kan kom besoek. Paulus is 'n gevangene, en bestem vir die doodstraf, en daarom dra hierdie brief die karakter van afsluiting. Terwyl Paulus nog die geleentheid het, dra hy bemoediging, versterking, raad en troos aan Timoteus oor. Timoteus word herinner daaraan om te bly in die diens van die Here, deur die genadegawe wat aan hom gegee is. Hy mag nie deur skaamte of vreesagtigheid ophou om deur sy arbeid getuienis vir die Here te lewer nie. Hy moet bereid wees om alle verdrukkinge blymoedig te aanvaar, en soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus te ly. Timoteus moet, net soos in 1 Timoteus gestel is, die Woord van die Here bly verkondig en verdedig, en enige dwase praatjies en dwaalleer afwys en teregwys. Hy moet ten spyte van die swaar tye en verdorwenheid van die laaste dae voortgaan om in die gesonde leer te volhard, en dit tydig en ontydig te verkondig. Laastens verklaar Paulus dat hy die goeie stryd gestry het, die wedloop voltooi het, en dat hy as drankoffer uitgegiet gaan word. Hy verwag dan ook die kroon van die geregtigheid wat vir hom weggelê is. Groeteboodskappe en seënbede sluit hierdie brief af.*

**Woensdag 1 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:3-7**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:3-4**

### Ons moet gefokus bly op Christus!

Een van die dringendste sake in die Nuwe-Testamentiese briewe is die oproep om die fokus op die regte dinge te behou. Gelowiges moet sorg dat hulle fyn ingestel is – en ingestel bly – op die regte dinge. Niks moet maak dat ons "uit fokus" raak nie. Waarop moet ons fokus? Op Christus en die evangelie. Dit maak die apostel Paulus duidelik in die heel eerste woorde wat hy in hierdie brief aan die jong Timoteus skryf. In Efese was daar sommige wat 'n "ander leer" verkondig het. Daar was dwaalleraars wat 'n valse leer gebring het.

Op die oog af het hulle voorgegee om goeie leermeesters in die wet te wees. Maar hoe beskryf Paulus hulle? As mense wat hulle nie met die kern van die evangelie besig hou nie, maar met verdigsels en eindelose geslagsregisters (vgl. 1 Tim. 4:7; 2 Tim. 4:4; Tit. 1:14). Hulle het hulle besig gehou met spekulasie oor allerhande nuttelose sake. Hulle het die fokus verskuif vanaf Christus na mensgemaakte fabels en toevoegings tot die wet, met die gevolg dat God se wet leeggemaak word, Christus en die waarheid van die evangelie verdring word, en die groot gebod tot liefde nie tot sy reg kom nie. Geen wonder nie dat Paulus Timoteus beveel om hierdie dwaalleraars die mond te snoer (vgl. Gal. 1:6-9)!

Hierdie verse bring ons voor die vraag: Waarop is ons fokus in die geloof? Op nuttelose verdigsels, of op Christus? Mag God ons deur sy Gees gefokus hou om die dinge wat die kern van ons geloof raak, te oordink, te bewaar, te leef en te verkondig.

*Sing: Psalm 119-1:12*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 2 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:8-11**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:8**

### Die wet dryf ons na Christus

In die vorige verse van die brief (1 Tim. 1:3-7) vaar die apostel Paulus uit teen die dwaalleraars in Efese. Hy beskuldig hulle daarvan dat hulle leermeesters in die wet wil wees, terwyl hulle nie die vaagste benul het waarvan hulle praat nie.

Maar iemand sou kon vra: Het die wet nog enige plek? Het dit nog enige doel? Hierop antwoord Paulus in vers 8: "Ons weet dat die wet goed is." Die konstante lees en oordenking van die wet is goed. Uit die Skrif self *weet* ons dit (Ps. 19; 119; Matt. 5:17, 18).

Dan moet 'n mens egter die wet reg (wettiglik) gebruik. Ons moenie soos die dwaalleraars in Efese die wet begrawe onder 'n hoop mensgemaakte tradisies wat dit kragteloos maak nie (Matt. 15:6). Ons moenie soos die dwaalleraars die wet gebruik as wegspringplek vir allerhande sinnelose spekulasie nie. Ons moet die wet ontvang en hoor en ervaar in die bedoeling wat God daarmee het: om sondaars te oortuig van die
~~~~~~~~~~

aakligheid van sonde en die omvang van hulle sonde (Rom. 3:20; 7:7, 12).

Van hierdie sonde gee Paulus ’n paar voorbeelde in vers 9 en 10. Dit is skokkend om te besef dat ons almal tot hierdie lys hoort. Ons almal staan skuldig voor God se wet, en gevolglik voor God. Die wet maak dit dus aan ons duidelik dat ons – soos alle mense – verlore is.

Maar wat doen die wet verder? Dit dryf ons na Christus. Dit maak dat ons ons verlossing buite onsself in Hom soek. En juis dit is die evangelie: *“Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos”* (1 Tim. 1:15). Wat ’n evangelie, en wat ’n genade! Aan God alleen die eer!

*Sing: Psalm 25-1:2, 5*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 3 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-17**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:15**

### Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste

In hierdie wonderlike verse lees ons van Paulus se dankbare verwondering oor die feit dat Christus hom van alle mense in sy diens gebruik. In menslike terme was Paulus nie ’n kandidaat wat ons vir enige diens sou oorweeg nie – veral nie die verkondiging van die evangelie nie. Vroeër het hy Christus belaster en sy kerk openlik en doelbewus vervolg. Hy het die kerk letterlik probeer uitroei!

Maar juis vanuit hierdie liederlike agtergrond vertel Paulus ons in 1 Timoteus 1 van God se wonderlike genade in Christus. Christus het aan Paulus *genade* bewys! Ten spyte daarvan dat hy geen genade aan die kerk bewys het nie, het die Here sy genade aan hom bewys (vgl. Rom. 5:8, 10). Trouens, ons Skrifgedeelte sê die Here het hom *oorlaai* met sy genade! Christus het hom nie net gered nie, Hy het hom ook in sy diens gestel.

Hierdie verse leer ons op besondere wyse wat ons op soveel plekke in die Skrif leer: God red sondaarmense sonder enige verdienste deur Christus. Dit is waarlik “genade”. Dit besef ons nie net deur die voorbeeld van Paulus nie, maar ook as ons na ons eie lewens kyk. Net soos Paulus moet ons elkeen kan erken: Van alle sondaars is ek die grootste. Net soos Paulus kan ons egter vol blydskap uitroep: *“Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos.”*

En juis daarom kan ons nie anders nie as om uit te roep: *“Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.”*

*Sing: Psalm 103-1:6, 9*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 4 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:18-20**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:18-19**

### Stry die goeie stryd, en hou die skip op koers!

Die apostel Paulus het vir Timoteus in Efese gelaat met die opdrag om die mond te snoer van diegene wat dwaalleer verkondig. Daar was sommige in Efese wat Christus en die waarheid van die evangelie verdring deur nuttelose verdigsels en spekulasie.

Dit sou egter geen maklike taak wees nie. Timoteus sou weerstand en swaarkry beleef. Juis daarom bemoedig Paulus hom met die woorde: *Stry die goeie stryd!*

Paulus beskryf Timoteus en sy roeping met woorde uit die militêre wêreld. Timoteus is ’n offisier. Hy is in ’n oorlog gewikkel. Sy oorlog is teen die dwaalleer wat in Efese verkondig word ten koste van die evangelie. Sy senior, Paulus, gee hom dan bevele te midde van sy stryd: Hou aan stry! Stry die goeie stryd! Volhard daarin! Hou vol! Om hierdie opdrag te versterk, doen Paulus twee dinge:

- Hy *herinner* Timoteus daaraan dat hy deur God self geroep is tot hierdie taak deur te verwys na die profesieë wat vroeër oor hom uitgespreek is.
- Hy *spel uit* wat Timoteus moet doen om die goeie stryd te stry: hy moet vashou aan die geloof en ’n goeie gewete. Hy moet vashou aan die waarheid van die evangelie, en hierdie waarheid leef deur sy gewete te gehoorsaam.

In hierdie woorde aan Timoteus bemoedig die Here elkeen van ons te midde van ons roeping: Stry die goeie stryd! Volhard. Besef opnuut dat God self ons in Christus geroep het tot sy kinders en in sy diens, en wees versterk deur hierdie besef. Hou hiermee saam vas aan die geloof in Christus en ’n goeie gewete. Stry die goeie stryd!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)*

**Sondag 5 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:1**

### Haal jy nog asem?

In hoeveel gesprekke het jy vandag iets negatiefs oor die regering van die dag of oor iemand anders gesê? Ons ou natuur dring ons daartoe om negatief oor meeste dinge te wees. Paulus vermaan egter hierdie ou natuur van ons deur daarop aan te dring dat ons vir alle mense moet bid, want bid jy vir iemand, dan is jy eerder positief op daardie persoon ingestel.

Dit wat baie keer in ons as gelowiges se prioriteitslys laaste kom, sê die Here moet eintlik eerste kom: gebed. ’n Bekende het eendag gesê: Gebed is die asemhaling van die gees. Iets of iemand wat ophou asemhaal, bestaan tog nie meer nie. Paulus gebruik dan ook ’n paar terme om te beskryf waaruit ons gebed moet bestaan: smeking (vir jouself bid), voorbidding (vir alle mense/sake) en danksegging (dit is tog die vernaamste deel waarom ons bid (HK So. 45). Daar is nog ander elemente in gebed, maar hierop gaan Paulus nie in ons teks in nie.

Paulus fokus egter op ’n spesifieke groep waarvoor gebid moet word. In tye waar die

Romeinse goewerneur Nero al meer en meer Christene begin vervolg het, vra Paulus voorbidding vir die regering van die dag. Paulus se bedoeling met die voorbidding was nie dat die vervolging moet ophou nie. Hy bid dat die Here se verlossing vir hulle sigbaar sal word (:4). Dit is die fokus van sy gebed. Hy wil hê dat dié wat in die regering is en die Here nie ken nie, tot bekering sal kom. Hy wil hê dat die wrede Nero en sy trawante medegelowiges van hom word.

Dit is tog waaroor Christenskap werklik gaan. Kan ons werklik bid vir daardie persoon wat skynbaar iets negatiefs aan ons wil doen? In hoe ’n mate vreet negatiewe emosies en gedagtes ons elke dag op? Paulus leef egter vanuit sy verhouding met ons Verlosser, Jesus Christus. Hy praat met Jesus Christus en dit bepaal sy hele lewe. So word sy lewe van gebed (asemhaling) die boodskap na alle volke en tale en nasies (:7).

Is jy nog besig om asem te haal?

*Sing: Psalm 66-1:6, 7*

*Ds. Werner van den Heever (Gobabis)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 6 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:5-6**

## Christus Jesus, ons enigste Middelaar, het die losprys betaal

God wil hê dat alle mense gered word en kennis van die waarheid sal hê (:4). Redding uit die ellende van die sonde, en waarheid omdat leuens mislei.

Dit was vir die apostel Paulus sy dryfkrag “om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid” (:7). Die hoofinhoud van die boodskap is Jesus Christus. In Hom is die waarheid, en Hy is die enigste weg tot verlossing.

Sy verlossingswerk word soos volg beskryf: Hy is “Middelaar tussen God en die mense”, en die een “wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het” (:5-6).

*Middelaar* – Die mensdom het deur sonde in ellende beland. Van God vervreem, gevangenes van die Bose, sonder hoop, sonder toekoms. Iemand moes die brug tussen die Heilige en sondaars vorm, middelaar wees. God het in sy genade Self die Middelaar voorsien. Hy moes God en mens wees, die volmaakte skakel tussen twee partye – God in die hemel en die mense op aarde.

*Losprys* – Hy wat sondig, sal sterwe, so het God gewaarsku. Om verlos te word, moes ’n losprys in die plek van die skuldiges betaal word. Sterwendes kan nie vir ander die prys betaal nie. Die Middelaar kon, want Hy is ewig God, die lewende, die heilige. Hy het mag oor die dood. Omdat Hy mens geword het, maar sonder sonde, was Hy uitnemend geskik om die losprys te betaal.

Dit is die waarheid: Elkeen wat in Hom glo, die Middelaar en Losprys, kry volledig deel aan die verlossing. Wat ’n troos!

*Sing: Psalm 49-2:1, 2*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Dinsdag 7 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-15**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:1, 2**

## Bid vir vrede

Is jy onrustig oor sekere dinge in jou persoonlike lewe, maar ook oor gebeure in ons land? Stem die dinge wat van tyd tot tyd in ons buurlande gebeur, jou ook onrustig? Wat moet jy doen?

Bid! Hoe? Bid met smeking, voorbidding en danksegging. Smeek die Here om uitkoms. Bid vir bepaalde situasies en mense, en dank die Here dan vir die uitkoms wat Hy gee. Vir wie moet jy bid? Bid vir alle mense: jouself, die regering, jou onderwysers … vir almal. Ja, bid selfs vir die vyand.

Hoekom moet jy bid? Sodat jy ’n rustige en stil lewe kan lei en jou in jou diens aan God kan verdiep. Verder moet jy bid dat jy jou plig in jou gemeente kan nakom. In die onrustigheid van die wêreld moet jy rus en kalmte in jou godsdiens kry en dit in jou gemeente en daaglikse lewe uitleef. Bid vir vrede – dié vrede wat alle verstand te bowe gaan en tot gevolg het dat jy selfs in die grootste beproewing kan voortgaan; dat jy selfs in die swartse nag op God kan bly wag. Jy weet dat God daar is, dat Hy help selfs wanneer die storm op sy hewigste is.

Die apostel Jakobus leer jou dat ’n gelowige se gebed ’n kragtige werking het. In on--rustige tye in jou lewe moet jy op jou knieë wees!

Glo en bid en jy sal God se vrede in jou lewe ervaar.

*Sing: Psalm 16-1:1, 5*

*Dagstukkie Almanak 2001*

**Woensdag 8 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:7**

## Ouderling, hou toesig oor jouself!

Om ’n ouderling in die kerk van Christus te wees, is voorwaar ’n voortreflike werk. Jy het die voorreg om Christene met raad en troos te ondersteun in hulle verhouding met God. Dit is ook ’n verantwoordelike werk – jy werk in en aan die liggaam van Jesus Christus waarvoor Hy duur betaal het.

Iemand wat as ouderling wil dien, moet aan elkeen van die vereistes voldoen, soos hier in die teksgedeelte uiteengesit word. Hierdie vereistes gaan oor sy innerlike karakter wat in sy optrede tuis, in die kerk en in die wêreld sigbaar en hoorbaar word. Ja, selfs in die wêreld moet hy in al sy optrede net een ry spore trap. Niemand moet ooit wonder aan wie ’n ouderling homself onderwerp nie. Sy optrede in al sy handelinge moet getuig dat Christus sy Koning en Leidsman is.

Daarom moet ’n ouderling uiters waaksaam wees vir die strikke wat die duiwel vir hom stel. ’n Ouderling is steeds ’n sondaar – ’n geredde sondaar, maar ’n sondaar. Die duiwel weet immers dat wanneer hy ’n ouderling sover kan kry om in die sonde te val, kry hy nie net een gelowige in sy kloue nie. Soos domino’s is daar ander gelowiges wat ook sal val, want die ouderling wat aan hulle leiding moes gee, het geval. Gevolglik kry die huis van

die lewende God krake in. En afgesien van ’n paar Christene wat teen die Here sondig, kry die duiwel dit reg om die Naam van Christus deur mense te laat beswadder.

Ouderling, as voorganger in Christus se kerk is jy een van die duidelikste teikens van die duiwel. Pas jouself op deur jou te laat lei deur die Gees en met die Woord.

*Sing: Psalm 138-1:4*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 9 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:8-13**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:9**

## Diaken, jou diens is die hande en voete van die evangelie

Oor die algemeen het lidmate maar ’n lae dunk van die amp van diaken. Predikante het ’n belangrike werk – hulle moet die Woord van God verkondig. Ouderlinge het ’n belangrike werk – hulle moet uit die Woord onderrig gee en in die kerk van die Here regeer. Maar diakens? Ag, hulle kollekteer net op Sondae die liefdesgawes en sorg dat die nagmaaltafel gedek is en die bediening van die nagmaal glad verloop.

So ’n siening van die diakens en hulle dienswerk is egter nie in ooreenstemming met die Woord van God nie. ’n Diaken is veronderstel om die verborgenheid van die geloof in ’n rein gewete te hou. Die verborgenheid van die geloof is niks anders nie as die evangelie van Jesus Christus (1 Tim. 3:16). Daarom behoort ’n diaken goed onderlê te wees in die Woord van die Here. Hy moet weet waarom Christus na die wêreld gekom het en wat Christus gedoen het.

Die verlossing wat Christus gebring het, het die lewe van mense konkreet beïnvloed. Hulle het genesing ontvang, verligting van hongerpyne, bevryding van bose magte wat hulle oorheers het.

In die voetspore van Jesus lei die Heilige Gees elke diaken om die evangelie van Christus konkreet te maak in lidmate se lewens. Die evangelie waarin jy onderlê is, word tasbaar vir die lidmaat aan wie jy die konkrete verligting bring. Die evangelie word dan sigbaar vir die wêreld, sodat die liefde van Christus in hierdie wêreld kan skitter en God verheerlik word. Sodoende dra jy by tot die skoonheid van die lewende God se huis – sy kerk.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 10 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:14-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:15**

**Die kerk as huis van die lewende God**

Ná die hemelvaart van Christus het Hy nie opgehou om op die aarde te werk nie. Die Middelaarswerk wat Hy in sy vernedering moes doen, is afgehandel. In sy verheerliking gaan Hy voort met sy Middelaarswerk in die hemel. En op aarde gaan Hy voort met sy profetiese, priesterlike en koninklike werk.

Hierdie werk doen Christus sigbaar en hoorbaar op die aarde. Daarom vergader Hy deur sy Gees en Woord sy kerk op die aarde. Sy kerk is sy liggaam en Hy is die Hoof daarvan. Deur sy ouderlinge en diakens rus Hy elke lidmaat van sy kerk toe om as sy liggaam en as die gemeente van die lewende God te leef.

Dus lyk die kerk nie soos ’n klub of ’n vereniging waarheen individue kom om ’n goeie praatjie te hoor en daarna weer te verdwyn tot die volgende vertoning nie. Die kerk, as lewende huis van die lewende God, skik haar lewe volgens die bevel van Jesus. Lidmate leef as broers en susters met mekaar omdat die Heilige Gees hulle deur die een geloof in die een Here saambind.

As gemeente van die lewende God dra hulle die evangelie uit, want die wêreld moet hoor Wie Jesus Christus is. As gemeente van die lewende God leef hulle die evangelie konkreet uit, want die wêreld moet sien wat Christus op aarde doen. Deur die evangelie uit te dra en uit te leef, is die kerk ook ’n pilaar van die waarheid. Die wêreld kan aan die kerk se lewe sien dat die evangelie eg is – Christus verander mense se lewens!

*Sing: Skrifberyming 15-7:5, 6*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 11 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:1-5**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:1**

**Die dood in die pot!**

In die laaste dae, ja ook in ons leeftyd, sien ons hoe waar hierdie waarskuwing van Paulus aan Timoteus is.

Die huisgesin is die plek waar kinders kan verwag om goeie kos te kry. In die Here se huisgesin is dit die gesonde leer, die Woord. Maar die bose haat die huisgesin van die Here. Daarom probeer hy om die kinders van die Here met slegte, giftige kos te vergiftig. Dit is die dwaalleer.

Vandag word die dwaalleer kwistig uitgedeel. Dwaalleer wil jou laat vergeet dat Jesus Christus werklik alles vir jou gedoen het. Jy moet dit met die geloof aanneem. Dit is genoeg. “Nee”, sê die dwaalleraar, “dit is te min. Daar is iets wat julle moet doen.” Om gered te wees, moet jy jou las dra.

Daarna gee Paulus twee voorbeelde van laste wat op mense gelê word. Hulle mag nie
~~~~~~~~~~

trou nie, en hulle mag nie sekere kosse eet nie. Dwaalleer belaai ’n mens altyd met laste. As jy jou las goed genoeg dra, sal jy miskien gered word, sê hulle. So verander hulle die seën van die Here in ’n straf.

Wat ’n wonderlike voorreg om te trou en te eet. Wat ’n heerlike geleentheid om in dankbaarheid die Here te aanbid! Trou en eet is deel van ons lewe, en soos alles in ons lewe, moet ons dit tot sy eer doen.

Hierdie gedeelte leer ons om waaksaam na ons geestelike spyskaart te kyk: Eet ons die brood van die lewe?

*Sing: Psalm 65-1:3*

*Ds. Dirk van’t Zand (Witpoortjie)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 12 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-11**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:7**

### In Christus se gimnasium

As Paulus aan sy jong kollega skryf, word hy deur die Gees gelei om uit sy hart met Timoteus te praat:

“Jy doen nie maar net ’n werk vir jouself of vir ’n baas nie. Jy is ’n bediende vir die Here. Jy moet goeie kos in die huisgesin van die Here bedien. Om ’n goeie bediende te wees, moet jyself ook daardie kos gebruik. Dit sal jou sterk maak.

“’n Atleet kan dalk die beste dieet op aarde volg, maar as hy nie oefen nie, help dit niks. Timoteus, jy is ’n atleet vir Christus. Die beste wat jy kan doen vir die gemeente is om in Christus te leef. Dit is jou daaglikse oefening. Dit is jou lewenslange oefening om jouself gedurig weer in Christus te vind.

“Ja, dit is belangrik om jouself te vra: Wat maak ek met die Woord? Maar daar is ’n belangriker en meer basiese vraag: Wat maak die Woord met my?”

Natuurlik is hierdie woorde nie net vir predikante bedoel nie. Elke lid van Jesus se huisgesin het die voorreg om Hom te bedien.

Die beste wat jy vir die mense wat vir jou kosbaar is, kan doen, is om ’n geoefende volgeling van Jesus te wees. Om Geesvervuld te wees, te groei in die geloof sodat sy Genadewoord die duidelike letters op jou as sy lewende brief word.

*Sing: Psalm 65-1:3*

*Ds. Dirk van’t Zand (Witpoortjie)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 13 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:12-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:12**

## Moenie jou laat diskwalifiseer nie!

Toe Jesus sy werk op aarde voltooi het, het Hy nie ’n bekwame span agtergelaat om sy werk te voltooi nie. Die mense wat Hy agtergelaat het, was vissermanne en boonop ongeleerd. Hulle bekwaamheid sou van bo af, deur die Heilige Gees, aan hulle gegee word.

So is dit vandag nog. Elke gelowige se bekwaamheid kom van bo af deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees het gawes aan jou gegee. Hy het jou bekwaam gemaak om met daardie gawes Jesus te bedien in die huisgesin en daarbuite.

In Timoteus se geval is sy gawes deur die ouderlinge van die gemeente raakgesien en met handoplegging bevestig. Hulle het hom gekwalifiseer. Hy móét nou daardie gawes gebruik.

Ons as lede van God se huisgesin moet mekaar ook kwalifiseer sodat ons, elkeen met sy eie besondere gawes, Jesus kan bedien. Sien mekaar se gawes raak en vertel daarvan.

Ongelukkig het ons dikwels die omgekeerde neiging. Ons probeer om mense uit die bediening uit te skakel, te diskwalifiseer. Aan Timoteus is dalk gesê: “Jy is te jonk”, aan ander word dalk gesê: “Jy is te oud, te arm of te ryk, nie slim genoeg nie, jy is nie welsprekend genoeg nie.”

Soos Paulus moet ons nie in hierdie koor saamsing nie. As ons iemand sien wat gawes van die Heilige Gees het, moet ons hom/haar aanmoedig om daardie gawes tot eer van God te gebruik. Ons moet hom/haar aanspoor om daardie gawes te ontwikkel tot almal se voordeel.

*Sing: Psalm 116-1:9*

*Ds. Dirk van’t Zand (Witpoortjie)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 14 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-25**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:17-20**

## Dubbele eerwaardige kerkraad …?

Die opsienersamp is ’n voortreflike werk. Hierdie voortreflike diens vorm die rugsteun van die kerk van ons Here Jesus Christus. Die amp gaan immers die kerk vooraf. Die ouderlinge waak oor die leer en lewe van die lidmate. Hulle moet toesien dat die lidmate nie sonde vervuil nie, maar in heiligheid rein word.

Deur die Woord van God moet hulle toesien dat Christus sy gemeente regeer en hulle moet reg laat geskied aan die eer van God wat sy gemeente wil opbou in die allerheiligste geloof deur sy Woord en Gees. In hierdie opsig moet die ouderlinge voorgangers wees, ’n voorbeeld in die geloof.

Die kerkraad moet tog eer waardig wees, omdat hulle in ’n voortreflike diens staan.
~~~~~~~~~~

Daar is egter sommige wat daarin besonderlik voorgaan. Dit is die ouderlinge wat in woord en leer arbei. Hulle is die leerouderlinge, die predikante. Hulle is dubbele eer waardig. Nie in eer nie, maar hier bedoel om ook versorg te word. Hulle is afgesonder om die gemeente te onderrig in die woord en leef van die evangelie.

Jy mag egter ’n os wat graan dors, nie muilband nie. Met ander woorde, jy mag nie bloed uit ’n klip tap nie. Hierdie bepaling uit Deuteronomium 25 geld dat diere nie misbruik en mishandel mag word nie – soveel te meer vir hulle wat van die evangelie moet leef.

Mag ons gemeentes en ouderling dubbele eer waardig wees, en mag ons as arbeiders die loon werd wees.

*Sing: Psalm 134-1:1, 4*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Kimberley)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 15 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-25**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:21-25**

**Goeie werke kan jy nie wegsteek nie**

Die ouderling is eer waardig, en moet gevolglik eerwaardig leef. Daar is egter sommige mense wat nie eer waardig is nie. Soos wrede wolwe wil hulle die kudde uitmekaar jaag en verskeur. Daar is ongelukkig baie sulke ouderlinge en predikante.

Daarom neem ons in die kerk van die Here soms lank om geskikte persone te vind wat hierdie voortreflike diens moet verrig. Ons moet ook nie in die kerk altyd haastig wees om maar net die “pos” te vul nie, want elke mens se lewenswerk kom uiteindelik aan die lig.

Die sondes van sommige mense loop hulle vooruit. Ja, in die kerk is daar mense wat selfs met hulle sondes spog. Hulle trots is hulle vertrapping van God se eer. Dit is veral so by sommige braaivleispraatjies. En ander se sondes haal hulle van agter in.

Net soos sommige hulle bose dade roem of wegsteek, is daar ook goeie werke wat nie ongesiens verbygaan nie. Daar bestaan nie iets soos oortollige goeie werke nie. En in die kerk word hierdie goeie werke soms maar baie dof en skaars. Tog sal die goeie werke van ons geloof nie lank verborge bly nie.

Ons moet waak om nie op goeie werke te wil roem nie, maar hier gaan dit om die opregtheid van die ware geloof. Mag jou geloof vandag ook sigbaar word in die goeie werke wat jy doen, sodat God daarin die eer mag ontvang.

*Sing: Psalm 90-1:2, 9*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Kimberley)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 16 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:1-2**

### Tree soos broers teenoor mekaar op

Slawe was ’n integrale deel van middel- en hoë klas-huishoudings in Bybelse tye. In sommige gevalle het beide slawe en eienaars hulle tot die Christelike geloof bekeer. Dit het die tradisionele verhouding tussen slaaf en eienaar onder druk geplaas. Sommige slawe het gemeen dat hulle nuutgevonde vryheid in Christus opstand teen aardse gesag regverdig.

In ons teksgedeelte waarsku Paulus Christenslawe om nie opstandig te raak teenoor hulle Christeneienaars deur die samelewingsorde van die dag met ontwrigting omver te werp nie. Christenslawe en –eienaars moet eerder die samelewingsorde van die dag hervorm deur soos broers teenoor mekaar op te tree.

Die vryheid wat Christus bring, is nie wêrelds van aard nie en stook nie anargie nie, maar deursuur die wêreld deur die beginsels van God se koninkryk uit te leef. Christus het inderdaad God se koninkryk na die aarde laat deurbreek, maar God se nuwe orde sal eers met Christus se finale koms ten volle gevestig word. Intussen leef ons in die spanning tussen die “reeds” en die “nog nie”. God se koninkryk is reeds sigbaar op aarde in die Woord wat gepredik word en die kerk wat getuig, maar die volle realiteit van God se heerskappy sal eers met die totstandkoming van die nuwe hemel en aarde ten volle gerealiseer word.

Christene moet derhalwe daarteen waak om nie die “nog nie” met die “alreeds” te verwar en ’n “nuwe hemel” op aarde deur anargie te vestig nie. Ons roeping is om die wêreld rondom ons stelselmatig te hervorm deur ons woorde en dade, voorbeeld en gedrag in navolging van Christus. ’n Lewe in Christus en soos Christus bring ware bevryding en ware verandering.

*Sing: Skrifberyming 1-3:1, 2*

*Dr. Nico Vorster (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 17 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:11**

### Wegvlug en najaag

In ons teksgedeelte gee Paulus aan die jong Timoteus die opdrag om van sekere dinge weg te vlug, maar ook om sekere deugde na te jaag. Timoteus moet homself van geldgierigheid weerhou, want dit is die wortel van baie sondes. Terselfdertyd moet hy die Christelike deugde van geregtigheid, godsvertroue, geloof, liefde, volharding en sagmoedigheid nastreef.

Die Christelike lewe bestaan inderdaad uit ’n spanning: die afsterwe van die ou mens teenoor die opstanding van die nuwe mens; ’n weerhouding van sekere praktyke teenoor
~~~~~~~~~~

die najaag van ander; die onttrekking van sekere sosiale kringe teenoor betrokkenheid by ander.

Die vraag is: Wanneer moet ons wegvlug en wanneer najaag? Die leidraad wat ons in verse 13-15 kry, is dat ons ten alle tye die eer van God moet nastreef, want Hy is Heerser en Koning oor alle dinge. In ons besluitneming is die eer van God die uitgangspunt en die voorbeeld van Christus die rigtingwyser. Die Christen kan nie deelneem of aandeel hê aan praktyke of gedrag wat God onteer nie.

Terselfdertyd moet die Christen elke geleentheid benut waar die eer van God verkondig kan word en ’n getuienis vir God gelewer kan word. Elke situasie vra van ons ’n wyse oordeel. Ons behoort daarom gereeld te bid dat God deur sy Gees aan ons die wysheid sal gee om te weet wanneer om weg te vlug en wanneer om na te jaag.

*Sing: Psalm 111-2:1-4*

*Dr. Nico Vorster (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 18 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:17-21**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:19**

## ’n Ware ryk lewe

Ware rykdom bestaan nie uit die besit van aardse bates nie, maar word verkry deur die besit van ’n geestelike skat wat God aan ons skenk. Paulus omskryf hierdie geestelike skat in vers 19 as ’n *goeie belegging* vir die toekoms.

Wat is die geestelike skat waarna die skrywer verwys? In teksgedeeltes soos Romeine 8:17, 18 en 1 Petrus 1:4-6 word melding gemaak van ’n ewige en onverganklike erfdeel wat ons met die verheerliking sal ontvang.

In ons teksgedeelte gaan dit egter oor ’n sinvolle bestaan in die hier en nou; ’n godvrugtige lewe wat betekenis het vir jou medemens. Hoewel arbeid deel van ons roeping as gelowiges is, bestaan ’n *ware lewe* nie uit ’n koorsagtige najaag van selfbelang, aardse besittings, geldelike profyt en status nie. Instede moet ons besef dat alle gawes uit die hand van God kom, en dat ons daagliks in dankbaarheid op God se genade moet reageer. In vers 18 word ’n ware ryk lewe beskryf as ryk in goeie dade, vrygewigheid en mededeelsaamheid.

Die lewensingesteldheid wat Paulus aanmoedig, druis lynreg in teen die waardes van maksimum profyt, effektiwiteit en kompetisie wat in die ekonomiese, korporatiewe en besigheidswêreld verkondig word. Is die neerslagtigheid, wanhoop, angs en depressie wat so baie mense ervaar, nie dalk te wyte aan ’n leefstyl van winsbejag, kompetisie en ’n strewe na erkenning nie?

’n Obsessie met sukses en aardse vorme van rykdom kan jou innerlik arm en bankrot maak. Streef eerder na ’n lewe ryk in goeie dade en liefde teenoor ander. Dit kan jou lewe opnuut met betekenis vul!

*Sing: Skrifberyming 11-3:1-3*

*Dr. Nico Vorster (Pretoria-Annlin)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 19 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-7**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:3**

### Geestelike gesin waarvoor ons dankbaar kan wees

Paulus skryf 2 Timoteus 1 in gesinstaal. Timoteus is nie Paulus se biologiese kind nie, maar sy kind in die geloof. Ons lees in die Bybel dat die gemeente God se huisgesin genoem word (o.a. 1 Tim. 3:15; Ef. 2:19). Beleef jy die gemeente waar jy lidmaat is as jou liefdevolle geestelike gesin?

Paulus sê nie net dat Timoteus sy kind in die geloof is nie, hy toon ook aan hoe hy sy verhouding met Timoteus ervaar: In ons fokusvers lees ons dat Paulus elke keer vir God dank wanneer hy aan Timoteus dink in sy gebede. Al het Paulus en Timoteus die voorreg gehad om verbondskinders van gelowige ouers te wees (:3, 5), is daar ’n gesinsband tussen hulle wat wyer strek as ’n bloedband: die geestelike gesinsband van medegelowiges.

Elke gemeente moet na hulleself kyk en biddend bepaal of hulle ’n gesonde, funksionerende geestelike gesin is. Is ons dankbaar teenoor God as ons aan ons gesin dink? Bid jy vir iemand in die gemeente wat jy as jou geestelike kind/ouer beskou? Deel jy in daardie persoon se vreugde tot so ’n mate dat jy God onophoudelik vir hom/haar dank (:3)?

Dalk het jy reeds die voorreg om in ’n geestelike gesinsverhouding met iemand te wees. Bewys jou liefde aan daardie persoon deur hom/haar in gebed op te dra. Bid vandag dat jou geestelike familielid die vrymoedigheid mag verkry (of behou) om sy/haar roeping in die wêreld, tot God se eer, uit te leef (:6).

*Sing: Psalm 68-1:3*

*Teologiese Student LD (Daniël) Myburgh*

~~~~~~~~~~

**Maandag 20 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:8-14**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:8, 9**

### Moet jou nie skaam vir wie jy is en waartoe jy geroep is nie

Ons het gister gehoor dat ons deel van ’n geestelike huisgesin is. Hierdie huisgesin het mekaar lief en daarom dra hulle mekaar ook op in hulle gebede. Vandag hoor ons dat ons nie hoef skaam te wees dat ons aan hierdie geestelike huisgesin behoort nie.

Soms kry ek so skaam wanneer Pa/Ma my by die skool aflaai. Ek kry skaam vir my ouers se opmerkings wanneer ek my meisie/ou vir die eerste keer na ons huis toe nooi. Soms skaam ek my vir my kinders se gedrag in die openbaar. Ons hoef egter nie skaam te kry vir ons gesin nie, want hulle het ons lief en wil net die beste vir ons hê.

God wil soveel te meer die beste vir sy kinders hê. God gee vir ons wat in Christus is, die genade van verlossing (2 Tim. 1:9, 10). As ons besef hoe groot en kosbaar hierdie geskenk van God is, dan skaam ons ons nie meer vir Hom nie. Ons sal dan erken dat Hy ons Vader is en dat ons elkeen geroep is om hom te dien. Dan wil ons teenoor alle mense
~~~~~~~~~~

getuig wie God is en wat Hy vir ons beteken. Selfs al word ons gespot of vervolg vir ons geloof, hoef dit ons nie skaam te maak nie (:8, 12).

Ek skaam my nie oor my Vader nie, want ek is veilig by Hom. Ek weet Hy het my geroep om sy Naam groot te maak.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2*

*Teologiese Student LD (Daniël) Myburgh*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 21 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-7**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:3**

## Ons dra ons ontberings in Jesus se oorwinning!

In die brief 2 Timoteus lees ons dat Paulus (die skrywer) deur swaar tye gaan. Hy is in boeie soos 'n misdadiger en hy word alreeds as drankoffer uitgegiet. Paulus skryf vir sy geliefde geestelike seun, Timoteus, nie om hom weg te wys van die lydingspad nie, maar om hom aan te spoor om die pad aan te pak.

Paulus gebruik drie beelde om Timoteus aan te spoor: die Romeinse soldaat, die atleet, en die boer.

Die soldaat was opgelei sodat sy grootste begeerte sou wees om sy offisier en Rome te dien. Hulle was bereid om lang ure te stap, te veg en selfs dood te gaan vir die werk wat hulle verrig.

Die atleet was ook bereid om swaarkry te beleef om sy werk te doen. Hy het sy liggaam tot die uiterste gestoot. Met die wedloop self is daar ook reëls waaraan hy moet voldoen.

Die boer het ook hard gewerk. Vroegoggend opgestaan en harde arbeid in die veld gaan verrig. Maar daarom was hy geregtig op die eerste van die oes.

In aldrie hierdie beelde word daar swaarkry veronderstel, maar swaarkry as gevolg van die werk wat gedoen word. Swaarkry as gevolg van dit wat hulle najaag. Die goedkeuring van die offisier, die oorwinnaarskroon, die eerste oes. Ons is in die bevoorregte posisie dat ons seker is dat ons al klaar die loon ontvang het. Ons het al klaar deel aan Christus se oorwinning oor die dood, en ontvang al die seën wat dit bewerk het. Daarom kan ons nou al die ontberinge wat na ons kant toe kom, dra.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. Zander van't Zand (Middelburg-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 22 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:8-13**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:8**

### Onthou God se wonderdade in swaarkry!

Die brief 2 Timoteus is geskryf in die tydperk wat Paulus in die tronk sit. Hy is op die punt om doodgemaak te word. En tog sien mens dat Paulus rustig oor die dood is. Hy is rustig, want hy onthou dat God getrou en almagtig is. Hierdie herinnering is gegrond op die versekering van Jesus Christus se opstanding uit die dood.

Die woord “onthou” in hierdie konteks beteken nie om net van iets kennis te neem nie. Dit is om herinner te word aan ’n lewensbelangrike feit wat op jou van toepassing is, en dan daarop te reageer. Om net aan ’n feit herinner te word, maak nog nie dat jy daarop reageer nie.

Gelowiges deur al die eeue heen word opgeroep om te onthou. Ons word spesifiek opgeroep om God se wonderdade te onthou, wonderdade wat hulle vervulling in Jesus Christus se oorwinning vind. In Eksodus 13:3 het Moses vir die volk gesê: “Onthou die dag waarop julle uit Egipte, uit die plek van slawerny, weggetrek het, want dit is deur sy groot mag dat die Here julle daaruit bevry het.” Ons word elke Sondag daaraan herinner as ons die wet lees. *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.*

As dit moeilik gegaan het met God se volk, dan het iemand hulle geskiedenis vir hulle vertel. Daardeur is hulle aan God se magtige dade herinner. Hulle het dan onthou dat God by hulle is, dat Hy getrou is. Vandag nog laat God ons sy magtige dade deur sy Woord en Gees onthou.

In ons swaarkry kan ons onthou dat Jesus vir ons uit die dood opgewek is! Ons kan onthou dat God ons al klaar van die ewige dood verlos het, en dan verder op Hom vertrou.

*Sing: Psalm 103-1:1*

*Ds. Zander van’t Zand (Middelburg-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 23 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:14-22**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:15**

### Jou fokus, te midde van stryd en begeertes, is jou arbeid vir God

Wat is die *stryd* waarmee Timoteus, en ook ons, te doen het? Daar is ’n gestryery oor die betekenis van teologiese woorde en filosofiese sake. So word afgedwaal van die kerninhoud van die evangelie. Die gevolg is, letterlik gesê, katastrofies, want dit verwar gelowiges en laat hulle geloof wankel.

Daar is verder ook mense wat die waarheid van die evangelie betwis en verdraai. Daar is die begeertes wat tipies met die jeug geassosieer word. Dit gaan oor meer as net liggaamlike begeertes. Dit gaan ook oor eiewysheid, eersug, ongeduld en nuwe dinge buite die evangelie.

In ons lewens, met die gemeente en met die kerkverband, gebeur dit gereeld. Die aan-
~~~~~~~~~~

slag van buite is daar, maar ook van binne ons eie kring.

Die vraag is nou: Hoe moet hierdie dinge van stryd en begeertes hanteer word? Vers 15 antwoord: *Fokus op God en jou arbeid vir God.* Sit alles in om vir God te wys dat jy eerste aan Hóm gehoorsaam is en dat jy sý goedkeuring wil wegdra. Doen jou werk eerlik en opreg vir en voor God. Hou vas aan die waarheid van die Woord, en hou aan om die Woord van die enigste waarheid te onderrig.

Hierdie is die opdrag aan elkeen wat die Woord verkondig, dus aan elke gelowige wat in die wêreld leef en werk. Wanneer jy skool of werk toe gaan, fokus jý maar net op God en jou arbeid vir Hom en saam met Hom. Bied weerstand teen woordestryd en begeertes, deur met die krag van die Heilige Gees te fokus op God en jou arbeid vir Hom. So leef jy as gelowige, as gemeente/huis, tot eer van God.

*Sing: Skrifberyming 14-4:1-4*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 24 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:23-26**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:24, 25**

### Dit kan wees dat God sy teenstanders bekeer, en Hy gebruik jou vriendelike gesindheid hierin

Gister het ons geleer: jou fokus, te midde van stryd en begeertes, is jou arbeid vir God. Vandag wys die Here ons daarop dat jy op ’n sekere manier te werk moet gaan met sy teenstanders. Dit gaan oor jou houding: jy moet met vriendelikheid teenoor alle mense optree. Jy moet vriendelik wees met medegelowiges én met God se teenstanders.

Die opdrag is eerstens dat jy dwase en onsinnige twisgesprekke moet vermy, want jy weet mos dat dit tot konflik en rusies sal lei. As jy eers in ’n rusie betrokke is, dan is omdraaikans maar skraal, nog minder bekering vir die een wat dwaal. Die opdrag is tweedens dat jy God se teenstanders moet vriendelikheid moet teregwys. Ek en jy kan iemand dus nie maar net liefdeloos beveg of die dwaling bloot ignoreer nie. Ons moet iets doen. Die waarheid en die dwaling moet uitgewys word, maar met sagtheid van hart en vriendelikheid van gees.

Hoekom? Want dit gaan nie in die eerste plek oor jou nie, dit gaan oor God! Dit gaan daaroor dat God, ook net soos aan jou, genade aan hierdie persoon wil bewys. God kan volgens sy besluit hierdie persoon wat afdwaal, tot die kennis van die waarheid bring. Ja, God kan hom/haar bekeer, dus verandering in sy/haar lewe bring, sodat hy/sy ook ’n ware Christen kan word, net soos jy! God kan dit sonder jou doen, maar Hy wil jou as sy arbeider en as sy boodskapper gebruik.

Daarom sê God vir jou: Wees my vriendelike arbeider en kyk hoe ek aan nog iemand genade skenk!

*Sing: Psalm 97-1:7; Psalm 119-1:22*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*
~~~~~~~~~~

**Saterdag 25 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:1-9**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:5**

**Bly weg van die liberale denkrigtings wat die gesag van die Woord ontken**

Die Here roep sy kerk op om anders as die wêreld te lyk, dit wil sê: Hy roep vir my en jou as gelowiges op om anders as die wêreld te lyk. Wanneer die kerk net soos die wêreld lyk, verloor sy haar krag om 'n verskil in die wêreld te maak. Die Here waarsku ons: "Bly weg van mense wat voorgee om gelowig te wees, maar wat deur hulle lewenswandel wys dat hulle nie is nie."

Dit is die probleem in vandag se tyd; trouens, dit is maar die probleem van die mensdom deur die eeue. Die "laaste dae" het reeds begin met Jesus se opstanding, en dit duur voort totdat Hy weer kom. In hierdie tyd gee ongelowiges voor om goeie, godsdienstige mense te wees, maar in hulle daaglikse optrede sien mens iets heel anders. Wanneer 'n mens net godsdienstig is sonder om die Here werklik te ken, het die lewensveranderende krag van die evangelie (Jesus se kruisiging en opstanding) geen effek op jou lewe nie.

Gelowiges word besoedel deur diegene wat die gesag van die Woord nie meer aanvaar nie. Wanneer gelowiges maar net met hierdie liberale denkrigtings begin saamgaan, verloor hulle die krag van God se liefde om 'n verskil te maak. Die Here waarsku ons indringend om nie die liberale denkrigtings na te volg om daardeur beïnvloed te word nie.

Bly weg van sulke mense af. Bly weg van die liberale denkrigtings wat die gesag van die Woord ontken!

*Sing: Psalm 119-2:1, 2*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 26 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-13**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:12**

**Ware volgelinge van Jesus Christus sal vervolg word**

Moenie verbaas wees wanneer jy vervolg word omdat jy nie wil saamgaan met die liberale denkrigting van ons tyd wat die gesag van God se Woord ontken nie. Die samelewing word al hoe meer vyandig teenoor gelowiges wat aan God se Woord getrou wil bly. Selfs die howe word nou ingespan om gelowiges te vervolg wat getrou wil bly aan die Woord in hulle lewenswandel. Gelowiges wat getrou wil bly aan die Woord van God, word gebrandmerk as onverdraagsaam en haatdraend.

Aan die ander kant is daar ook die predikers wat materiële voorspoed aan geloof koppel. Hulle verkondig: "As jy eers glo, gaan dit net goed gaan met jou en jy gaan ryk word." So mislei hulle die mense en word hulleself ook deur hierdie valse evangelie mislei.

Die Here maak dit egter duidelik dat hierdie voorspoedsteologie 'n leuen is. In Johannes 16:33 waarsku Jesus sy dissipels: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê"*, en hier in 2 Timoteus 3:12 herhaal Paulus daardie waarskuwing: *"Almal wat in Christus Jesus toegewy*
~~~~~~~~~~

*aan God wil lewe, sal ook vervolg word."*

Dit is egter nie iets om oor bekommer nie, want die Here gee ook die versekering saam met hierdie waarskuwings dat Hy jou sal red wanneer jy in moeilike omstandighede kom. Hy neem nie die moeilike omstandighede weg nie, maar Hy dra jou wanneer jy daardeur gaan.

Moenie moedeloos raak wanneer jy aanvegtinge oor jou geloof ervaar nie. Moenie die valse voorspoedspredikers glo nie. Hou vas aan die Here se belofte dat Hy met jou is en dat Hy jou dra deur moeilike omstandighede.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 27 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:14-16**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:16**

### Hou vas aan die waarheid van God se Woord

Volgens die wêreld is die Bybel ’n ou boek wat die gedagtes van primitiewe mense weergee. Deesdae gaan sommige mense selfs sover om die Bybel as ’n bose boek af te maak. Die gelowige weet egter dat die Bybel ’n betroubare boek is omdat God self in die Bybel aan die woord is. Hy het mense soos Paulus wat hier in ons teks aan die woord is, binne hulle eie agtergrond, geaardheid en vermoëns gebruik om sy Goddelike Woord vir ons te bring. Die Skrif het daarom tegelykertyd ’n Goddelike en menslike karakter. Hierin sien ons die wonder van God dat Hy mense gebruik het om sy Woord vir ons te laat opteken.

Omdat die Bybel God se Woord is, is dit so belangrik dat jy tyd moet maak om besig te wees met persoonlike Bybelstudie sodat jy eerstehands kan hoor wat God vir jou sê. Die Bybel leer jou Wie God werklik is en hoe sy karakter lyk. Verder leer die Bybel jou ook hoe om prakties as ’n dissipel (navolger) van Jesus Christus te leef.

Die groot waarheid wat die Skrif jou leer, is die kennis van Jesus Christus wat tot verlossing lei deur jou geloof in Hom. Staan vas in die waarheid van die Bybel en moenie deur leerstellings wat in stryd met die Skrif is, mislei word nie. Gebruik die Woord om vas te stel wat verkeerd is in jou lewe, en ook om te leer wat die regte lewenswyse is wat God wil hê.

Preek en leef wat die Bybel jou leer.

*Sing: Psalm 119-2:7, 18, 19*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 28 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-5**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:2**

### Suiwere Woordbediening is noodsaaklik

*Die boodskap self:* 'n Mens kan die Here met jou hoor praat deur suiwer Woordbediening. Anders as enige ander boek, is die Here met sy Woord aan die Woord. Daarom is dit noodsaaklik om daarna te luister, want die boodskap is nie sommer net die predikant se preek nie – dit is God se Woord! Petrus sê: *"As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur Hom aan die Woord kom"* (1 Pet. 4:11). Die hart van die evangelieboodskap is: die verlossingswerk van Jesus Christus.

*Die dringendheid van die boodskap:* Paulus beveel Timoteus: *"Hou daarmee vol."* Hou aan verkondig en hou uit om te verkondig. Daar is immers geen ander pad na die lewe toe nie. Daar is geen ander manier om in hierdie donker wêreld verlossing te kry nie. Net die Here Jesus is die weg en die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). Dit plaas elke gelowige as profeet voor die dringendheid om die boodskap te leef en te verkondig.

*Die manier hoe die boodskap gebring word: "Hou daarmee vol, tydig en ontydig."* Of ons lus is of nie, of die tyd geleë is of nie, verkondig die evangelie! Die Here wil vir ons sê dat daar geen rede en geen situasie is waar dit verkeerd is om van Hom te getuig nie. As dit van ons afhang, sal geen tyd regtig geskik wees nie. Christus het nie geskroom om die Fariseërs 'n addergeslag te noem nie, en dit was nie ontydig om mense met 'n sweep uit die tempel te jaag nie, of om water in wyn te verander nie.

Die Woord van God vra dat ons dit dringend en aanhoudend sal verkondig, want mense se ewige redding hang daarvan af.

*Sing: Psalm 89-1:6*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 29 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-8**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:6-8**

### Na 'n kruis 'n kroon

Op die vooraand van Paulus se teregstelling bemoedig hy sy geestelike kind, Timoteus, om te volhard in die geloof deur drie beelde te gebruik: 'n offer (:6), 'n wedloop (:7) en 'n kroon (:8).

*'n Offer:* Paulus sê dat hy as drankoffer uitgegiet word. Die bedoeling van 'n drankoffer was dat die offer in jou plek kom staan. Simbolies giet jy jouself vir God uit. Jy offer jou op. Paulus se lewe was een stuk weggee aan die Here. Sal dit ook aan die einde van jou lewe gesê kan word dat jy jou aan die Here weggegee het?

*'n Wedloop:* Hy sê verder dat hy die wedloop afgelê het en die wenstreep bereik en enduit volgehou het. Met "wedloop" en "wenstreep" gebruik hy woorde wat heenwys na 'n stoeigeveg en hindernis- en maratonwedloop. Paulus se geloofslewe was nie maklik nie,
~~~~~~~~~~

dit was vol geloofstryd en –inspanning wat elke gelowige te wagte kan wees. Maar, in hierdie geloofstryd is jy nooit alleen nie – God hardloop as't ware die wedloop saam met jou! Sy Gees sal altyd by ons wees (Joh. 14:16); en Jesus knik sy kop: *"Onthou, Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld"* (Matt. 28:20).

*'n Kroon:* Ons is geneig om in die wedstryd van die lewe in die hindernisse, die pyn, seer en swaar van die lewe vas te val. Daarom die oproep: *"Nou wag die oorwinnaarskroon vir my: die lewe by God."* Eintlik staan daar dat dit 'n kroon van vryspraak is. Natuurlik oorwin Paulus in en deur die vryspraak van Christus Jesus. Paulus sê verder dat die vryspraak ook bedoel is vir almal wat in afwagting op die koms van Christus leef.

As Christus jou kroon van vryspraak is, sal jy ook opgeneem word in heerlikheid – ná al die kruise van die lewe wag die kroon van vryspraak. Glo jy dit?

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 30 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:9-15**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:11a**

## Die Here voorsien in nood!

Soms voel dit in nood asof die Here jou vergeet en verlaat het. Maar is dit so?

*Bankrot in die Here?* – Ons ontmoet vir Paulus hier in die gevangenis as 'n eensame, ou man wat op sy teregstelling wag. Hoe sorg die Here dan vir sy kinders? Na alles wat hierdie ywerige dienskneg opgeoffer het. Al die ontberings vir die evangelie. Is dit hoe God sy kinders behandel?

Boonop wroeg hy oor Demas wat hom verlaat het – was al sy werk tevergeefs? Is dit die moeite werd om so te ly en vir die evangelie verrinneweer te word? Dis sulke tye dat baie gelowiges met verbitterde vrae in hulle harte sit.

Asof dit nie genoeg is nie, is die trietsige, nat en koue winter binnekort voluit daar. Paulus vra vir Timoteus om sy reismantel te bring. *"… en ook die boeke, veral die perkamente"* – waarskynlik die boeke van die Ou Testament. Dit is Paulus se inventaris op sy oudag: 'n baadjie en 'n Bybel. Is dit hoe God vir syne sorg?

*Nee, skatryk in die Here!* – Ons lees ook: *"Net Lukas is by my."* Tog lê God se genade juis by hierdie Christendokter wat hom kon bystaan met liefde en versorging. Lukas was saam met Paulus op sy tweede en derde sendingreise. Hy het al die leed, swaarkry en pyn saam met Paulus beleef. Daar was niemand beter as Lukas om hom in hierdie uur by te staan nie. Lukas het presies geweet wat hy deurmaak. Is dit nie wonderlike sorg van die Here nie?

God se sorg sal nooit vir ons ophou nie. Sy Seun het by sy dood niemand gehad om Hom te ondersteun nie, selfs sy Vader het Hom verlaat sodat God nou altyd by ons sal wees en vir ons sal sorg, selfs in en onder ons grootste nood.

*Sing: Psalm 46-1:1*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*
~~~~~~~~~~

**Vrydag 31 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:16-18**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:17**

## Die Here gee krag in die stryd

Tydens Paulus se hofverskyning in Rome was daar niemand van die gemeente om hom by te staan nie. Niemand om hom te bemoedig of selfs vir hom in te tree nie. Hy moes dus sy eie verdediging behartig. Onder hierdie eensaamheid en alleenheid kom hy tot die ontdekking dat die Here hom bygestaan het en hom krag gegee het om in Rome voor die keiser te kon getuig (Hand. 23:11; 27:24).

Deur God se bystand en krag deur sy Gees gebeur drie dinge: die evangelie van Jesus Christus se verlossing is in volle sterkte in die hof verkondig; mense wat nog nooit voorheen die evangelie gehoor het nie, hoor dit nou; en Paulus is nog ’n rukkie gespaar toe die vonnis uitgestel is (uit die bek van die leeu gered).

Paulus weet nou duidelik: Al sou hy hier op aarde voor ’n hof sterwe, sal hy voor die hemelse Regter ’n gunstige uitspraak verkry om in sy hemelse koninkryk te mag deel. Daarom loof en prys Paulus die Here.

Dis eintlik wonderlik hoe die Here ons in sy diens gebruik. God staan nie in ons diens nie, maar ons staan in sy diens. Paulus moes, al is dit deur ’n wêreldse hof en teregstelling heen, die evangelie verkondig aan die hoogste hof van die destydse wêreld. So gebruik Hy ons in sy diens tot die uitbreiding van sy koninkryk.

Die vraag is net: Sal ons die Here volg waar hy ons ook al stuur?

*Sing: Skrifberyming 14-2:1*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*




***RIGTERS***

*Josua is oorlede en die volk Israel is reeds al 'n geruime tyd in Kanaän. Die volk is egter sonder leier en word gedurig bedreig deur vyandige heidense volke.*

*Die Rigtertydperk word getipeer as 'n tyd waarin Israel gedurig afvallig geraak het. Kort-kort het hulle daarin verval om die afgode van die heidense volke te aanbid. Die Here laat roofbendes toe om die volk aan te val en gee Israel in hulle mag oor. Israel roep om die hulp van die Here en Hy stuur 'n leier/rigter om die volk te red.*

*Hierdie "patroon" herhaal homself voortdurend in die boek. Dit gaan vir 'n ruk goed met Israel, maar dan word hulle weer ontrou aan die Here. Die rigter wat die Here elke keer stuur om die volk te red, wys heen na dié Rigter, Jesus Christus, wat kom om ons van die duiwel en die sonde te red.*

**Saterdag 1 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 1:1-20**
**Fokusgedeelte: Rigters 1:7**

## Hoe kan God …?

Is God net die God van liefde?

- Wat dan as sy volk oorlog maak?
- Wat dan as wreedhede gepleeg word?

God laat Juda die land skoonmaak vir sy volk. So breek Hy ’n pad oop vir die Vredevors wat moes kom.

Die leër van Besek word verslaan. Hulle aanvoerder, Adoni-Besek, word gevang en wreed vermink met ’n ou straf wat gekeer het dat hy weer kon veg.

Dit klink verskriklik dat God se volk so kan optree. Dis asof God hierdie wreedheid toelaat. Adoni-Besek sien dit anders. Hy self het ander dan net so vermink. Hy verdien die straf. God is tog ’n regverdige God.

- Wat dan as my woorde God se stem stilmaak?
- Wat dan as my hande God se werk afbreek?
- Wat dan as my gedagtes God seermaak?

Dit is mos wat my sonde doen! Nes Adoni-Besek verdien ons ’n verskriklike straf.

God is tog regverdig – daarom straf Hy elke sonde wat teen Hom begaan word, maar as liefdevolle Vader gee Hy sy Seun om in ons plek die straf weg te dra. Meer as Christus se duime en groottone is afgesny. Hy is deur die dood om ons vry te koop.

God se plan om hierdie wêreld te red, loop ook deur wreedhede. Vir ons beteken dit:

- In voorspoed kan ons dankbaar wees.
- In teenspoed kan ons op ons Here vertrou.
- Hy sal selfs die slegte in ons lewe omkeer sodat dit tot ons beswil dien, want God rig ons lewe deur Christus.

Kan jou lewe dan anders as om diens tot God te wees?

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 2 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 1:21-36**
**Fokusgedeelte: Rigters 1:27**

## Ongehoorsaamheidsgevolge

Waarom? Dit is ’n woord wat ons so maklik gebruik …

- Waarom is my lewe so swaar?
- Waarom al die ellende en teleurstellings?
- Waarom is hierdie wêreld so vol trane?

In Rigters wys die Here ons die verskriklike gevolge van die sonde. Waarom? Omdat die volk ongehoorsaam was! In sy genade het God beloof dat Hy met hulle sal wees en
~~~~~~~~~~

hulle sal help om die heidense volke te verslaan (vgl. Deut. 7:1, 2). So kon hulle die hele Beloofde Land in besit neem.

Hulle verdryf egter nie al die heidene uit die gebied nie. In sewe verse lees ons hulle het die vyande “nie verslaan nie”, direk teen die bevel van God in. Hulle vertrou nie geheel en al op God alleen nie, maar soek by ander hulp. Hierdie volke het telkens hulle ondergang bewerkstellig, sodat God moes ingryp.

Die gevolg van die volk se ongehoorsaamheid was dat hulle later kompromieë met die heidene aangegaan het. Die aanwesigheid van die heidene met hulle eie godsdienste en gewoontes het die volk se geloofslewe verswak. So probeer die duiwel keer dat die Verlosser in die Beloofde Land gebore word. Deur hulle sonde bring die volk beproewende omstandighede oor hulle.

As gelowiges nie kan kies tussen die Here en ander dinge nie, kom daar afval. Afval bring baie “waaroms” in jou lewe. Elke keer was die oproep aan die volk … en ons … “Keer terug na jou God”.

- Bely jou afval en ongehoorsaamheid.
- Plaas die Here eerste in jou lewe.
- Leef in alles met Hom.

Want vir ons, ongehoorsames, was daar ’n kruis in die Beloofde Land, ’n leë graf en berg van hemelvaart, en ’n Voorspraak by die hemelse Vader.

Waarom? Omdat God ons rig deur Jesus Christus om sy kinders te wees. Kan jou lewe dan iets anders as gehoorsame dankbaarheid wees?

*Sing: Skrifberyming 9-1:11*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 3 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 2:1-10**
**Fokusgedeelte: Rigters 2:1-2**

## Besef die Here alleen is God

Die Here alleen is God. Niks of niemand is soos Hy nie. Hy deel daarom ook nie enige van sy heerskappy met enige afgod of wêreldmag nie. Die Here se opdrag om die altare van die vreemde gode af te breek, moes Israel beskerm teen die gedagte dat die Here God is saam met al die ander gode van Kanaän.

Hierdie besef, dat die Here alleen God is, is vandag steeds van kritiese belang vir die daaglikse uitlewing van ons geloof. In Suid-Afrika word elkeen se reg om die geloof (en ook die ongeloof) van sy keuse te beoefen, wetlik beskerm. Tog kan ons as Christene nie inkoop in die gedagte dat alle gelowe – en daarom dan ook alle gode – gelyk is nie.

In ons Skrifgedeelte verwys die Here terug na die verlossingsdade wat Hy aan Israel bewys het toe Hy hulle uit die slawerny van Egipte bevry het. Hierdie verlossingsdade was ’n heenwysing na die eintlike verlossing wat God deur Jesus Christus vir ons sou bewerk. Jesus Christus se kruisiging en opstanding was ’n bewys en bevestiging van God se alleenheerskappy oor ons en die ganse skepping. Daarom dat Jesus kon sê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh. 14:6).
~~~~~~~~~~

Mag die besef dat die Here alleen God is, jou opnuut bemoedig om op Hom alleen te vertrou. Mag die Heilige Gees jou ook dring om met groter moed en ywer te verkondig: Jesus Christus is die Here.

*Sing: Psalm 99-1:1*

*Ds. WJ (Willem) Steyn (Potchefstroom Die Bult)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 4 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 2:11-23**
**Fokusgedeelte: Rigters 2:18-19**

## ’n Ewige Rigter vir sonde-verslaafdes

Soms wonder ek hoe dit moontlik was dat Israel so gereeld en – na my mening – so maklik na hulle sonde kon terugkeer? Was hulle dan blind vir al die wonderdade van die Here? Dan onthou ek weer dat Israel maar soos ek en jy was: verslaaf aan hulle sonde.

Soos ek en jy het Israel ook soms voorgegee dat hulle beter is as wat hulle was. Maar eintlik wil hulle en ons altyd weer na ons sonde toe terugkeer. Daarom het Israel beter lewens geleef terwyl die rigters van die Here geleef het. Daarom het hulle egter ook teruggekeer na hulle sondes ná elke rigter se dood – so het Israel hulle ware kleure as sonde-verslaafdes gewys.

Wat nodig was vir Israel en vir ons, was dat God ’n ewige Rigter sou stuur. Iemand wat ons sonde ewig sou oorwin. Iemand wat ewig oor ons sou regeer. Wat nodig was, was dat die Seun van God ’n mens sou word. Jesus Christus, ons ewige Verlosser en Koning, wat ons van ons sonde-verslawing bevry het.

Deel van ons troos is dat Christus medelye het met ons swakhede, want Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp (Heb. 4:15). Daarom dring die Heilige Gees ons om met vrymoedigheid na die genadetroon te gaan, sodat ons barmhartigheid en genade kan ontvang (Heb. 4:16). Dis alleen maar in en deur ons Here Jesus Christus – ons ewige Rigter – dat ons kan leef as mense wat bevry is van ons sonde-verslawing.

*Sing: Psalm 71-1:1*

*Ds. WJ (Willem) Steyn (Potchefstroom Die Bult)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 5 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 3:1-11**
**Fokusgedeelte: Rigters 3:9b, 10a**

**God rig ons vertroue op Hom deur Christus**

Die situasie in die land of iets in ’n mens se persoonlike lewe kan die oorsaak wees dat jy moedeloos word.

So het dit ook meermale met die Israeliete ná die intog in Kanaän. Elke keer was dit omdat hulle ongehoorsaam, afvallig en ontrou aan die Here was deur ander gode te dien. Hy het hulle dan deur hulle vyande laat onderdruk en wanneer die volk in hulle nood tot die Here gebid het, het Hy uitkoms gegee. Dit is die tendens wat ons dwarsdeur die boek Rigters kry.

Ná agt jaar se onderdrukking deur die Mesopotamiërs het die Here op die volk se gebed uitkoms gegee deur Otniël as rigter aan te wys. Van hom word daar pertinent gesê dat die Gees van die Here op hom was en dat hy oor Israel geregeer het (:10). Hy is deur die Here gestuur om eers die volk na Hom toe te lei. Hulle verhouding met Hom en hulle diens aan Hom moes herstel word. Sodoende kon hulle met vertroue op Hom hulle vyand tegemoetgaan en verslaan.

Soos vir Israel, is daar ook vir jou redding uit die nood; daar is lig en uitkoms, want Christus is óns Redder. Hy het vir die sonde betaal wat ons uitsig versper, en daardeur sy kinders vir ewig aan Hom verbind. Luister biddend na Hom en leef dan deur sy Gees met vertroue op die Here, want “wie op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd vas bly staan” (Ps. 125:1).

*Sing: Psalm 138-1:4*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 6 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 3:12-31**
**Fokusgedeelte: Rigters 3:15**

**God werk met ’n linkshandige instrument in sy regterhand**

Soms raak ’n mens angstig as jy sien hoe regerings en wêreldmagte net voortgaan met magsmisbruik en onderdrukking. So moes Israel sekerlik ook gevoel het nadat hulle weens hulle ongehoorsaamheid aan die Here vir 18 jaar deur die Moabiete onderdruk is.

Die Here antwoord op hulle gebed deur Ehud, wat linkshandig was, as redder vir hulle te stuur. Sy linkshandigheid sou menslikerwys gesproke tot sy voordeel kon wees met sy besoek aan Eglon, want sy swaard was aan sy regtersy, waar dit by ’n regshandige aan die linkersy sou wees. Indien die wagte hom sou deursoek, sou hulle sy swaard heelwaarskynlik nie opgemerk het nie, en so kon hy dan toegelaat word om die koning te besoek en Israel te bevry.

Dit is egter God self wat hierdie linkshandige uit die stam van Benjamin gebruik om sy regterhand te wees. Benjamin beteken “seun van my regterhand”. Die uitdrukking “God se
~~~~~~~~~~

regterhand" word in die Bybel as simbool van sy mag gebruik. So sing die volk ná die deurtog deur die Rooi See: "U regterhand, o HERE, verpletter die vyand" (Eks. 15:6).

God het ook sy mag kom toon deur sy eniggebore Seun, Jesus Christus. Hy het ons groot vyand, Satan, se kop vermorsel. Hy is die Redder by uitnemendheid, wat deur sy dood en opstanding weer hoop gebring het vir elkeen wat in Hom glo.

As jy dan weer angstig raak, bid tot God, want Jesus Christus sit aan die regterhand van sy Vader, waarvandaan Hy alle dinge regeer.

*Sing: Psalm 118-1:7, 8*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 7 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 4:1-24**
**Fokusgedeelte: Rigters 4:21-23**

**… haar nageslag sal jou kop vermorsel …!**

Die heel eerste profesie van ons Here Jesus Christus se oorwinning oor die Bose vind ons in die moederbelofte van Genesis 3:15. Die vyandskap tussen Eva se nageslag en die Bose sou uiteindelik op Christus se oorwinning aan die kruis uitloop!

Die geskiedenis leer ons dat die sondeval nie alleen *die wil* nie, maar ook *die motief* van die mensdom verander … *om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here*. En telkens lees ons hoe God sy volk straf en tugtig deur hulle aan die vyandige konings oor te gee sodat hulle tot bekering kan kom en na Hom terugkeer. Ongelukkig het hierdie vyandige konings dikwels hulle mag en gesag misbruik en die volk meer geteister as wat nodig was. En sodoende was hulle instrumente van die duiwel en daarom moes God keer op keer in genade intree.

In dié verhaal gebruik die Here vir Debora, die vrou van Lappidot, om die straf van koning Jabin aan te kondig. Sy sê vir Barak dat God vir Sisera, koning Jabin se leërhoof, aan hom sal oorgee. Die straf gaan dus beëindig word. Jael, die vrou van Geber die Keniet, roep vir Sisera vriendelik na haar tent waar sy hom agter die gordyn wegsteek. Terwyl hy slaap, deurboor sy die kopbeen van Sisera met 'n tentpen en 'n hamer.

God gee weer in genade die uitkoms. En een uit die nageslag van God se vriend Moses (Eks. 33:11) stuit die Bose op sy pad. Hierdie geskiedenis herhaal homself 'n paar keer. Sonde, straf en genade!

Uiteindelik word ons Here Jesus Christus aan die kruis op Golgota vasgenael, sodat Hy die volle prys kon betaal vir die sonde van die mens. Deur sy wonde kom daar vir ons genesing. Deur sy sterwe oorwin Hy die dood en word die magte van die Bose gebind en word die kop van die slang finaal vermorsel. Die oorwinning is behaal.

God die Vader het sy belofte aan Eva en haar nageslag gehou … en ons is vrygemaak!

*Sing: Psalm 124-1:1-4*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 8 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 5:1-31**
**Fokusgedeelte: Rigters 5:2**

**… daar is vreugde in die huis van Israel …!**

Debora en Barak besing die lof van die Here en roep die leiers en die volk op om dieselfde te doen. Wat dan anders as 'n loflied wanneer die Here weer sy genade en sy liefde aan sy volk betoon?

In sterk simboliese taal besing hulle die opmars van die Here … *die aarde het gebewe, die hemel het reën gegee,* die *berge het weggesmelt voor die Here*, want wanneer die Here *intree*, weet almal en alles dit. *Uit die hemel het die sterre geveg, die Kisonrivier het die vyand meegesleur* (:20, 21).

Tog gebruik God ook regdeur die eeue, op 'n byna "ondenkbare" wyse, gewone mense in sy diens.

In hierdie verhaal staan Debora, Barak en Jael op die voorgrond, maar dit is eintlik *die Engel van die Here* self wie se werk deur gewone mense voortduur van geslag tot geslag, van kerk tot kerk, van gemeente tot gemeente! Dit is tog ons Here Jesus Christus self wat roep en bekwaam maak! Dit is Hy self wat toerus en stuur en elke dienaar in God se diens is 'n instrument in die hande van Jesus Christus.

Die oorwinning oor Sisera roep die volk op tot lofsange voor die Here! Die finale oorwinning van Christus oor die Bose roep elke gelowige op tot 'n loflied voor die Here!

*… daar is vreugde in die huis van Israel …!* Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie. Christus regeer!

*"Mag al u vyande so omkom, Here, maar mag dié wat U liefhet, wees soos die son wat in sy volle krag skyn"* (:31).

*Sing: Psalm 99-1:1, 2*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 9 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 6:1-24**
**Fokusgedeelte: Rigters 6:14-16**

**Egte berou, bekering en roeping**

Wanneer krisisse kom, is mense geneig om skielik godsdienstig te raak, maar sodra die krisis verby is, val hulle terug in hulle ou lewenspatroon.

Met Israel was dit so – in die tyd van die rigters, en ook in die tyd van Gideon. Toe die Midianiete hulle land oorval, het Israel tot die Here begin bid. Berou en bekering was daar nie, maar hulle het van die Here verwag om uitkoms te gee.

Die Here hoor hulle gebede, maar anders as wat hulle gehoop het, stuur Hy nie dadelik uitkoms nie. Hy stuur 'n profeet. Deur die profeet leer die Here hulle dat die oorsaak van hulle ellende by hulle eie goddelose lewe lê. Die Midianiete was inderwaarheid 'n beproewing wat die Here gestuur het om die volk tot berou en bekering te bring. Dit moet egter
~~~~~~~~~~

opregte bekering wees wat nie maar net op eie voordeel van verlossing gerig is nie, maar wat vreugde daarin vind om die Here te gehoorsaam.

Nogtans, in sy verbondstrou roep die Here tog iemand om Israel te verlos. Gideon is bang en onwillig, maar die Here gee aan hom die krag sodat Hy deur hom as instrument die Midianiete sal verslaan, en sodat Israel deur hom na die diens van die Here teruggelei kan word.

Gideon moes egter eers leer wat elke kind van die Here moet besef, naamlik dat niks vir die Here onmoontlik is nie; ook dat die Here, wanneer Hy roep, die nodige krag vir die roeping gee, want in onsself is ons onbekwaam.

*Sing: Psalm 31-1:1, 3*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 10 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 6:25-40**
**Fokusgedeelte: Rigters 6:34**

**Wie sy roeping moedig uitleef, beleef daarin die Here se seën**

Die Here het Gideon geroep om sy volk van die Midianiete te bevry. Maar hy wat as dapper held moet optree, is bang. Hy vra by die Here allerhande tekens. Die Here hanteer Gideon se vrese met deernis en gee die tekens wat hy vra. So het die Here deur sy woord en Gees Gideon bereid gemaak om te doen waartoe hy geroep is.

Dikwels is ons bang om ons roeping as kinders van God uit te leef, uit vrees vir wat die mense sal sê. As ons egter luister na wat die Here in sy Woord sê, en tot Hom bid, gee Hy aan ons uit genade die nodige vrymoedigheid om ons roeping aan te pak.

Gideon se eerste opdrag is om die altaar van Baäl in die stad af te breek en ’n offer aan die Here te bring. Die uitkoms begin immers by hervorming tuis. Eers wanneer die hart van die volk reg is, is hulle gereed om die vyand daarbuite te pak. Gideon is egter bang vir hoe die mense in die stad sal reageer. Daarom wag hy tot dit nag is voordat hy die altaar afbreek. Tog doen Hy dit, en daarom gee die Here sy seën daarop. Die weerstand verkrummel en die Israeliete begin Gideon volg. So kan Gideon tot die volgende fase van sy roeping oorgaan: om die Midianiete te verdryf.

Niks kan so verlammend op ’n gelowige inwerk as om uit vrees liewer niks te doen nie. Maar as jy eers jou roeping begin uitleef, staan jy verbaas oor die seën wat die Here daarop laat rus.

*Sing: Psalm 25-1:3, 6*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 11 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 7:1-25**
**Fokusgedeelte: Rigters 7:2**

### Nie in eie krag nie, maar in die krag van God

Hierdie geskiedenis maak dit duidelik dat die roem van ons verlossing aan die Here alleen behoort. Geen mens kan self iets tot sy verlossing bydra nie. En as die Here ons in diens neem, tree ons nie in eie krag op nie.

Gideon was in homself swak en bang. Hy het egter tot die geloofsbesef gekom dat hy nie in eie krag moet optree nie, maar in die krag van die Here. Uiteindelik het hy ook besef dat die roem van die oorwinning nie aan sy dapperheid en krag toegeskryf kan word nie, maar aan die Here alleen.

Die hele Israel moes dit besef. Daarom kry Gideon die opdrag om met net 300 man die vyandelike leër van 135 000 manskappe aan te durf. Gideon het gehoorsaam, want hy het op die Here vertrou en geweet dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Ná die nederlaag van die Midianiete moes almal erken: Nie deur die krag van 'n mens nie, maar deur die krag van God is die vyand verslaan. Die roem van die oorwinning behoort aan die Here.

So verlos God ons uit die mag van ons grootste vyande: die sonde en die dood. Die stryd teen die sonde is 'n stryd wat geen mens ooit in eie krag kan voer nie. Daarom het God sy Seun as Verlosser gestuur. Jesus Christus het ons in sy Goddelike krag kom verlos uit die slawerny van die sonde, en uit die mag van die dood. Ons kan of durf nie op onsself roem asof ons iets tot ons verlossing kan bydra nie. Die roem van die verlossing behoort in geheel net aan die Here. Aan Hom alleen die eer.

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 12 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 7:16-22**
**Fokusgedeelte: Rigters 7:16-22**

### Wat glo jy van die Heilige Gees?

Ondanks ongehoorsaamheid en afgodsdiens ontferm God Hom oor sy volk en beskik vir hulle 'n rigter in die persoon van Gideon. Gideon is nie dadelik vir God bruikbaar nie. Hy moet eers deur die werking van die Gees tot bekering kom in sy persoonlike lewe (6:1-24) en hervorming in sy gesin en familielewe deurvoer (6:25-32). Dan neem die Gees van die Here vir Gideon in besit om ook die stryd teen God se vyande te voer. Gideon blaas op die ramshoring en roep die Israeliete op tot die stryd. Uiteindelik staan daar 32 000 manskappe voor hom wat gereed is om oorlog te voer (7:3).

Let egter op hoe die Gees van die Here die stryd deurvoer. Eers word die getal medestryders drasties verminder tot 300 (7:1-8). Hierdie 300 pak die stryd aan teen 'n leër van 135 000 (8:10) met fakkels in hulle linkerhande en ramshorings in hulle regterhande. Hulle het nie nog hande oor om swaarde of ander wapens te hanteer nie. Net met klank en lig
~~~~~~~~~~

verslaan hulle die vyand.

Hierdie geskiedenis vertoon ooreenkoms met Pinkster. ’n Paar honderd gelowiges was op daardie dag bymekaar, en tonge van vuur (lig) en ’n geluid uit die hemel soos ’n geweldige stormwind (klank) was die tekens dat God sy mense deur die Heilige Gees vervul en toerus (Hand. 2:2-4). Hierdie mense word die kerk van Jesus Christus wat tot vandag toe deur die Gees in die onstuitbare voortgang van God se koninkryk hier op aarde gebruik word.

As jy bely dat die Gees van God die Vader en die Seun ook aan jou gegee is, is jy deel van God se strydbare kerk. Staan dan gereed om ook vandag weer die lig van jou gelowige lewe te laat skyn en die klank van jou getuienis te laat hoor. Al lyk die getalle van die mense wat dít doen, dalk klein, deur die eeue is dit duidelik dat die Gees van God magtig is om juis in sulke “swakheid” God se krag te volbring.

*Sing: Skrifberyming 14-3:2, 4*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 13 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 8:28 – 9:57**
**Fokusgedeelte: Rigters 8:29-35; 9:1-5, 22-24**

## Abimelek – ’n lewe sonder God

Lees ons die teks in sy geheel, kan ons net sowel sê dat daar ’n film van hierdie gedeelte gemaak kan word met ’n hoë ouderdomsbeperking. Tog beskik ons alvermoënde God dat ’n seun met die naam Abimelek vir Gideon gebore word. In kort: Abimelek word as een van 70 seuns vir Gideon gegee. Abimelek word dan ook genoem (8:31), en met die eerste indruk sou ’n mens dink dat hy ’n besondere taak sou gehad het. Met ’n naam wat beteken “die vader is koning” sou ’n mens ook so verwag. Dan sien ons egter ’n man wat eerder self koning wil wees (9:2). Ons sien ook die tipe koning wat hy wil wees in hoe hy vir hom volgelinge verwerf het (9:4). Sy bloedspoor begin met die massamoord op die 70 seuns, met uitsondering van Jotam. Van hier af gaan dit van kwaad na erger totdat Abimelek as lafaard deur sy wapendraer doodgemaak word (9:53, 54).

Al hierdie dinge gebeur as gevolg van die feit dat die volk weereens hulle God vergeet het en vir hulleself Baäl as god gekies het (8:33, 34). Abimelek word die toonbeeld van ’n lewe sonder God. Die Here bly egter in beheer en gebruik in die omstandighede die jongste seun Jotam om ’n boodskap oor te dra. Deur ’n fabel oor bome te vertel, wil die Here deur Jotam wys dat die mense se keuse vir Abimelek as koning waardeloos was. Abimelek die “doringbos” sal brand en so sal die Here sy toorn oor sonde wys (9:56).

Ons teks eindig met die waarheid dat God onreg sal straf (9:56, 57). Die vloek uitgespreek in die fabel (9:8-15) en in vers 20 moet in vervulling gaan. God is getrou in sy barmhartigheid, asook in sy regverdigheid. Genadiglik kan kinders van die Here weet dat ons Here Jesus reeds vir ons die vloek gedra het. Die Here troos ons egter ook in ons teks deurdat Hy getrou is en boosheid en onreg sal straf.

*Sing: Psalm 92-1:3*

*Ds. Werner van den Heever (Gobabis)*
~~~~~~~~~~

**Vrydag 14 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 9:1-21**
**Fokusgedeelte: Rigters 9:7**

### Luister na God, dan sal Hy luister …

Nie Gideon of sy nageslag nie, maar die Here regeer oor Israel (8:23). Abimelek was arrogant, selfsugtig, selfgerig en opstandig teenoor God. Hy is nie, soos die rigters, deur God verkies nie. Hy het homself as koning laat aanstel nadat hy die inwoners van Sigem daartoe gemanipuleer het. Met geld uit die Baältempel het hy sy 69 broers op een klip doodgemaak. Koelbloedig pleeg hy moord om enige aanspraakmakers uit die weg te ruim.

Jotam, die jongste broer, het egter ontsnap. Die inwoners van Sigem en Abimelek word oor hulle gruweldaad gewaarsku. In die fabel van drie bome en die nuttelose doringbos word God se oordeel oor hulle gruweldaad uitgespreek. As die Israeliete verwag om deur die nuttelose Abimelek beskerm te word, sal vuur uit die doringbos hulle vernietig.

Jotam roep hulle op om na hóm te luister, dan sal God na húlle roepstem om hulp luister. As priesters moes hulle hulself opoffer deur God te ken en volgens sy verbondsbepalings te lewe. God se heerskappy oor hulle is egter deur ongehoorsaamheid verbreek toe hulle die verkeerde persoon as leier verkies.

God rig ons deur Christus. Christus is die ware koning. Toe die duiwel Hom ’n valse koningskap aangebied het, het Hy geweier. As ware koning het Hy Homself verloën en leer Hy ons om gehoorsaam na sy stem te luister (Joh. 10), onsself te verloën, ons kruis op te neem en Hom te volg.

Getuig teen en tree op teenoor alles wat verkeerd is. Dan sal die Here op die regte tyd luister en help.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 15 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 9:22-57**
**Fokusgedeelte: Rigters 9:56, 57**

### Onreg en moord word deur God gestraf

Opstand, onreg, geweld en moord is aan die orde van die dag. Dit gaan egter nie ongemerk by God verby nie. So laat Hy Abimelek se magsug en moord nie ongestraf nie.

Hy laat toe dat Abimelek sy 69 broers met die hulp van die Sigemiete vermoor. Hy het ’n bose gees tussen Abimelek en die Sigemiete gestuur, sodat die onreg en moord teen Gideon se seuns sou uitkom. Hy wou hulle dood wreek.

Jotam se profesie dat Abimelek se moord op sy broers tot sy ondergang sou lei, word bewaarheid toe die verraad en opstand van Sigem teen hom draai.

As egter Sigemiet het Gaäl die selfgerigte half-Israeliet (doringbos-koning) verag. Ná sy oproep tot rebellie word hy egter deur Abimelek verdryf en Sigem word vir hulle troueloosheid gestraf. Só word Jotam se voorspelling oor Sigem in die aanval op die toring bewaar-
~~~~~~~~~~

heid.

Abimelek moes na alle kante veg om sy selfaangestelde posisie te behou. Toe hy in sy woede die mense van Tebes wou straf, word hy tot sy eie skande deur ’n vrou gestraf. Met ’n meulsteen het sy van die toring af sy kop verbrysel. Al het sy wapendraer hom doodgemaak, het sy smaad hom bygebly (2 Sam. 11:21). Ironies dat hy sy 69 broers op een klip laat doodmaak en sy kop deur ’n klip verbrysel word.

Jy val self in die gat wat jy vir ’n ander grou. God rig ons deur Christus. Wees getroos. Met sy wederkoms sal Christus regverdig alle onreg, geweld en moord oordeel.

*Sing: Psalm 68-1:1, 3, 9*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 16 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 10:1-18**
**Fokusgedeelte: Rigters 10:1-5**

## Ongevraagde genade!

By Tola en Jaïr, net soos by Samgar (Rigt. 3:27), is daar nie sprake van die gewone herhalende patroon van die boek Rigters nie. Ons lees die patroon in die res van Rigters 10: die volk doen wat verkeerd is, daar is onderdrukking, verootmoediging en roep om uitkoms, uitkoms van die Here en tydperk van vrede.

Hier, ná die ontsettende verval in die tyd van Abimelek, vrá die volk van die Here nie eers nie, en God stuur Tola! Daar volg 23 jaar van vredige genade! En toe nóg 22 jaar met Jaïr as leier.

Hier staan ook nie van watter vyand die Here hulle verlos nie, maar die antwoord lê ook al eintlik in die vorige hoofstuk: die Here verlos hulle van hulleself!

So wys Tola en ook Jaïr na ’n ander Rigter wat gekom het en ook ongevraagd ons van onsself kom verlos het: Jesus Christus ons Here. Dit is onbeskryflike genade!

*Sing: Psalm 31-1:15, 17 (Totius)*

*Ds. GC (Awie) Verhoef (Wierdapark)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 17 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 11:1-27**
**Fokusgedeelte: Rigters 11:12-27**

## Die waarheid sal seëvier

Die Here het in sy Woord seker gemaak die volk besef dat dit om Hóm gaan en nie bloot oor wat Hy gee nie (Rigt. 10:6-18). Net so klaar Jefta dit met die leiers van Gilead uit

of dit werklik oor sy leierskap gaan en nie bloot oor wat hy hulle kan bied nie. Eers tóé stem hy in om hulle rigter te wees en gaan hy met hulle saam die Ammonitiese leër tegemoet (:11).

Hy maak egter nie onmiddelik oorlog nie. Hy soek eers vrede (:12). Teenoor die onregverdige aantyging van die koning (:13), stel Jefta die waarheid (:15-27). Hy redeneer op historiese (:15-22), teologiese (:23-24) en juridiese gronde (:25-27) dat die Ammonitiese koning dit verkeerd het; Israel het nie verkeerd teen hulle opgetree nie. Dit het egter op dowe ore geval (:28).

Die waarheid moet vertel word en vrede moet gesoek word, maar dit werk nie altyd so uit nie. Per slot van rekening het ons Here Jesus Christus "... geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie". Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar *alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel*" (1 Pet. 2:22-23). Ons Here Jesus Christus het dit in absolute sin gedoen. Ook Jefta, in sy menslike onvolkomenheid, het dit gedoen (:27).

Jy wat deur die bloed van Jesus Christus met God versoen is, is dit ook jou uitgangspunt?

*Sing: Psalm 139-1:1, 12*

*Ds. GC (Awie) Verhoef (Wierdapark)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 18 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 11:28-40**
**Fokusgedeelte: Rigters 11:30-31**

**Is jou lewe op God gerig of op iets anders?**

Die normale refrein in Rigters is dat die betrokke rigter met God se seën die vyand verslaan en dat daar dan vrede is vir 'n tydperk.

Dis wat hier ook gebeur. Die Heilige Gees kom oor Jefta en hy trek uit teen die Ammoniete en verslaan hulle oortuigend. Maar die gewone refrein ontbreek: daar staan nie dat daar vrede is nie. Trouens, die hele paragraaf word oorheers deur die gelofte en die gevolge daarvan.

Dit was nie ongewoon van God se kinders om 'n gelofte teenoor Hom te maak nie. Wat ongewoon is, is dat Jefta hier 'n menslike offer aan die Here belowe (die een wat uit die deure van sy huis hom tegemoet kom – vers 31). Hoekom doen hy dit as daar duidelik staan dat God so iets haat (Deut. 12:31)? Dit dui daarop dat Jefta benewens sy geloof in God hom laat meesleur het deur die heidense kultuur van sy tyd. Afgode se guns kon gewen word deur menslike offers. Jefta het gedink dat hy hierdeur ook by God iets kon verdien.

By die Here werk dit nie so nie. Die offer wat Hy vra, is dat jy sy Koningskap in al die dele van jou lewe moet erken. Nie as voorwaarde vir sy guns nie, maar in dankbare reaksie op sy genade in Christus (vgl. Rom. 12:2).

Vra jouself in hoe 'n mate beheer kultuur jóú siening van Wie en hoe God is?

*Sing: Psalm 141-2:2 / Psalm 141-1:3*

*Ds. GC (Awie) Verhoef (Wierdapark)*
~~~~~~~~~~

**Woensdag 19 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 12:1-15**
**Fokusgedeelte: Rigters 12:1-6**

**God rig ons deur Christus**

’n Gelowige behoort altyd eties en reg op te tree. Daar moet na ons harte en dade gekyk word. Ons leer en lewe moet één wees voor God. Vir wie doen jy dit … vir God of vir jouself? En, wat is die gevolge van jou dade?

Die Israeliete is vir 18 jaar lank in Gilead verdruk en mishandel deur die Ammoniete (10:8). Die volk was ongehoorsaam en die Here het hulle in die mag van die Filistyne en die Ammoniete oorgegee (10:6). Die Gees van die Here het op Jefta gekom, hy het ’n gelofte teenoor die Here afgelê en hy het die aanval teen die Ammoniete begin.

In hoofstuk 12 lees ons van Efraim – die buurstam van Gilead oorkant die Jordaan. Hulle het vir Jefta kwalik geneem omdat hulle nie ook na die oorlog opgeroep is nie (:1). Daarby het hulle ook vir Jefta gedreig dat hulle sy huis gaan afbrand. Hulle het geen rede gehad om so met hom te twis nie, en tog het hulle baie heftig teenoor hom reageer!

Die twis het verder in ’n burgeroorlog met Efraim ontaard. Jefta het die manne van Gilead opgeroep vir oorlog en Efraim is verslaan. Hulle is deur Jefta teruggedryf na die oorkant van die Jordaan. Die Jordaan is toe beman uit veiligheid vir die Efraimitiese vlugtelinge. Indien mense oor die rivier wou kom, was daar ’n “doeane” of “grenspos” waar hulle moes bewys dat hulle nie van Efraim af kom nie (:5).

Die toets om oor die rivier te beweeg, het gelê in die uitspraak van die Hebreeuse woord “Sjibbolet”. Die verkeerde uitspraak (met die aksent-verskil) van die eerste letter in die Hebreeus is “Sibbolet”. Die Efraimiete het in die verlede die “sh”-klank (Hebreeus: “shin”) as ’n “s”-klank (Hebreeus: “samek”) uitgespreek.

Twee kerngedagtes word in hoofstuk 12 gevind: (1) jou optrede en besluite het gevolge, in Jefta se geval het sy gelofte nie net sy dogter nie, maar ook Efraim se lewe op die spel geplaas; (2) om in jou verwaandheid te roem, soos die Efraimiete wat eer wou ontvang tot eie voordeel, is verkeerd. God rig ons deur sy Woord! Sy Woord is die lig vir ons pad en die lamp vir ons voet (Ps. 119:105). God het sy Seun gegee sodat ons deur die lig van sy Woord gerig kan word met die oog op die hiernamaals. Dan word elke tree en elke woord gemeet en getoets aan die hand van die Woord. Daarom moet jou etiek as gelowige reg wees sodat jy reg kan optree.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 20 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 13:1-25**
**Fokusgedeelte: Rigters 13:2-5**

**Aan God gewy – ter wille van sy volk**

Kinderloos en onderdruk – woorde vol hartseer en tragiek. Manoag se vrou was onvrug-
~~~~~~~~~~

baar en kinderloos. Sy en haar mede-Israeliete is reeds 40 jaar lank deur die Filistyne onderdruk. Die Engel van die Here het kom sê sy sou ’n seun in die wêreld bring wat die Israeliete uit die mag van die Filistyne sou begin kry. Die seuntjie sou van die moederskoot af aan God gewy wees. Goeie nuus in die oortreffende trap!

Mense wat hulle vir ’n bepaalde tyd aan God wou wy, kon ’n nasireërsgelofte aflê (Num. 6). God het Simson lewenslank as nasireër aan Hom gewy. Sy ma moes daarom dieselfde voorskrifte as die nasireërs nakom. As teken van sy nasireërskap het God bepaal dat Simson se hare nie geskeer moes word nie. Ons het nie so ’n uiterlike teken dat ons deur Jesus Christus se verdienste aan die Here behoort nie. Ons leefwyse in navolging van Christus onder leiding van die Heilige Gees dien as bevestiging dat ons aan die Here behoort. Volgens Jesus bevestig ons onderlinge liefde dat ons sy dissipels is (Joh. 13:35).

God is en bly helend en verlossend betrokke by die enkeling, die gesin en by sy volk (sy kerk). Deur sy Seun het Hy ons syne gemaak. Anders as Simson wat die volk van hulle vyande sou begin verlos, het Hy volkome verlossing bewerk uit die mag van die sonde en Satan. Deur geloof, God se genadegawe aan ons deur sy Gees, kry ons deel aan hierdie verlossing (Ef. 2:8).

*Sing: Psalm 99-1:3, 5 / Psalm 99-2:3, 4*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 21 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 14:1-20**
**Fokusgedeelte: Rigters 14:4**

### Gebruik die gawes van die Here soos Hy wil

Die Here gee aan elke lid van die liggaam van Christus (lidmaat van sy gemeente) een of meer gawes van sy Gees (1 Kor. 12:7). Dit is ons verantwoordelikheid om daardie gawes te gebruik soos Hy wil. Simson was selfgesentreerd, impulsief, wraaksugtig en selfs bloeddorstig. In die uitvoering van God se plan het selfs sy swakheid vir heidenvroue ’n plek gehad. Vir die vervulling van sy roeping was buitengewone krag noodsaaklik. Die Gees van die Here het hom spesifiek sterk gemaak toe hy die leeu en daarna 30 Filistyne doodgemaak het (Rigt. 14:6, 19) en nog ’n keer met 1000 Filistynse slagoffers (Rigt. 15:14). Die Here het hom egter later, toe die Filistyne sy hare afgeskeer het, verlaat (Rigt. 16:20). Nog later het dit ook met Saul gebeur (1 Sam. 16:15, 26).

Die Here God gee nie deur sy Gees gawes wat mense soos soldate as dekorasies aan die bors kan dra nie. Simson se buitengewone krag is nie gegee sodat hy daarmee kon loop en spog nie. Hy moes dit gebruik om die volk te begin verlos uit die mag van hulle vyand. God se doel met sy gawes aan ons is om almal in die gemeente as liggaam van Christus te bevoordeel (1 Kor. 12:7). Wanneer elkeen sy plek in die gemeente volstaan en sy funksie vervul, groei ons (Ef. 4:16). Buite God se bedoeling het die gawes van die Gees geen nut nie. Ons roeping is dus: Gebruik die gawes van die Heilige Gees soos die Here wil.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*
~~~~~~~~~~

**Saterdag 22 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 15:1-20**
**Fokusgedeelte: Rigters 15:7, 8a, 14**

## Instrument van God

"Is ek 'n geskikte instrument vir God?" So mag jy vra.

Die sterkman Simson met die swakheid vir Filistynse vroue het by uitstek tekort geskiet. Wraak en weerwraak, haat en woede het tussen hom en die Filistyne hoogty gevier. Bloed het gestroom. So anders as Jesus se opdrag dat 'n mens jou vyande moet liefhê (Matt. 5:43). So strydig met sy kruiswoord: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"* (Luk. 23:34).

Waarom al die bloed? Waarom al die wraak en weerwraak? Simson se taak was om die Israeliete te "begin red uit die mag van die Filistyne" (Rigt. 13:5). Toe Jesus sy dissipels uitgestuur het, het Hy gewaarsku dat hulle vervolg sou word (Matt. 10:17-23). Vele Christene word steeds vervolg. Kan dit straffeloos voortgaan?

Sekerlik nie. Die Here self sal die vervolgers van dié wat aan Hom behoort, vergeld. Met sy eie krag en dié van die Gees wat Simson 'n instrument van die Here om sy volk te begin red uit die mag van die Filistyne. Met die uitsending van sy dissipels het Jesus hulle verseker dat die Gees van hulle Vader deur hulle sou praat (Matt. 10:20). Voor sy hemelvaart het Hy gesê: *Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom …* (Hand. 1:8).

Met sterk en swak punte kan jy 'n geskikte instrument in die Here se hande wees. Deur sy Gees gee Hy jou die krag en die toerusting wat jy as sy instrument nodig het. Is jy beskikbaar?

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 3*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 23 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 16:1-22**
**Fokusgedeelte: Rigters 16:17a**

## Simson se lewensgeheim

Simson was 'n Nasireër (Num. 6). Die kern hiervan was dat hy van sy geboorte af vir die Here afgesonder is tot sy dood.

Simson vertoon hierin 'n ooreenkoms met elke Christen. Dit is ook elke Christen se lewensgeheim dat ons vir die Here afgesonder is. Afgesonder vir 'n doel waarvoor die Here ons elkeen gebruik.

Simson het 'n simbool gehad van sy afgesonder-wees vir die Here, en dit was sy sewe haarlokke. Toe hy sy lewensgeheim met Delila deel en sy sy hare afskeer, was Simson soos 'n gewone mens. 'n Christen kan sy lewensgeheim geringskat. Simson het nie een van sy vorige vroue liefgehad nie, maar wel vir Delila (:4). Die eerste een was sy vrou, die volgende een was 'n prostituut en die laaste een was sy liefde, maar ook sy val.
~~~~~~~~~~

Delila was onweerstaanbaar. Simson het gehou van die gevaarspeletjies wat hy met haar gespeel het. Hy het sy hele hart aan haar bekendgemaak, sy lewensgeheim. Wat al die topleiers en die soldate van die Filistyne nie kon regkry nie, dit het Delila reggekry.

Jou afgesonder-wees en toegewydheid aan God deur ons Here Jesus Christus is jou lewensgeheim. As jy daarmee nie versigtig omgaan nie, en dink jy sal loskom soos die ander kere toe jy ook daarmee gespeel het, kan die vernedering groot wees. Maar nie vir altyd nie …

*Sing: Psalm 147-1:4*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Bloemfontein-Suidheuwels)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 24 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 16:23-31**
**Fokusgedeelte: Rigters 16:23b**

**God se vyande vier fees, maar nie vir altyd nie**

Nadat die Filistyne en hulle leiers daarin kon slaag om Simson te vang en sy oë uit te steek, het hulle feesgevier. Die rede vir hulle feesvieringe was: "Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee."

Die ware rede waarom hulle Simson kon vang, was egter dat die Here Simson verlaat het (:20). Amper soos met koning Saul, maar nie heeltemal nie. God het weer na Simson geluister in die gevangenis en hom verhoor tussen die twee pilare. God se eiendom bly syne in lewe en in sterwe. Simson het 'n Nasireër gebly tot sy dood toe.

God laat dié wat Hy aan Homself toewy, nie los nie – ook deur hulle droewige val heen handhaaf God sy seggenskap oor hulle. Simson het met sy dood meer mense doodgemaak as in sy lewe. Jesus Christus het deur sy dood baie wat vyande van die ware God was, met God versoen – en noudat ons met God versoen is, te meer sal ons deur sy lewe gered word.

Hoe anders is die lewe en sterwe van Christus as Simson s'n! Of die getal van verloste mense deur die dood en lewe van Jesus meer sal wees as die vyande van God, weet ons nie. Openbaring praat van 'n ontelbare skare wat die lof van God en van die Lam besing. Maar in Openbaring lees ons ook van die bloed van die mense wat gekom het tot aan die tooms van die perde 1600 kilometer ver!

*Sing: Skrifberyming 5-2:8, 9*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Bloemfontein-Suidheuwels)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 25 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 17:1-13**
**Fokusgedeelte: Rigters 17:13**

## God rig ons deur Christus!

*In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.* "… in dáárdie tyd …" – dit is hoe die Rigtertydperk vir ons voorgehou word. 'n Tyd van groot afvalligheid en geestelike rigtingloosheid!

Daar was 'n man met die naam Miga. Hy het sy eie tempel gehad waar hy en sy familie afgode geëer het (:5). Miga het 13 kilogram silwer van sy moeder gesteel (die agtste gebod oortree). In hierdie tyd het hy gehoor hoe sy moeder "die silwer" wat gesteel is, vervloek. Miga het toe teenoor haar bely dat dit hy was wat die silwer gesteel het. Sy het hom vrygespreek, die silwer vir hom teruggegee en die silwer, in belang van haar seun, aan die Here gewy. Sy het, nadat hy dit vir haar teruggegee het, 2½ kilogram geneem en 'n afgodsbeeld laat maak (die eerste en tweede gebod oortree). Hierdie afgodsbeeld is toe in sy huis geplaas.

In dáárdie tyd kom daar 'n Leviet wat as vreemdeling in Betlehem gewoon het, by Miga aan. Nadat Miga hom uitgevra het oor waar hy vandaan kom, stel hy hom aan as priester in sy tempel. Die Leviet het ingestem om by sy tempel diens te doen (:11). Miga sê toe in vers 13: *"Nou weet ek die Here sal vir my goed wees, want die Leviet het my priester geword!"*

Ons sien in die beeld van Miga – die doel heilig die middele – hy wou homself verryk! Hy steel by sy moeder geld en nadat sy dit vervloek het, gee hy dit terug – nie omdat hy skuldig gevoel het nie, maar omdat sy "die dief wat dit gesteel het", vervloek het. Hy is meer bekommerd oor die "gevolge" (spyt).

Die verdere gevolg is dat hierdie "gesteelde silwer" gebruik word om 'n afgodsbeeld te maak en dit aan "die Here" te wy! In sy geestelike verwaandheid sê hy dan selfvoldaan dat hy weet die Here sal vir hom goed wees, want die Leviet het sy priester geword. Jakkals prys sy eie stert! Hy probeer die Here manipuleer tot sy eie, "gemaakte" godsdiens. Dit is gevaarlik!

God soek berou in Christus deur sy Gees. God soek nie menslike spyt nie (Miga, Judas). God wil hê ons moet hom van harte dien (Rom. 12:1-2) en uit dankbaarheid sy gebooie nakom.

*Sing: Psalm 25-1:1*

*Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 26 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 18:1-31**
**Fokusgedeelte: Rigters 18:4-6, 24**

**God roep ons deur Christus**

Die boek Rigters vertel die herhalende verhale van Israel se ongehoorsaamheid en
~~~~~~~~~~

morele verval weens afgodediens. In die tyd van hoofstuk 18 het hulle geen rigter gehad nie. Hier is twee rolspelers: die dief en afgodsdienaar Miga, en sy sogenaamde priester Jonatan. Met sy valse en selfsugtige profesie (:4-6) lei Jonatan die ontevrede en ongehoorsame stam Dan deur roof, moord en plundering van die stad Lajis na uiteindelike verval in ballingskap (:30, 31).

Miga verklap sy geestelike armoede in vers 24: “Wat het ek nou oor?” Sonder sy afgode het hy geen veiligheid, beskerming of redding soos met ’n lewende God nie. Ons leer dat eie, selfsugtige belange en sondige dade tot jou ondergang lei. Om dooie afgode te dien, is tevergeefs, raak later ’n las en veroorsaak jou dood.

Vers 24 is die draaipunt. Teenoor die valse profete en leegheid van die afgodsdienaars het ons alles in Jesus Christus. Sy Gees loop oor in ons. Hy is die ware, goeie Herder (Joh. 10:11). Hy vat niks nie, maar gee Homself aan ons deur sy sterwe aan die kruis. Daarom loop die pad wat Hy vir ons aandui, na die ewige lewe by God.

God belowe ook dat Hy ons sal dra. Mense moet afgode as ’n las ronddra, maar die ware God dra jou deur al die laste wat die lewe op ons pad kan plaas (Jes. 46:1-4).

*Sing: Psalm 73-1:12*

*Ds. LJ (Louis) Buys (Benoni)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 27 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 19:1-30**
**Fokusgedeelte: Rigters 19:1-30**

### Wanneer mens sonder God lewe (1)

’n Gedeelte in die Bybel met ’n ouderdomsbeperking. Hoe verskriklik afskuwelik is die dade in Rigters 19 nie? Mens kan jou dit nie indink nie. Of is dit dalk die probleem – dat mens jou dit wel kan indink. Daar is baie, te veel kere wat ons hierdie tipe dinge sien in die media – moord, doodslag, verkragtings. Ons raak afgestomp, ons probeer ons bes om op die goeie en die mooi te fokus, maar selfs dit raak al hoe moeiliker.

Wat moet ’n gelowige volgeling van Jesus dan doen in hierdie tye. Die eerste en grootste wekroep van hierdie episode in Rigters 19 is die waarskuwing wat gebeur as mens ver weg van God af lewe. Kyk na die Leviet. Hy is ontrou aan sy vrou en kry nog ’n vrou. Dan jaag hy die vrou weg nadat sy ontrou is aan hom, en ná ’n ruk gaan soek hy haar weer. By sy skoonpa se huis is die partytjie en die gefuif so lekker dat ’n drie daefees oor vyf dae strek. Dan die gruwelike episode waar hy eerder die vrou opoffer as dat hy self leed aangedoen word.

Wanneer mens weg van die Here af lewe, verval alles. Wette, sedes, morele kodes, dan gebeur die gruwelike en afskuwelike dinge wat ons hier sien. Ons het ’n opdrag om staande te bly, om te bly vashou aan die Waarheid, die Lig van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons kan nie deel raak van die wêreld en die wêreldse dinge nie, want ons is anders, ons het ander riglyne, ’n ander Dryfveer, ’n Hemelse Vader wat van ons gehoorsaamheid verwag.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*
~~~~~~~~~~

**Vrydag 28 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 20:1-25**
**Fokusgedeelte: Rigters 20:1-25**

## Wanneer mens sonder God lewe (2)

Na die afskuwelike gebeurtenis in Rigters 19, besef die volk van die Here dat dinge nie meer so kan aangaan nie. Hier moet iets gebeur, die volk moet terugkeer na God toe. Die Israeliete vra vir die mense van Gibea om net die skuldiges aan hulle te stuur, maar hulle weier.

Hoe maklik is dit nie baie keer om eerder na jou eie wil, die sondige, ontaarde gemors van jou "eie-ek" te luister as om net God se stem te volg nie. Die mense van Benjamin was deel van God se volk en tog besluit hulle om nie na God te luister nie, om eerder self hierdie probleem op te los.

"Ons is sterk genoeg, ons kan veg, ons sal die hele Israel verslaan." Na die eerste paar veldslae lyk dit ook asof hulle reg is, hulle verslaan die Israeliete twee keer. God se oordeel is nie net oor die stam Benjamin nie, maar oor die hele Israel, wat van Hom vergeet het.

Sonder Jesus Christus in ons lewens is dit ook ons voorland. Sonder die daaglikse bekering en terugkeer na God toe is daar nie hoop nie. Dit is eers wanneer ons tot die diepe besef van ons sonde kom dat ons nie anders kan nie as om God te smeek vir 'n uitweg. Vir 'n antwoord, vir genade, vir sy stem in ons lewens. Dit is die enigste uitweg, die enigste oplossing vir die wêreld se probleme. Dit is die Antwoord.

*Sing: Psalm 25-1:1*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 29 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 20:26-48**
**Fokusgedeelte: Rigters 20:26-48**

## Wanneer mens sonder God lewe (3)

Die boek Rigters sluit af met die woorde: "In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë."

Dit is amper asof die mense dit as verskoning probeer gebruik vir hulle optrede. Die Here gee vir die ander stamme die oorwinning oor Benjamin vir die gruweldade in Gibea, en dan in hulle eie sondigheid probeer hulle die volgende probleem oplos, sonder om enigsins die Here hieroor te raadpleeg. Dan die verskoning: Ons het nie 'n koning nie.

Deur die hele boek Rigters het God vir die mense gewys dat Hy hulle sal lei as hulle maar net sal luister, maar dit voel vir die volk na te veel moeite. Hulle wil eerder mense volg. So gebruik hulle 'n fees tot eer van die Here om hulle eie bose planne tot uitvoering te bring.

God eis gehoorsaamheid, Hy eis dat ons ons gedagtes op Hom moet rig. Die ergste is dat Hy dit nie eers vir ons moeilik gemaak het nie, Hy het sy Seun vir ons gegee as die
~~~~~~~~~~

helderste Lig in hierdie donker wêreld, om net te volg. Hy gee die Lig van die Heilige Gees in ons harte om dit nog makliker te maak. So waarom dan nog op jouself staatmaak? Kyk net op watter ellende en hartseer dit uitgeloop het, veral in Rigters 19 en 20.

Kyk na die wêreld rondom jou, is dit regtig so mooi en goed en lekker om jou "eie-ek" of mense na te volg? Wie volg jy? Volg jou Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 25-1:3*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 30 September**

**Skrifgedeelte: Rigters 21:1-25**
**Fokusgedeelte: Rigters 21:2-3**

**God is ons ware Koning, doen wat reg is in sy oë!**

In die teenwoordigheid van God het die volk gesit en geween. Waarom het God dit laat gebeur, waarom moes dit met Israel gebeur? Asof dit wat God gedoen het, verkeerd was in die oë van die Israeliete. Hierdie teks wys vir ons dat God ons ware Koning is en dat sy wil volmaak is.

Nadat die volk Israel sien dat nie al die stamme teenwoordig is nie, begin hulle self planne maak om vrouens te kry vir die Benjaminiete. Hulle vra nie die HERE wat om te doen nie. Hulle doen wat hulle dink reg is. Hulle wis 'n hele stam se mans, vrouens en kinders uit wat hulle nie kan gebruik nie. Maar dié wat hulle kan gebruik, hou hulle vir hulleself. Dan sien hulle egter dat hulle planne steeds nie werk nie. Hulle het nie genoeg vrouens nie. Die volk sondig dan weer deur opdrag te gee aan die mans om vrouens te steel by Silo en vir hulle te neem. Die gedeelte sluit baie uniek af: "… en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë."

Doen ons dit nie ook nie? As iets fout gaan in ons lewens, probeer ons nie ook vir God die skuld gee nie – en maak dan ons eie planne? Ons is desperaat om net 'n oplossing te kry, so ons sal enigiets doen. God openbaar Homself in hierdie teksgedeelte deur te wys dat ons Hom moet volg en nie ons eie sondige natuur nie. Ons moet doen wat reg is in die oë van God. Maak nie saak wat die situasie is nie, sy wil is volkome en volmaak.

*Sing: Psalm 25-1:10*

*Teologiese Student PW (Wouter) Smit*
~~~~~~~~~~




***EFESIËRS***

*Paulus skryf hierdie brief aan die kerk in Efese, maar ook aan die ander gemeentes in Klein-Asië. Hy jubel (onder leiding van die Heilige Gees) oor die kerk van Christus en die wonderlike nuwe eenheid daarin tussen Jode en mense uit ander nasies.*

*Ons word daarmee aangemoedig om steeds verwonderd te wees oor ons kerke en oor almal wat saam met ons die liggaam van Christus is. Ons kry ook saam met die gemeentes wonderlike opdragte om ons geloof prakties uit te leef in verhoudinge.*

*In die maand waarin ons Hervormingsfees vier, word ons aangemoedig om ons wapenrusting aan te trek en weerstand teen bose magte te bied en saam met Christus te oorwin.*

**Maandag 1 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:1 – 6:24 (neem slegs 30 minute)**

### Oorsig oor Paulus se brief aan die Efesiërs: Christus (die Hoof) laat die kerk (sy liggaam) as 'n eenheid lewe

God skep met Christus se koms 'n nuwe eenheid, want die eenheid tussen mense onder die eerste hoof, Adam, het baie gou begin verbrokkel: broer vermoor broer, oorloë kom! Die nuwe eenheid ontstaan deurdat mense 'n nuwe Hoof aanvaar, Jesus Christus. Deur hulle geloof in God smee die Heilige Gees die nuwe eenheid. Die nuwe eenheid word *kerk* genoem, 'n woord wat beteken "mense wat aan die Here behoort".

Die verhouding tussen die nuwe Hoof en die kerk is 'n intieme verhouding van 'n kop (hoof) tot 'n liggaam, die een wil nie sonder die ander leef nie. Die Hoof regeer die liggaam met groot liefde en sorg dat die liggaam as 'n eenheid werk waarin elke lid die ander nodig het.

God se plan is om deur sy uitverkiesende liefde mense onder een Hoof te verenig, en die Heilige Gees merk almal wat in Christus glo as die eiendom van Christus. Die kerk sluit alle volke en taalgroepe in en hulle word deel deur die aanvaarding van die evangelie en glo daarom in Christus. Die kerk moet die eenheid handhaaf deur met mekaar saam te lewe en te werk. Daarom is onderlinge verhoudinge belangrik, veral omdat die lidmate van die kerk deur geweldige magte aangeval word. Daarvoor het hulle 'n wonderlike verdedigings- en aanvalswapenrusting ontvang.

Loof God dat Hy sy Seun die Hoof van die nuwe mensheid, ons, gemaak het. Bely die sonde wat verdeeldheid bring in gemeentes en tussen kerkgemeenskappe. Bid dat ons eenheid bewaar sal word deurdat elkeen in 'n innige verhouding met Christus sal lewe.

*Sing: Psalm 133:1, 2 (2001)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 2 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:1-2**

### Die Here skryf vir jou! Ontvang sy genade en vrede

Paulus was die unieke skrywer van die brief, veral omdat hy op die pad na Damaskus die lewende Christus persoonlik ontmoet het. Christus het hom uit die ewige dood tot die ewige lewe oorgebring. As 13de apostel skryf hy met die volmag van Christus, al is hy in die tronk in die jare 60-62 na Christus. Hierdie brief sal daarom 'n kragtige uitwerking hê op almal wat daarna luister en deur die Gees gelei word.

Die lesers was ook uniek, want dit was 'n omsendbrief wat nie net aan gelowiges in Efese geskryf is nie, en daarom geld die beloftes en eise in die brief vir ons almal. Efese was 'n dorp aan die kus van Klein-Asië en Paulus het 'n besondere band met hulle gehad. Die lesers is uniek omdat hulle ook beskryf word as mense wat aan God behoort en in Jesus Christus glo. Hulle kry hulle lewe van Christus af.

Die groetseën van God is ook uniek, want "vrede vir jou" is die tipiese Ou-Testamen-
~~~~~~~~~~

tiese groet wat beteken jy word harmonie in jou lewe en verhoudinge toegesê. Genade as Nuwe-Testamentiese groet beteken jy word geluk en blydskap gegee. Vrede wat God skenk, bring harmonie tussen gelowige en God, gelowiges onderling en vrede in jou binnekant. Genade is God se liefde in sy optrede teenoor ons.

Ons is skatryk as ontvangers van vrede en genade. Dank God vir sy besondere geskenk van genade en vrede wat niemand van jou kan wegneem nie.

*Sing: Skrifberyming 19-3:1, 2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 3 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:3-6**

## Loof die Vader omdat Hy ons, sy kerk, in Christus uitverkies het

Verse 3-14 is ’n pragtige loflied waarin die Drie-enige God – die Vader (vs 6), die Seun (vs 12) en die Heilige Gees (vs 14b) – geprys word.

Lofprysing is die opgewonde uiting van jou diepste gevoelens, denke en ervaring van God se grootheid. God die Vader is die Bron en Oorsprong van al die seëninge wat ons geniet en die Vader het ons “in Christus” geseën. Die seëninge kom van daardie plek waar Christus ons regeer (hemelse seëninge) en die Heilige Gees dra die seëninge in ons in.

Heel bo aan die lang lys van seëninge in verse 4-14 staan die uitverkiesing, en ons juig oor die uitverkiesing in Christus. Alles berus by God se groot, eenmalige en onveranderlike besluit om ons uit die moeras van sonde en dood oor te bring en aan Christus te verbind om sy eiendom te wees.

Uitverkiesing sal meer ervaar as verstaan word deur beskeie gelowiges wat verwonderd voor God kom staan en sê: “Dankie Here, ek verdien dit glad nie, u genade is groot!” God kies omdat Hy liefhet en die “ons” wat Hy verkies, sluit mense uit alle nasies in. God verkies ons in Christus en ons is so as sy liggaam verbind aan Christus.

God se doel met die uitverkiesing is dat ons heilig moet lewe, soos God dit wil. Die uitverkiesing wys God se liefde vir ons, en ons lewe en optrede teenoor God en ons naas-te moet wys dat ons God se liefde in ons werk. Daarom moet ons God prys vir sy verkiesende liefde en ons aanneming tot sy kinders.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 4 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:7-12**

### Prys die Seun omdat Hy die kerk verlos het en die Hoof daarvan geword het

In hierdie verse val die klem op seëninge wat in Christus na ons toe kom. Ons ontvang verlossing en vergewing, want die losprys is betaal: die bloed van Christus. Ons is bevry van die mag van die sonde en al ons skuld is weggeneem. God het vir ons op oorvloedige wyse in sy genade in Christus verlossing en vergewing gegee, omdat ons self niks daarvoor kan bydra nie. Ons kry ook wysheid om hierdie wonders te verstaan, en insig om as verlostes te lewe.

Deel van die seëninge is verder dat God volgens sy voorneme ’n geheim deur openbaring bekendmaak: hemel en aarde en alles wat daarop is, sal weer saamgevoeg word tot ’n nuwe eenheid. Dit sal gebeur as alles onder een Hoof verenig word. Nou is Christus reeds Hoof van sy liggaam, maar op ’n aangrypende oomblik sal alles en almal sy Hoofskap erken. Die kerk het ’n besondere plek in die beweging na hierdie eindpunt, want die kerk moet ’n voorsmaak wees hoe God onder Hoofskap van Christus hierdie wonderlike eenheid bewerk.

Die seëninge lei ons tot verheerliking en verering van God, en ons moet dit elke dag met woorde in gebed en in lofliedere doen. Ons kan Hom prys, want ons is “die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het”. Alles is nog nie onder Christus verenig nie, maar ons hoop maak dit vas en seker dat dit sal gebeur, omdat ons reeds as kerk met Christus en mekaar verenig is.

*Sing: Skrifberyming 1-1:3, 5*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 5 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13-14**

### Prys die Heilige Gees omdat Hy ons tot God se eiendom verseël

Ons ontvang ook wonderlike seëninge van die Heilige Gees. Die Heilige Gees bring ons tot geloof deur ons die evangelie te laat hoor. Die evangelie is ’n woord wat waarheid bevat en dit is ’n blye boodskap van verlossing. Die Gees maak ons ontvanklik vir die evangelie en so word ons deur die geloof in Christus ingelyf.

Die mense wat tot geloof gekom het, ontvang hierdie aangrypende seëning: hulle word as eiendom van God verseël. Die begrip “verseël” kom van die gebruik dat iemand met sy seëlring ’n pakkie gestempel het, en daarmee word verklaar wie die eienaar is en dat die inhoud eg is. Die pakkie sal sy bestemming veilig bereik. Ons kry die versekering dat ons God se eiendom is en dat God ons veilig sal oorbring na ons bestemming by Hom. Die stempel wat ons kry, is die Heilige Gees wat in ons woon. Die Gees is Self ons eiendomsbewys dat ons kinders van God is.

Die Gees waarborg al die verdere beloftes, want Hy is die waarborg dat ons die volledige verlossing en alles wat die Here ons belowe het, sal ontvang. Deur die Heilige Gees
~~~~~~~~~~

aan ons te gee, waarborg God nie net ons finale verlossing nie, maar Hy gee ons ook ’n voorsmaak daarvan.

God maak ons sy kinders om Hom te loof, en dit is die rede waarom ons bestaan. Ons moet God voortdurend prys (vs 6, 12, 14): drie keer as teken van voortdurende lof.

*Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 6 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:15-19a**

**Here, gee dat ons U werklik mag ken**

Ná die lofprysing sit Paulus sy gebed voort. Hy dank God vir die gemeente se geloof in die Here Jesus, asook hulle liefde vir gelowiges wat hulle nie eers geken het nie. Paulus smeek dat God werklike kennis aan die gelowiges sal gee deur aan hulle die Heilige Gees te gee. Die Heilige Gees kan hulle geestesoë verlig sodat hulle God en sy heerlikheid kan ken. “Ken” beteken hier “ken in liefde”, groei en verdieping in ons verhouding met God in Christus.

Die inhoud van die kennis waarvoor Paulus hier bid, bevat drie dinge: watter hoop God se roeping inhou, die rykdom van ons heerlike erfenis, en hoe geweldig groot sy krag is.

- God roep ons deur sy magtige Woord waardeur Hy alles gemaak het, en waardeur Hy dooie, sondige mense uit die sondegraf geroep het. Ons gebed is dat die Heilige Gees ons sal lei om hierdie roeping waarmee God ons roep, beter en dieper te ken. Hierdie roeping hou vir ons hoop in, en dit gee sekerheid om vir God te lewe.
- Paulus bid dat die Gees aan ons dieper kennis sal gee van die rykdom van ons heerlike erfenis. Ons erf nou reeds God se genade, en eendag die ewige lewe by God.
- Die gebed is ook dat die Gees ons sal laat verstaan hoe geweldig die krag is wat God in ons wat glo, uitoefen. Dit is dieselfde krag waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het.

*Sing: Psalm 81:12 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 7 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:19b-23**

**Here, gee dat ons die wonder van die verheerlikte Christus mag ken**

Die gebed om intiem te kan ken, gaan voort in hierdie verse en is veral op Christus se verheerliking gefokus. Die eerste stap hierin is ons gebed om God se groot krag in sy

opwekking van Christus uit die dood te verstaan en in die geloof te omhels. Dit gaan nie net daaroor dat Hy lewend uit die graf gekom het nie, maar dat Hy die dood oorwin en die duiwel en sy magte verslaan het, en só alle mag verkry het.

Ons sien ook God se groot krag in Christus se hemelvaart waardeur Hy die goddelike troon bestyg en alles regeer. Hy regeer oor bose magte, die Baas oor goeie en slegte magte en engele, en daarom kan ons in vrede lewe. Ons kan God se krag ook ken deurdat Hy Christus die Hoof van die kerk maak. God het die krag om so lief te hê dat Hy ons aan die Koning en die Hoof van sy kerk verbind.

Paulus bid ook dat ons God se krag kan leer ken in die skepping van die kerk, die liggaam en volheid van Christus. Die kerk is God se nuwe skepping, sy wonderwerk. God se krag kan gesien word in gelowiges se liefde, blydskap en vrede. Die kerk as liggaam van Christus kry sy lewe van Christus en word deur die Heilige Gees saamgebind en beheer. Christus se heerskappy nou oor alles in die wêreld kan alreeds in die lewe van kerkmense gesien word.

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 8 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 2:1-7**

**God skep uit die geestelike dood sy kerk om te lewe**

God werk met dieselfde krag in ons lewe as waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het. Omdat ons heeltemal dood was, skep God ons heeltemal nuut, maak ons lewend en gee ons ’n plek saam met Christus in die hemel. Ons was dood, want ons het as gevolg van ons sonde heeltemal ons lewensdoel gemis. Ons was bedoel om God te eer, maar ons het Hom net oneer aangedoen. Ons het ons deur die duiwel laat lei en is deur ons sondige begeertes oorheers, want ons het die teenoorgestelde gedoen as wat die Here wou hê. Ons sou ewig gestraf moes word en sonder God en sonder liefde en sonder hoop moes lewe.

Alles verander omdat God is Wie Hy is. God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. God buig Hom in liefde na vuil sondaars neer en red ons net omdat Hy ons onbeskryflik liefhet. Hy het ons saam met Christus lewend gemaak. Christus moes in die dood ingaan en Hy sterf die ewige dood van Godverlatenheid.

Met sy goddelike krag trek Hy ons saam met Hom uit die dood. Ons is lewend gemaak, ons is uit genade gered en het saam met Christus ’n plek in die hemel. Ons is in beginsel reeds daar, maar God stuur ons met ’n taak in die wêreld om sy beeld uit te dra en van sy groot genade en krag te vertel. So eer ons Hom!

*Sing: Psalm 116:1, 5, 10 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 9 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8-10**

### Ons is in Christus nuut geskep om ons lewe aan goeie dade te wy

Die genade dat God in Christus ons van die dood en die ewige straf gered het, word hier ook as "skep" beskryf. God skep deur ons te red. Redding is uithaal uit die dood en verlossing uit die greep van die duiwel en die bose magte. Redding is om aan dooies nuwe lewe, Christus se lewe te gee.

Net sy genade is die rede vir ons redding. God neem inisiatief omdat Hy vol barmhartigheid, liefde, genade en goedheid is. Die redding word ons deel deur die geloof en geloof is 'n gawe van God. Ook die gelowige se aanvaarding van redding is genade, en daarom het niemand enige iets van hom/haarself om op trots te wees nie.

Ons was dood, nou lewe ons. Ons was verslaaf aan sondige begeertes, nou wy ons ons lewe aan goeie werke. Ons is die nuwe skepping van God, want die lewende God het mag om ons saam met Christus uit die dood te haal en ons nuut te skep. Die skeppende Kunstenaar het die kerk, die gelowiges as sy kunswerk geskep. Die kunswerk is geskape in Christus om goeie werke te doen.

God skep in Jesus Christus, want gelowiges is kragtens hulle band met Christus deur God nuut geskep. God modelleer gelowiges volgens die beeld van Christus, die Groot Model wat goeie werke doen. So kan ons 'n nuwe lewe leef, gewy aan goeie werke. Ons het nou die lus en liefde om goeie werke te doen en dit te geniet.

*Sing: Psalm 33:2 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 10 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 2:11-18**

### Christus maak van ou vyande 'n nuwe, heerlike eenheid

Veral die Christene wat uit die heidennasies gekom het, moet nou beleef hoe God die skeiding tussen hulle en die Christene uit die Joodse nasies afgebreek het en 'n totaal nuwe gemeenskap geskep het, 'n nuwe eenheid. Die groepe het voorheen skeldname vir mekaar gehad. Die Jode het die ander groep "onbesnedenes" genoem, en daarmee te kenne gegee dat hulle niks van God weet nie. Hulle is daarom vyande van God en sy volk – en daarom vreemdelinge. Hulle het nie die geestelike burgerregte gehad wat die volk van die Here gehad het nie, en kon nie in die beloftes van die verbond deel nie.

Vroeër was hulle sonder Christus, maar nou is hulle een met Christus deur die geloof wat die Heilige Gees vir hulle gegee het. Christus het vrede gebring tussen verskillende groepe, en so het Hy die mure afgebreek. Hy breek nie net af nie, maar bou 'n nuwe eenheid. Die eenheid is tussen Jode en nie-Jode wat Hy met God versoen. Hy maak die twee partye tot een nuwe liggaam, die kerk.

Christus verkondig nou die vrede wat Hy verwerf het aan almal, en so kry ons toegang tot God. Hy het met sy volkome offer die Priester geword wat die pad na God vir ons
~~~~~~~~~~

oopmaak. Ons verkry toegang deur Christus en deur die werking van die Heilige Gees. Dit is net genade dat ons in ’n Vader-kindverhouding met God kan lewe en tot Hom as ons Vader toegang kan hê.

*Sing: Psalm 32:3 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 11 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 2:19-22**

**Die skoonheid van die kerk as huisgesin en tempel**

Wat is die resultaat daarvan dat Christus ons met God versoen en vrede onder mekaar gebring het? Die heidene was vreemdelinge sonder die voorregte van beskerming en gesprek met God. Nou het hulle saam met die gelowiges uit die Joodse volk medeburgers van die Koninkryk van God geword. Met die Koninkryk word nie ’n grondgebied bedoel nie, maar die regering van die Koning, Jesus Christus. Ons kry nou voorregte en verantwoordelikhede as burgers. Ons word beskerm en gelei deur die Koning van die konings.

Ons was ook voorheen bywoners wat beskou is as tweederangse burgers wat net maar verlang het om iets van God se seëninge te ontvang. Nou is ons lede van God se huisgesin, saam kinders in die huisgesin van God. Die kerk van Christus is een huisgesin wat oor volksgrense heen die liefde van een Vader, een Verlosser en Trooster en die liefde van medegelowiges beleef.

Israel het beleef dat die tempel God se huis is waar Hy gewoon het. Nou woon God in die gelowiges saam, en elke gelowige is ook die tempel van God. Die fondament van die nuwe tempel is die apostels en die profete, en hulle boodskap is deur die Heilige Gees geïnspireer en kom met gesag. Hulle prediking is die fondament waarop die kerk baie sterk staan. Christus is die hoeksteen en die gelowiges is die stene.

Hierdie tempel is nie ’n dooie struktuur nie, maar ’n lewende liggaam wat groei. Hierdie tempel is ’n geestelike huis waarin God woon.

*Sing: Psalm 89:1, 6 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 12 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 3:1-13**

**Deur die evangelie word mense in die kerk opgeneem**

Paulus wil nou bid vir hierdie gelowiges wat ’n nuwe skepping van God is. Maar skielik onderbreek hy sy gebed, want hy is steeds verwonderd oor Christus se kerk en nou ook

oor hoe mense in die kerk opgeneem word. God het hierdie geheim aan hom bekendgemaak en hy is begenadig om dit bekend te maak. Ná Christus se dood en opstanding kan die geheim wat lank reeds bestaan, nou bekendgemaak word. God het op ’n besondere manier hierdie geheim aan Paulus bekendgemaak: deur ’n openbaring uit die hemel. Deur hierdie openbaring besit Paulus nou kennis van God se groot plan.

Die geheim is: Gelowiges uit alle volke is deel van die kerk van Christus. Deur die verkondiging van die evangelie hoor heidene die blye boodskap en deur die werking van die Heilige Gees kom geloof in hulle harte. Christene uit die heidene en uit die Jode is nou gemeenskaplike lede van die kerk van Christus.

Paulus is bevoorreg dat hy, wat vantevore die kerk vervolg het, nou alleen uit genade kan optree met die krag wat Christus gee. Hy kan die onpeilbare rykdom van Christus verkondig, rykdom wat onmeetlik en oneindig is, en dit is die skepping van die kerk uit alle volke. Die wonder van die kerk toon aan die hemelruim se bewoners hoe groot God se wysheid is. Omdat ons deel is van hierdie wonder, kan ons met vrymoedigheid ons hart vir God oopmaak en in alle omstandighede moedhou.

*Sing: Psalm 47:1, 4 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 13 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 3:14-21**

**Gebed dat die kerk vervul mag word met krag, liefde, kennis en wysheid**

In hierdie gebed word die Vader aangeroep, want aan hierdie Vader het die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op aarde hulle bestaan te danke. Voor Hom kniel ons in heilige eerbied.

Die gebed begin met smeking dat God ons krag sal gee en hierdie krag moet ons innerlik sterk maak, want uit ons innerlike kom ons gedagtes, emosies en optrede. Ons vra hiermee ook dat Christus in ons sal woon en dat Hy ons vanuit ons hart sal beheer.

Saam met die gebed om krag vra ons om in liefde gewortel en gegrondves te word. Liefde is ons lewenswortel en ons lewe se fondament. Ons lewe van die liefde wat God in ons harte instort. In die gebed smeek ons verder om kennis, want ons wil begryp hoe wyd en ver en hoog en diep Christus se liefde strek. Ons moet dit begryp saam met medegelowiges, want ons het mekaar nodig om die liefde van die Here aan mekaar uit te wys.

Ons bid verder om vervul te word met die volheid van God. Ons bid om daagliks meer en meer Christus se beeld, die Here se heiligheid en heerlikheid uit te straal. Ons bid hiermee om die vervulling met die Heilige Gees wat God se volheid in ons werk.

Hierdie gebed loop uit op lofprysing, en so word die gebed omring deur die verheerliking van God. Ons prys Hom vir sy krag, want Hy doen oneindig meer as wat ons dink en wat ons bid.

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-5*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 14 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:1-6**

## Vader, Seun en Heilige Gees is die model van die kerk se eenheid

Nou, ná die beskrywing van die wonder van die eenheid van die kerk en die gebed vir die kerk, leer die Here wat die kerk moet wees en doen. Die gelowiges se lewe moet in ooreenstemming wees met die roeping waarmee God hulle geroep het, met die eenheid met God en mekaar. Hulle moet beskeie en nederig wees, asook vriendelik en sagmoedig teenoor mekaar. Al is daar oor mindere aangeleenthede verskille, moet hulle mekaar verdra, want alles berus op liefde: liefde tot God en mekaar beteken dat die een die ander hoër moet beskou. Veral deur die liefde word die eenheid wat daar is, verstewig.

Die eenheid het ontstaan deurdat die Heilige Gees dit geskep het, want die Gees woon in elke gelowige en bind só die een gelowige aan die ander. Hierdie eenheid moet ons handhaaf deur die eenheid wat bestaan deur ons lewenswandel, ons gesindheid en optrede uit te beeld.

Die eenheid van die kerk vloei voort uit die eenheid van die Drie-enige God. Daar is één Gees, één Here en één Vader. Die Gees woon in die kerk en die Gees rig die kerk op wat hy reeds ontvang het en ook op die beloftes van wat die gelowiges nog sal ontvang: één hoop! Christus, die Here, is die Hoof van die kerk en Hy regeer die kerk deur sy Woord en Gees. Die doop verseël die beloftes van die evangelie. Daar is maar één God en Hy is ook Vader, en die gelowiges is deel van sy huisgesin.

*Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 15 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:7-12**

## Die Gewer, karakter en doel van die gawes om die eenheid te handhaaf

Die Here gee inligting oor die boumateriaal wat die kerk tot sy beskikking het om die eenheid te handhaaf. Hy gee gawes of genadegawes wat nodig is vir die opbou en bewaring van die eenheid. Dit is die verheerlikte Christus wat die gawes gee aan wie Hy wil en watter gawes Hy wil. Omdat Hy alle magte op aarde oorwin het en na die hemel opgevaar het, kan Hy nou die vrug van die oorwinning aan sy kerk uitdeel. Die gawes is 'n ryke verskeidenheid, maar die gawes moet goed en ordelik in die kerk van die Here funksioneer.

Christus deel daarvoor nog meer en ander soort gawes uit. Dit is mense in besondere dienste: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Die apostels en profete het die fondament van die kerk met hulle prediking gevorm. Die evangeliste dra die evangelie uit na mense wat nog nie van die Here gehoor het nie, en die herders en leraars versorg die kerk geestelik.

Die doel waarom Christus die gawes gee, is om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus. Elke lidmaat in die liggaam van Christus is belangrik, en daarom moet die leiers – as dienaars van die lidmate – hulle afrig en gesondmaak om hulle dienswerk te kan doen. Die
~~~~~~~~~~

finale doel van die toerusting van lidmate is om die gemeente in die eenheid op te bou. Nie een van die gawes mag ter wille van eie voordeel gebruik word nie.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 16 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:13-16**

**Die opbou van mekaar tot volwassenheid en voortgaande groei**

Ons werklike eenheid sal ons ná ons aardse lewe bereik, al is ons in beginsel reeds deur die Heilige Gees tot ’n eenheid saamgesnoer. Hierdie eenheid moet vertoon word, en dit kan alleen as daar groei in ons geloof en kennis van die Seun van God wees. Dit beteken groei in ons vertroue in ons Saligmaker en liefde vir en omgang met Hom. Ons moet daarna streef om ’n geestelik volgroeide kerk te wees wat volmaak in sy optrede en oordeel sal wees. Om so volmaak en volwasse soos Christus te wees, beteken om volledig deur Christus beheer te wees.

Ons moet nie soos kinders wees wat maklik deur dwaalleer verlei word nie, want ’n kind het nog nie die volle vermoë ontwikkel om skerp tussen goed en sleg te onderskei nie. Hulle kan dalk nou aan die een en dan aan die ander dwaling blootgestel word. Die valse leraars kan hulle verlei oor wat Christus vir ons moes doen, en dan kan ons lewe soos ons wil.

Ons moet daarom in liefde by die waarheid bly. Liefde sonder waarheid is hopeloos, en waarheid sonder liefde is gevaarlik. Wie in die atmosfeer van liefde vir God en die naaste by die waarheid van die evangelie bly, groei saam met ander na Christus toe. Die energie vir groei kom van Christus af en die Gees help gelowiges om die groeikrag te gebruik. Elke lid pas by die ander en wanneer elkeen sy/haar gawes gebruik, groei die hele liggaam.

*Sing: Psalm 133-2:1, 2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 17 Oktober**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17 – 5:20**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:17-19**

**Breek met die ou, sondige leefwyse**

Die kerk se groei tot eenheid in die geloof en kennis van die Seun van God is intiem verbind met die manier waarop hulle lewe. Hulle lewe moet in ooreenstemming wees met die nuwe lewe wat hulle van Christus ontvang het. Hulle moet soos nuwe mense lewe. Die

nuwe lewe beteken breek met die ou, sondige leefwyse – en wys dit op die manier waarop julle met mekaar saamleef. Hulle moet in die atmosfeer van die liefde lewe en hulle optrede moet oop en duidelik wees soos mense wat in die lig lewe. Daarom moet hulle met die Heilige Gees vervul wees (4:17 – 5:20).

Paulus sê dat hy in die Naam van die Here ’n ernstige beroep op gelowiges doen, want hy roep Christus as getuie in dat hy die waarheid praat. Hy is in die gevangenis, maar hy tree van daar uit met die gesag van Christus op. Die lesers hoor eintlik Christus self met hulle praat. Hy waarsku dat die heidense leefwyse op ’n ramp afstuur. Hulle leef in hierdie heidense omgewing en kan maklik in so ’n verkeerde lewenspatroon terugval. Die heidense leefwyse loop op selfvernietiging uit.

Dié leefwyse lei tot niks, want hulle onderdruk die kennis wat hulle van God kry. Die oorsprong van hulle verduisterde verstand is hulle hardnekkigheid. Hulle leef ’n vuil en losbandige leefwyse en laat hulle deur hulle drange lei. God gee hulle oor aan hulle drange. Hulle roekelose lewe maak hulle siek en laat hulle geestelik sterf.

*Sing: Psalm 51-2:4*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 18 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:20-24**

### Breek met ’n heidense leefwyse

Teenoor die losbandige heidense leefwyse stel Paulus nou die nuwe lewe in Christus. Teenoor die verduistering van verstand en onkunde van die heidene staan die waarheid wat hulle in Christus leer ken het. Toe hulle Christus leer ken het, het hulle lewenspatroon radikaal verander. Hulle het die evangelie gehoor, Christus omhels en is oor Hom onderrig. Hy was tegelyk hulle Leermeester en die Inhoud van die onderrig. Hulle het persoonlik in gemeenskap met Christus gekom deur Hom in die geloof toe te eien.

Hulle kan nou met die sonde breek, want hulle is nuwe mense wat uit die heidense dood na die lewe in Christus oorgegaan het. Hulle moet nou voortdurend met die ou lewe breek. Die ou lewe is soos ’n kledingstuk wat verslete is, en dit moet hulle uittrek. Ons kan die nuwe lewe wat Christus se beeld vertoon, nou aantrek. Die verandering moet in hulle binneste plaasvind, in hulle gees en gedagtes. Die gerigtheid op God met die hart en verstand moet elke keer weer vernuut word. Dan kan gelowiges lewe soos hulle werklik is, soos radikaal nuwe mense.

Ons kan en moet soos nuwe mense lewe, want ons is na die beeld van God geskep, nuut in Christus herskep en kan volgens die wil van God lewe en toeneem in heiligmaking. Ons is ’n totaal nuwe skepping van God, ons het geregtigheid en heiligheid in Christus verkry en ons is in ons gedagtes, woorde en optrede aan God toegewy.

*Sing: Psalm 51-1:8*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 19 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:25-32**

### Die nuwe lewe bepaal ons "mekaar-verhouding"

Die "mekaar-verhouding" word in hierdie verse beklemtoon, want dit gaan steeds om die eenheid van die kerk. Die duiwel probeer telkens 'n wig indryf tussen ons en God en tussen gelowiges, en hy doen dit veral deur leuens. Christus is die Waarheid en die duiwel is die vader van die leuen. Die geloofsgemeenskap is op vertroue gebou, en vertroue is op waarheid gebou.

Om aanhoudend kwaad te wees, is nog 'n manier van die duiwel om gelowiges te verdeel. Daar is so iets soos heilige woede wat kan ontstaan oor byvoorbeeld minagting van God, maar ons mag nie sondig as ons hieroor kwaad word nie. Deur leuens en kwaadbly sien die duiwel geleentheid om haat, geweld en skeuring in die geloofsgemeenskap te bring.

Wanneer ons ander besteel of vuil taal praat, bedroef ons die Heilige Gees, maar ons verbly die Gees deur hard te werk en opbouende gesprekke te voer. Die waarde van harde werk is ook dat ons armes kan help. Vuil woorde besoedel ander mense, maar ons moet eerder mekaar bemoedig, opbeur, vertroos en inspireer. Die Heilige Gees word deur slegte optrede en verdeeldheid bedroef.

Alles wat ander kan afbreek, moet ons uit ons nuwe lewe weer, want bitterheid, opvlieëndheid, woede, gevloek en skel breek ander af. Ons moet mekaar opbou deur goedgesind en hartlik te wees en mekaar te vergewe. Ons behoort ander se belange bo ons eie te stel, vriendelik te wees en uit genade mekaar vergewe soos God ons in Christus uit genade vergewe het.

*Sing: Psalm 95-1:3*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 20 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 5:1-5**

### Die nuwe lewe is 'n lewe in liefde

Ons is nuwe mense wie se denke bepaal hoe ons optree. Ons het met die sondige lewe gebreek en leef nou die nuwe lewe in Christus. God stel 'n voorbeeld aan sy geliefde kinders, en deur ons vriendelike, hartlike, vergewende en liefdevolle omgang met mekaar is ons navolgers van God. God het ons innig lief en ons behoort Hom na te volg deur Hom, mekaar en alle mense lief te hê. Ons nuwe lewe is op God gerig en ons lewe deur sy genade.

Ons moet in liefde lewe, dus moet ons nuwe lewe afspeel in die atmosfeer en kragveld van die liefde. Christus se liefde tot die uiterste is ons motivering en sy liefdesoffer aan die kruis lei ons om ons vir ander op te offer. Liefde is die weggee, opoffer van jouself vir ander, 'n offer wat vir God aanneemlik is. Die lewe in liefde kan bedreig en verdring word deur verkeerde invloede, byvoorbeeld deur sogenaamde liefde in ongeoorloofde seks te
~~~~~~~~~~

verkry.

Die nuwe lewe sal verstik en versmoor waar ontug en onsedelikheid en selfbevrediging indring. Seksuele losbandigheid kan beteken dat so ’n persoon ’n ander se liggaam wil misbruik ter wille van gierige drange. Vuil praatjies oor seks pas nie in die atmosfeer van liefde nie, want ’n lewe in die kragveld van die liefde word deur ontug en vuil praatjies beskadig. Vir die een wat in hierdie sonde geval het, berou daaroor het en lewensverandering bewys, is daar genade, maar die een wat hierin volhard, het nie deel aan die Koninkryk van God nie.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 21 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 5:6-14**

## Die nuwe lewe beteken ons is lig in die Here

In die samelewing is daar steeds mense wat goddeloos lewe, en gelowiges kan maklik in so ’n lewe terugval. Om nie terug te val nie, is dit belangrik om niks te doen te hê met onwaarhede van valse leraars nie, want hulle mislei ander deur byvoorbeeld te verkondig dat ons maar roekeloos kan lewe, want God sal uiteindelik vergewe.

Ons het uit die duisternis na die lig oorgegaan, want Christus is die Lig van die wêreld en Hy red ons sodat ons lig is. Lig is die simbool van waarheid, die regte verhouding met God en nuwe lewe. Ons is nou self lig en ons lewe moet soos lig wees – helder, oop en deursigtig.

Soos lig, kan ons nuwe lewe nie weggesteek word nie en daarom straal uit ons lewe alles wat reg is volgens God se wil, asook die waarheid van die Woord. Ons kan die lig uitdra deur ondersoek in te stel of iets vir die Here aanneemlik is. Dit geld by elke besluit, keuse of advies. So dra ons vrug as lig. Die praktyke van die duisternis is vrugteloos.

Ons kan die dinge wat in die duisternis gedoen word, ontbloot deur die kwaad oop te vlek en te bestraf. In die gemeente is die bestraffing in liefde en teenoor ongelowiges is die doel om hulle van die krag van Christus te oortuig om hulle lewe radikaal te verander. Hulle kan hulle sonde insien, hulle verlorenheid erken en bely, begelei word na Christus en self saam met Hom lig word.

*Sing: Psalm 27-1:1*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 22 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 5:15-17**

## Lewe verstandig

Om verstandig te lewe, moet ons versigtig wees en bid om wysheid. Onverstandige mense oorweeg nie wat hulle doen nie, maar die verstandige weeg, oorweeg en toets of ons lewenswyse aan God se standaard voldoen. Verstandig wees is om elke geleentheid wat God gee, te gebruik; om te vra na God se wil en bowenal om jou deur die Heilige Gees te laat beheer. Ons moet ons tyd reg bestuur en besin oor ons prioriteite en veral sorg dat dit tot opbou van die gemeente is.

Onverstandig lewe beteken om net te doen wat ons wil en nie in elke omstandigheid te vra of ons die Here se wil navolg nie. Ons tree eiewillig op. Daarteenoor is 'n verstandige manier van lewe om in elke saak die wil van die Here te soek. Paulus noem hier die wil van die Here Jesus Christus wat dieselfde is as die wil van God.

Jesus bid Self dat God se wil in sy lyding sal geskied, en Hy leer so die kerk om te bid om die wil van God. Ons kan die wil van God uit sy Woord te wete kom. Ons moet God se wil in ons persoonlike lewe soek deur gebed, deur die beginsels wat ons in die Bybel kry en deur na advies van volwasse en ervare gelowiges te luister. Wanneer daar nie regstreekse uitsprake in die Bybel is oor besluite in ons lewe nie, kan ons bid om deur die Heilige Gees gelei te word.

*Sing: Psalm 119-1:4*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 23 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 5:18-21**

## Wees verstandig en laat jou beheer deur die Heilige Gees

Paulus waarsku hier teen drankmisbruik, want die gelowiges uit die heidendom weet dat deel van hulle vroeëre heidense feeste was om totaal onder die invloed van drank te wees. Nou vergelyk hy drankmisbruik met vervul wees met die Heilige Gees, want gelowiges leef onder die invloed van die Heilige Gees. Dit gaan oor die beheer van ons lewe, want by drankmisbruik is die persoon onbeheers, terwyl die Gees ons met sy krag en deur die Woord onder beheer hou.

Ons het reeds die Heilige Gees ontvang en nou moet dit sigbaar word in ons lewe deurdat die Gees ons beheer. Vervulling is 'n daad van God waarin Hy ons oproep om die blywende opdrag na te kom. Ons moet ons in die gebed leegmaak van sonde deur skuldbelydenis en leegmaak van bekommernis. Ons moet ons volmaak met die Woord en vasgryp aan die belofte dat God sy Gees gee aan elkeen wat Hom vir die Gees bid en dank.

Die vervulling met die Heilige Gees raak al ons verhoudinge en skep en onderhou ons verhouding met God en ons naaste. Deur ons vervulling met die Gees is ons in staat om lofliedere te sing, en waar geestelike liedere gesing word, word sangers meer en meer met die Gees vervul. Ons sing tot eer van die Here met ons hele hart en dank Hom vir alles, vir
~~~~~~~~~~

verlossing en ook vir beproewing. Die gemeenskap met God in Christus is moontlik deur die vervulling met die Heilige Gees.

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 24 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 5:21-24, 31, 32**

### Verhouding van ’n getroude vrou teenoor haar man

Die vervulling met die Heilige Gees lei ook tot onderdanigheid in die algemeen, veral van mans en vrouens teenoor mekaar, want elkeen kan deur die Gees uit vrye wil diensbaar wees teenoor mekaar. Dit doen hulle omdat hulle eerbied het vir Christus (:21).

Hoe moet die nuwe lewe gestalte kry in die huisgesin en die werkplek? Alle verhoudinge staan onder die groot bevel: Laat julle vervul met die Heilige Gees.

Onderdanig beteken om vrywillig te dien en te ondersteun. In die samelewing van Paulus se tyd was die vrou die man se slaaf, maar Christus bevry die vrou van alle verslawing. Die gelowige vrou stel die voorbeeld deur aan haar man getrou te wees, en sy is onderdanig aan haar eie man (nie alle vroue aan alle mans nie), soos aan die Here. Omdat die vrou uit liefde haarself vir Christus opoffer, kan sy haar man in liefde ondersteun.

God het by die skepping aan die man die verantwoordelikheid gegee om eerste onder gelykes te wees. Die man is hoof van sy vrou volgens die voorbeeld van Christus se hoofskap, en daarom moet hy uit liefde vir haar verantwoordelikheid neem. ’n Vrou deel vrywillig met blydskap en dankbaarheid aan haar man se lewe deur onderdanig te wees in die sin van liefdevolle ondersteuning. So kan die vrou en haar man God loof vir die wonder dat die Heilige Gees aan vroue genade gee om in ’n positiewe verhouding met hulle mans te leef.

*Sing: Psalm 128-2:2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 25 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 5:25-32**

### Verhouding van ’n getroude man teenoor sy vrou

Die man se nuwe lewe in sy huweliksverhouding word gekenmerk deur sy liefde en vrywillige oorgawe aan sy vrou. Hy moet sy vrou liefhê soos Christus die gemeente liefhet, want hy moet Christus se liefde afbeeld. Die man moet die kruisgebeure oordink en sal

dan besef hoe omvattend hy hom moet opoffer uit liefde vir sy vrou. Liefde beteken tere versorging en eindelose opofferings en om die huweliksmaat hoër te ag as jouself. Drie keer kom die opdrag aan die man om sy vrou lief te hê soos Christus.

Christus se liefde het ook die doel om ons voortdurend te reinig en te heilig, want Hy wy ons meer en meer aan Hom. Christus se liefde laat die kerk soos 'n blom oopgaan. So moet die man se liefde sy vrou se skoonheid as vrou laat oopgaan en elke hindernis uit die weg ruim om haar ware vroulike identiteit uit te leef. Sy liefde moet sy vrou soos 'n blom laat oopgaan sodat haar nuwe identiteit as vrou van die lig helder kan skyn.

Die liefde is heerlik, 'n krag en omvattend, maar moet ook baie prakties wees. Hulle moet hulle vroue liefhê soos hulle eie liggame. Mans versorg hulle liggame spontaan en so word die reël dat ons aan 'n ander moet doen soos ons aan onsself gedoen wil hê, toegepas. Daarom voed en versorg die huweliksmaat deur daaglikse ondersteuning, maar ook deur mee te werk aan haar opbou in die geloof. Die diepste verhouding tussen die man en sy vrou is dat hulle één sal wees.

*Sing: Skrifberyming 9-4:6*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 26 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 6:1-4**

**Die Here bepaal die ouers en kinders se verhouding met mekaar**

Die kerk se eenheid is nie net aangrypend omdat die kerk uit mense uit alle volke bestaan nie, maar ook uit alle ouderdomme. Teenoor verkeerde uitoefening van gesag moet ouerlike gesag uit liefde, onder beheer van die Heilige Gees uitgeoefen word.

Kinders is deel van die kerk, daarom word hulle aangespreek: Kinders, wees gehoorsaam aan julle ouers asof aan die Here. Die Here het die ouers aangestel en gesag oor hulle kinders gegee en daarom eis Hy respek en liefde vir die ouers. Uit hierdie verhouding van liefde en eerbied van kinders teenoor hulle ouers vloei hulle ander verhoudinge voort, byvoorbeeld die kind se verhouding met sy/haar grootouers, ouer mense en mense van ander volke.

Die gebod om gehoorsaam aan ouers te wees, kry 'n belofte by. Dit sal met hulle goed gaan en hulle sal 'n mooi lewe hê. Kinders moet gehoorsaam wees omdat hulle die Here se kinders is.

Ouers moet hulle kinders so opvoed dat hulle nie opstandig raak deur onredelike eise en verwagtinge aan hulle te stel nie. Ouers moet so optree dat hulle kinders nie geestelik gekneus word nie, en daarom moet die opvoeding en tug nie onregverdig wees nie. Tug beteken om die kwaad te stuit, uit te wys en die kind op die regte koers te bring en te hou. Die liefde moet hierin die deurslag gee, want ouers is net instrumente in die groot Opvoeder, die Here, se hand. Deur ouers se optrede leer kinders om die Here te eer en te gehoorsaam.

*Sing: Psalm 128-1:3*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Saterdag 27 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 6:5-9**

### Die Here bepaal werknemers en werkgewers se verhouding tot mekaar

Slawerny was in die wêreld van Paulus se tyd 'n baie algemene verskynsel. Slawe is verskriklik behandel, geslaan, met kettings vasgemaak en selfs doodgemaak. Paulus se opdrag aan werknemers en werkgewers is om in ooreenstemming met die nuwe lewe in Christus op te tree.

Werknemers behoort gehoorsaam te wees aan hulle werkgewers asof aan die Here en daarom vol eerbied, ontsag en met 'n opregte hart, want agter die eienaar van die werknemer moet hy die Here Self sien. Wanneer die Christen-werknemer besef dat God die eintlike Opdraggewer is, sal hulle hul werk doen asof vir die Here. Ons moenie werk om raakgesien te word nie, maar soos werknemers van die Here wat sy wil uitvoer. Omdat ons vir Christus werk, sal ons met vreugde werk en sonder om te kla.

Werkgewers moet hulle werknemers behandel soos die Here wil. Die goue reël is om aan 'n ander te doen soos jy graag aan jouself gedoen wil hê. As ons wil hê 'n werknemer moet respek teenoor ons betoon, moet ons respek aan hom betoon. Die Here is die Baas van werknemers en werkgewers, en daarom moet werkgewers hulle werknemers eerlik en met respek behandel.

Werkgewers en werknemers is broers en susters in die gemeente en in die huisgesin van God, en daarom sal dit tot gesonde arbeidsverhoudinge onder mekaar lei. Christus is alles en in almal. In die samelewing is liefde die band wat ons aan God en mekaar bind en ons is mense wat openlik in die lig woon en vervul is met die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 128-2:1*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 28 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 6:10-13**

### Trek die volle wapenrusting aan om weerstand te kan bied

Daar is vir ons as gelowiges altyd verskillende bedreigings, en daarom word die brief afgesluit met die oproep om ons krag by die Here te kry. Ons moenie die vyand onderskat nie en moet deur gebed geestelike energie kry. Al smaak ons die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal ons dié vrede beleef te midde van die stryd met die bose magte.

Ons as gelowiges moet nooit vergeet hoe swak en broos ons in onsself is nie, en moet daarom onthou dat Christus ons kragbron is. Die krag wat beskikbaar is, is dieselfde krag waarmee God gelowiges uit die dood, sonde en oordeel gered het.

Ons moet die volle wapenrusting aantrek, want dit kom van God. Ons moet die volle wapenrusting aantrek sodat ons goed bewapen kan wees. Die duiwel is baie listig en hy beplan sy strategie baie deeglik. Die gelowiges moet die inhoud en omvang van die aanslag ken sodat ons nie oorgerus sal wees nie. Ons eintlike vyande is die duiwel en sy
~~~~~~~~~~

magte, wat baie groter krag as ons het. Die bose magte is persoonlike wesens, engele wat in sonde geval het en onder beheer van die duiwel staan. Hulle gebruik hulle mag om kwaad te stig deur met leuens en bedrog ander te mislei.

Daarom moet ons die wapenrusting aantrek om weerstand te bied en steeds op ons pos staande te bly. Christus het die duiwel en sy magte aan die kruis oorwin, en daarom probeer hulle ons saam met hulle in die afgrond intrek.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 29 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 6:14-15**

**Trek waarheid, vryspraak en bereidheid vir die evangelie as wapenrusting aan**

Paulus ken die prentjie van 'n Romeinse soldaat wat moet vasstaan in die stryd met baie verdedigingswapens en die swaard as aanvalswapen.

Daar word ses dele van die wapenrusting beskryf, en die eerste is die waarheid as gordel. Die gordel was gebruik om die klere op te bind om so gemaklik te kan beweeg en as belt om die swaard in te druk. Die gordel was simbool van krag en vertroue. Die waarheid beteken hier om leuens bloot te lê, maar ook eerbaarheid, betroubaarheid en integriteit.

Die borsharnas is gebruik om die belangrikste organe van voor en agter te beskerm, en hier is vryspraak die borsharnas. God het ons in die regte verhouding tot Hom in Christus gestel, ons sy geregtigheid gegee – en só beskerm sy vryspraak ons. Die duiwel maak ons dikwels vol twyfel oor ons verlossing en ons ewige lewe by God, en ons beste wapen om ons hierteen te verdedig, is die sekerheid dat ons reeds in die regte verhouding met God lewe en in die laaste oordeel finaal vrygespreek sal word.

Die volgende wapen is die bereidheid vir die evangelie as skoene. Hierdie skoene is van leer gemaak, die tone oop, met swaar en stewige sole en gebind om die enkels en voete. Die soldaat kon ver stap en vasstaan in 'n geveg. Dit is vir ons die bereidheid om die evangelie ons eie te maak en te verkondig. Die evangelie se inhoud is vrede, want Christus is ons Vrede. Met hierdie wapen kan ons vrees en onsekerheid in moeilike tye beveg.

*Sing: Skrifberyming 14-3:2*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 30 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 6:16-17**

### Trek geloof, verlossing en die Woord van God as wapenrusting aan

Trek die geloof as skild aan, want die skild was baie groot en is vir beskerming teen die pyle van die vyand gebruik. Die skild het die hele liggaam bedek en was aan die buitekant met vel oorgetrek en natgemaak om die pyle van vuur te kan keer, wat ’n vleis- of brandwond kon veroorsaak. Satan se pyle kon wees: ongehoorsaamheid, onbeheerste drange en vrese – en geloof kan dit keer. Geloof is absolute vertroue dat God ons hele lewe beheer en dat Hy ons in Christus beskerm en vashou wanneer die pyle op ons afgeskiet word.

Die helm was ’n beskerming van sterk metaal wat die kop van die soldaat beskerm. Dit is ’n helm van verlossing, want ons het reeds verlossing ontvang en sal dit ten volle ontvang, en dit hou in vergewing van sonde, bevryding van die heerskappy van sonde en dood en die deel wees van God se huisgesin. Hierdie totale verlossing beskerm die kop, die lewe en denke van die gelowige.

En dan die aanvalswapen: die swaard van die Gees is die Woord van God. Dit was ’n kort swaard wat veral vir ’n man-teen-man-geveg geskik was. Die Woord is hier sowel die geopenbaarde Woord in die Bybel as die gelowige se persoonlike getuienis. Soos Christus die duiwel met die Woord in die woestyn weerstaan het, moet ons die swaard gebruik, want die getuienis van gelowiges wat getrou is aan die Woord, het groot krag. Gelowiges kan nie een deel van die wapenrusting verwaarloos nie.

*Sing: Skrifberyming 14-3:3*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 31 Oktober (Hervormingsdag)**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs**

### Voortdurende gebed gee energie vir die stryd van die gelowige

Hervorming beteken terug na die Woord van God, en om die Woord te kan hoor en toe te pas, is gebed onontbeerlik. Gebed was die manne wat voorgeloop het in die 16de-eeuse Reformasie se krag om teen ’n magtige stroom in te gaan en die energie om Skrifbeginsels vir die gelowiges en die kerk en die samelewing neer te lê. Deur gebed om die leiding van die Gees kon hulle met krag en vrymoedigheid die suiwer evangelie verkondig.

Gebed is die energie om die wapenrusting wat God gee, te kan gebruik. Ons bid omdat ons weet hoe afhanklik ons is van God, en die Heilige Gees inspireer en begelei ons gebede. Die Gees gee ons wysheid in die stryd teen die bose magte, veral in die gebruikmaking van die Woord. Omdat ons as gelowiges God se huisgesin is, het alle gelowiges (heiliges) gebedsondersteuning nodig. Ons moet bid dat al die gelowiges staande moet bly en die wederkoms van Christus aktief moet verwag.

Ons moet bid vir die predikers van die evangelie dat die Here hulle vrymoedigheid sal gee om die Woord suiwer en volgens die eis van omstandighede te bring. Paulus is nede-
~~~~~~~~~~

rig genoeg om te vra dat gelowiges ook vir hom sal bid. Die prediker is ’n ambassadeur van Christus en kan die Woord met Christus se gesag oordra na die hoorders. Teen die gebed is die bose magte magteloos, want die gebed vir onsself, vir al die gelowiges en vir die predikers van die evangelie gee energie en krag in elke omstandigheid.

*Sing: Skrifberyming 14-3:4*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*




***HAGGAI***

*Haggai beskryf 'n reeks preke wat die gelyknamige profeet in die tweede regeringsjaar van koning Darius aan die oorblyfsels van Juda wat uit ballingskap na Jerusalem teruggekeer het, gebring het. Die inhoud van hierdie prediking is bemoediging, opskerping en belofte. Die volk moes bemoedig word, want die volk het fisies en ekonomies swaar gekry in die nuwe (ou) land waarin hulle nou moes bly. Hulle het verskeie rampe beleef, en deur landbou en handel kon hulle beswaarlik 'n bestaan maak, wat nog te sê rykdom opbou. Daar was groot ontnugtering onder die volk, wat sou kon dink dat hulle vrylating uit ballingskap en terugkeer na hulle land 'n nuwe, goue tydperk sou inlui. Waar hulle eers oorvloedige blydskap ervaar het, was hulle nou bedruk. Die volk moes ook opgeskerp word, want hulle het baie vinnig selfgesentreerd en selfsugtig geword, en in hulle daaglikse handel en wandel van die Here vergeet. Hulle het eerder probeer sorg dat hulle lewens gemaklik en gerieflik is. Die groot aanklag teen die volk was dat hulle troueloos teenoor die Here opgetree het, en heeltemal nagelaat het om die tempel, wat sedert die verwoesting van Jerusalem in puin gelê het, te herbou. Die tempel wat in wanorde lê, is 'n simbool van die volk se ontrou. Daarom moet die volk opnuut getrou teenoor die Here optree, en hulle nuutgevonde getrouheid sal versinnebeeld word deur die ywer waarmee hulle die bouwerk aanpak. Wanneer die tempel herbou is, sal dit weer die simbool van God wees wat tussen sy volk woon. Laastens moes die volk ook vertroos word. Die Here het aan hulle verkondig dat Hy met hulle is, en dat Hy hulle en hulle leiers sal lei en bewaar. Die Here sal die tempel met nuwe heil en betekenis vul. Die oorblyfsel wat in Jerusalem bly, sal deur die genade van die Here bly voortbestaan, ter wille van die een wat 'n nakomeling van Serubbabel sal wees.*

***SAGARIA***

*Net soos in die boek Haggai, word die volk opgeroep om van hulle ontroue dade te bekeer, maar hulle word ook bemoedig in die moeilike tye wat hulle ervaar. Sagaria het rofweg in dieselfde tyd as Haggai opgetree onder die volk wat na ballingskap in Babel teruggekeer het. Die Here openbaar deur Sagaria aan die volk dat die herstel van Jerusalem verseker is, en dat die tempel van die Here weer sal staan. Die Here sal in die midde van sy volk kom woon. Hy sal sy volk red en sy vyande vernietig. Hy sal ook sy verbond opnuut bevestig. Aan die Here se heerskappy oor alles sal daar geen twyfel wees nie. Die volk word ook opgeroep tot berou van hulle sonde. Die Here self sal sorg dat hierdie berou eg sal wees, en Hy sal sy kinders self van hulle sonde reinig. Hierin moet die volk hulle vertroue volkome stel, en glo dat die toekoms van God se koninkryk, waarin hulle deel het deur sy Kneg wat sal kom, verseker is. In Hom word die oordeel oor alle onreg in die wêreld finaal voltrek.*

**Donderdag 1 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 1:1-15**
**Fokusgedeelte: Haggai 1:1-6**

### Maak seker dat jou prioriteite reg is!

Toe iemand by geleentheid aan ’n gelowige fietswinkel-eienaar gevra het wat hy nou eintlik op aarde doen, het hy geantwoord: “Ek neem deel aan ’n wedloop wat voor die troon van God moet eindig, maar op pad daarheen maak ek ook ’n paar fietse heel.”

In hierdie mooi antwoord word die saak van prioriteite duidelik aan die orde gestel. Dus: Wat staan voorop in jou lewe, en wat kom agterná?

Die profeet Haggai skilder vir ons ’n somber toneel van teenstrydighede. Dit blyk dat die mense van Juda ’n groot probleem met hulle prioriteite gehad het. Hulle was ’n geruime tyd reeds terug uit die Babiloniese ballingskap. Soveel so dat hulle eie “pragtige huise” reeds grootliks herbou was. Net maar: Terwyl hulle sélf luuks gewoon het, het die tempel … die *Here* se huis … nog in puin gelê!

Dink daaraan dat die tempel alles te make gehad het met die verbond wat God met sy volk opgerig het. Dit was die sigbare simbool van die feit dat die God van die verbond in die midde van sy volk gewoon het! Toe die tempel dus vernietig is, is die verbond daarmee saam verbreek en die voortsetting van die Ou-Testamentiese Koninkryk is opgehef.

Indien die volk die verbond wou herstel, spreek dit vanself dat die herbouing van die tempel hulle hoogste prioriteit moes wees! Dit gebeur egter nie. Hulle *eie*, selfsugtige belange kry voorrang, en daarom loop alles verder skeef. Die volk bring eintlik ’n dubbele straf oor hulleself: enersyds is die oeste teleurstellend klein, en andersyds kan hulle ook niks geniet van dít wat hulle wel gehad het nie.

Maak seker dat jy God se eer voorop in jou lewe stel. Dan … so het Jesus dit ook in sy Bergrede bevestig … gee Hy vir jou al die ander dinge in jou slaap!

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 2 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 1:1-11**
**Fokusgedeelte: Haggai 1:7-11**

### ’n Versteurde verhouding met God het verreikende gevolge

In hierdie gedeelte van Haggai se profesie tree die Here as gespreksgenoot sterk na vore. Die tempel lê steeds in puin. Daarom roep die Here die volk op om dringend na hulle eie omstandighede te kyk. Waarom gebeur daar met hulle wat gebeur? Waarom verwag hulle groot oeste terwyl net karige oeste realiseer?

Let fyn op die direkte manier waarop die Here sy ongehoorsame volk hier op die tweede persoon (“julle”) aanspreek. Teenoor mense wat droogtes en mislukte oeste maar net aan “toevallige” weerpatrone toeskryf, stel die Here dit dat daar ’n duidelike verband is tussen wat mense *doen* en wat Hy hulle laat *ervaar*. “Dit is oor *julle* dat die hemel sy reën en die
~~~~~~~~~~

aarde sy opbrengs teruggehou het” (:10). Mense se hardnekkige ongehoorsaamheid het inderdaad die potensiaal om die wolkehemel spreekwoordelik in brons te verander!

In hierdie geval is dit wéér die ywer vir die eie huise en die gebrekkige ywer vir die *Here* se huis wat die oorsaak van die droogte en karige oeste is. Twee byna eendersklinkende Hebreeuse woorde word gebruik om die wet van vergelding duidelik te illustreer: omdat die Jode die huis van die Here *chárebh* (in puin) gelaat het, is hulle gestraf met *chôrebh* (droogte). Die oplossing van die probleem word ook gegee: Die volk moet hulle bekeer. Hulle moet eerste dinge eerste doen en die tempel herbou sodat God sy eer kan ontvang en hulle weer in die seën van sy teenwoordigheid kan deel! In Christus is die pad van bekering, terug na die Vader toe, vir berouvolle sondaars wyd oopgemaak. Gebruik hierdie pad as jy dalk afgedwaal het … en ontdek opnuut die oorvloed van ’n lewe waarin die Here deur jou eenvoudige, kinderlike gehoorsaamheid geëer word.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 3 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 1:1-15**
**Fokusgedeelte: Haggai 1:12-15**

## Vat die Woord genoegsaam grond in jou lewe?

In hierdie slotgedeelte van Haggai 1 word bevestig wat ook in die slot van Jesus se Bergrede gesê word: Dit is nie die Woord as *sodanig* wat ’n mens in ’n regte verhouding tot God bring nie, maar wel die Woord wat *gedoen* word (vgl. Matt. 7:21-28)! Hier in ons fokusgedeelte lees ons die blye berig dat die Woord wat deur Haggai bedien is, tot positiewe dade gelei het. In die eerste plek is die volk vervul met ontsag vir die Here. In die tweede plek het hulle “die werk aan die huis van hulle God, die Here die Almagtige, aangepak”. Daar het dus inderdaad bekering plaasgevind. Die volk het die pad van die verlore seun gestap en die vreugde van die vaderhuis en hulle herstelde verhouding met God opnuut ervaar! Maak seker dat eenvoudige gehoorsaamheid jou lewe altyd tipeer. Mense wat na jou kyk, moet sien dat dit jou hoogste vreugde (en die stapelvoedsel van jou siel!) is om die eer van God altyd voorop te stel. Dit is iets wat (aanvanklik) ontbreek het in die lewens van die Jode vir wie Haggai gepreek het. Daar was iets van ’n onverklaarbare gespletenheid in hulle optrede: enersyds word God eerbiedig aangespreek as “die Here die Almagtige”, maar andersyds kry sy volk dit reg om die tempel, simbool van sy teenwoordigheid, in puin te laat lê.

Sedert Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees leef jy deurlopend in tempelruimte. Kort voor sy hemelvaart het Jesus op die berg in Galilea vir sy dissipels gesê: “Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” In Galasiërs 2:20 deel Paulus dit met ons dat Christus inderdaad (deur sy Gees) IN hom leef! Dit geld ook vir jou.

Leef daarom só dat Hy wat in jou woon, deurlopend geëer word in die manier waarop die Woord in jou lewe tot dade van gehoorsaamheid oorgaan!

*Sing: Lied 163 (Aanvullende Psalmboek 2012)*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 4 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 2:1-5**
**Fokusgedeelte: Haggai 2:5**

### God is getrou, maar roep ons tot verantwoording

In die geskiedenis van die Ou Testament en die boek van die profete sien ons die terugkeer van God se volk uit ballingskap. Die volk is verheug en vol moed om weer in hulle eie land te kan woon en leef. Iets kort egter in dié blye tyd en vrolikheid.

In al die jare wat die volk reeds terug is op eie bodem, is die tempel van God steeds ’n puinhoop. Die huis van God, waar die teenwoordigheid van God onder die volk gesien kon word, lê as ’n hoop rommel tussen die mooi nuwe huise en welvaart. Die oproep tot die herbou van die huis van God kom dan vanuit die mond van die profeet Haggai, net soos die volk vantevore vermaan was.

16 jaar het verloop vandat hulle terug was in die land Judea en alles is herbou en in weelde gevul, maar die huis van God, die woning van die Here onder die volk, was nie daar nie.

Hoe lyk die huis van God in jou lewe? Is jy soos die volk van ouds ook besig om alles te verfraai en uit te bou in en rondom jou, maar die huis van God is nie daar nie? Dan is hierdie oproep tot volharding in die op- en uitbou van jou geloof ook vir jou vandag. God sê dit in die gelese teks deur die mond van Haggai aan die volk, maar ook aan ons elkeen: “My belofte wat Ek met die uittog uit Egipte aan julle gemaak het, sal Ek nakom: my Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie!”

Hou vas aan God se verbond met jou en bou aan jou geloofstempel in jou hart waar die Gees kan woon en werk. Verheerlik die Here van die verbond in jou geloof en lewe in alles wat jy doen en aanpak, dan sal jy die getrouheid van God ervaar.

Bou God se tempel!

*Sing: Skrifberyming 2-1:4, 5*

*Teologiese Student HM (Herman) Stavast*

~~~~~~~~~~

**Maandag 5 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 2:6-9**
**Fokusgedeelte: Haggai 2:9**

### Die Here die Almagtige sal aan jou vrede gee

Die belofte van vrede word aan die volk van die Here gegee. Die aansporing tot die bou van die tempel lê nog vars in die ore van die volk en steeds staan hulle en wonder of hulle met die bouery gaan begin. Hulle eie huise kom dan nou so mooi aan, en die lewe in die stad en land begin weer soos hulle eie lyk ná die lang jare in ballingskap.

Die Here roep hulle egter tot verantwoording, Hy wil weer onder sy volk kom woon, maar daar is nie vir Hom ’n plek gereedgemaak nie. Dan gee Hy die woorde wat elke mens in sy wese laat skud. God gaan die aarde in sy fondamente laat skud en almal gaan aan Hom eer bewys en skatte na sy tempel bring om Hom te eer. Die verering van God sal
~~~~~~~~~~

groter en meer wees as tevore, want die tempel van God onder die volk sal heerliker wees as ooit tevore.

Hier vind ons die heenwysing na die koms van Christus. Hy wat die wêreld aan sy fondamente gaan skud, wat die wêreld tot orde en verantwoording sal roep. Ons wat die volle openbaring van God in die Nuwe Testament besit, weet dat Jesus deur God gestuur is vir die redding en die herlewing van die mensdom se eer aan God. Hy is die tempel wat heerliker sal wees as enige mens-geboude tempel.

Skroom jy dalk nog om met die bouwerk aan God se tempel in jou hart te begin of dit dalk voort te sit? Laat staan jou eie belange en plaas God heel bo-aan die lys van prioriteite. Aan God sal al die roem en eer gegee word wanneer Hy dit kom opeis van die skepping sodra Christus weer op die wolke terugkeer. God beloof vrede aan sy volk en sy kinders wat aan Hom in eerbied lof bring; hulle wat verlossing van hulle sondige bestaan in Christus bely. Ontvang dan die vrede van die Here die Almagtige in en deur sy Seun, die tempel van God onder sy volk.

*Sing: Psalm 150-1:1, 3*

*Teologiese Student HM (Herman) Stavast*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 6 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 2:10-19**
**Fokusgedeelte: Haggai 2:19**

**Die Here roep sy volk, aan wie Hy genade bewys, tot getroue diens (1)**

Ná die terugkeer uit die ballingskap is die werk aan die heropbou van die tempel aanvanklik met blydskap begin, maar as gevolg van die moeilike omstandighede in die land het dit tot stilstand gekom. Intussen het die Jode eerder vir eie gerief hulle eie huise begin opbou. Hulle eie belange het swaarder geweeg as die Here se belange. Daarom kon hulle geen seën van die Here verwag nie. Die Here het hulle toe met misoeste gestraf.

Deur die prediking van die profeet Haggai het daar ’n wonderbaarlike verandering in hulle harte plaasgevind. Hulle prioriteite het verander en die werk van die Here het weer eerste gekom. Die tempelbouery is hervat en die fondamente van die tempel is op 18 Desember gelê. Op daardie dag het daar vir die Jode ’n nuwe tyd begin, waarin die Here hulle weer geseën het.

Ons is in Jesus Christus egter oneindig ryker geseën as die Jode van die Ou Testament. Op Pinksterdag het ons nou die tempel van God geword, met die Heilige Gees wat in ons woon (1 Kor. 3:16), Jesus Christus as die Hoeksteen en ons die lewende stene in hierdie tempel. Ons is nou geroep tot troue dienswerk in die voortgaande opbou van hierdie tempel. Nooit mag ons vir ’n oomblik ophou in ons ywer en dienswerk aan die Here nie – hoe moeilik omstandighede in ons land en lewe ook al mag wees. Dit is altyd ons eerste prioriteit. Eenmaal sal ons immers ook rekenskap moet gee van hoe ons gebou het (1 Kor. 3:13-15).

*Sing: Psalm 95-1:4*

*Ds. MP (Pieter) Harris (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Woensdag 7 November**

**Skrifgedeelte: Haggai 2:20-23**
**Fokusgedeelte: Haggai 2:23**

### Die Here roep sy volk, aan wie Hy genade bewys, tot getroue diens (2)

Die seëlring was ’n kosbare ring wat uit edelgesteentes en goud bestaan het. Dit het die eienaar se naam of teken daarop gehad, en hy het dit aan sy regterhand gedra. Wanneer hy daarmee ’n merk op briewe of dokumente gemaak het, was dit sy handtekening. Die ring is ook simbolies van die liefde en trou tussen die Here en sy volk.

Serubbabel is dus die Here se gevolmagtigde verteenwoordiger. As nakomeling van Dawid sou hy ook met reg kon aanspraak maak op die troon van Dawid, maar dit kon nooit gebeur nie. Serubbabel het later heeltemal van die toneel verdwyn. Die lyn van die verbond gaan egter voort. Serubbabel word spesifiek in die geslagsregister van ons Here Jesus Christus genoem (Matt. 1:12, 13; Luk. 3:27).

Christus het ons duur gekoop deur sy bloed en ons het ’n ewige liefdesband met Hom, al is Hy nie meer liggaamlik by ons nie. Hy het ons menslike natuur as waarborg by Hom in die hemel, en ons het sy Heilige Gees as waarborg hier op aarde. Aan Hom is alle mag gegee op die aarde en in die hemel (Matt. 28:18). En as Koning roep Hy ons om na al die nasies toe te gaan en die mense sy dissipels te maak (Matt. 28:19, 20). Dit was sy laaste opdrag hier op aarde, net voor sy hemelvaart.

Hierin moet ons altyd getrou wees, en ons mag nooit met hierdie dienswerk ophou nie. Die kerk van die Here moet nie slegs bewaar word nie, dit moet ook vermeerder word.

*Sing: Psalm 45-1:1, 16*

*Ds. MP (Pieter) Harris (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 8 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 1:1-6**
**Fokusgedeelte: Sagaria 1:3, 4**

### Ware bekering verg gehoorsaamheid

Koning Kores laat Sagaria en die volk van die Here toe om van die ballingskap in Babel weer na Jerusalem terug te keer (539 vC). Sowat 50 000 ballinge keer met blye verwagting na Jerusalem terug, want in Jerusalem is die tempel van die Here … daar waar die Here gewoon het en waar Hy deur sy volk gedien is. Maar in die tyd wat hulle weg was in ballingskap, is die tempel van die Here va al sy kosbaarhede gestroop en het dit ’n bouval geword.

Aanvanklik probeer die volk die tempel van die Here herstel, juis om die Here weer in sy woonplek te aanbid. Hulle loop hulle egter vas teen die vyandigheid van sterker volke rondom hulle. Hulle beleef ’n politieke en maatskaplike oorlewingstryd. Misoeste en droogtes mergel hulle uit. Toe hulle hul oë uitvee, was 15 jaar verby … en die woonplek van die Here lê nog net soos hulle dit gelos het.

In teenstelling met die woonplek van die Here het die volk ondertussen vir hulleself
~~~~~~~~~~

sterk huise aanmekaargeslaan, ’n toonbeeld van hulle gesindheid en prioriteite in die lewe.

Die Woord van die Here laat Sagaria die volk van die Here oproep tot bekering. Die teruggekeerdes van God se volk het (soos hulle voorouers) skandelik van die Here vergeet en weer van Hom afgedwaal.

Die Here laat Hom nie op so ’n manier dien nie. Die volk moet eers die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (sy aangesig in sy tempel), anders gaan hulle verlam bly in hulle uitsiglose, sondige toestand.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 9 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 1:7-17**
**Fokusgedeelte: Sagaria 1:14**

### Die Here is hartstogtelik begaan oor sy kinders

Die Here gee vir Sagaria die eerste van agt naggesigte: Hy sien tussen die mirtebome (simbool van die ingang tot die hemel) in ’n diep kloof vier perderuiters wat van die uithoeke van die wêreld af kom. Hulle boodskap is dat die hele wêreld stil en rustig is. Daar gaan niks aan nie.

Dit lyk asof hierdie boodskap nie ooreenkom met die profesie van Haggai (2:20-24) twee maande vantevore nie. Geweldige onrus en opskudding gaan uitbreek voordat die volk ná 70 jaar van ballingskap verlos gaan word (vgl. Jer. 25:11). 67 jaar is verby … en nou lyk dit asof daar niks gebeur nie.

Die engel van die Here wat die boodskap aan Sagaria tolk, weet van hierdie sogenaamde teenstrydige boodskappe. Hy vra die Here hieroor en vind ’n ongelooflike gerusstellende antwoord: Die Here is hartstogtelik begaan oor sy kinders. Hy gaan deur sy toorn optree teen die nasies wat dit vir sy volk so moeilik gemaak het. Soos ’n man wat sy vrou uit opregte liefde beskerm en eer, so maak die Here met sy volk.

Die volk word bemoedig dat die werk aan die tempel voltooi sal word. Bowendien sal die Here weer in sy woonplek gedien word en Jerusalem sal weer opgebou word. Die Here gee aan sy volk weer genade en voorspoed.

Die volk het geen rede gehad om paniekbevange te raak oor wat God belowe het nie. Hy doen altyd al sy beloftes gestand!

Is dit nie hoe ons Hom oor jare leer ken het nie?

*Sing: Psalm 97-1:1, 4*

*Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 10 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 1:18-21**
**Fokusgedeelte: Sagaria 1:20**

### Geen maghebber kan voor God bly staan nie!

Juda word van verskillende kante bedreig. Daar is magtige volke wat Juda, die volk van God, wil vernietig. Sagaria sien in sy tweede naggesig vier horings wat die krag en mag van die sterk, vyandige volke rondom verteenwoordig. Dit lyk na ’n angswekkende gesig met min uitkoms.

Sagaria sien self die vier horings, maar die Here *laat* hom ook iets anders sien: vier ambagsmanne wat opdrag het om die regeerders van die vyandige volke nie net die skrik op die lyf te jaag nie, maar om hulle tot ’n val te bring. Dit is die bevestiging van die eerste naggesig wat die Here gegee het. Hy gaan uit liefde vir sy volk losbreek teen die nasies wat sy volk so verdruk het (Sag. 1:15).

Mense kan hulle soms so vaskyk teen die negatiewe en die bedreigings van die lewe dat die lewe somber en uitsigloos raak. God open die oë, soos Sagaria, om mense te *laat* sien: Daar is ’n heerlike ander kant van die lewe, die groter prentjie van God se liefdevolle sorg en bemoeienis met sy kinders. Al kan ons dit nie altyd met die eerste oogwink sien nie, moet ons weet: Hy doen altyd wat Hy belowe het!

Horings van diere wys hulle krag en mag, maar hulle is magteloos teen ambagsmanne met gereedskap wat hulle kan onthoring! Selfs al word die horings van yster gemaak, die ambagsmanne weet presies hoe om selfs ysterhorings tot niet te maak!

Mense en maghebbers wik, maar God beskik!

*Sing: Psalm 68-1:9*

*Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 11 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 2:1-12**
**Fokusgedeelte: Sagaria 2:5-7**

### Beleef elke dag die magtige teenwoordigheid van die Here

Sagaria profeteer aan ’n gedeelte van die volk wat van die ballingskap af teruggekeer het. Hierdie mense was moedeloos. Daar was min bewys dat die Here se verbond met sy volk herstel gaan word. Selfsugtigheid het die gemeenskap lamgelê.

Die Here stuur twee profete om hulle te lei, omdat hulle so moedeloos was: Nehemia en Sagaria. Deur Sagaria het die Here hulle geestelik versterk. Hy doen dit spesifiek in hierdie teks. Hy wys vir Sagaria deur ’n gesig hoe die toekomstige Jerusalem gaan lyk. Die stad, wat die klein groepie mense besig was om te herbou, gaan in die toekoms só groot wees dat hulle *nie* ’n muur daaromheen sal kan bou nie. So baie mense en diere gaan daarin woon.

Hierdie nuwe Jerusalem is die kerk wat oor die aarde versprei is. Die kerk van die Here oor die eeue sal só groot wees dat dit nie deur ’n muur omring sal kan word nie. Dit sal
~~~~~~~~~~

geen grense hê nie.

In die Bybelse tyd was ’n muur ’n teken van veiligheid. Tog is daar nie ’n muur wat die kerk omring nie. Volgens vers 5 is die Here ons muur.

Soms raak ons soos die ballinge wat nog nie teruggekeer het nie. Ons raak rustig in die wêreld en dink dit is reg om soos die wêreld te leef. Die Here roep jou vandag (:6-7) uit die wêreld om ’n lewende verhouding met Hom te hê en sy magtige teenwoordigheid te beleef. Sy magtige teenwoordigheid omring en beskerm jou deur sy Gees.

*Sing: Psalm 67-1:1-3*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Middelburg Kaap)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 12 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 3:1-10**
**Fokusgedeelte: Sagaria 3:4-5**

## Laat julle geestelik opbou om ’n heilige priesterdom te wees

Sagaria sien in die vierde gesig die hoëpriester Jesua wat voor die Engel van die Here staan. Jesua staan voor die Engel van die Here as verteenwoordiger van die hele volk. Dit was immers die taak van die hoëpriester. Hy het namens die volk offers aan die Here gebring. Nou staan hy ook hier, namens die volk, voor die Engel van die Here.

Hier staan hy om sy taak te verrig. Wat was hierdie taak? Dit was om die Here se Naam groot te maak en om offers aan Hom te bring wat vir Hom goed en aanneemlik is.

Onthou nou, Jesua is die hoëpriester – die verteenwoordiger van die volk by God. Dit is net so goed asof ek en jy daar voor die Engel van die Here staan. Eintlik staan ons elke dag só voor die Here, al besef ons dit nie altyd nie.

In 1 Petrus 2:5 kry ons die opdrag: “Laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.”

Elkeen van ons is priesters wat voor God staan om vir Hom offers te bring. Wat ’n wonderlike voorreg. Jesus het vir ons sondes gesterf en weer ons priesteramp herstel. Deur die werking van die Heilige Gees is selfs die kleinste dingetjie wat jy vandag tot eer van die Here doen, vir Hom ’n mooi offer. Hy maak selfs ons trane deur Christus goed of welgevallig vir ons Vader.

Dien Hom elke dag met oorgawe.

*Sing: Psalm 91-1:1*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Middelburg Kaap)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 13 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 4:1-14**
**Fokusgedeelte: Sagaria 4:6**

### Deur die Gees brand ons vir die Here

Wat staan in jou pad om die Here ten volle te dien?

Deur die profeet Sagaria wys die Here sy volk dat Hy weer sy kandelaar sal laat brand. Dit het natuurlik verwys na die tempel in Jerusalem wat herbou sal word, maar in besonder ook na die Nuwe-Testamentiese kerk. Ons is die pragtige kandelaar wat deur Christus se krag tot eer van die Vader brand. Ons taak is om aanhoudend in hierdie donker wêreld te brand.

Tog is daar ook elke dag figuurlike berge in ons pad wat ons verhinder om hierdie groot taak uit te voer. Ek het nie die nodige talente nie. My finansies bekommer my te veel, ek het nie nog tyd om daaraan te dink nie. Dis nou alreeds die einde van die jaar, volgende jaar sal ek my álles gee.

Christus het aarde toe gekom om al hierdie figuurlike berge plat te maak, sodat jy weer ten volle kandelaar kan wees. Deur die Heilige Gees gee Hy vir jou die nodige gawes om kandelaar te kan wees. Wanneer jy staatmaak op die krag van die Heilige Gees, is Hy die olie wat jou kandelaar die hele dag laat brand.

Fokus daarop om die Here selfs in die klein dingetjies te dien. Soos die Bybel bestudeer, katkisasie bywoon, net ’n vriend bystaan, of vir iemand bid. Moenie hierdie dinge geringskat nie. Daardeur brand jy as kandelaar tot eer van sy Naam.

*Sing: Psalm 45-1:1-2*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Middelburg Kaap)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 14 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 5:1-4**
**Fokusgedeelte: Sagaria 5:1-4**

### Die Here herstel ons verhouding met Hom deur ons sonde te verwoes

Sagaria ontvang die sesde van agt visioene. Dis visioene wat die Israeliete, pas uit die ballingskap terug in ’n verwoeste Jerusalem, moet aanspoor. Ondanks teëspoed moet hulle voortgaan met bouwerk aan die stad en tempel.

In die eerste vyf visioene het ons ’n aantal beloftes gehoor. Die Here beloof telkens om sy volk, die stad en hulle verhouding met Hom te herstel.

Die sesde visioen is anders. Ons hoor nie weer van bouwerk, stadmure en die tempel nie, maar van ’n vlieënde boekrol. Dis oopgerol, almal kan dit lees. Hierdie boekrol wys op die wet van die Here. Volgens vers 3 bring dit ’n vloek waardeur elkeen wat teen Hom gesondig het, verwoes sal word. Die land sal skoongemaak word van alle goddeloosheid.

Hoe pas hierdie “verwoesting” by die “herstel” van die vorige visioene? Die Here herstel *deur* verwoesting heen! ’n Paar eeue later breek die verwoestende oordeel van God by die kruis op Golgota deur. Daar word *ons sonde verwoes* in Christus, tog word *ons verlos*
~~~~~~~~~~

(Kol. 1:22). Deur sy Gees herstel God ons tot kinders om in sy teenwoordigheid te leef.

In Openbaring 20-21 lees ons *weer* van herstel deur verwoesting heen. Dié keer *finale* oordeel met *volkome* herstel! Aan die een kant sal elkeen wat nie in Christus glo nie, die verwoesting van hulle sonde self dra. Aan die ander kant sal gelowiges finaal by God leef as sy volk, en Hy by ons as ons God. Leef daarom as sy kind wat vandag sy herstel verkondig!

*Sing: Psalm 48-1:1, 5*

*Teologiese Student J (Hanno) van Schaik*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 15 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 5:5-11**
**Fokusgedeelte: Sagaria 5:5-11**

### Die Here neem goddeloosheid vir altyd weg van sy volk af

Visioen 7 volg direk op 6: Die Here spreek nie net sy oordeel uit nie, Hy sal dit voltrek. Alle sonde *sal vernietig én weggevat* word.

Eers sien Sagaria ’n graandmandjie. Dit beweeg van hom af weg (1953-vertaling). In vers 7 hoor ons daar is ’n vrou in die mandjie. Vanuit vers 6 is dit duidelik dat sy die volk se goddeloosheid verteenwoordig. Hulle sonde word doelbewus só uitgebeeld – in die Bybel word die stad Babilon, die plek waaruit die volk pas teruggekeer het, dikwels geskets as ’n owerspelige vrou wat mense verlei.

Die volk het teruggekeer na Jerusalem, maar hulle het die sonde en afgodery wat hulle daar in Babilon aangeleer het, saamgebring. Die Here het hulle juis 70 jaar tevore laat wegvoer vanweë afgodery; tog het hulle die vermetelheid om daarmee terug te keer! Hoe sou herstel ooit kom vir sy volk as hulle so in sonde volhard?!

Die opvallende in dié visioen is dat die graanmandjie op pad uit is, terug na “Sinear” (’n ander naam vir die einste Babilon!). In vers 9 verskyn twee vroulike dienaars van die Here. Soos twee sterk ooievaars lig hulle die sonde-mandjie op en vlieg daarmee weg. Die Here verwyder sy volk se sonde onder hulle uit. Hy heilig hulle, soos wat Hyself heilig is!

Worstel u met sonde? God het u sondeskuld in Jesus Christus vernietig. Nou stuur Hy sy Gees om u heilig te maak, sodat u eendag uiteindelik vlekkeloos sal wees – sonder sonde (Op. 7:14). Vra Hóm om u van sonde te heilig.

*Sing: Psalm 34-1:5, 6*

*Teologiese Student J (Hanno) van Schaik*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 16 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 6:1-8**
**Fokusgedeelte: Sagaria 6:5, 8 (1953-vertaling)**

**Die Here se oorwinning ken geen grense nie!**

Raak jy ook soms so geweldig moedeloos? Daar is soveel terugslae, aanslae, beproewinge. Dinge wil nie uitwerk soos wat jy gehoop het nie … Jou geloof raak so dun. Het God my en die kerk dalk vergeet?

Die naam "Sagaria" beteken *Die Here onthou*. Met ander woorde: *Die Here vergeet nie sy beloftes aan sy uitverkorenes nie.* Sagaria was nog 'n jongman toe hy vanuit die ballingskap na Jerusalem teruggekeer het. Die kerklike lewe in Jerusalem wou nie vlot nie. Agt naggesigte is deur hom gesien om die kerkmense op te roep tot bekering en tot die heropbou van die tempel. God wend Hom weer tot die kerk. Sy beloftes of Woorde sál steeds waar word!

Naggesig 1 (1:7-17) en 8 (6:1-8) sluit bymekaar aan. Die eerste vertel van 'n perdekommando wat teleurgesteld terugkom met die bevinding dat die ganse aarde stil is, terwyl daar eintlik beroering onder die volke behoort te gewees het vóórdat die tyd van die Here aanbreek! Maar by die agtste naggesig word daar gepraat van strydwaens wat deur vier verskillend-gekleurde perdepare vanuit God se vesting (of berge) getrek word.

Nóú het God se tyd van beroering uiteindelik aangebreek. Na al vier windrigtings beweeg die strydwaens om die Goddelike boodskap van gerig én heil, van oordeel én seën oor die hele wêreld te bring. God se Gees kom oral tereg! Ook by die goddelose. Wat maak elkeen met hierdie boodskap?

Die Here se oorwinning ken geen grense nie. Klipharte word vleisharte. Wanneer sý Gees iewers teregkom, sluit Hy al die uitverkorenes wêreldwyd se harte oop en versterk hulle met die geloof. Ook joune! Vergelyk die Dordtse Leerreëls 2:5 wat sê dat "élkeen wat glo, nie verlore sal gaan nie". Ook die Heidelbergse Kategismus 21:54 stel dit duidelik dat God uit die ganse menslike geslag sy uitverkorenes versamel. Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis 24 sê dat "hierdie ware geloof deur die Woord en Gees gewerk word".

Jy, kerkmens, vestig jou hoop opnuut op God! Die Here onthou jou! Op sý tyd laat Hy jou deel in hierdie oorwinning.

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 17 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 6:9-15**
**Fokusgedeelte: Sagaria 6:12, 13 (1953-vertaling)**

**Die wáre Priester-Koning sal die kerk bou!**

Sagaria word in hierdie profesie aangesê om die drie pelgrims vanuit die ballingskap se bydraes van silwer en goud te aanvaar. Hiervan moet 'n kroon gemaak word en dit moet op Josua, die hoëpriester, se kop gesit word. Nou is Josua 'n priester-koning wat simbolies
~~~~~~~~~~

na Jesus heenwys. Die name "Josua" (Hebreeus) en "Jesus" (Grieks) beteken dieselfde, naamlik *Die Here red/verlos*.

Aan Josua moet gesê word dat die Een wat "Spruit" of "Loot" genoem word (vgl. Jes. 11:1-10), nuwe groei sal bring soos 'n nuwe takkie wat uit 'n boom uitspruit of groei. Hierdie Spruit sal die ware tempel van die Here bou. Volgens 1 Korintiërs 3:9 is die ware tempel eintlik Gód se mense: "Júlle is die gebou van God." Dis hierdie Priester-Koning wat God se kerk sal bou. 'n Priester offer, en 'n koning heers.

Jesus offer homself om volkome vir al ons sondes te betaal. Jesus heers selfs oor die dood deurdat Hy op die derde dag uit die dood uit opgestaan het. Daar sal dus volkome eenstemmigheid of vrede bestaan tussen hierdie twee ampte van die ware Priester-Koning wat mekaar aanvul.

Die kroon wat Sagaria gemaak het, moet intussen as 'n herinnering in die tempel in Jerusalem gehou word. Volgens vers 14 is dit 'n herinnering aan God se sterkte, goedheid, alwetendheid en vriendelikheid – dit is wat die name Heldai, Tobía, Jedája en Gen (Direkte Vertaling Bybel) beteken.

Die Priester-Koning sal diegene wat ver is, na Hom toe roep (vgl. Hand. 2:39). Hy sal van hulle aktiewe lidmate van die kerk maak. Dán sal hulle weet dat die beloftes van die Here waar is, want Hy onthou altyd sy beloftes!

Luister altyd getrou na die stem van die Here!

*Sing: Psalm 31:13, 15*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 18 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 7:1-14**
**Fokusgedeelte: Sagaria 7:5, 9, 10 (1953-vertaling)**

**Dien die Here met jou hart, hand en verstand!**

Kom jý kerk toe ter wille van die *Here*? Of kom jy kerk toe ter wille daarvan dat jý 'n boodskap moet ontvang? Die kerk moet altyd vir jóú 'n boodskap hê – dis mos waarvoor jý jou duur verdiende bydraes gee! Maak jy nie van die "kerk" 'n afgod nie?

Kom jy Nagmaal toe omdat jý die reg daartoe het en dan moet die Nagmaal hanteer word soos wat jý dit goedvind? Of gaan jy Nagmaalstafel toe omdat jy dankbaar die uitnodiging daartoe aanvaar? (Lees gerus weer die Nagmaalsformulier.) Met ander woorde: Met watter gesindheid gaan jy kerk toe, gee jy jou bydraes, neem jy aan die Nagmaal deel?

Soortgelyke vrae vra die afvaardiging van Bet-el aan die priesters en profete wat diens doen by die huis van die Here: *"Moet ons nog in die vyfde maand huil en vas soos ons nou al jare lank doen?"* (1983-vertaling:3). Met ander woorde: Is dit nog werklik nodig?

Die Here se antwoord was: *Het julle hierdie gevas werklik ter wille van Mý gedoen?* (:5). *Doen julle hierdie vas werklik tot eer van My?* Romeine 14:6-8 sluit hierby aan – *ek moet alles tot eer van die Here doen*! Met ander woorde: Wat is julle ingesteldheid?

Die Here antwoord verder: Om te rou en te huil wanneer julle vas, sal in feesviering verander wanneer julle met julle hand, verstand en hart die Here met liefde dien en in liefde teenoor jou naaste lewe. *Spreek die waarheid, betoon troue liefde en barmhartigheid*
~~~~~~~~~~

*teenoor mekaar. Moenie weerloses, vreemdelinge en armes verdruk en bose planne in julle harte beplan nie. Luister na die Woord. Maak julle harte oop vir die Here!* (:9-12).

Dus: Om geregtigheid en liefde te beoefen met hart, hand en verstand is beter as om te vas! (Vergelyk 1 Korintiërs 13 en Matteus 25:31-46: "Ek het dors gehad en julle het My te drinke gegee …")

*Sing: Psalm 62-1:1-5*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 19 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 8:1-8**
**Fokusgedeelte: Sagaria 8:8**

**"Te wonderbaar" – dis *jóú* siening!**

God wil jou deur sy Gees en Woord nuwe oë gee. Hy wil jou en my vandag heeltemal anders na *"onmoontlik"* leer kyk. In *mense-oë* was dit immers onmoontlik dat daar vir Sagaria se Jerusalem weer vrede en lewensvreugde sou wees.

Stel jou die beeld voor van stadspleine waarop oumense met kieries in hulle hande vreesloos en tevrede ronddwaal en die kinders rondom hulle lewenslustig lag en baljaar! Wel, dis vir jou en my in vandag se Suid-Afrika en óns wêreld van 2018 "te wonderbaar" (1953-vertaling); dis buite al ons raamwerke. Elkeen van ons wat vandag so gewóónd geraak het aan misdaad, moord, onveiligheid, verkragting – selfs van bejaardes – wil soos destyds skepties uitroep: "Ag nee! Hou tog op met hierdie pypdrome van wat God kan doen! Dit klink soos al die *fopnuus* waarvan ons wêreld so vol is!"

Hoor ek jou rég … in jou wanhoopsituasie? Bid dan dat God jou weer deurdrenk met die *Beste Nuus* wat daar is: "As iets vir jóú onmoontlik is, is dit dan óók vir MY onmoontlik?" In hierdie woord "wonderbaar" ruis talle Skrif-akkoorde mee, die duidelikste miskien uit Jesaja 9:5 – "Hy sal genoem word: *Wonderbaar* …"

Die menslik-onmoontlike om uit die kloue van ons "laaste vyand", die *doodsmag*, uit te kom, is deur Wonderbaar, Raadsman, Sterkte God … *omgekeer*: "Dit was immers vir die dood ONMOONTLIK om Hóm gevange te hou" (Hand. 2:24).

*Sing: Psalm 105-1:3*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 20 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 8:9-16**
**Fokusgedeelte: Sagaria 8:13**

### Word jóú naam in seënwense gebruik?

Dit laat mens nogal huiwer, nie waar nie? Om hierdie belofte te hoor wat die Here aan sy verlostes gee: "… en nou sal julle name gebruik word in seënwense"! Jy en ek wil-wil uitroep: "*My* naam in 'n seënwens … hoe is dit moontlik?"

Maar *dít* is nou juis een van die "onmoontlike" dinge wat vir God, die Lewende God, moontlik is (soos hierdie hoofstuk vroeër aangedui het). *Hy kán* dit werklik – ook in jou en my lewe vandag – doen: óns lewe wat vir onsself én vir ander dalk 'n "vloek-lewe" geword het, só verander dat dit seën-uitstralend word. *Hy kán* jou en my lewe só seën-uitstromend maak soos Efraim en Manasse s'n: "Die Israeliete sal mekaar seën met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en Manasse" (Gen. 48:20).

Moenie dink dat hierdie wonderbare seënwense waarmee ander mekaar seën, 'n soort bo-wêreldse glans is wat "salig" om ons lewe hang nie. Weet jy waarna verwys dit éérder? Dit verwys in die eerste plek – so sê ons teks – na die troue Verbondsgod wat ons van ons selfsug, ongehoorsaamheid en ongevoeligheid vir die nood van die weerloses en verdruktes in ons samelewing *bevry* het (7:9, 10). Hy het ons vrygemaak van ons hebsug "wat van 'n pragtige land 'n verwoeste wêreld gemaak het" (7:14).

Word jou naam só in seënwense gebruik? Dán oorvloei die "volle seën *van Christus*" jou (Rom. 15:29) …

*Sing: Psalm 126-1:1*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 21 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 9:9-19**
**Fokusgedeelte: Sagaria 9:9**

### Jubel en juig, want die Koning het gekom

Die teruggekeerde ballinge, soos ons ook dikwels, is teleurgesteld met hulle omstandighede. Tog kom die oproep: Jubel! Juig! Die Koning kom! Hy is

*Regverdig!* – Hierdie woord beteken meer as om net 'n goeie regter te wees. Regverdiges kan voor God, die ware Regter, in 'n nuwe verhouding bestaan. Die Koning sal sy volk teruglei tot in 'n herstelde band met die Here.

*Oorwinnaar!* – Hy sal vir sy volk verlossing bring van al die vyande wat hulle omring.

*Nederig!* – Dié eienskap klink nie so tipies koninklik nie, maar hierdie Koning is 'n Dienaar. Hy kom vir mense in nood – kleintjies, armes, verworpenes, eensames, treurendes en sondaars.

Dat Sagaria beklemtoon Hy ry op 'n donkie wys nie soseer op sy nederigheid nie. In daardie tyd was die hingsvul van 'n donkie 'n koninklike rydier. Jesus gee egter op Palmsondag die volle betekenis aan die woorde van Sagaria. Hy ry Jerusalem binne op 'n
~~~~~~~~~~

donkie in plaas van ’n Romeinse strydwa. Hy is die nederige Messiaskoning vir wie Hosanna’s weerklink.

Hy lyk nie soos ’n veldheer in sy triomftog nie. Sy oorwinning gebeur deur ’n kruis en ’n oop graf. Hy oorwin nie die Romeine in ’n veldslag nie, maar bevry mense van die mag van die sonde. Hy kom die verhouding met God vir sy onderdane herstel. Hy bestyg sy regterhandstroon en stuur die Gees van Waarheid om ons aan sy weldade te laat deel.

Die Koning het gekom! Hy is groter as soms teleurstellende omstandighede. Hoor die Gees roep: Jubel! Juig!

*Sing: Psalm 24-1:1, 4*

*Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 22 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 10**
**Fokusgedeelte: Sagaria 10:4**

### Die Koning is ’n Hoekklip en ’n Tentpen, en sy volk ’n oorlogsperd

’n Groot deel van Juda se probleme was swak leiers. Hulle het die volk in ellende laat beland, soos skape sonder herders.

Die beloofde Messiaskoning sal kom en die Goeie Herder wees wat sy kudde se lot verander. Hy kyk na die skape en kry hulle innig jammer. Hy gee sy lewe om hulle na ’n lewe in oorvloed te lei; groen weivelde en waters waar rus is.

Om ’n veilige blyplek te verseker, is die Goeie Herder ook ’n Hoekklip en ’n Tentpen. Dié twee beelde wys op wonings met vastigheid. ’n Hoekklip sluit al die ander klippe in ’n huis saam tot ’n stewige, bewoonbare struktuur. ’n Tentpen anker in die grond sodat die seile wyd gespan kan word en oorgenoeg skuiling vir inwoners kan bied.

Telkemale word die hoekklip-beeld in die Nuwe Testament op Jesus toegepas. Hy het mens geword, sy tentwoning opgerig en by ons kom woon. Immanuel. Hy het sy kerk kom vestig en ’n gebou gemaak waarin God deur sy Gees woon. Hy is die belangrikste steen in die gebou, sy kerk, maar ons is almal lewende stene. Jesus gee aan sy kerk vastigheid en eenheid en maak ons bewoonbaar – maar wil ons ook met ’n doel gebruik.

Sagaria sê die Goeie Herder se skape word oorlogsperde. Nie meer ellendige slagoffers nie, maar mede-oorwinnaars met Jesus Christus. Meer as oorwinnaars!

Met die swaard van die Gees, die Woord van God, in die hand word ek en jy verkondigers van die Messiaskoning se oorwinning.

*Sing: Psalm 118-1:1, 11, 14*

*Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 23 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 11:4-17**
**Fokusgedeelte: Sagaria 11:9**

**Volg jou Herder met geloofsvolharding!**

Een van die kenmerke van die profesie van Sagaria is hoe gereeld aankondigings van redding en oordeel mekaar afwissel. In ons gelese gedeelte kondig die Here gerig en straf aan oor sy afvallige volk – die deel van sy volk wat Hom deur hulle ongeloof en ongehoorsaamheid verlaat het. In hoofstuk 13:7-9 hoor ons iets soortgelyks.

Vir seker het hulle herders – hulle konings, profete, priesters en ander leiersfigure – tot hulle geestelike afvalligheid bygedra. Tog het hulleself ook as skape daaraan skuld gehad en nie hulle verantwoordelikhede opgeneem nie. Die Here stuur Sagaria as herder na die skape, sy volk. Hyself tree deur sy profeet soos ’n herder op vir hulle. Sagaria moet twee kieries saamneem, met die name Vriendelikheid en Vereniging. Die volk het egter moeg geword vir Sagaria, en daarmee ook vir die Here se herderskap. Dit sou daartoe lei dat die Here hulle aan hulleself sou oorlaat en so sou sy oordeel en straf hulle tref. Die kieries met die wonderlike name sou stukkend geslaan word.

Hierdie gedeelte stel ons voor die verskriklike werklikheid van die Here se oordeel en straf oor sy afvallige verbondsvolk. So word ons elkeen opnuut gekonfronteer met die vraag: Hoe lyk my verhouding tot die Here wat ook in liefde vir my ’n herder wil wees? Dit moedig ons aan om met ’n opregte en volhardende geloof aan die Here vas te hou.

Die gedeelte wys onder meer heen na dié goeie Herder, ons Here Jesus. Die Herder vir Wie sy volk moeg geword het, vir Wie hulle uitgewerp het en laat kruisig het. Die Herder wat deur Judas verraai is vir 30 silwerstukke. Tog het Hy as goeie Herder sy lewe juis vir sy skape afgelê.

Elkeen wat met geloofsvolharding deur die kragtige werking van die Heilige Gees tot die einde van die lewenspad aan Hom vashou, is vir ewig deel van die kudde van die Here. Dan hoef jy nie die eindoordeel te vrees wanneer ons Here Jesus met sy wederkoms as Opperherder gaan verskyn om oor alle mense te oordeel nie.

*Sing: Psalm 138-1:3, 4*

*Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 24 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 12:1-8**
**Fokusgedeelte: Sagaria 12:5**

**Die krag van die inwoners van die land lê in hulle God, die Here die Almagtige**

Voel dit soms asof ons geliefde land gekaap word? Die regering wat die burgers moet dien, het gewetenlose rowers geword wat hulle eie land plunder. Die landsburgers staan verbysterd en toekyk hoe die ondenkbare gebeur sonder dat reg en geregtigheid geskied. Skelmstreke het ’n deug geword en die vuisvoos samelewing voel magteloos.

Hoop word gevestig op opposisiepartye, op politieke verlossing, terwyl opstand al meer
~~~~~~~~~~

onder die oppervlak broei en plek-plek in sinnelose dade van geweld oorkook. So word die land deur sy eie regeerders beleër en lamgelê.

God se volk, Juda, word bedreig deur die nasies van die aarde. Maar dan spreek God deur sy profeet. Hy herinner sy volk aan Wie Hy is. Hy is die Een wat die *hemelkoepel oopgespan en die aarde op sy fondamente gesit het*. Hy is die Een van die lewe skenk. Oor sy uitspraak kan daar dus geen twyfel wees nie. Sy almag skitter in sy skeppingswerk en sy krag vloei in die are van elke lewende wese.

Sy uitspraak is een van verlossing en beskerming. Daarom sal die leiers weet: "Die krag van die inwoners van *die land* lê in hulle God, die Here die Almagtige."

Aan God se uitspraak kan ons ook vasgryp. Op Hom alleen kan ons vertrou en saam met Hom kan ons 'n toekoms bou. Sy redding is immers in Christus reeds ons deel.

*Sing: Psalm 147-1:1, 2*

*Ds. Dirk Pansegrouw (Hoëveld)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 25 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 12:9-14**
**Fokusgedeelte: Sagaria 12:10**

## Ek bring 'n gees van welwillendheid en van berou

Jesus se kragtige beeld van selfgeregtigheid, soos uitgedruk in die splinter-en-balk-beeld tydens sy Bergrede, bly maar altyd aktueel. Die mens se neiging is om ander se sonde en foute maklik raak te sien en sy eie te ontken.

Dit word amper 'n gewoonte wanneer 'n samelewing daagliks gebombardeer word met die negatiewe. Dan gesels ons lekker saam oor hoe korrup *hulle* is; hoe *hulle* alles verniel en tot niet laat gaan; hoe arrogant *hulle* is. So word die lig van God se geregtigheid, die lig van sy Woord, wat deurdring tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, gerieflik van die donker in my eie hart weggedraai!

Wanneer God Juda verlos en beskerm, tree Hy inderdaad op teen hulle vyande en die nasies wat hulle bedreig. Maar sy liefde en versoening bring ook verandering waar dit die noodsaaklikste is, naamlik in hulle harte. Deur sy Gees bewerk Hy welwillendheid (genade) en berou. Daar word getreur oor die sonde van die verlede. Harte vol ootmoed sal die Here soek en Hom om vergifnis smeek. Daar kom dus deur die Gees se kragtige werking innerlike vernuwing.

Kom ons wees eerlik oor ons eie geestelike toestand. Ook ons het hierdie ingryp van God deur sy Gees nodig. Ons heil lê nie in die vernuwing van die regering, die daarstel van effektiewe dienste of watter omstandighede ons so graag oor kerm nie. Ons heil is in Christus en sy versoening.

Bid daarvoor met 'n ootmoedige hart wat sy eie skuld nie verbloem nie. Dan sal ons kinders 'n toekoms hê!

*Sing: Psalm 139-1:1, 12*

*Ds. Dirk Pansegrouw (Hoëveld)*
~~~~~~~~~~

**Maandag 26 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 13:1-6**
**Fokusgedeelte: Sagaria 13:1**

### Die Heilige Gees reinig u om teen sonde te getuig

Een van die temas wat in Sagaria voorkom, is die reiniging van die gemeenskap. Sagaria tree op in dieselfde tyd as Haggai, ná die terugkeer uit ballingskap. In hoofstuk 3 word die reiniging van die hoëpriester Jesua beskryf. In hoofstuk 13 brei die reiniging uit na die koningshuis van Dawid en al die inwoners van Jerusalem. God reinig eers die leiers en dan die gemeenskap. Aan die einde van hoofstuk 12 is daar opregte berou en word getreur oor hulle sondes en oor die een wat hulle doodgesteek het. Dit kan na Christus verwys.

Wanneer mense opreg hulle sondes voor God bely en daaroor treur, kom daar ’n innerlike vernuwing wat nuwe lewe gee. Op grond van die kruisdood van Christus skenk die Here ’n fontein om almal te reinig van hulle sonde en vuilheid. Dit wys heen na die Heilige Gees wat van binne-uit vernuwe en mense van hulle sonde en van verlossing oortuig. Alle sonde word weggeneem.

Daar word twee voorbeelde genoem: Al die afgode sal verwyder word, en die valse profete sal ophou profeteer en skaam wees oor die sogenaamde gesigte wat hulle gesien het. Selfs so ’n profeet se ouers sal hom nie wil laat lewe nie. God bring ’n totale vernuwing en gee nuwe lewe.

U is geroep om as koning en priester in die koninkryk van God te dien. Getuig daarom vanuit u verlossing teen alle sonde en leef gereinig en heilig saam met God.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 27 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 13:7-9**
**Fokusgedeelte: Sagaria 13:9b**

### Leef in verbondsgemeenskap met die lewende God sodat elke loutering u nader aan Hom bring

Die tema van reiniging word voortgesit. Daar word weereens verwys na die herder, soos telkemale in die boek. Dit is nie die slegte herders (hfst. 11) nie, maar iemand wat na aan die Here is. Die herder word gedood, en dit kan op die kruisdood van Jesus Christus dui. Daar is ’n groot ooreenkoms met Jesaja 52 en 53 se lydende kneg van die Here. Deur sy lyding verlos hy baie. Die skape word uitmekaar gejaag en die Here tree teen hulle op. Tweederdes gaan verlore, maar die res leef in ’n noue verbondsverhouding met God.

Die Here sit die reiniging voort en louter almal. Diegene wat sy liefde raaksien in die louteringsproses, verwerk dit in gemeenskap met Hom en kom gelouterd daar uit. Diegene wat sy liefde nie raaksien nie, en die louteringsproses negatief ervaar, gaan verlore. Dit beteken die mense wat swaarkry en terugslae sien as God wat louter sodat sy beeld
~~~~~~~~~~

duidelik in hulle gesien kan word, leef as vrug daarvan in noue verbondsgemeenskap met Hom. Wie swaarkry en terugslae nie in gemeenskap met Hom verwerk nie, gaan verlore. Diegene wat beproewinge in verbondsgemeenskap met God verwerk, kom gelouterd daardeur. Hulle roep die Here aan en Hy antwoord: Julle is my volk.

Hierdie verloste res sing sy lof en bely: Die Here is ons God. Wat 'n voorreg om deur dié God gevorm te word tot koninkryksdiens.

*Sing: Psalm 118-2:1, 4*

*Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 28 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 14:1-7**
**Fokusgedeelte: Sagaria 14:1-7**

**In dié dag word ons in Christus as buit geneem. Bly dan by Hom!**

Die Heilige Gees het Sagaria geïnspireer (2 Pet. 1:21b) om in beeldende taal te praat oor wat die HERE sal doen op dié dag wat net aan Hom bekend is (Sag. 14:7). Die pleknname wat gebruik word, moet ons nie inperk nie, want die geestelike betekenis daarvan het al reeds in Christus in vervulling begin gaan (Matt. 5:17).

Die aanval wat "al die nasies" (:2) op die HERE se stad/kerk maak, is gewelddadig en wreed. Die helfte gaan verlore (:2). Die HERE laat die nasies wel toe om saam te staan en dit gee Hom die reg om self teen hulle te veg (:3) en sý deel van die buit te neem (:1).

As Hy stelling inneem op "die Olyfberg" reg voor "Jerusalem", dan skeur die "berg" in twee deur sy krag. So maak Hy 'n kloof wat reg op die stad afloop en ander klowe afsluit. Hierdie kloof is God se ontsnaproete vir sy deel van die buit, dié wat nog in die "stad" is (:5). Wat 'n wonderlike beskrywing is dit van die één "ontsnaproete" wat Jesus Christus deur sy versoeningsoffer bewerk het vir dié wat in Hom glo! Deur Hom alléén het God vir ons, sy buit, die uitkoms bewerk.

Die HERE God bring egter ook die "hemelwesens" om die gelowiges by te staan (:5c). By Jesus se geboorte het 'n menigte van hulle in die nag verskyn om te sing van die vrede wat God op aarde bewerk het en van sy welbehae in die mense (Luk. 2:8, 14).

Dink u dat die nag van stryd waarin óns nóú leef, nooit end gaan kry nie? Die HERE sê: "… maar teen die aand sal dit lig word" (:7b, 1953-vertaling). En Paulus beaam dit: "Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem" (Rom. 13:12).

*Sing: Skrifberyming 3-1:1-3*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 29 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 14:8-15**
**Fokusgedeelte: Sagaria 14:8-15**

**In dié dag word ons in Christus geheilig. Laat Hy jou enigste toevlug wees!**

Die voortgaande werk van Jesus Christus word hier beskryf as "'n vars stroom water (wat) uit Jerusalem vloei" (:8). Na alkante word die see van volke daarmee verkwik. Wat ook al die geestelike klimaat mag wees (somer en winter – :8), die Heilige Gees bou voort op die werk van Jesus. Hy ís immers die Seun van God "verhewe bo die hele skepping" (Kol. 1:15b) en ook "hoof van die liggaam, van die kerk" (:18). Sagaria hét reg gehoor: "Die Here sal koning wees oor die hele land. Daardie dag sal die Here die enigste God wees, en sy Naam die enigste Naam" (:9, 1983-vertaling).

Sagaria moes selfs vertel van Jerusalem wat "gelig (sal) word" en "hoog (sal) lê" om 'n veilige woning te bied vir sy inwoners. Dit kan nie die aardse Jerusalem wees nie, want dié wat geestelik nog dáár woon, is steeds slawe van sonde en selfregverdiging teen God se oordeel (Gal. 4:25). "Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder" (Gal. 4:26). So het Christus ons geestelike Jerusalem geword waar ons nie net beveilig word teen die aanvalle van die wêreld nie, maar ook veilig is teen die oordele van God.

Wat behels dit? Al die volke wat teen sy kerk oorlog voer, se vleis, oë en tonge sal wegvrot (:12). Dit wat hulle met groot vertoon gebruik om God se kinders aan te val en te verlei, word deur God se oordeel nutteloos. Uit frustrasie begin hulle mekaar aanval (:13). "Selfs Juda sal teen Jerusalem veg." Moeilik om te verklaar, maar moontlik 'n profesie oor laaste afvalligheid van 'n deel van die kerk ter wille van die goud ensovoorts, wat die wêreld bied (:14b).

As die Heilige Gees jou reeds in Christus beveilig het, bly in Hom en jy sal geen oordeel hoef te vrees nie. As jy dit nog nie ontvang het nie, glo die Woord en gryp die geleentheid aan.

*Sing: Psalm 122-1:1, 2*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 30 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 14:16-21**
**Fokusgedeelte: Sagaria 14:16-21**

**In dié dag sal ons toewyding aan die HERE vir ons altyd fees wees**

Was dit wat in Nehemia se tyd gebeur het, dalk die Heilige Gees se manier om sy tydgenoot Sagaria van 'n groter en heerliker huttefees te laat getuig (:16)? Toe die volk so hartseer was oor hulle sonde, het Nehemia hulle bemoedig: "Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE – dit is julle beskutting" (Neh. 8:11b, 1953-vertaling). Toe hulle die volgende dag hoor van die huttefees wat met blydskap gevier moet word, het hulle dit dadelik gedoen soos nog nooit tevore nie (Neh. 8:18).

Bedoel Sagaria 14:16 dat ons dié dag van die HERE eers sal beleef as almal oorsee
~~~~~~~~~~

gaan na die aardse Jerusalem om daar jaarliks in hutte van blare te woon? En dat ons volk net deur die HERE geseën sal word as ons dit doen (:17)? Erger nog: Dat ons soos Egipte gestraf sal word as ons dit nie doen nie 9:18, 19)? Aggenee tog! As ons een bepaling van die wet moet nakom om die seën van die HERE te ontvang en te keer dat sy rampe ons nie tref nie, wat dan van die ander? Ons seën kom tog nie uit die voorskrifte nie, maar uit hulle vervulling in Christus.

Nehemia, Sagaria en Paulus help ons om by die waarheid uit te kom: Is ek seker dat die blydskap in Christus vir my soos ’n heerlike koel blaredak bokant my kop is? “Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby” (Fil. 4:4, 5; 1953-vertaling). Dís ons voortdurende loofhuttefees in Christus. Ondersoek jouself.

Dit is egter nie al nie. In dié dag gee die HERE ook heel nuwe betekenis aan ons lewe. Op my perd, my motor, my kombuispotte en werkgereedskap, ja selfs op my vakansie, staan geskryf: “Gewy aan die HERE” (:20, 21). In Christus het my hele lewe ’n fees tot eer van God geword.

Glo u dit? Belééf dit dan met blydskap.

*Sing: Psalm 33-2:1, 7*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)*




***DIE ONSE VADER-GEBED***

*Almagtige God!*

*U het vroeër u profete gestuur, maar U wil ook teenswoordig nog elke dag u wil laat verkondig.*

*Verleen ons dan u genade dat ons leer om ons in gehoorsaamheid aan U te onderwerp en met sagmoedigheid u juk te dra.*

*Gee dat u heilige Woord die ware eerbied by ons mag vind en dat ons onsself aan U onderwerp solank as wat U deur die mond van mense tot ons spreek, totdat ons eindelik in die lig van u heerlikheid volkome saligheid ontvang.*

*Dan sal ons u heerlikheid van aangesig tot aangesig aanskou; ja, Uself hoor spreek en in die aanhoor van u stem die salige rus vind waarop ons hoop deur Christus, ons Here. Amen.*

*– Johannes Calvyn (Jeremia 17:20a)*

**Saterdag 1 Desember**

**Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18**
**Fokusgedeelte: Filippense 2:13; Heidelbergse Kategismus 45:116**

**Om dankbaar te kan wees, is genade**

Ons kan hierdie deel van ons Belydenis nie mooi verstaan as ons nie weer teruggaan na Sondag 32 wat die gedeelte oor ons dankbaarheid inlei nie. Die vraag daar is: Waarom doen ons goeie werke as ons net uit genade verlos is? Die meeste mense sal antwoord: Uit dankbaarheid. Ons bely egter meer as dit. In Sondag 32 bely ons dat ons goeie werke doen omdat Christus ons deur sy Gees herskep na sy ewebeeld. ’n Lewe van dankbaarheid is volledig afhanklik van Christus se werk in ons.

Dit word so duidelik bevestig wanneer Paulus die gemeente in vers 12 oproep om gehoorsaam aan die Here te wees, maar dan weer in vers 13 beklemtoon dat dit God is wat in ons werk om volgens sy wil te lewe. Ja, die gemeente kan net vermaan word om gehoorsaam te wees omdat hulle daarin heeltemal afhanklik van die Here is. Christus wat vir ons aan die kruis gesterf het, beweeg ons deur sy Gees om daarvoor dankbaar te wees met ’n gehoorsame lewe.

Worstel jy met jou eie ondankbaarheid? Word jy dikwels moedeloos met jouself? ’n Lewe van dankbaarheid begin in swakheid met gevoude hande op jou knieë. Dankbaarheid begin juis waar ek bely dat ek uit eie krag nooit dankbaar kan wees vir al God se goedheid nie.

Daarom is die gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid, want ons dankbaarheid begin in die erkenning van ons swakheid. Dis die grootste dankbaarheid om alles van God te verwag, om jou hele lewe in Hom te vind, om juis vir jou lewe van dankbaarheid ook volledig op Hom te vertrou.

Hoe groot is die Here se genade nie! Val op jou knieë en verwag alle goeie dinge van Hom, verwag dit ook van Hom dat Hy jou deur sy Gees en Woord sal help om dankbaar te lewe.

*Sing: Psalm 116-1:1, 7, 10*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 2 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 11:1-13**
**Fokusgedeelte: Lukas 11:13; Heidelbergse Kategismus 45:116**

**Die grootste gawe aan die gelowige**

Ons het gister daarna verwys dat ons volledig afhanklik van die Here is om dankbaar te kan lewe. ’n Lewe van dankbaarheid is gewortel in Christus wat ons deur sy Gees na sy ewebeeld herskep. Daarom begin so ’n lewe wanneer ons op ons knieë is, omdat die Heilige Gees juis gegee word aan dié wat bid.

Die Here Jesus leer sy volgelinge eers in Lukas 11 die Onse Vader-gebed. Dan leer Hy hulle direk daarna wat die grootste gawe is waarvoor ’n gelowige ooit kan bid. Hoeveel te
~~~~~~~~~~

meer sal die Vader die Heilige Gees gee aan dié wat Hom vra? Dit gaan hier natuurlik nie om die inwoning van die Gees nie. Die Heilige Gees woon reeds in God se kinders. Gelowiges vra om al hoe meer en meer onder die heerskappy van die Gees van God te leef. Anders gesê: Ons bid om met die Heilige Gees vervul te word.

Die werkwoord wat in vers 11 vir *bid* gebruik word, kan ons ook met *smeking* vertaal. Die gelowige smeek om die Heilige Gees. Dis 'n ernstige en vurige gebed. Hierdie woord vir *smeking* is 'n deelwoord. Dit dui op 'n voortdurende proses. Ons moet dus smekende wees om die werk van die Heilige Gees in ons.

Die troos is egter: Ons kan dit met groot vrymoedigheid doen. Dis wat die gelykenis van die onbeskaamde vriend ons leer. Dis egter ook die kind wat sy pa skaamteloos vra. In Christus het God ons Vader geword wat vir sy kinders die heel beste gawes wil gee. Bid daarom sonder ophou dat God sy genade en Heilige Gees aan jou sal gee. Waar God sy genade en Heilige Gees gee, kan sy kinders waarlik dankbaar begin lewe.

Bid hierdie gebed met groot vrymoedigheid, want ons Vader sal sy kinders sekerlik verhoor.

*Sing: Psalm 143-1:8, 9*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 3 Desember**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-18**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:5-8; Heidelbergse Kategismus 45:117**

### Bid van harte tot die enige, ware God

In Jakobus 1:6-8 en 4:3 leer die apostel dat daar 'n verkeerde manier is om te bid en dat sulke gebede nie deur die Here verhoor sal word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat ons in die Belydenis 'n opsomming het hoe 'n gebed lyk wat wel vir God aanneemlik is.

Die saak wat ons in hierdie oordenking gaan behandel, is die adres van ons gebed. Wie moet ek in my gebed aanroep en hoe moet ek dit doen?

Wanneer ons bid, moet ons ons gebed rig tot die enige God soos Hy Hom in sy Woord openbaar. Ons gebed word dus nie gerig tot 'n onbekende mag wat iewers in die lug ronddwaal nie. Ons gebede is ook nie skote in die duisternis met die hoop dat iemand dit sal hoor nie. God het ons presies geleer Wie Hy is en waartoe Hy in staat is. Hy is die lewende God wat, in sy Seun Jesus Christus se versoening aan die kruis, vir ons 'n weg tot sy troon bewerk. Jesus die Here bewerk vir ons 'n weg tot sy eie Vader. Daarom leer ons ook om Hom as Vader in ons gebede aan te roep, want ons ken Hom en Hy ken ons.

Ons gebede moet natuurlik ook "hartlik" wees. Dit beteken dat ons nie 'n rympie herhaal wat ons sonder eerbied en opregtheid elke dag opsê nie, maar soos Christus met diep konsentrasie wat bloedsweet uit ons tap, vanuit ons harte tot Hom moet spreek. So sal God ons ook as sy kinders met groot liefde aanhoor en soos Christus dit beloof, in sy Naam verhoor. Ons roep ons Vader dus met die wete dat ons gelowige gebede sekerlik verhoor sal word.

*Sing: Psalm 150-1:1-3*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*
~~~~~~~~~~

**Dinsdag 4 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14**
**Fokusgedeelte: Lukas 18:14; Heidelbergse Kategismus 45:117**

### Bid ootmoedig voor sy majesteit

Gebed is ’n noodwendige erkenning van afhanklikheid wat beteken dat ’n mens daardeur niks anders doen as om sy onvermoë voor die alvermoënde God te bely nie. Dit sou boonop sinneloos wees om tot God in gebed te tree as die mens niks van Hom nodig gehad het nie, asof die mens God se gelyke in volmaaktheid is.

Die Fariseër in die gelykenis het gedink hy is eintlik volmaak. Hy dank God omdat hy volgens sy gedagtes alles doen wat Hy beveel en daarom nie gelyk is aan die gewone sondaarmens soos die tollenaar nie. Hy is verhef bo ander mense omdat hy volgens homself voor God sy redding en die oor van die Koning verdien. Hy *staan* voor God se aangesig, want ’n volmaakte man hoef mos nie te buig nie.

Die tollenaar ken egter sy nood en ellende grondig. Hy staan met sy oë na onder en slaan desperaat op sy bors met erkenning en smeking: “O God, wees my, sondaar, genadig!” Daar is by hom geen erkenning van sy eie dade of enige poging om homself of sy gebed voor God te regverdig nie. Dit is ’n gebed in afhanklikheid.

Ons leer immers in die Naam van Christus bid, en dit is nie maar sommer net nie. Daarin lê reeds die erkenning van afhanklikheid, omdat ons daarmee stel dat ons sonder sy genade-offer nooit toegang tot die troon van God sou kry nie. Daarvoor is ons te onwaardig. Aangesien Hy ons genadige Middelaar geword het, kan ons, alhoewel steeds ootmoedig, voor God verskyn.

So bid ons ook vir alles met die wete dat ons dit slegs van God kan ontvang. Net soos ons alleenlik en genadiglik in Christus vergifnis vir ons sondes ontvang, ontvang ons ook alles wat ons binne God se wil van Hom smeek.

Bid daarom ootmoedig en afhanklik sodat God alleen die heerlikheid ontvang. God gee Vaderlik aan sy kinders wat Hom afhanklik en om sy ontwil smeek.

*Sing: Psalm 66-1:1, 2, 7, 8, 9*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 5 Desember**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:1-19**
**Fokusgedeelte: Johannes 14:6, 13-14; Heidelbergse Kategismus 45:117**

### In die Naam van Jesus Christus!

Jesus die Here leer ons dat niemand na die Vader kom behalwe deur Hom nie. Dit geld nie bloot net in ons verlossing nie, maar ook in ons gebede. Al gebruik ons al die regte woorde en al kom dit met groot erns uit die hart, beteken dit nog niks as dit nie gebid word in die Naam van ons Middelaar Jesus Christus nie. Op ons eie kan ons dus nie voor God intree met die hoop dat Hy ons verhoor nie.

Die rede hiervoor is omdat ons weens die sonde nie enige reg het om iets van God te
~~~~~~~~~~

vra nie. Net soveel as wat die verlossing van Christus waaraan ons in die geloof deel kry, genade is, so is alles wat ons van God vra ook net ’n smeekgebed wat op sy genade hoop. Ons bid in die Naam van Christus omdat Hy ook vir ons gebede voor die Vader vir ons intree. Ons bid dit in sy Naam omdat Hy ons gebed voor God heilig.

Dit beteken dat ons gebede, so seker as wat ons sondes in Christus betaal is, deur God in die Naam van sy Seun verhoor word. Die wonderlike troos hierin is dat ons Middelaar Jesus Christus, soos Hebreërs ons leer, ons Hoëpriester geword het. Hy het medelye met ons omdat Hy alles wat ons deurgaan, in soveel groter mate verduur het. Daarom weet ons dat God in Christus ons gebede sal verhoor, sodat dit vir ons nog beter gegee sal word as wat ons dit gevra het. God gee dus nie om ons wil te bevredig nie. Hy gee ter wille van sy Seun en tot ons beswil.

Onthou in die gebed Christus se belofte: “As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

*Sing: Psalm 33-1:1, 2, 11*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 6 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:20; Heidelbergse Kategismus 45:118**

### Ons Eienaar versorg ons na liggaam en siel

Die apostel Paulus skryf aan die gemeente in die stad Korinte om baie verkeerdhede wat in die gemeente geheers het, reg te stel. In hierdie gedeelte blyk dit dat daar mense was wat die liggaam as minderwaardig beskou het. Hulle het selfs sover gegaan om te sê dat die liggaam eintlik net ’n gebruiksartikel is. Daarom kan jy met jou liggaam maak wat jy wil. Jy kan selfs owerspel pleeg, want die liggaam is bowendien nie veel werd nie.

Die Bybel ken hierdie manier van dink natuurlik glad nie. Die mens is as ’n eenheid geskape en daarom is ons liggame ontsaglik belangrik. Paulus herinner die gemeente dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is. Dis God se woonplek op aarde. Ons moet die Almagtige met liggaam en gees verheerlik. Trouens, as ’n mens Romeine 12:1 lees, dan besef ’n mens dat ons liggame gekry het om aan God ’n aanneemlike offer te kan bring.

Dit kan net gebeur omdat ons duur gekoop is met die bloed van Christus. Ons behoort met liggaam en gees aan God, sê vers 20. Kan jy die troos van Sondag 1 hierin hoor? Ons behoort met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, aan ons getroue Verlosser! Daarom het die Here ons geleer om te bid vir al ons geestelike en liggaamlike behoeftes, want ons behoort aan Hom met siel en liggaam. Nou moet ons Hom ook verheerlik met siel en liggaam.

Ons bid vir alle geestelike en liggaamlike behoeftes sodat die Almagtige in ons verheerlik kan word. Ons bid dit, want ons Here het ons so geleer. Watter behoeftes het jy nie alles nie? Geestelik en liggaamlik? Gaan lê dit met die grootste vrymoedigheid voor die troon terwyl jy sy eer en sy heerlikheid in alles voor oë hou.

*Sing: Psalm 145-1:9-11*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)*
~~~~~~~~~~

**Vrydag 7 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:12-17**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:15-17; Matteus 6:9; Heidelbergse Kategismus 46:120**

### Die rykdom van die gebed

Die woord "Vader" vir God kom in die Ou Testament slegs 15 keer voor. In die Nuwe Testament is dit heeltemal anders. Slegs in die vier Evangelies gebruik ons Here Jesus die woord "Vader" 170 keer. Wat verder opval, is dat ons nêrens in die Ou Testament lees dat God as Vader in die gebed aangespreek word nie. Daarteenoor lees ons in die vier Evangelies dat Jesus in sy gebede tot God as *Vader* bid. Wat die bid tot God as *Vader* nog ryker maak, is dat Jesus ons leer om self God as *Vader* in ons gebede aan te spreek. Dit is die rykdom van die gebed.

Wanneer ons verder in Romeine 8:15 lees dat ons God kan aanspreek as *Abba*, staan ons verstom. Die woord "abba" is die Aramese woord vir "pappa". Ons kan deur Jesus Christus in 'n besonder intieme verhouding met ons Hemelse Vader staan, so intiem as wat 'n klein kindjie opkyk en sy/haar vader "pappa" noem.

Hier hou die rykdom van die gebed nie op nie. In die dae van die Nuwe Testament kon aangenome kinders nie op 'n erfporsie aanspraak maak nie. In Christus word die gelowiges aangeneem as kinders van ons Vader deur die Heilige Gees (Rom. 8:15), maar op so 'n wyse dat ons wel sal erf (:17). Daarom kan ons deel kry aan die erfporsie. Ons is erfgename, nie van 'n verganklike aardse erfenis nie, maar ons is erfgename van die ewige lewe.

Onthou hierdie rykdom van die gebed as u weer bid: Ons Vader wat in die hemel is!

*Sing: Skrifberyming 10-1:1, 2*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 8 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:14-30; Galasiërs 4:6**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:15, 26; Matteus 6:9; Heidelbergse Kategismus 46:120**

### Die armoede van die gebed

In die vorige dagstukkie het ons gelees van die rykdom van die gebed. Daar is egter 'n ander kant, naamlik die armoede van die gebed. Die armoede bestaan daarin dat ons gebede eintlik 'n *roep* tot God is.

Dit is opvallend dat daar in Romeine 8:15 nie "sê" of "bid" staan nie, maar *roep*. Die woordjie "roep" in Romeine 8:15 en Galasiërs 4:6 het 'n Ou-Testamentiese agtergrond. Ons lees telkens dat Israel tot die Here roep (Eks. 22:23; Rigt. 3:9; Ps. 22:6, 1953-vertaling). Wat beteken dit?

Roep veronderstel 'n noodsituasie. Ons gebede is eintlik 'n roep. Ons roep vanuit 'n onvolmaakte wêreld. Die gebed as *roep* teken die nood waarin die gelowige staan.

Verder teken Romeine 8:26 die armoede van die gebed deur te stel dat die Gees ons in ons swakheid (enkelvoud) moet help. Ons swakheid is so erg dat ons nie weet wat om te
~~~~~~~~~~

bid nie. By die gelowige is daar ’n groot onvermoë om te bid. Swakheid dui dus op iets tiperend van die gelowige vir solank hy nog in hierdie bedeling van skuld en gebrokenheid lewe. Uit hierdie swakheid kom die armoede en hulpeloosheid van die gelowige in ons gebede na vore. Daarom is ons gebed eintlik ’n roep vanuit ons swakheid en nood.

Die troos vir elke gelowige in Jesus Christus is egter: Al is die onvermoë om te bid so radikaal, tree die Heilige Gees self vir ons op so ’n manier in dat ons gebede ooreenkomstig die wil van God is (:27). Ons mag dus, beter gestel: moet dus, bid.

Armoede? Ja, maar ook rykdom – ons gebede word opgeneem en gesuiwer deur die Gees om dit dan aan ons Hemelse Vader voor te hou. ’n Hemelse Vader in Jesus Christus ons Here, ’n Hemelse Vader wat weet wat ons nodig het en wat vir sy kinders sorg.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 9 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:1-15**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:9; Matteus 6:9; Heidelbergse Kategismus 46:120**

### Die verrassing van die eerste woord in die “Onse Vader”

Ons is geneig om te versamel en elkeen vir homself materiële dinge bymekaar te maak soveel as wat ons kan. Ons word van kleinsaf geleer om vir die toekoms voorsiening te maak. Hierdie manier van doen is op sigself nie verkeerd nie, maar lei in baie gevalle tot ’n oormatige selfgerigtheid.

In die grondwet van die Koninkryk van God (die Bergrede) vind ons ’n ander stel beginsels, veral as Christus ons leer hoe om te bid. Die geheim van die ware gebed is dat ek my van myself kan losmaak, losmaak van die eie-ek, en dat ek bo myself kan uitstyg. Dit is die groot verrassing wat Jesus ons met die eerste woord, “ons”, in die volmaakte gebed, die “Onse Vader”, leer.

Die voorbeelde van die Fariseërs se gebede was dat dit rondom hulleself gedraai het. Hulle wou God oortuig hoe goed en wonderlik hulle Hom dien. In die “Onse Vader” breek die ware gebed deur die sirkel van my selfdink en my selfgesentreerdheid.

Hierdie gedagte neem ons nog verder. Ons kan nie God vir onsself annekseer nie. Hy is nie my eiendom nie, ons is sy eiendom. Hy het ons gekoop, losgekoop deur Jesus Christus. Hy is nie net my God nie, maar ons God en ons Vader. Eers wanneer ek dit besef, kry ek skaam dat ek so min sy Naam verkondig aan ander mense, so min oor Hom getuig. Ek moet Hom met ander mense deel. Ek mag Hom nie vir myself hou nie. Dit gaan nie oor *my* en *ek* nie, maar oor *ons* wat Hom elke dag moet verheerlik.

Met wie gaan u vandag hierdie evangelie (blye boodskap) deel?

*Sing: Psalm 138-1:1*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 10 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 25:1-12**
**Fokusgedeelte: Psalm 25:3, 5; Heidelbergse Kategismus 46:121**

## Laat die Almagtige jou verwagting wees

Ons Vader is en bly God, die Ewige, die Almagtige, die Heilige, die Skepper. Moet Hom nie ’n verkleinwoordjie maak nie. Ons mag nie aards oor sy hemelse majesteit dink nie, so bely ons. Hierin gee Christus vir ons wonderlike troos. Ons Vader is die Almagtige. Hy wil nie net nie, Hy kan alles wat ons vir liggaam en siel nodig het, gee. Kan u weer Vraag en Antwoord 118 hierin hoor? Dat ons alle geestelike en liggaamlike behoeftes voor Hom moet lê?

Ons bely dat ons dit alles van sy almag kan verwag omdat ons Vader in die hemel is. “Verwag” is so ’n mooi woord. Ons lees dit veral in die Psalms, dat die gelowiges die Here verwag het en dat hulle hele verwagting op Hom gerig was. “Verwag” beteken om op die Here te vertrou. Hierdie vertroue het veral te make met ’n uitsien na iets wat nog nie gebeur het nie. Dit het met uitkoms te make, met die beantwoording van gebede.

In ons verwagting lê daar dus hoop opgesluit. Dawid bid in Psalm 25 dat die Here hom tog nie in die skande sal laat kom nie, want hy vertrou op Hom. Dan skryf hy verder onder leiding van die Heilige Gees dat die gelowiges wat die Here verwag, nooit in die skande sal kom nie. Gelowiges wie se hele verwagting op die Here rus, sal nie skaam gemaak word nie. Nooit nie!

Ja, soms moet ons langer wag as wat ons voel dit vir ons moontlik is, maar dit verander niks aan hierdie belofte nie. As jy God jou verwagting gemaak het, sal jy nie beskaam word nie. In Christus is ons grootste skande weggeneem – ons sonde. In Christus het die Almagtige ons Vader in die hemel geword. Daarom kan jy en daarom moet jy alles wat jy vir liggaam en siel nodig het, biddend van Hom verwag.

*Sing: Psalm 25-1:1, 2*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 11 Desember**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:15-20**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 4:20; Heidelbergse Kategismus 47:122**

## “Laat u Naam geheilig word …” – Ek wil die Here ken vir Wie Hy regtig is

Enige goeie verhouding is ’n oop verhouding gebaseer op die waarheid. Dit is ’n verhouding waarin partye mekaar ken en aanvaar vir wie hulle is.

In ons verhouding met die Here wil ons Hom ken vir Wie Hy is. Ons wil Hom ken soos Hy Homself aan ons bekendmaak. Wanneer mense hulle eie beeld van Hom maak, dan verwerp hulle Hom. En soos ons almal weet, maak verwerping baie seer. Verwerping is nie liefde nie.

Aan die begin van ons gebed spreek ons hierdie hartsbegeerte uit. Ons wil nie ’n eie afgod maak nie. Ons wil in ’n liefdevolle verhouding met die Here staan. ’n Liefdevolle
~~~~~~~~~~

verhouding is ’n verhouding gebou op die waarheid. En daarom wil ons Hom ken vir Wie Hy regtig is, en nie soos ons dink Hy is nie.

Dit is waarom die lees van ons Bybel so lewensbelangrik vir ons is. In die Bybel sê Hy vir ons Wie Hy is. ’n Mens kan ook jou Bybel lees sonder die Heilige Gees, en dan gaan jy steeds nie weet dat God Een in Wese en onderskeie in drie Persone is nie. Dit is nie net ons Here Jesus wat ware God is nie, maar ook sy Vader en sy Heilige Gees. Saam is hulle die een ware God wat ons wil ken en met Wie ons in ’n verhouding wil lewe.

Die ware gelowige kan daaraan vashou dat Hy nie sy verbondsverhouding met ons wil breek nie. Hy wil vir ons ’n God wees, maar Hy wil ook hê dat ons Hom moet liefhê. Ons kan ons liefde vir Hom wys deur ons gehoorsaamheid aan Hom. En deel van ons gehoorsaamheid is om Hom te ken in waarheid en Hom lief te hê vir Wie Hy is. Dit behoort so te wees dat hoe meer ons Hom ken, hoe meer kan ons Hom liefhê.

*Sing: Psalm 18-1:1*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 12 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 29**
**Fokusgedeelte: Psalm 29:2; Heidelbergse Kategismus 47:122**

### “Laat u Naam geheilig word …” – Ons bid dat die Here geëer en geprys mag word

Die Here en sy Naam is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die Here is heilig en daarom is sy Naam ook heilig. Hy kan nie meer heilig word as wat Hy is nie.

Ons is nie altyd so seker wat die woord “heilig” beteken nie. Miskien kan die voorbeeld van die son ons help om iets van sy heiligheid te verstaan. Die son maak alle lewe op die aarde moontlik. Dit is eintlik die son se energie. Ons sal daarom sê dat die son goed is, maar die son kan ook baie gevaarlik wees. Enigiemand wat met die blote oog in die son kyk, kan permanente skade aan die oë opdoen. En sou iemand ooit te naby aan die son kom, sal die goeie son se energie net te veel wees en sal dit die persoon vernietig. Die son is dus in ons sonnestelsel goed en uniek.

Net so, wanneer ons van die Here in die Bybel lees as heilig, dan lees ons van sy goedheid. Sy goedheid is nie net dat Hy geen sonde het nie, maar ook dat Hy volkome uniek is. Sy goedheid is wonderlik uniek, onvergelykbaar. Dit is sy goedheid wat ons lewe moontlik maak. Ons hemelse Vader versorg ons elke dag. Die Seun reinig ons daagliks en tree vir ons in by ons hemelse Vader. Die Heilige Gees woon nie net in ons nie, maar Hy heilig ons. Ons is nie heilig nie, ons moet geheilig word – en sy goedheid is dat Hy ons heilig om sy Naam te kan verheerlik. So laat Hy ook sy heiligende helderheid op die lewe van die mens val. Sy heiligheid verteer die onheilige, maar dit red die geheiligde.

As Christen is sy Naam aan ons verbind. En omdat ons Hom liefhet, wil ons sy Naam goed doen in ons daaglikse lewe. Ons wil heilig of anders wees ter wille van Hom. Daarom bid ons dat sy Naam geëer en geprys mag word. Ons bid eintlik dat ander ook sy unieke goedheid sal sien en Hom liefkry vir Wie Hy is.

*Sing: Psalm 33-1:8, 11*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*
~~~~~~~~~~

**Donderdag 13 Desember**

**Skrifgedeelte: Filippense 1:20-26**
**Fokusgedeelte: Filippense 1:20, 21; Heidelbergse Kategismus 47:122**

**"Laat u Naam geheilig word …" – Ons bid dat ons kan lewe tot sy eer**

Dit wat Paulus hier in vers 20 en 21 sê, het gebeur. Danksy die werking van die Heilige Gees het Paulus daarin geslaag om te doen wat ons elkeen begeer. Ons bid dat ons mag lewe tot eer van die Here se Naam.

Nou is die vraag: Hoe het dit in Paulus se lewe gebeur? Op ander plekke in die Bybel getuig hy dat dit nie maklik was nie. Hy moes teen sy eie sonde stry. Hy het ook nog "'n doring in sy vlees" gehad … ons weet natuurlik nie wat dit was nie. Daar was baie mense wat hom gehaat het en hom wou doodmaak, maar ten spyte daarvan en nog meer, het hy tot eer van die Here se Naam gelewe. Ons weet ook dat hy nie volmaak was nie. Hy het baie foute gemaak en sonde gedoen.

Nou: Hoe het dit in sy lewe gebeur? Daar was baie val en opstaan. Hy het geweet dat hy nie op homself moet vertrou en dink dat hy staan nie. Hy het net een God en een Middelaar gehad wat hy met sy hele lewe vertrou het – ons Here Jesus Christus. In die krag van die Heilige Gees moes Paulus baie opstaan en deur ons Here Jesus moes hy baie toenadering soek by ons hemelse Vader, maar hy het dit elke keer weer gedoen.

Paulus het meer en meer van homself begin vergeet en die Here eerste gestel in sy lewe. Meer en meer het hy ook tot eer van die Here en sy Naam gelewe en uiteindelik ook gesterwe. Dit het beteken dat hy hom moes losmaak van alles wat agter hom was, en daar was baie. Hy het op 'n tyd die Here Jesus en sy kerk gehaat, maar dit het dieselfde Here Jesus op pad na Damaskus toe verander.

Dieselfde verandering wat sy Heilige Gees ook in elke ware gelowige laat plaasvind het. Die Heilige Gees verander haat in liefde. Liefde laat ons ons hele lewe op die altaar plaas vir die Here. Ons wil nie meer vir onsself lewe nie, ons wil vir Hom lewe. Ons moet bly bid vir hierdie werking van die Heilige Gees in ons, sodat ons ook tot eer van sy Naam kan lewe en sterwe.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2, 5*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 14 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 3:1-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 3:3; Heidelbergse Kategismus 48:123**

**"Laat u koninkryk kom" – In Christus is God se koninkryk naby**

God die Skepper is ook Koning oor hemel en aarde. Die HERE God het die mens as sy beeld, sy onderkoning, oor die aarde aangestel. Die mens moes luister na die Woord van die Koning: hy mag nie eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Die mens het egter na die woord van Satan geluister en die Bose het die owerste van hierdie wêreld geword. So het die mens van onderkoning geval tot 'n slaaf van die duiwel, die sonde en
~~~~~~~~~~

die dood.

God het toe in sy goedheid sy Seun na die gevegsfront gestuur: om die mens te verlos van die mag van die Bose, om van die rebelle weer lojale koninkryksburgers te maak. Deur die geloof in Jesus Christus en deur sy verlossing is ons dus burgers van die koninkryk van die hemel, mense wat luister na sy Woord. Die koninkryk het weer naby gekom.

Waarom moet ons dan nog bid: Laat u koninkryk kom? Die antwoord maak mens skaam, want die kerk is nog sulke swak koninkryksburgers. Daar is nog soveel opstand in ons. Vanweë die sonde is ons sulke ongehoorsame, onwillige en selfs revolusionêre onderdane. Ook vir ons geld die oproep: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.

Voordat jy bid dat God nog nuwe onderdane tot sy ryk moet byvoeg, moet jy vra dat Hy van jou ’n beter onderdaan moet maak. ’n Goeie en gehoorsame onderdaan sal dan ook almal om hom wil help en lei om onderdane van ons Koning te word.

*Sing: Psalm 99-1:1*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 15 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 143**
**Fokusgedeelte: Psalm 143:10; Heidelbergse Kategismus 48:123**

## “Laat u koninkryk kom” – Regeer ons deur u Woord en Gees

Om tot God te bid “Laat u koninkryk kom”, beteken dat God oor ons Koning moet wees. Daarmee vra ons: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U sal onderwerp.

Die onderwerping aan ons Koning moet daagliks groei. Dit sal uiteraard groter selfverloëning vra. Hiermee bid ons dan ook dat God dié gesindheid in ons sal laat werk deur sy Woord en Gees.

Dan moet ons sy Woord gereeld lees, bestudeer en na die verkondiging daarvan luister. So weet ons wat sy wil in ons lewe is. Woord en Gees mag nooit van mekaar geskei word nie. Sonder die Woord verval mens in eiewillige godsdiens, al lyk dit hoe geestelik. Sonder die Gees verval jy in ’n koue formalisme – alles lyk dalk goed georden, maar intussen kan dit van binne dood wees.

Die Gees maak deur die Woord van ons nuwe skepsele. Ons word verlos van Satan se boeie, en so word God weer Koning oor ons. Hy moet dan ook in ons huise, in die kerk, in die skole en universiteite, ons maatskaplike en politieke lewe regeer. Daar mag een organisasie wees wat God nie as Koning erken en dien nie.

Ons kan dus nie agteroor wil sit en kyk hoe hierdie gebed verhoor word nie. Ons moet die volle wapenrusting aantrek en antwoord op die roepstem van ons Koning. Al die krag en gawes wat ons uit sy hand ontvang, moet aangewend word om sy koninkryk te dien. Wees vandag so ’n getroue burger in sy koninkryk.

*Sing: Psalm 118-1:4*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*
~~~~~~~~~~

**Sondag 16 Desember (Geloftedag)**

**Skrifgedeelte: Psalm 122**
**Fokusgedeelte: Psalm 122:6, 7; Heidelbergse Kategismus 48:123**

### "Laat u koninkryk kom" – Bewaar en vermeerder u kerk

Dit is vandag Geloftedag. Hierdie dag getuig van God se genadige ingryping ter wille van die bewaring en vermeerdering van sy kerk aan die suidpunt van Afrika. Die Voortrekkers se toekoms was vanweë wrede aanvalle menslik gesproke in die weegskaal. Daar was geen vrede nie. Hulle doen 'n gelofte en God het hulle wonderlik bewaar. Elke jaar op dié dag kan die Woord van ons Koning helder en duidelik, soos op 'n Sondag, verkondig word. Hy ontvang ook alleen al die eer.

God leer ons die bede "Laat u koninkryk kom" en Hy verhoor dit. Hy bewaar en vermeerder sy kerk. Hy gebruik hierin swak en nietige mense, soos die Voortrekkers, en soos jy wat elke dag getrou jou dienswerk moet verrig.

Ons moet ook die vyande van God se koninkryk ken en nie huiwer om teen hulle op te staan nie. Hulle staan in die pad van die naderende koninkryk. Daar is ook ander gevare soos wêreldgelykvormigheid, vervlakking, verleiding, liefdeloosheid en so meer. Ons moet gereeld bid dat God ons hiervan sal bewaar en dat daar ware vrede sal wees.

Daarom moet ons bid vir die vrede onder mekaar en vir mekaar, nie net binne 'n gemeente nie, maar ook binne kerkverband en wyer, ja bid vir vrede binne God se groot koninkryk. Hoe kan die Christendom getuig van Christus die Vredevors terwyl daar in onvrede onder mekaar geleef word?

Die vervulling van hierdie bede sal wees wanneer ons Vredevors weer kom; dan sal al sy vyande vernietig word en al sy kinders as burgers in sy ewige Vrederyk opgeneem word.

*Sing: Psalm 122-1:2*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 17 Desember**

**Skrifgedeelte: Jeremia 29:1-11**
**Fokusgedeelte: Jeremia 29:11; Heidelbergse Kategismus 49:124**

### Gehoorsaam God se wil sonder teëpratery

As mense bang is vir God se wil, dan is daar 'n groot misverstand, want God se wil is net goed. Dis teen sy sin dat Hy mense in beproewing bring (Klaagl. 3:23). As Israel gedink het God se wil is tot hulle nadeel, dan ken hulle nie hulle Hemelse Vader nie. Israel was in ballingskap vanweë hulle sonde. Hulle het die armes uitgebuit, die reg verdraai, die vreemdeling vertrap (die boek Amos).

God se doel met die ballingskap was voorspoed vir hulle. Israel is ver van hulle land in haglike omstandighede, maar God *wil* vir hulle bekering en genesing hê. Hy *wil* vir hulle 'n toekoms. En daarom … "gehoorsaam God se wil sonder teëpratery".

Israel het gedink God bluf toe Hy hulle in ballingskap wegvoer uit hulle beloofde land.
~~~~~~~~~~

Hulle sit en wag dat God sy fout moet herstel en hulle huis toe neem. Die profeet Jeremia verkondig dan God se wil aan hulle. Hulle moet hulle daar vestig. Hulle moet trou en hulle kinders grootmaak, huise bou en wingerde plant.

Soos vir Israel, is God se wil vir ons ook dikwels onverstaanbaar en moeilik om te gehoorsaam. Dit lyk so asof dit ons ondergang wil bewerk. Maar Hy *wil* vir ons hoop en ’n toekoms. Hy het ook vir ons hoop en ’n toekoms gegee, omdat Jesus die wil van sy Vader gehoorsaam was en die beker van Getsemane gedrink het.

*Sing: Psalm 73-1:1, 5, 6*

*Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 18 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 137**
**Fokusgedeelte: Psalm 137:3, 4; Heidelbergse Kategismus 49:124**

**Laat jou wil plek maak vir God se wil**

Israel moes hulle eie wil prysgee om aan die wil van God gehoorsaam te wees. Dit was nie maklik nie. Die volk van die Here het by ’n rivier in Babel gewoon, waar hulle stene gemaak het en die netwerk van kanale moes hanteer. Die Babiloniërs het van die volk van die Here vereis om vir hulle ’n Sionslied te sing. Dit was ’n wrede verwagting om ’n vreugdeslied te sing terwyl hulle rou oor die verlies van hulle land en tempel.

Daarom hang hulle hul musiekinstrumente aan die bome op en vra: “Hoe kan ons die lied van die Here in ’n vreemde land sing?” Hulle was onder die indruk dat hulle God net kon verheerlik in Jerusalem en die tempel. Hulle het baie goed geweet wat die wil van God was. Hulle het nie die reg om mense se regte te vertrap nie. Hulle woon immers in die land wat aan God behoort, en Hy is besig om die wil van die volk te verander sodat hulle omgee en liefde verder as hulle landsgrense strek.

Hy het die wil van die mens omgekeer om die weg te baan vir Jesus se koms. Hy sou kom om van ons almal tempels te maak tot lof van God, sodat ons – soos Hy – die vreugdeboodskap na alle volke, tale en nasies kan uitdra.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3*

*Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 19 Desember**

**Skrifgedeelte: Jeremia 29:1-11**
**Fokusgedeelte: Jeremia 29:7; Heidelbergse Kategismus 49:124**

### Beoefen jou roeping gewillig en getrou

Ons moet ons roeping in gehoorsaamheid aan God uitleef. In Jeremia 29:7 lees ons Israel se roeping: "Soek die vrede van die stad, want in hulle vrede sal julle vrede vind." Israel kry die opdrag om goed te doen aan Babel, hulle tuis te maak en Babel op te bou. Israel het verslae gestaan voor hierdie opdrag, maar dit was God se wil vir hulle lewe. Hulle moet die vrede van die stad soek, want dan sal die stad goed wees vir hulle; maar bowenal sal God se vrede in hulle harte toeneem en sal hulle geestelik genees. *En God se wil is ons roeping.*

In Suid-Afrika het Christene ook 'n geweldige roeping om in veranderde politieke en sosiale omstandighede hard te werk vir vrede. Ons is ook in ballingskap, want ons is weg uit ons land waarin Christen-wees vantevore sterk bevoordeel is. God wil dat ons die voordeel van die land soek. Dis nie 'n versoek van God nie, maar 'n roeping. Om vrede na te jaag, is waartoe ons bevry en vernuwe is deur die Gees van God.

Dit behoort nie moeilik te wees nie, want die vrede van Jesus leef in ons. Hy was vir ons die volmaakte voorbeeld. Hy het die hemele prysgegee om sy roeping te vervul. Hy het aan ons vrede en vreugde gebring. Volg in sy voetspore!

*Sing: Psalm 146-1:8*

*Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 20 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:19-34 (Nuwe Direkte Vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:26; Heidelbergse Kategismus 50:125**

### Here, versorg ons

Toe die Here sy dissipels geleer het om te bid, het Hy in die tweede deel van die gebed begin met die liggaamlike behoeftes voor die geestelike. Eintlik kan ons dit nie van mekaar losmaak nie. Sy opdrag is dat ons vir alle liggaamlike en geestelike behoeftes moet bid.

Die liggaamlike behoeftes is legio. Kos, huisvesting, klere, gesondheid; en daarteenoor staan honger, sonder heenkome, armoede, siekte. Ons kan en moet met alles na die Here gaan. Hy ken ons nood en behoeftes, want niks is voor Hom bedek nie (Ps. 139:1 berymd).

So baie mense ervaar in hierdie feesgety werklike liggaamlike nood. Daar is soveel swaarkry en soveel ellende. Wie dan op sy knieë gaan, moet in die *geloof* bid. Bid so dat jy al jou behoeftes aan die Here oorgee. Kyk dan na die voëls van die hemel … hulle saai nie en hulle maai nie en bring nie in skure bymekaar nie. So is dit ook met die lelies van die veld.

Die Here het dit in die natuur gegee om ons in ons gebede te versterk. Ons kan en moet die oog op die HERE hou. As ons 'n opmerklike oog het vir die natuur, sien ons dat
~~~~~~~~~~

die voëls kos het om te eet. Ons sien dat die lelies heerlikheid uitstraal. Die Vader sorg en versorg hulle, en ons is baie meer werd as hulle. Baie meer!

Soveel meer dat God die Vader sy Seun in hierdie wêreld gestuur het omdat Hy nie wil hê dat 'n enkele een verlore moet gaan nie. Gaan met vrymoedigheid op jou knieë, praat met Hom – Hy sal sorg!

*Sing: Psalm 123-1:1, 2*

*Ds. MJ (Tinus) Smidt (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 21 Desember**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18 (Nuwe Direkte Vertaling)**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:17; Heidelbergse Kategismus 50:125**

## Bid met erkenning

Kerstyd is geskenke-tyd. Die geskenke is 'n gebruik wat ons gedagtes terugneem na die koms van Jesus Christus na die aarde. God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16).

In dié lig beklemtoon Jakobus dat elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe van God kom. Hy gee dit uit genade. In die gebed lei die Here ons deur sy Heilige Gees om in die oorgee van ons behoeftes aan ons Vader sy Naam te bely en te erken. Ons bely dat Hy weet en sien wat ons omstandighede is. Hy wat ons deur en deur ken, gee wat ons nodig het. Hy maak sy hand oop. Dit is hoe Hy is – Hy kan nie anders wees nie.

Sy doel hiermee is dat ons sal erken en weet dat Hy dit doen om nuwe lewe aan ons te gee sodat ons sy kinders kan wees (Jak. 1:18). Ons is nie buitestaanders nie, maar kinders. Die erkenning dat alle goeie gawes van God kom, bring ons daartoe om ons dagtaak in sy Naam te verrig. Ek kan swoeg en sweet, vroeg opstaan en laat gaan slaap, maar as God dit nie van bo af seën nie, is alles tevergeefs (Ps. 127).

Daarom bid ek hierdie bede om daarmee te erken dat ek in geen opsig sonder Hom kan lewe nie. Ek wil Hom in alles ken (Spr. 3:6). Hierdie afhanklikheid van Hom is my geskenk van dankbare erkenning aan Hom van Wie ek alles wat goed is, ontvang – ook die ewige lewe.

*Sing: Psalm 36-1:2, 3*

*Ds. MJ (Tinus) Smidt (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 22 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 55 (Nuwe Direkte Vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 55:23; Heidelbergse Kategismus 50:125**

## Neem jou toevlug tot die Here

Jesus, wat sy dissipels geleer het om te bid, het op 'n keer ook die uitnodiging gerig: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28). Ons hoor dit, maar doen dit nie sommer nie. Ons kan mos self regkom.

Selfs Dawid probeer in Psalm 55 eers uit eie krag 'n weg vind. Dit is so tipies mens. Nadat hy sy onrustigheid en nood verwoord het (:1-6), vertel hy van die oplossings wat hy gesoek het. As ek maar vlerke soos 'n duif gehad het, sou ek wegvlieg … (:7). Sy gedagte was dus om *weg te vlug* van sy omstandighede op welke wyse ook al. Sy tweede oplossing is om sy teenstanders te verwens en op dié wyse sy omstandighede te *ontvlug*. Hy wens dat iets verskrikliks met sy vyande moet gebeur en dat hulle totaal verwar moet word (:10-16).

Uiteindelik kom hy uit by die belydenis: "Ek, ek roep tot God, en die HERE sal my verlos" (:17). Hy wil daarmee sê dat die oplossing nie daarin lê om van jou omstandighede en nood weg te vlug nie, ook nie om dit met wensdenkery te ontvlug nie, maar om jou *toevlug* tot die HERE te neem. Sy gevolgtrekking: "Lê jou las op die HERE; Hy sal jou ondersteun …"

Dit is die versekering wat opnuut tot ons kom in die feestyd met die koms van Jesus Christus na die aarde. Hy het gekom om ons te omhels met sy reddende teenwoordigheid. Die grootste angs en spanning het Hy weggeneem deur ons vervloeking op Hom te neem en ons te verseker dat sy arms oop is om ons in alle nood en angs te dra.

*Sing: Psalm 46-1:1, 3*

*Ds. MJ (Tinus) Smidt (Emeritus)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 23 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 11:1-4**
**Fokusgedeelte: Lukas 11:4a; Heidelbergse Kategismus 51:126a**

## Die bede om die genade van skuldvergifnis

By die geleentheid van Lukas 11 is die vraag aan Jesus gevra: *"… leer ons bid"* (:1). Hierop volg die "Ons Vader"-gebed, in korter vorm as by Matteus (6:9-13), deur Jesus Christus geleer om te bid. Die bede om skuldvergewing is deur Hom in hierdie gebed geleer (:4). Maar waarom weer en weer daaroor bid dat ons sondes ons nie toegereken word nie, terwyl Jesus die genade van skuldvergifnis met sy soenverdienste verwerf het?

Ons word deur hierdie bede voor God in dié belydenis van die Kategismus oor onsself te staan gebring: ons is *"arme sondaars"*. Ons is nie sondeloos nie in *"die boosheid wat ons nog aankleef"*. Daagliks kom ons voor die ou mens in ons te staan wat ons nog nie in geheel afgesterwe het nie. Oor en oor kom ons voor God met 'n skuldlas in verhouding tot Hom en tot ons naaste te staan wat ons nie self kan vereffen nie.
~~~~~~~~~~

In die donkerte van hierdie skuldbesef word ons nie troosteloos aan ons eie genade oorgelaat nie. Die bede om skuldvergifnis laat ons uitsig op die genade daarvan, ter wille van Christus, behou. Hiersonder is ons aan wanhoop prysgegee en sink ons kragteloos weg in daaglikse stryd teen sonde. Hierteenoor leer die Here Jesus ons om die bede om skuldvergifnis elke dag opnuut te bid, sodat ons in ons stryd met sondeskuld Hom wat vir ons sondeskuld betaal het, helder voor oë mag hê – en, versterk deur die onbeskryflike genade van skuldvergifnis – daagliks die stryd teen die sonde tot die einde kan voortsit.

Aan die werklikheid van sondes in ons daaglikse lewe kan niemand ontsnap nie. Goddank is skuldvergifnis ’n genadige werklikheid ter wille van Jesus Christus, soos ook deur Hom geleer in die bede om skuldvergewing. Is hierdie bede werklik tot ’n blote formaliteit in ons lewe af te water? Dit kan tog nie … want waarby sou dit ons te staan bring as God die sondeskuld van *“arme sondaars”* wel sou toereken?

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 24 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35**
**Fokusgedeelte: Matteus 18:27, 28; Heidelbergse Kategismus 51:126b**

### Die genade van skuldvergifnis roep om genade

Die vyfde bede van die “Ons Vader”-gebed, *“Vergeef ons ons skulde …”*, is ’n lering deur Jesus Christus om in skuldbesef oor sondeskuld telkens weer, ter wille van sy versoeningswerk – verbind aan sy koms na die aarde met sy geboorte – van God te vra om al ons sondes te vergewe.

Hierop volg die verdere deel van hierdie bede: *“… want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree”* (Luk. 11:4; Matt. 6:12: *“… soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree”*). Beteken dit dat ons skuldvergewing ’n pleitgrond vir God se vergifnis aan ons kan wees? Of nie?

In: *“want”*, en: *“soos”* (en nié: *“omdat ons ook elkeen vergewe …”*) is óns skuldvergewing nie ’n voorwaarde vir skuldvergewing deur God nie. Die enigste pleitgrond om skuldvergifnis is die soenverdienste van Jesus Christus. Maar *“omdat”* God ter wille van die bloed van Jesus *“al ons misdade”* vergewe, plaas die Here Jesus ons deur die bede om skuldvergifnis op die spoor daarvan om dié wat teen ons oortree, van harte te vergewe.

Duidelik word dit by ons ingeskerp in die teendeel van die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar. ’n Amptenaar het ’n koning miljoene rand geskuld. Al sy skuld is hom genadiglik afgeskryf, maar genadeloos het hy geweier om ’n medeamptenaar se skuld van ’n paar rand kwyt te skeld. In die afloop hiervan, en Jesus se waarskuwende toepassing daarvan in vers 35, is dit duidelik waaroor dit in die bede *“… soos ons ons skuldenaars vergewe”*, gaan. Uit genade skryf God ons baie sondes af. Genade aan ons bewys roep om genade aan hulle wat teen ons oortree.

*“Arme sondaars”* … is dit geensins in erkenning en belydenis voor God ter sprake nie: Nog nooit onvergewensgesind en onversoenlik opgetree nie? Miskien wel al vergewe, maar nie van harte nie?

Ook hiervoor word ons deur die bede om skuldvergifnis geleer om te bid: *“Vergeef ons*
~~~~~~~~~~

*ons skulde …"* Ons vra die Vader om ons daarin te help om te vergewe as *"bewys van sy genade in ons"*.

*Sing: Psalm 86-1:6*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*

~~~~~~~~~~

**Dinsdag 25 Desember (Kersfees)**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:14**

### Gods heerlikheid, vol genade en waarheid, op aarde

In hierdie woorde vier ons vandag Kersfees: *"Die Woord"* … in die begin reeds by God en self God (:1, 2) … *"het mens geword en onder ons kom woon"* (:14). Dít is die fokus van Johannes 1:1-18.

In Grieks verwys *"onder ons kom woon"* na *"tent opslaan"*. Dit herinner aan die Ou Testament waar die tabernakel (tentwoning) simbool van die Here in die *"heerlikheid"* van sy teenwoordigheid onder sy volk was. Hierdie *"heerlikheid"* het in Jesus Christus se koms na die aarde sigbaar in vervulling gegaan. Eie aan hierdie sigbare *"heerlikheid"* is die volgende: *"vol genade en waarheid"*.

- *Genade*: Dit is onverdiend dat die Seun onder ons kom woon het. In die skadu van die kruis het Hy onder ons kom woon om as sondaar in ons plek behandel te word, sodat ons deur God vrygespreek kan wees (1 Kor. 5:21). Die genade van vergewing van skuld wat *"ons nog aankleef"*, is deur Hom verwerf (gedagtig aan die voorgaande twee dagstukkies). In sonde ontvang en gebore, kleef die smet van erfsonde aan ons. Die Kind van God onder ons gebore, is werklik *"vol genade"*: van geboorte het Hy ons sondeskuld op Hom geneem sodat die genade van skuldvergifnis vir ons 'n werklikheid is.
- *Waarheid*: In die Woord wat mens geword het, is die waarheid van die Vader se raad en wil aangaande ons verlossing bekend gemaak. Die egtheid van ons verlossing skitter onvervals in en deur Jesus Christus wat gesê het: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe"* (Joh. 14:6).

Hierin is die boodskap van Kersfees vandag, en elke dag, in blydskap te vier: Uit die oorvloed van Hom, in Wie die heerlikheid van Gods teenwoordigheid op aarde deur die geloof te sien is, ontvang ons genade op genade (:16). Johannes 1:1-18 is 'n lied waarin die mensgeworde Woord besing word. Gefokus op Gods Kind wat onder ons kom woon het, bring kinders van God net hierby te staan: *"… tot U lof vind my mond gedurig ruimer stof"* (Ps. 71).

*Sing: Psalm 71-1:9*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*

~~~~~~~~~~

**Woensdag 26 Desember**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-15**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:15; Heidelbergse Kategismus 52:127**

### Versoekings is deel van 'n groter stryd

Orals waar Jesus Christus as Verlosser en Koning erken en bely word, is daar konflik en stryd. Die wortels van daardie stryd lê in Genesis 3 waar Satan na die mens toe gekom het om hom te versoek, en God gesê het "daar sal vyandskap wees". Nie net vyandskap tussen die vrou en die slang nie, maar tussen haar saad en sy saad. Met ander woorde, vyandskap tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die slang of tussen die kinders van God en die kinders van Satan.

Dit is 'n vyandskap tot die dood toe, 'n vyandskap wat gekonsentreer en toegespits is op dié kind van God, ons Here Jesus Christus.

Dit is die agtergrond van die vierde bede. Daar woed 'n geweldige storm rondom Jesus Christus, en omdat jy met bande van geloof en liefde aan Hom verbind is, staan jy midde-in daardie storm. Jy moet weet dat jy 'n teiken vir Satan is en dat hy alles in die stryd sal werp om jou ondergang te bewerk. Ons word nie verniet gewaarsku om nugter en wakker te wees nie. Daar staan dat ons vyand, die duiwel, soos 'n brullende leeu rondloop op soek na iemand om te verslind (1 Pet. 5:8)!

Hoe bly 'n mens staande in hierdie stryd tot die dood toe? Ons Here wat die kop van die slang vermorsel het, het die antwoord gegee toe Hy ons geleer het om te bid: "Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose." Jy moet jou krag in die Here soek en in sy groot mag (Ef. 6:10).

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Donderdag 27 Desember**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:13; Heidelbergse Kategismus 52:127**

### God versoek nie sy kinders nie

Die bede, soos wat die 1933 Afrikaanse Vertaling dit stel, "lei ons nie in versoeking nie," beteken nie dat God soms daarvoor verantwoordelik is dat jy in versoeking kom nie. Dit word baie duidelik in Jakobus 1:13 gestel: "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie."

Met ander woorde, God verlei nie sy kinders tot die kwaad nie. Jy kan nooit sê dat jou sonde God se skuld is, dat Hy jou tot 'n val wou bring, of dat Hy jou doelbewus in 'n situasie gebring het waar jy magteloos voor Satan gestaan het, waar die versoeking net eenvoudig vir jou te groot was nie. Nee, God is nie jou vyand nie. Hy is, in Christus, jou Vader. En watter vader is daar wat sy kind doelbewus sal kwaad aandoen?

Daarom dat die vertaling "laat ons nie in versoeking kom nie" (1983-vertaling) dalk 'n
~~~~~~~~~~

beter keuse is. Want jy sê daarmee: “Here, hou my weg van plekke, van situasies en geleenthede waar die versoeking tot sonde vir my te veel kan word. Moenie toelaat dat ek in omstandighede kom waar ek kan struikel nie. Lei my so deur u Woord en Gees dat ek van versoekinge gespaar kan word en verhinder die duiwel om met sy verleidingswerk in my lewe voort te gaan. Ek is swak. Ek is kwesbaar. Ek sal nie vir ’n oomblik in eie krag kan bly staan nie. Laat my nie in versoeking kom nie.”

Jou troos is dat Jesus Christus, wat self ook versoek is en dit oorwin het (Matt. 4:1-11), die versekering gegee het dat niemand jou uit sy hand kan ruk nie (Joh. 10:28).

*Sing: Skrifberyming 10-1:1, 4*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Vrydag 28 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:11-13**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:13; Heidelbergse Kategismus 52:127**

## Jy kán versoekings weerstaan

Die Kategismus noem drie doodsvyande wat teenoor die gelowiges staan, vyande wat nooit ophou om jou aan te val nie. Daar is Satan, oor wie jy geen illusies hoef te hê nie. Hy staan onder andere bekend as die mensemoordenaar van die begin af, as die vader van die leuen en as die verleier. Ons word ook gewaarsku dat hy vurig begeer om die gelowiges soos koring te sif, dat dit as’t ware sy lewensideaal is.

Ons tweede groot vyand is die ongelowige wêreld met sy talle aanloklikhede en afdraaipaaie. Jy is elke oomblik onder sy invloed. Jy is blootgestel aan al sy goddeloosheid. Jy word groot en jy leef en jy werk in die wêreld. En daarom is die gevaar groot dat jy naderhand soos die wêreld gaan optree en lyk.

Die derde vyand is waarskynlik die gevaarlikste van almal. Dit is die vyand binne-in jou, jou eie sondige natuur wat die deure oopgooi sodat Satan en die wêreld deel van jou lewe kan word.

’n Mens voel klein en kwesbaar voor sulke vyande. Tog word ons in 1 Korintiërs 10:13 verseker: “Geen versoeking wat meer is as wat ’n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.”

Moet dus nie sê dat jy ’n slagoffer is of dat ’n spesifieke versoeking vir jou te groot is, dat jy nie kan bly staan nie. Nee, jy kán, in Christus, oorwin. God is getrou.

*Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)*

~~~~~~~~~~

**Saterdag 29 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 29:10-19 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 29:11; Heidelbergse Kategismus 52:128**

## Gee ál die eer en heerlikheid aan ons Vader, want Hy is dié Koning

Ons noem die afsluiting van die "Onse Vader" die lofverheffing. Aan die einde van ons gebed gee ons ál die eer en heerlikheid aan Hom alleen, want Hy is dié Koning.

Ons bely aan die einde van ons gebed dat ons Vader wat in die hemel is dié Koning van hemel en aarde is. *Aan U behoort die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.* As ons, sy kinders, iets van Hom vra, dan kán Hy dit aan ons gee, want Hy besit ál die krag – nie net die mééste krag nie. Hy is die Bron en die Oorsprong van alle krag in die hemel en op aarde. Die woord *krag* kom van die Griekse woord *dunamis*. Dit is die oorsprong van ons woord *dunamo* of kragopwekker. 'n Kragopwekker máák mos krag! So is *ons Vader wat in die hemel is*, die groot Kragopwekker wat aan alles en almal krag gee. Daarom kan ons vir seker weet: NIKS is vir Hom onmoontlik nie! Hy sal nooit vir ons sê: Ek kán nie! Hy kán alles wat vir ons goed is, aan ons gee – en Hy sál dit gee omdat Hy ons liefhet. Hy het mos vir ons gewys hoe lief Hy ons het toe Hy sy eie Seun gegee het om ons straf in ons plek te dra!

Al die heerlikheid behoort ook aan ons Vader. *Heerlikheid* beteken: al die mooi dinge waaraan jy kan dink – byvoorbeeld die mooiste plante en diere en voëls, ensovoorts – dit álles, en nog baie meer, kom van ons hemelse Vader af en behoort aan Hom. Daarom moet jy Hom eer vir ál die mooi dinge. Ons moet Hom ook nie net af en toe eer nie. Ook nie net vir 'n tyd nie. Ons moet Hom vir altyd eer!

Het jy hierdie afgelope jaar só gelewe dat almal kon sien jy gee ál die eer en heerlikheid aan ons Vader wat in die hemel is? Het jy Hom as jóú Koning erken en gedien?

*Sing: Psalm 146-1:1, 2*

*Ds. AP (Abraham) Krüger (Wolmaransstad)*

~~~~~~~~~~

**Sondag 30 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:13-21 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Openbaring 22:20; Heidelbergse Kategismus 52:129**

## Die laaste en eerste woord!

*Amen* is die laaste woord van die "Onse Vader"-gebed. Dit is ook die laaste woord waarmee jy ál jou gebede afsluit. Die woord *Amen* is nie net 'n afsluitingswoord nie. Eintlik bepaal dié woord of jou gebed 'n ware gebed is. Alles wat jy van ons hemelse Vader vra, word in hierdie woord saamgevat. Daarom is die woord *Amen* 'n belydenis van jou geloof. Die woord druk jou vaste vertroue in jou hemelse Vader uit. Daarmee sê jy: Vader, ek wéét dat U vir my álles kán en sál gee wat volgens u wil is.

Daarom is *Amen* ook die laaste woord in die Bybel! Dié woord beteken: dit staan vas. Dit is waar en seker. In die woord *Amen* word die inhoud van die hele Bybel saamgevat. God, ons Vader deur Jesus Christus, kán en sál alles doen wat Hy in die hele Bybel gesê
~~~~~~~~~~

het. Hy is ten volle in beheer! Hy laat alles gebeur soos Hy gesê het. Wanneer ons ons gebed só afsluit, bely ons daarmee: Vader, alles wat ons van U in ons gebed gevra het, staan vas. Dit is vas en seker dat U ons gebed verhoor. Vas en seker dat U vir ons alles kan en wil gee wat U beloof het. Vas en seker dat ons saam met Christus deel het aan sy volledige oorwinning oor ons doodsvyande.

Vader, dit is vas en seker dat *u Naam geheilig word*.

Vas en seker dat *u koninkryk kom*.

Vas en seker dat *u wil geskied*.

Vas en seker dat U aan ons *vandag ons daaglikse brood gee*.

Vas en seker dat U ons *van die Bose verlos*.

Vas en seker dat *die koninkryk aan U behoort* –

ook *die krag en die heerlikheid*. Dit behoort alles aan U *tot in ewigheid*.

Amen! Mag dit jou laaste woord vir hierdie jaar wees en ook jou eerste woord vir volgende jaar!

*Sing: Skrifberyming 10-2*

*Ds. AP (Abraham) Krüger (Wolmaransstad)*

~~~~~~~~~~

**Maandag 31 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 28:19**

### Was ek getrou?

As mens op Oujaar bestek opneem, is die belangrikste oorweging vir ons gelowiges: Was ek 'n troue dienaar van Christus? Die maatstaf lê in sy laaste woorde aan sy dissipels: "Gaan na al die nasies en maak die mense my dissipels." Alles gaan om dissipels maak. Dis die kerk se primêre doel. Dis waarom die lig van ons moet uitstraal. Dis ook die hart van ons roeping en menswees. Om God se uitverkorenes te gaan soek. Ons is sy instrumente om die getal van sy uitverkorenes vol te maak. Was ek daarin getrou? Hier is vyf merkers vir getrouheid:

- Was ek beskikbaar, gewillig? Soos sy dissipels, dáár soos Hy beveel om deur Hom toegerus te word?
- Het ek Hom, soos hulle, in verwondering aanbid?
- Het ek my in volle onderdanigheid aan sy goddelike gesag onderwerp? Immers, aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op aarde. As Hy my stuur en bemagtig, hoe sal ek huiwer?
- Was ek gehoorsaam; het ek na Hom geluister en gedoen wát en hóé Hy sê? Gegaan? Om mense sy dissipels te maak, moet mens gáán. Deur jou woorde en voorbeeld, self 'n visser van mense wees. Hulle kom nie na jou toe nie. Jy moet na hulle gáán.

So 'n edele verantwoordelikheid, so 'n ewigheidstaak stel eise ver bo ons eie vermoëns. Maar let ook op die vyfde merke, die heerlike versekering:

- "Onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

*Sing: Skrifberyming 1-1:4, 5, 6*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*
~~~~~~~~~~



# Dagstukkies in ander tale

**Palo ya Lentswe: Tshenolo 3:14-22**
**Temana-Hlooho: Temana 20**

## BULA MONYAKO, KRESTE WA KOKOTA

Laodesia ene ele dikilometara tse mashome a supileng ho tswa Filadelfia. Jwalo ka ditoropo tse ding tse pedi tse boletsweng mona, Laodesia ene e le Morui. Ene ele motlotlo ka matla le letlotlo la yona. Ene e tumme ka sekolo sa yona sa mahlo. Ho na le dintho tse ngata tseo eneng ele se sosa sa katleho ena ya Laodesia, jwalo ka boya bo botle bo neng bo tholahala moo Laodesia bo tshwantshwang le diaparo tse tshweu tsa kgalalelo (3:18b). Se seng hape ene ele setlolo sa mahlo. Johanne o bua ka setlolo sena ha a kgothalletsa kekere ho ithekele ka ho Kreste setlolo sa mahlo hore batle ba bone (3:18c).

Kreste monga Kereke o bua le Kereke ena ya Laodesia ka bohale bo tshabehileng ore "KE TSEBA MESEBETSI YA HA: HA O BATE, HA O TJHESE; HOJANE OA BATA, KAPA OA TJHESA! MME JWALE, EREKAHA O LE FOFO, O SA BATE, O SA TJHESE, KE TLA O HLATSA MOLOMONG WAKA."

Mantswe ana a tswa motsweding oneng o fumaneha Laodesia, oneng ontsha metsi a fofo, kabaka la bofofo ba ona ane a sa nwehe. Jwale le kereke ena e jwalo pela Morena. E shwele moyeng, e dutse ka thabo ka hara thuto e fosahetseng ka hare ho kereke. Morena o etsetsa kereke ena mohlolo temaneng ena ya 20. O re o eme monyako wa kokota. Monyako ona ekaba ke eng maphelong a rona? Ke ntho engwe le engwe eo Morena asa e batleng maphelong a rona. Dibe tsa rona ke Monyako ona. BULA MONYAKO, KRESTE WA KOKOTA. Ke tlotla e kakang, ke rona re tshwanetseng ho kokota, empa ha re etse jwalo, Morena o rata batho ba hae. Re bona lerato lena sefapanong ha a itela bakeng la batho ba hae. Moya o Halalelang o bua le nna le wena hle, o re re bule Morena Jesu a kene a buse. Modimo Ntate o rata ho phatlalatsa Mohau wa hae ka ho Kreste. BULA MONYAKO WA PELO YA HAO, KRESTE WA KOKOTA.

*SEFELA 89: SETENG SEDIBA SA MADI*

*Moruti Chaka Mathundela (Daveyton)*

**Palo ya lentswe: Mattheu 26:41**

## FADIMEHANG LE RAPELE, HORE LE SE KENE MOLEKONG

Ho kena molekong ho fapane le moleko ka bo ona. Moleko nka o tshwantsha le sekoti seka pela hao, ona le bo hona hodikoloha. Ho kena molekong ke tsebo ya hore qeto ena e fosahetse (ho lwana, ho utswa, bo tahwa, ho hlala, ho bolaya, bo bua leshano, meleko e mengata eo batho ba ikenyang ho yona). Davida le Josefa ba kile ba tobana ke meleko e tshwanang. Davida a kgetha ho kena mme wela molekong le Bathseba. Josefa oile a hana ho kena molekong a fadimeha.

Thapelo ya Morena wa rona Jesu Kreste ke hore re se kene molekong, eseng moleko o tlowe ho rona. Batho ba bangata ba tswa ka hara moleko jwalo ka ha ba kene ka hara moleko. Jakobo o hlalosa taba ena hantle ha are ho lehlohonolo motho ya lokolohileng molekong, ya mamellang meleko. Ho lehlohonolo motho ya dulang tseleng ya nnete, ya bonang meleko ka mahlakoreng ohle, empa a hlola, ha a ntshuwe tseleng ke meleko, ha a se a hlotse o tla fumana moqhaka wa tlholo. O lwanne ntwa e molemo, o hlotse ntwa, jwale o tla fumana moqhaka wa tlholo. Jakobo o tswela pele ho eketsa ka mantswe a reng "ha motho a lekilwe, a seke a re o lekilwe ke Modimo".

Fadimehang, mantswe a bohlokwa a Morena wa rona Jesu Kreste. Ke Moya o

Halalelang o re hlokomedisang dikotsi le sebe ha sele haufi. Ana re a fadimeha? Ana re fadimehile? Kapa re iphumana re se re wetse ka hara tsona? Ha re fadimehe fela, empa reya di rapella. Mohau wa Modimo Ntate o re lekane ho ka re pholosa melekong yohle. Ake a re thuse ho tjhesa dipelo tsa rona mme re fadimehe, mme re rapele. Re bitse le bitso la Jesu nakong eo molatsana le sebe se fihlang ka yona. Modimo are thuse re tswe melekong eo re leng ka hara you. FADIMEHANG LE RAPELE, HORE LE SE KENE MOLEKONG.

*SEFELA 138: STANZA 4*

*Moruti Chaka Mathundela (Daveyton)*

**Palo Ya Lefoko: Ekesodu 4:1-17**
**Temathero: 4:10**

## MAIPATO A TLISA KHUMANEGO YA SEMOWA

Fa Modimo a go biletsa tirong ya gagwe, o seka wa e gana ka go ntsha maipato a asa feleng. Modimo a ka bo a sa go biletsa tirong ya gagwe fa o kabe o sena bokgoni jwa yone. Ke motlhodi wa gago o a go itse ke ena a go neetseng bokgoni joo, ke sona se a go bitsang. Bothata jwa rona ke go inyatsa le go tlhaetsa bokgoni jwa rona matlho, ka bonako fela re be re tsaya tshwetso ya gore ga rena go kgona.

Go le gantsi fa Modimo are bitsa re fetisetsa pitso eo ko go mongwe o sele, yoo Modimo a sa mmitseng. Fa re tswelela go dira jalo, re gana go amogela thomo ya Modimo, re humanegisa mewa ya rona. Ka gonne kwa bofelon Modimo o tla go tlogela a simolola go batla ba bangwe ba ba ikaeletseng go diragatsa le go ikokobeletsa thomo ya gagwe.

Ka dinako tse di ntsi go lebega jaaka o ka re thomo ya Modimo e bokete, e bile o kare tota ga e kgonagale. Mme se letlelele seo go go boifisa, le go dira gore o nne le maipato a a senang boleng. Fa Modimo a go bitsa o nonofile go go baakanyetsa le go go tiisetsa go dira tiro eo. Boemong jwa go gana, bogolo bua mafoko a; “Ka thuso ya Modimo mowa o o galalelang ke tla leka”.

Mo nakong ya bokoa O tla go thatafatsa, O re tshepisitse jalo, are; “Ke tla nna nao jaaka ke ne ke nale Moshe. Ga nkitla ke go nyemisa moko le esng go tlogela”. “Mme itseng, nna ke nale lona malatsi otlhe go ya bokhutlong jwa lefatshe.” Tshepiso e ya gore ke tla nna nao, e tlhagelela makgetlo a le mmalwa mo lefokong la Modimo. Se ke netefaletso e e tiileng ya gore re tshepe le go dumela seo Modimo o se buang, ka tsholofetso ya gagwe.

Ke boammaruri Modimo o nna mo go rona ka mowa wa gagwe o o boitshepo o o re o tshepisitseng; “Mme lo tla bona nonofo ya mowa o o boitshepo, motlhang o tlang mo go lona; mme lo tla nna basupi ba me … go ya bokhutlong jwa lefatshe.” Modimo o a tshepagala, o a ikanyega, ke Modimo wa lefoko la gagwe.

A re tlogeleng go batla maipato a a sa lekanang, taelo ya gagwe e seke ya nna morwalo o o bokee mo go rona mme are diragatseng thomo ya Modimo le ditaelo tsa gagwe ka tumelo le ka boitumelo. Amen.

*Rev. OI (Isaac) Rooibaadjie (Maruping)*

**Scripture reading 1 John 2:18-28**
**Text verse 1 John 2:24**

### Hold on to your first Christian faith and confession

John wrote this letter to dispel doubts and build assurance by presenting a clear picture of Christ to the believers. As an eyewitness of Christ, He wrote authoritatively to give this new generation of believers assurance and confidence in God and in their faith.

Jesus was and is God in the flesh and God in focus, John the Apostle had seen, heard, and touched Jesus. John walked and talked with Jesus, saw Him heal, heard Him teach, watched Him die, met Him arisen, and saw Him ascend. John knew God; he had lived with him and seen Him work. And he enjoyed fellowship with the Father and the Son all the days of his life.

In that time of John, false teachers had entered the church, denying the incarnation of Christ. Apparently the antichrist in John's days was claiming faith in God while denying and opposing Christ. To do so, John states, is impossible. Because Jesus is God's Son and the Messiah, to deny Christ is to reject God's way of revealing himself to the world.

A person, who accepts Christ as God's Son, however accepts God the Father at the same time.

John wrote this letter to correct their errors, and reassure Christians in their faith and to counter false teachers. These Christians had heard the gospel, they knew that Christ was God' Son, that He died for their sins and was raised to give them new life, and that he would return and establish his kingdom in its fullness. But teachers who denied this basic doctrine of the Christian faith were infiltrating their fellowship, and some of the believers were in danger of surrender to the false arguments. John encouraged them to hold on to the Christian truth they heard at the beginning of their walk with Christ.

So, John's letter is a model for us to follow as we combat modern heresies. Today we are facing the same situation of John. We are in the last days, the time of second coming of Christ. False teachers who pretend to be Christians had already appeared, only to tempt the weak members away from Christ.

Mewa ya bakreste e wetse ko tlase ka ntlha ya tlhakatlhakano(because of the misery we encounter in the world nowadays) ya lefatshe. Ke rata go rotloetsa Bakreste gore ba tshware thata se ba se utlwileng ko tshimologong, ba ikgopotse gore ba ile ba utlwa gore Jesu ke Morwa Modimo, ba utlwile gore o swetse maleo a bone mme o tsogile mo baswing go ba neela botshelo jo bosha. Selo seo lo se tshwarelele, dipelotsa lona di ile tsa tuka mo teng fa lo fetsa go amogela kitso eo, jaanong go tsidifetse lo robetse, thanyang mo borokong lwa timediwa. Beibele ere mo temaneng ya 18 baganetsa Kreste ba bantsi ba tsogile.

So I encourage you to hold on to your first faith, to what you had heard in the beginning. It is very important to grow in our knowledge of the Lord, to deepen our understanding. Through careful study, and to teach these truth to others. Amen.

*Rev. OI (Isaac) Rooibaadjie (Maruping)*

**Scripture Reading: Deuteronomy 12:1-28**
**Text verse: 28**

## Obedience brings blessing

"Observe and hear all these words which I command thee, that it may go well with thee, and with thy children after thee for ever, when thou does that which is good and right in the sight of the Lord thy God."

Though salvation is not by the works of the law, yet the blessings which are promised to obedience are not denied to the faithful servants of God. The curses our Lord took away, when He was made a curse for us, but no clause of blessing has been abrogated.

We are to note and listen to the revealed will of the Lord, giving our attention not to portions of it, but to "all these words." There must be no picking and choosing, but an impartial respect to all that God has commanded. This is the road of blessedness for the father and for his children. The Lord's blessing is upon his chosen to the third and fourth generation. If they walk uprightly before Him, He will make all men know that they are a seed which the Lord has blessed.

No blessing can come to us or ours through dishonesty or double dealing. The ways of worldly conformity and unholiness cannot bring good to us or ours. It will go well with us when we go well before God. If integrity does not make us prosper, knavery will not. That which gives pleasure to God will bring pleasure to us. Amen.

*Rev. TV (Tebogo) Moruri (Jouberton)*

**Scripture Reading: John 14:1-31**
**Text verse: 18**

## He will return

"I will not leave you comfortless: I will come to you."

He left us, and yet we are not left orphans. He is our comfort, and He is gone; but we are not comfortless. Our comfort is that He will come to us, and this is consolation enough to sustain us through His prolonged absence. Jesus is already on His way: He says, "I come quickly": He rides post-haste toward us. He says, "I will come": and none can prevent His coming, or put it back for a quarter of an hour. He specially says, "I will come to you"; and so He will. His coming is specially to and for His own people. This is meant to be their present comfort while they mourn that the Bridegroom doth not yet appear.

When we lose the joyful sense of His presence we mourn; but we may not sorrow as if there were no hope. Our Lord in a little wrath has hid Himself from us for a moment; but He will return in full favour. He leaves us in a sense, but only in a sense. When He withdraws, He leaves a pledge behind that He will return.

O Lord, come quickly! There is no life in this earthly existence if thou be gone. We sigh for the return of thy sweet smile. When wilt thou come unto us? We are sure thou wilt appear; but be thou like a roe, or a young hart. Make no tarrying, O our God! Amen.

*Rev. TV (Tebogo) Moruri (Jouberton)*

**Scripture Reading: Acts 1:8**

## God empowered us to work

Beloved in Christ by the grace and mercy of God through Jesus Christ who died, buried and resurrected from the dead, we are empowered with the power of God that works in us. In our natural, the Holy Spirit is at work day and night. We are the temple of the Holy Spirit. It is no longer us who live but Christ in us the hope of glory. We are not empowered to sit down but we are empowered to witness. This is the weakness of many of us. We are not witnessing but sitting down in our comfort zone doing nothing or worshipping God on Sunday and that is enough.

True church should grow in quality and quantity. When the church of God decline in number to a point of closing doors is a worrying factor and it is direct results of not witnessing.

Remember, the church of God is empowered by the Holy Spirit. Whoever is empowered cannot help it but become witness of Jesus Christ. In Acts 1, we hear of this promise which was fulfilled. The Holy Spirit is within us. We are empowered.

We are not empowered to sit down but to witness. Yes, starting from Jerusalem, Judea, Samaria and till the end of earth. I am interested with Samaria. Yes we are expected to witness also in Samaria.

Samaria is that uncomfortable place that we don't want to go. Samaria is those people we don't want to mix with in the church service. Samaria is those people we don't feel comfortable around. God expects us to witness even to those despised. Church is not a place where suites are displayed but where sinners are converted. Amen.

*Rev. PT (Thomas) Masase (Boskop)*

**Scripture Reading: Psalms 1:1-6**

## God is our blesser

Whom are you following? Who is your role model? Who are you standing with? Who do you hang around with? Who keep you company? Who are your friends? Our loving, caring Father who is full of grace and mercy detest double life. He needs people who made up their mind. Look how Jesus called his disciples to follow him. They made their mind there and then to follow Jesus even if it means leaving their profession for the sake of the Gospel.

Who are you hanging around with? You can't hang around with sinners and think you will become a better person. It is like an eagle hanging around with chickens. Who is your company? Remember, bad company corrupts good character. Beware of wicked people. Beware of sinners more especially those who enjoy their sin and also defend it. Beware of mockers, those who speak the Word of God in vain. Instead we should do the following:

- Delight on the Word of God. The Law of God is made for our good. To preserve us not to destroy us. It is like the wall that is preserving water for fish to live but fish want to jump out. There is no life outside the dam.
- Meditate about it day and night. Don't meditate about your problems, challenges, situation and circumstances, but meditate about the Word of God day and night.

THOSE WHO DON'T FOLLOW, STAND AND SIT IN THE COMPANY OF WICKED, SINNERS AND MOCKERS. They are like a tree planted by the streams of water. They bear fruit in due season. They know that there is time for everything in the world. Those

are people who use time wisely.

The end results is that THEY PROSPER IN WHATEVER THEY DO. Amen.

*Rev. PT (Thomas) Masase (Boskop)*

**Ndima: Lukasi 23:26-34**

**Thoho ya Pfunzo: Pfarelo ndi ya ndeme**

Pfarelo I khou tahela kha vhunzhi hashu. Huna u sa farelana hunzhi kha vhathu, mitani, zwikoloni, mishumoni na dzikerekeni dzashu. U sa farela vhathu zwi beba limuya la u savha na ndavha". Hafho ndi hune vha thoma u pfa vhathu vha tshi ri, "A thi dzheneli kereke muthu nahone a thi na ndavha.

Kha vha humbule fhungo heli la ndeme, Mudzimu o vha vhidzela u vha mulisa wa murathu kana mukomana wavho. Arali vhone vha si mulisa wa murathu kana mukomana wavho murenani vha muvhulai wawe. Kha vha humbule mafhungo a Kaini na Abele kha Genesi 4:9. Mudzimu u vhudzisa Kaini u ri, "Murathu wau Abele u ngafhi?" Ene a fhindula a ri, "A thi ḓivhi! Kani ndi nṋe mulisa wa murathu wanga?" Ee, Kaini u khou amba ngoho, a si mulisa wa murathu wawe ngauri ndi muvhulai wawe.

Kereke ya Mudzimu yo fhatwa ntha ha fhungo la uri ri farelane. U farela honohu ho thoma musi Yesu Khreste a tshi ri farela milandu minzhi-minzhi. Ho thoma musi Yesu Khreste a tshi ri itela tshilidzi. Ho thoma musi Yesu Khreste a tshi ri funa ri sa funei.

Mudzimu o ri farela milandu minzhi, na rine ri na mulandu wa uri ri farele vhanwe. U sa farela vhathu zwi beba u vhifhelwa, vengo, u lifhedza, vivho, u sa di fulufhela na u humbulela hunzhi. U sa farela zwi vhulaha vhone muyani, zwa dovha zwa ita uri vha kundelwe u aluwa muyani.

Musi vha saathu u farela vhanwe milandu, vha fanela u humbele pfarelo kha Mudzimu u thoma ngauri na vhone vha khou tshila kha tshivhi tsha u sa farela. Musi vho no tanganedza pfarelo ya Mudzimu, vha kone-ha u farela vhanwe milandu yavho. Arali pfarelo ya Mudzimu yovha i songo vha fanela, kha vha farele-vho na vhanwe vha songo fanelwaho nga pfarelo yavho. Vha farele na vhane vha nga si humbele pfarelo khavho.

Yesu Khreste tshifhambanoni uri, vhafarele ngauri a vha divhi zwine vha ita. Yesu Khreste hafha u khou farela vhathu vha songo humbelaho pfarelo. Vhathu vhane vha khou takalela u muvhaisa. Naho zworalo o khou vha farela. Kha ri gude u farela vhathu milandu.

*Rev. PT (Thomas) Masase (Boskop)*

**Ndima: Vhafilipi 3:12-14, Vhaheberu 12:1-3 and Matiosi 14: 25-30**

**Thoho ya pfunzo: U bvelaphanda vhukati ha vhahanedzi**

Ndi zwavhudi u swikela zwithu zwikene vhutshiloni fhedzi u dzula kha zwe vha swikelela vha si tsha ya phanda zwi do ita uri vha kundwe nga zwinzhi, nahone vha thome u balelwa. Paulosi u pfesesa fhungo la uri kha lwendo lwawe lwa tshi Khreste naho ono swikela zwithu zwinzhi haathu u swike hune Mudzimu a khou mutoda hone, ndi zwine ari ndi tou oma Ndo sedza phanda. Ee, ri vha Khreste, fhedzi tshilidzi tsha Mudzimu tshi kha di shuma kha rine uri ri kone u vha vhakhethwa vho fhelelaho, vha si na tshitahe. Ri fanela u swikela zwe Yesu Khreste a ri wanela zwone tshifhambanoni. Ri fanela u sedza kha Yesu Murangi na Mukhunyeledzi wa Fulufhelo lashu.

Ndi zwifhio zwine ra fanela u ita uri ri kone u bvelaphanda?

1. Ri hangwa zwa murahu – Vha songo ya kha vhumatshelo havho na mihwalo ya kale. Vha songo tenda zwivhi zwavho zwitshi vha fareledza uri vha songo vha na vhumatshelo he Yesu Khreste a vha dzudzanyela hone.
2. Kha vha sedze Yesu Khreste. Vha songo sedza vhathu vhane vha khou ita phosho. Kha vha sedze Kha Yesu, Ene vhumatshelo havho. Arali vha livhisa mato avho kha vhathu na kha dzithaidzo, vha do neta vha fhelelwa na nga maanda.
3. Kha vha sedze kha mihaga ya Fulufhelo, vhathu vho kondelelaho u swika vhufheloni. Arali vha tshi todou talifha, vha tshimbile na vha talifhi. Kha vha sedze kha Yesu we a khunyeledza zwe a vha o dela zwone fhano shangoni.
4. Kha vha hanedze mihumbulo mivhi na muhumbulo wa uri a thi koni. Vhone vha a kona nga Yesu Khreste a vhafhaho maanda.
5. Vha kondelele vhukati ha dzikhaedu na mathanda. Yesu Khreste o fhira kha zwothe hezwo. Amen.

*Rev. PT (Thomas) Masase (Boskop)*

## INDEKS VAN DAGSTUKKIES

**Teks................................................................Datum**
1 Johannes 1:1-4 .......... 1 Mei
1 Johannes 1:5 – 2:2; 5:1-5 .......... 31 Julie
1 Johannes 1:5-10 .......... 2 Mei
1 Johannes 2:1-11 .......... 3 Mei
1 Johannes 2:1-11; Romeine 1:28-32 .......... 20 Julie
1 Johannes 2:12-17 .......... 4 Mei
1 Johannes 2:18-27 .......... 5 Mei
1 Johannes 2:28 – 3:10 .......... 6 Mei
1 Johannes 3:11-24 .......... 7 Mei
1 Johannes 4:1-6 .......... 8 Mei
1 Johannes 4:7-21 .......... 9 Mei
1 Johannes 5:13-21 .......... 12 Mei
1 Johannes 5:1-4 .......... 10 Mei
1 Johannes 5:5-12 .......... 11 Mei
1 Korintiërs 10:11-13 .......... 28 Desember
1 Korintiërs 10:23 – 11:1 .......... 5 Januarie
1 Korintiërs 10:6-14 .......... 25 Januarie
1 Korintiërs 4:1-21; Eksodus 20:15 .......... 24 Julie
1 Korintiërs 6:12-10 .......... 6 Desember
1 Korintiërs 6:9-11 .......... 6 Januarie
1 Kronieke 29:10-19 .......... 29 Desember
1 Petrus 1:14-16 .......... 3 Maart
1 Petrus 1:17-21 .......... 4 Maart
1 Petrus 1:22-25 .......... 5 Maart
1 Petrus 1:3-5 .......... 1 Maart
1 Petrus 1:6-9 .......... 2 Maart
1 Petrus 2:1-10 .......... 6 Maart
1 Petrus 2:11-12 .......... 7 Maart
1 Petrus 2:13-17 .......... 8 Maart
1 Petrus 2:18-25 .......... 9 Maart
1 Petrus 3:13-20 .......... 12 Maart
1 Petrus 3:1-7 .......... 10 Maart
1 Petrus 3:21-22 .......... 13 Maart
1 Petrus 3:8-12 .......... 11 Maart
1 Petrus 4:12-19 .......... 16 Maart
1 Petrus 4:1-6 .......... 14 Maart
1 Petrus 4:7-11 .......... 15 Maart
1 Petrus 5:1-4 .......... 17 Maart
1 Petrus 5:5-7 .......... 18 Maart
1 Petrus 5:8-11 .......... 19 Maart
1 Samuel 15; Hebreërs 5 .......... 7 Julie
1 Tessalonisense 1:1-10 .......... 3 April
1 Tessalonisense 1:1-5 .......... 1 April
1 Tessalonisense 1:1-7 .......... 2 April
1 Tessalonisense 2:13-16 .......... 6 April
1 Tessalonisense 2:1-6 .......... 4 April
1 Tessalonisense 2:17 – 3:4 .......... 7 April
1 Tessalonisense 2:7-12 .......... 5 April

1 Tessalonisense 3:5-10........8 April
1 Tessalonisense 4:13-14........12 April
1 Tessalonisense 4:15-18........13 April
1 Tessalonisense 4:1-6........9 April
1 Tessalonisense 4:4-8........10 April
1 Tessalonisense 4:9-12........11 April
1 Tessalonisense 5:1-11........20 April
1 Tessalonisense 5:12-18........17 April
1 Tessalonisense 5:12-18........18 April
1 Tessalonisense 5:12-18........19 April
1 Tessalonisense 5:1-3........14 April
1 Tessalonisense 5:23-24........21 April
1 Tessalonisense 5:4-8........15 April
1 Tessalonisense 5:9-11........16 April
1 Timoteus 1:12-17........3 Augustus
1 Timoteus 1:18-20........4 Augustus
1 Timoteus 1:3-7........1 Augustus
1 Timoteus 1:8-11........2 Augustus
1 Timoteus 2:1-15........7 Augustus
1 Timoteus 2:1-7........5 Augustus
1 Timoteus 2:1-7........6 Augustus
1 Timoteus 3:14-16........10 Augustus
1 Timoteus 3:1-7........8 Augustus
1 Timoteus 3:8-13........9 Augustus
1 Timoteus 4:12-16........13 Augustus
1 Timoteus 4:1-5........11 Augustus
1 Timoteus 4:6-11........12 Augustus
1 Timoteus 5:17-25........14 Augustus
1 Timoteus 5:17-25........15 Augustus
1 Timoteus 6:1-10........16 Augustus
1 Timoteus 6:11-16........17 Augustus
1 Timoteus 6:17-21........18 Augustus
2 Johannes :1-6........13 Mei
2 Johannes :7-13........14 Mei
2 Korintiërs 6:14-18........11 Januarie
2 Petrus 1:12-15........22 Maart
2 Petrus 1:1-4........20 Maart
2 Petrus 1:16-21........23 Maart
2 Petrus 1:3-11........4 Januarie
2 Petrus 1:5-11........21 Maart
2 Petrus 2:10b-17........25 Maart
2 Petrus 2:1-10a........24 Maart
2 Petrus 2:18-22........26 Maart
2 Petrus 3:14-18........29 Maart
2 Petrus 3:1-7........27 Maart
2 Petrus 3:8-13........28 Maart
2 Tessalonisense 1:11-12........24 April
2 Tessalonisense 1:1-8........22 April
2 Tessalonisense 1:9-10........23 April
2 Tessalonisense 2:1-12........25 April
2 Tessalonisense 2:1-12........26 April

2 Tessalonisense 2:1-12............28 April
2 Tessalonisense 2:13-17............27 April
2 Tessalonisense 3:1-5............29 April
2 Tessalonisense 3:6-18............30 April
2 Timoteus 1:1-7............19 Augustus
2 Timoteus 1:8-14............20 Augustus
2 Timoteus 2:14-22............23 Augustus
2 Timoteus 2:1-7............21 Augustus
2 Timoteus 2:23-26............24 Augustus
2 Timoteus 2:8-13............22 Augustus
2 Timoteus 3:10-13............26 Augustus
2 Timoteus 3:14-16............27 Augustus
2 Timoteus 3:1-9............25 Augustus
2 Timoteus 4:1-5............28 Augustus
2 Timoteus 4:16-18............31 Augustus
2 Timoteus 4:1-8............29 Augustus
2 Timoteus 4:9-15............30 Augustus
3 Johannes :1-4............15 Mei
3 Johannes :5-8............16 Mei
3 Johannes :9-15............17 Mei
Deuteronomium 13:1-5............24 Januarie
Deuteronomium 4:15-20............11 Desember
Deuteronomium 4:30-40; 2 Korintiërs 2:4-6............1 Julie
Deuteronomium 5:1-7............17 Januarie
Efesiërs 1:1 – 6:24............1 Oktober
Efesiërs 1:1-2............2 Oktober
Efesiërs 1:13-14............5 Oktober
Efesiërs 1:15-19a............6 Oktober
Efesiërs 1:19b-23............7 Oktober
Efesiërs 1:3-6............3 Oktober
Efesiërs 1:7-12............4 Oktober
Efesiërs 2:11-18............10 Oktober
Efesiërs 2:1-7............8 Oktober
Efesiërs 2:19-22............11 Oktober
Efesiërs 2:8-10............9 Oktober
Efesiërs 3:1-13............12 Oktober
Efesiërs 3:14-21............13 Oktober
Efesiërs 4:1-16; Eksodus 20:15............25 Julie
Efesiërs 4:13-16............16 Oktober
Efesiërs 4:1-6............14 Oktober
Efesiërs 4:17 – 5:20............17 Oktober
Efesiërs 4:20-24............18 Oktober
Efesiërs 4:25-32............19 Oktober
Efesiërs 4:7-12............15 Oktober
Efesiërs 5:1-5............20 Oktober
Efesiërs 5:15-17............22 Oktober
Efesiërs 5:18-21............23 Oktober
Efesiërs 5:21-24, 31, 32............24 Oktober
Efesiërs 5:22-23............22 Julie
Efesiërs 5:25-32............25 Oktober
Efesiërs 5:6-14............21 Oktober

Efesiërs 6:10-13 ........ 29 Oktober
Efesiërs 6:1-4 ........ 26 Oktober
Efesiërs 6:14-15 ........ 30 Oktober
Efesiërs 6:16-17 ........ 31 Oktober
Efesiërs 6:1-9 ........ 18 Julie
Efesiërs 6:21-24 ........ 28 Oktober
Efesiërs 6:5-9 ........ 27 Oktober
Eksodus 20 ........ 4 Julie
Eksodus 3:13-15; Matteus 10:32-33 ........ 12 Julie
Esegiël 33:7-11 ........ 7 Januarie
Esra 1:1-11 ........ 1 Junie
Esra 10:1-6 ........ 12 Junie
Esra 10:7-17 ........ 13 Junie
Esra 2:1-69 ........ 2 Junie
Esra 3:6b-13 ........ 3 Junie
Esra 4:1-7 ........ 4 Junie
Esra 5:1-5 ........ 5 Junie
Esra 6:19-22 ........ 6 Junie
Esra 7:1-10 ........ 7 Junie
Esra 7:1-10; 8:15-36 ........ 9 Junie
Esra 7:1-28 ........ 8 Junie
Esra 9:1-5 ........ 10 Junie
Esra 9:6-15 ........ 11 Junie
Filippense 1:20-26 ........ 13 Desember
Filippense 2:12-18 ........ 1 Desember
Filippense 4:10-20 ........ 14 Januarie
Filippense 4:10-20 ........ 16 Januarie
Filippense 4:2-9 ........ 12 Januarie
Genesis 12:10-20 ........ 26 Julie
Genesis 3:1-15 ........ 26 Desember
Haggai 1:1-11 ........ 2 November
Haggai 1:1-15 ........ 1 November
Haggai 1:1-15 ........ 3 November
Haggai 2:10-19 ........ 6 November
Haggai 2:1-5 ........ 4 November
Haggai 2:20-23 ........ 7 November
Haggai 2:6-9 ........ 5 November
Hosea 1:1-12 ........ 1 Februarie
Hosea 1:1-12 ........ 2 Februarie
Hosea 10:1-8 ........ 20 Februarie
Hosea 10:9-15 ........ 21 Februarie
Hosea 11:1-7 ........ 22 Februarie
Hosea 11:8-11 ........ 23 Februarie
Hosea 12:1-7 ........ 24 Februarie
Hosea 12:8-15 ........ 25 Februarie
Hosea 13:1-4 ........ 26 Februarie
Hosea 13:5-15 ........ 27 Februarie
Hosea 14:1-10 ........ 28 Februarie
Hosea 2:13-16 ........ 5 Februarie
Hosea 2:1-6 ........ 3 Februarie
Hosea 2:17-22 ........ 6 Februarie

Hosea 2:7-12 .......... 4 Februarie
Hosea 3:1-5 .......... 7 Februarie
Hosea 4:1-6 .......... 8 Februarie
Hosea 4:7-19 .......... 9 Februarie
Hosea 5:1-7 .......... 10 Februarie
Hosea 5:8-15 .......... 11 Februarie
Hosea 6:1-3 .......... 12 Februarie
Hosea 6:4-11 .......... 13 Februarie
Hosea 7:1-7 .......... 14 Februarie
Hosea 7:8-16 .......... 15 Februarie
Hosea 8:1-3, 9-14 .......... 17 Februarie
Hosea 8:1-8, 13 .......... 16 Februarie
Hosea 9:10-17 .......... 19 Februarie
Hosea 9:1-9 .......... 18 Februarie
Jakobus 1:1-18 .......... 3 Desember
Jakobus 1:12-15 .......... 20 Mei
Jakobus 1:12-18 .......... 21 Desember
Jakobus 1:12-18 .......... 27 Desember
Jakobus 1:16-18 .......... 21 Mei
Jakobus 1:1-8 .......... 18 Mei
Jakobus 1:19-27 .......... 22 Mei
Jakobus 1:21-25 .......... 16 Julie
Jakobus 1:9-11 .......... 19 Mei
Jakobus 2:1-13 .......... 23 Mei
Jakobus 2:14-26 .......... 24 Mei
Jakobus 3:1-12 .......... 25 Mei
Jakobus 3:13-18 .......... 26 Mei
Jakobus 4:1-10 .......... 27 Mei
Jakobus 4:11-17 .......... 28 Mei
Jakobus 5:13-20 .......... 31 Mei
Jakobus 5:1-6 .......... 29 Mei
Jakobus 5:7-12 .......... 30 Mei
Jeremia 2:8-13 .......... 21 Januarie
Jeremia 29:1-11 .......... 17 Desember
Jeremia 29:1-11 .......... 19 Desember
Jeremia 4:1-4 .......... 8 Januarie
Jesaja 40:9-31; Matteus 5:8; Johannes 11:40 .......... 6 Julie
Jesaja 44:6-19 .......... 20 Januarie
Jesaja 44:6-19 .......... 5 Julie
Johannes 1:1-18 .......... 25 Desember
Johannes 14:1-19 .......... 5 Desember
Johannes 15:1-8, 16 .......... 2 Januarie
Johannes 8:1-11 .......... 27 Julie
Josua 24:1-4, 11-18 .......... 22 Januarie
Judas :1-19 .......... 30 Maart
Judas :20-25 .......... 31 Maart
Kolossense 1:9-20 .......... 8 Julie
Levitikus 24:10-16 .......... 10 Julie
Lukas 11:1-13 .......... 2 Desember
Lukas 11:1-14 .......... 23 Desember
Lukas 15:25-32 .......... 13 Januarie

Lukas 18:9-14 .......... 4 Desember
Lukas 19:1-10 .......... 3 Januarie
Markus 12:28-34 .......... 19 Januarie
Markus 2:23-28 .......... 15 Julie
Matteus 12:43-45 .......... 10 Januarie
Matteus 18:21-35 .......... 24 Desember
Matteus 22:34-40; 5:43-48 .......... 21 Julie
Matteus 26:57-75 .......... 13 Julie
Matteus 28:16-20 .......... 1 Januarie
Matteus 28:16-20 .......... 31 Desember
Matteus 3:1-12 .......... 14 Desember
Matteus 5:17-22 .......... 19 Julie
Matteus 5:27-30 .......... 23 Julie
Matteus 5:33-37 .......... 11 Julie
Matteus 6:1-15 .......... 9 Desember
Matteus 6:19-24 .......... 23 Januarie
Matteus 6:19-34 .......... 20 Desember
Nehemia 1:1-4 .......... 14 Junie
Nehemia 1:5-11 .......... 15 Junie
Nehemia 10:1-29 .......... 26 Junie
Nehemia 12:30-43 .......... 27 Junie
Nehemia 12:44-47 .......... 28 Junie
Nehemia 13:10-14 .......... 29 Junie
Nehemia 13:15-22 .......... 30 Junie
Nehemia 2:1-10 .......... 16 Junie
Nehemia 2:11-20 .......... 17 Junie
Nehemia 3:1-6 .......... 18 Junie
Nehemia 4:12-20 .......... 20 Junie
Nehemia 4:1-6 .......... 19 Junie
Nehemia 5:1-9 .......... 21 Junie
Nehemia 6:10-14 .......... 22 Junie
Nehemia 8:10-13 .......... 24 Junie
Nehemia 8:14-19 .......... 25 Junie
Nehemia 8:1-7 .......... 23 Junie
Openbaring 22:13-21 .......... 30 Desember
Psalm 107 .......... 30 Januarie
Psalm 119:121-128 .......... 15 Januarie
Psalm 121 .......... 29 Januarie
Psalm 122 .......... 16 Desember
Psalm 137 .......... 18 Desember
Psalm 139 .......... 14 Julie
Psalm 139 .......... 31 Januarie
Psalm 139; 2 Korintiërs 2:3-7 .......... 2 Julie
Psalm 143 .......... 15 Desember
Psalm 16 .......... 26 Januarie
Psalm 23 .......... 27 Januarie
Psalm 25:1-12 .......... 10 Desember
Psalm 29 .......... 12 Desember
Psalm 31 .......... 28 Januarie
Psalm 51:1-7, 16-21 .......... 9 Januarie
Psalm 55 .......... 22 Desember

Rigters 1:1-20 ........ 1 September
Rigters 1:21-36 ........ 2 September
Rigters 10:1-18 ........ 16 September
Rigters 11:1-27 ........ 17 September
Rigters 11:28-40 ........ 18 September
Rigters 12:1-15 ........ 19 September
Rigters 13:1-25 ........ 20 September
Rigters 14:1-20 ........ 21 September
Rigters 15:1-20 ........ 22 September
Rigters 16:1-22 ........ 23 September
Rigters 16:23-31 ........ 24 September
Rigters 17:1-13 ........ 25 September
Rigters 18:1-31 ........ 26 September
Rigters 19:1-30 ........ 27 September
Rigters 2:1-10 ........ 3 September
Rigters 2:11-23 ........ 4 September
Rigters 20:1-25 ........ 28 September
Rigters 20:26-48 ........ 29 September
Rigters 21:1-25 ........ 30 September
Rigters 3:1-11 ........ 5 September
Rigters 3:12-31 ........ 6 September
Rigters 4:1-24 ........ 7 September
Rigters 5:1-31 ........ 8 September
Rigters 6:1-10 ........ 18 Januarie
Rigters 6:1-24 ........ 9 September
Rigters 6:25-40 ........ 10 September
Rigters 7:1-25 ........ 11 September
Rigters 7:16-22 ........ 12 September
Rigters 8:28 – 9:57 ........ 13 September
Rigters 9:1-21 ........ 14 September
Rigters 9:22-57 ........ 15 September
Romeine 10 ........ 9 Julie
Romeine 7:1-12 ........ 28 Julie
Romeine 7:13-23 ........ 29 Julie
Romeine 7:24-26 ........ 30 Julie
Romeine 8:12-17 ........ 7 Desember
Romeine 8:14-30; Galasiërs 4:6 ........ 8 Desember
Romeine 8:31-37; Matteus 10:29; Lukas 12:6 ........ 3 Julie
Sagaria 1:1-6 ........ 8 November
Sagaria 1:18-21 ........ 10 November
Sagaria 1:7-17 ........ 9 November
Sagaria 10 ........ 22 November
Sagaria 11:4-17 ........ 23 November
Sagaria 12:1-8 ........ 24 November
Sagaria 12:9-14 ........ 25 November
Sagaria 13:1-6 ........ 26 November
Sagaria 13:7-9 ........ 27 November
Sagaria 14:16-21 ........ 30 November
Sagaria 14:1-7 ........ 28 November
Sagaria 14:8-15 ........ 29 November
Sagaria 2:1-12 ........ 11 November

Sagaria 3:1-10 ........ 12 November
Sagaria 4:1-14 ........ 13 November
Sagaria 5:1-4 ........ 14 November
Sagaria 5:5-11 ........ 15 November
Sagaria 6:1-8 ........ 16 November
Sagaria 6:9-15 ........ 17 November
Sagaria 7:1-14 ........ 18 November
Sagaria 8:1-8 ........ 19 November
Sagaria 8:9-16 ........ 20 November
Sagaria 9:9-19 ........ 21 November
Spreuke 1:1-9 ........ 17 Julie